

**'N ONDERSOEK NA DIE AARD VAN EN OPVATTINGS  
OOR EUGÈNE N. MARAIS SE WETENSKAPLIKE PROSA**

**deur**

**JOHANNES LODEWYK MARAIS**

**Proefskrif voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes  
vir die graad Doctor Litterarum (Afrikaans)  
in die Fakulteit Geesteswetenskappe  
aan die Universiteit van Pretoria**

**Mei 2001**

**Promotor: Prof. dr. P.H. Roodt**



Opgedra aan die nagedagtenis van my vader,  
Hendrik Salomon Marais (1916–1970)

## BEDANKINGS

1. Prof. dr. P.H. Roodt, my promotor, vir sy aanmoediging en noukeurige lees van hierdie proefskrif. Die talle gesprekke wat ons oor Eugène N. Marais gehad het, het hierdie studie gerig.
2. Ek het met verskeie akademici en kundiges gesprekke oor Marais en aspekte van hierdie studie gevoer: prof. dr. Elize Botha (emeritus hoogleraar, Dept Afrikaans, UNISA), prof. dr. John du Toit (Soogdiernavorsingsinstituut, UP), dr. Hugh Glen (Nasionale Botaniese Instituut), prof. dr. Nathaniel Grobbelaar (emeritus hoogleraar, Dept. Plantkunde, UP), mnr. Wulf Haacke (Transvaal Museum), prof. dr. Erik Holm (emeritus hoogleraar, Dept. Entomologie, UP), prof. dr. C.J. Mieny (Dept. Chirurgie, UP), prof. dr. C.H.F. Ohlhoff (Dept. Afrikaans, UP), prof. dr. O. Anne E. Rasa (voorheen van die Soogdiernavorsingsinstituut, UP), prof. dr. P.J. Robbertse (Dept. Plantkunde, UP), mnr. Marinus Schoeman (Dept. Filosofie, UP), prof. dr. Clarke H. Scholtz (Dept. Entomologie en Dierkunde, UP), mnr. Eghard van der Hooven (voorheen van TRUK), mnr. Ernst van Jaarsveld (Kirstenbosch), wyle prof. dr. F.A. van Jaarsveld (voorheen van die Dept. Geskiedenis, UP) en dr. P. Vorster (Dept. Plantkunde, US).

Ek is ook dank verskuldig aan proff. Botha, Grobbelaar en Robbertse, dr. Glen en mnr. Schoeman vir die noukeurige lees van dele van die studie en vir hulle waardevolle kommentaar.
3. Wyle mnr. Dick Findlay met wie ek talle gesprekke oor Marais en die Marais-familie gevoer het. Hy het 'n groot bydrae daartoe gelewer om my meer te laat verstaan van die boeiende sosiale en wetenskaplike lewe in Pretoria tydens Marais se lewe.
4. Wyle mnr. Dotman Pretorius, wat my, mev. Renée Marais en mnr. Albrecht Holm na Pelindaba geneem het en die plek gaan wys het waar Marais selfmoord gepleeg het. (Volgens hom was dit nader aan Lood Pretorius se huis, waar Marais die geweer geleen het, en sowat 100 meter van waar die huidige monument opgerig is.)

5. Die filmmaker Carl Theunissen wat my in Nylstroom gaan wys het waar Ravat en Tamsen se winkels was, die plaas Rietfontein waar Marais by die Van Rooyens ingewoon het en die kloof op Donkerhoek waar Marais en Alec Austin in 'n hut gebly en waarnemings oor die bobbejane gemaak het.
6. Leon Rousseau wat vir *Die groot verlange* navorsing gedoen het wat nooit weer herhaal kan word nie en 'n groot bydrae tot die kennis oor Marais se lewe gelewer het. Die klompie (lang) telefoongesprekke wat ek met hom gevoer het en 'n enkele ontmoeting het daartoe bygedra om my verder oor Marais nuuskierig te maak.
7. My voormalige kollegas by die RGN, me. Martjie Bosman, dr. Francis Galloway, dr. J.C. Kannemeyer en dr. Charles Malan, met wie ek sedert 1989 uitgebreide gesprekke oor Marais kon voer en wat almal baie tot my literêre vorming bygedra het en my gehelp het om kontekstueel na die literatuur te kyk.
8. Wyle prof. dr. H.C. (Cas) Castelyn wat my aangemoedig het om te "begin" en "klaar" te maak. Hy is op die dag begrawe waarop ek 'n deel van die studie afgehandel het waartoe hy 'n groot bydrae gelewer het. Ek sal sy gereelde telefoonoproepe mis.
9. Me. Rita Badenhorst en mevv. Annemarie Bezuidenhout en Elsa Schaffner van die Akademiese Inligtingsdiens (UP), wat gehelp het om honderde bronne op te spoor; mevv. Maritha Harley en Henriette Latsky van die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) se Argief, wat Marais se manuskripte en korrespondensie tot my beskikking gestel het; me. Lucia Viljoen van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum (NALN) in Bloemfontein, wat kopieë van resensies oor Marais se werk verskaf het; me. Marna Fritz van die Klankargief (SAUK), wat inligting aan my verskaf het; dr. Clare Rider, argivaris van die Inner Temple in Londen, vir inligting oor Marais se studie in Londen; mnr. Gary Thorn van die British Museum, Bloomsbury, vir inligting oor Marais se gebruik van die Reading Room; en die personeel van Charles Darwin se woning, Downe House, in Kent vir hulle vriendelike ontvangs (ten spyte van die bek-en-klouseer!) tydens my besoek in Maart 2001 en die inligting wat hulle verskaf het.
10. Mnr. P.C. (Boer) Odendaal, my Afrikaans-onderwyser in standaard 5 aan die Primêre

Skool Harrismith, wat my aan Marais se “Winternag” bekend gestel het en sodoende alles beginne het.

11. Renée, Teresa en Hendrik, wat veral die afgelope jaar my worsteling met Marais moes verduur. Ek vertrou dat hulle my daarvoor sal vergewe. En 'n besondere woord van dank aan Renée vir die saamloop oor meer as 'n dekade op Marais se spoor in Pretoria, die Waterberg, Pelindaba en Londen. En vir die wenke in verband met die verbetering van hierdie teks.

*A Keats and a Newton,  
listening to each other,  
might hear the galaxies sing.*

***Richard Dawkins (1999: 313)***

# INHOUD

## DEEL I

### Hoofstuk 1: Navorsingsontwerp

1.1	Inleiding	2
1.2	Probleemstelling	6
1.3	Motivering	9
1.4	Doelstelling en afbakening	10
1.5	Navorsingsontplooiing	12
	Aantekeninge	13

### Hoofstuk 2: Terminologiese uiteensetting

2.1	Inleiding	16
2.2	Wat is literatuur?	17
2.3	Kenmerke van bellettristiese prosa	20
2.4	Wat is wetenskap?	22
2.5	Kenmerke van wetenskaplike tekste	25
2.6	Narratologie en wetenskap	29
2.7	Samevatting	32
	Aantekeninge	34

### Hoofstuk 3: 'n Oorsig van Marais se lewe en werk

3.1	Inleiding	36
-----	-----------	----

3.2	Biografiese besonderhede	36
3.3	Jeug in Pretoria, Boshof en die Paarl	41
3.4	Londen	45
3.5	Die Waterberg	54
3.6	Verblyf elders	58
3.7	Samevatting	63
	Aantekeninge	65

## DEEL II

### Hoofstuk 4: Marais se joernalistieke en belletristiese prosa

4.1	Inleiding	73
4.2	Marais se joernalistieke prosa	73
4.3	Marais se literêre kritiek	75
4.4	Marais se belletristiese prosa	77
4.5	Samevatting	87
	Aantekeninge	89

### Hoofstuk 5: Marais se wetenskaplike prosa oor termiete

5.1	Inleiding	96
5.2	Ontstaansomstandighede	97
5.3	Navorsing	101
5.4	Publikasiegeskiedenis	105





5.5	Ontvangs	107
5.6	Wyse van aanbieding	111
5.7	Betekenis	118
5.8	Samevatting	123
	Aantekeninge	123

## **Hoofstuk 6: Marais se wetenskaplike prosa oor bobbejane**

6.1	Inleiding	128
6.2	Ontstaansomstandighede	129
6.3	Navorsing	135
6.4	Publikasiegeskiedenis	139
6.5	Ontvangs	143
6.6	Wyse van aanbieding	154
6.7	Betekenis	165
6.8	Samevatting	169
	Aantekeninge	170

## **Hoofstuk 7: Marais se wetenskaplike prosa oor ander onderwerpe**

7.1	Inleiding	180
7.2	Ontstaansomstandighede	181
7.3	Navorsing	185
7.4	Publikasiegeskiedenis	188
7.5	Ontvangs	190
7.6	Wyse van aanbieding	195

7.7	Betekenis	203
7.8	Samevatting	206
	Aantekeninge	206

**Hoofstuk 8: Marais en die Waterbergse broodboom (*Encephalartos eugene maraisii* Verdoorn)**

8.1	Inleiding	216
8.2	Inez Verdoorn se weergawe van die ontdekking	217
8.3	Leon Rousseau se weergawe van die ontdekking	224
8.4	Die Marais-mite	229
8.5	Samevatting	234
	Aantekeninge	235

**DEEL III**

<b>Hoofstuk 9: Samevatting en bevindings</b>	<b>245</b>
<b>Bibliografie</b>	<b>250</b>
<b>Opsomming</b>	<b>292</b>
<b>Summary</b>	<b>294</b>

# DEEL I

## HOOFSTUK 1

### NAVORSINGSONTWERP

#### 1.1 Inleiding

'n Opname wat in 1999 gedoen is om vas te stel wie as die honderd invloedrykste Suid-Afrikaners van die twintigste eeu beskou word, het interessante name opgelewer. Ses en dertigste op hierdie lys van mans en vroue wat hulle op uiteenlopende terreine laat geld het, verskyn die naam "Eugène Marais" (kyk Rousseau, 1999b).

Hierdie plek het Marais, vir baie "die groot eensame" met "die groot verlange", verwerf op grond van sy bydrae tot 'n verskeidenheid terreine. Hy het wye belangstellings gehad, was multidissiplinêr ingestel teenoor die wetenskap en het in die eerste jare van die selfstandigwording van die Afrikaanse literatuur sy hand aan vele genres gewaag. Dit sluit in: gedigte, dramas, boekresensies, belletristiese en joernalistieke prosa, 'n regsboek, asook natuurwetenskaplike studies oor veral die gedrag van diere. Dekades lank het Marais se aansien egter oorwegend op sy digterskap berus. Marais was vir geslagte Suid-Afrikaanse lesers die digter van "Winternag" uit 1905, wat in die Afrikaanse taalstryd kort na die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) ingespan is as voorbeeld van dit waartoe Afrikaans in staat is. Enkele ander gedigte het verder tot sy aansien as digter bygedra.

Ten spyte van literatore se byna volgehoue en kanoniserende siening van Marais as bowenal digter<sup>1</sup> vind daar met verloop van tyd 'n verskuiwing met betrekking tot sy skrywersprofiel plaas. Eerstens begin die opvatting geleidelik posvat dat sy prosa nie vir sy poësie terug hoef te staan nie.<sup>2</sup> 'n Waarskynlike rede vir dié klemverskuiwing is dat Marais reeds vroeg as digter bekend geraak het, maar eers later in sy lewe begin het om belletristiese en wetenskaplike prosa te publiseer. Literatore het aanvanklik ook nie aan sy prosa dieselfde status as aan sy poësie gegee nie. *Dwaalstories en ander vertellings* verskyn in 1927, maar moet tot die sestigerjare van die vorige eeu wag om onder die heel grootste Afrikaanse prosa

gereken te word. Eers hierna word daar vir die eerste keer uitgebreide studies oor Marais se prosa onderneem.

Tweedens het Marais se wetenskaplike geskrifte, soos *Die siel van die mier* (1934), *Burgers van die berge* (1938) en *The soul of the ape* (1969),<sup>3</sup> bestendige en selfs toenemende aandag geniet. Hoewel dié tekste reeds sedert hulle in vertaling verskyn het goed in die buiteland ontvang is, kon die Afrikaanse literêre kritiek die waarde daarvan nie na behore skat nie. Verskeie veralgemenende en dikwels neerhalende uitsprake van Suid-Afrikaanse letterkundiges oor hierdie tekste<sup>4</sup> word nogtans toenemend deur vooraanstaande wetenskaplikes in Marais se guns gerelativeer. Die belangstelling in Marais se wetenskaplike geskrifte en aktiwiteite neem klaarblyklik ook nie af nie.

Van vroeg af geniet sowel Marais se werk as sy lewe belangstelling. Dit het tot gevolg gehad dat drie biografieë oor hom gepubliseer is.<sup>5</sup> F.G.M. du Toit se *Eugène N. Marais: Sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde* verskyn reeds in 1940 en hy kom met heelwat inligting vorendag. In 1962 verskyn M. Nienaber-Luitingh se *Eugène Marais*, 'n werk van beperkte omvang, wat 'n oorsig van Marais se lewe en werk bied. 'n Derde, omvattende en invloedryke biografie of biografiese "verhaal", Leon Rousseau se *Die groot verlange: Die verhaal van Eugène N. Marais*, verskyn in 1974. Aangevuur deur die Amerikaanse antropoloog en dramaturg Robert Ardrey, wat sy *African genesis: A personal investigation into the animal origins and nature of man* (1961) aan Marais opdra en laasgenoemde se werk hoog aanslaan, vestig Rousseau die aandag op Marais se veelsydigheid en ook op sy bedrywighede buite die literatuur om. In 1998 vul Rousseau in *Eugène Marais and the Darwin syndrome/Die dowwe spoor van Eugène Marais* die lewensverhaal nog eens aan.

'n Verdere bewys van die durende belangstelling in Marais se werk is die gebruikmaking van sy tekste om nuwe teorieë en denkrigtings te toets (kyk bv. Scholtz, 1950; Liebenberg, 1986 en Marais, 1994b). Ten spyte hiervan val die klem dikwels op die donker kant van sy lewe (veral sy morfiënverslaafdheid), soos blyk uit die Engelse Suid-Afrikaanse dramaturg Athol Fugard en Ross Devenish se rolprent *The guest* (1977b; of *Die besoeker*, 1977a), wat handel oor Marais se verblyf op die plaas Steenkampskraal in die Heidelbergse distrik en die pogings van onder andere die digter en medikus A.G. Visser om hom van sy morfiënverslaafdheid te

genees. Rousseau se biografie het tot hierdie siening van Marais se lewe as tragies 'n groot bydrae gelewer (en ook die stof verskaf waarop Fugard en Devenish se rolprent gegrond is).

Hoewel fasette van Marais se werk van vroeg af kritiek ontlok het, het min kritici heeltemal afwysend teenoor hom gestaan. Iemand wat dit wel ten opsigte van sy werk oor bobbejane gedoen het, is die Suid-Afrikaans gebore Britse dierkundige S. Zuckerman (1975 en 1983), wat Marais 'n "pseudo-scientist" genoem het. Die Suid-Afrikaanse chirurg C.J. Mieny se *Leipoldt en Marais: Onwaarskynlike vriende* (1988) is waarskynlik die enigste Suid-Afrikaanse werk wat afwysend teenoor Marais staan. Mieny (1988: 52) is veral gegrief omdat Marais "eers as myndokter en later as kwakgeneesheer, as die Wonderdokter van die Waterberg" gepraktiseer het, terwyl hy nie 'n gekwalifiseerde geneesheer was nie. Andersyds het die neiging bestaan om omstrede fasette van Marais se lewe, soos sy morfiënverslawing, liewer te verswyg.

Die literêre én populêre belangstelling in Marais se werk in die algemeen het bestendig gebly en selfs van tyd tot tyd opgevlam. Hierdie belangstelling het Leon Rousseau ná die gewildheid van *Die groot verlange* gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu aangespoor om heruitgawes van Marais se geskifte uit te gee, wat daarop gemik was om laasgenoemde aan 'n wye leserspubliek bekend te stel. In 1984 verskyn Marais se *Versamelde werke* in twee dele onder redakteurskap van Rousseau. Vir die meer populêre mark verskyn (ook onder Rousseau se redakteurskap) *Die beste van Eugène Marais* in 1986: 'n "visueel aantreklike, leesbare publikasie vir die gewone intelligente leser" (Rousseau, 1986: 191).

As verdere bewys van die belangstelling in Marais dien die talle ander maniere waarop sy werk en lewensverhaal gepopulariseer is. Dit sluit toonsettings van sy gedigte in deur komponiste soos Hubert du Plessis, Andrew Eales, Stefans Grové, Arnold van Wyk en Arthur Wegelin,<sup>6</sup> en 'n populêre lied, "Wanneer dit reën op Rietfontein", getoonset deur die sanger-liedjieskrywer Anton Goosen. In die negentigerjare van die vorige eeu word "Uit die bloute", 'n gedramatiseerde voorstelling van Marais se verhaal "Salas y Gomez" onder regie van Ilse van Hemert deur die akteurs Gys de Villiers en Anna-Mart van der Merwe opgevoer met toonsettings van Marais se gedigte deur die groep Marimba. 'n Laserskyf (onder

dieselfde titel) met die toonsettings van die gedigte is ook deur Marimba vrygestel. Benewens die rolprent *The guest (of Die besoeker)*,<sup>7</sup> is 'n TV-reeks, *Die siel van die mier*, wat oor Marais se verblyf in die Waterberg handel en waarin die akteur Schalk Jacobs die rol van Marais vertolk het, in die sewentigerjare van die vorige eeu gebeeldsend, en 'n hoorbeeld deur Friedl Hansen, getiteld *Op die spoor van Eugène Marais*, in 1984 oor die destydse Afrikaanse Diens van Radio Suid-Afrika uitgesaai.

“Na alles wat oor Marais gesê, geskryf is, die afgelope dekade of wat, is alles nog lank nie gesê nie: nie wat die vertolking van die feite van sy lewensverhaal betref nie, en seker ook nie wat die aard en waarde van sy bydrae tot die wetenskappe betref nie,” skryf Elize Botha (1987: 222). Hierdie uitspraak is ná meer as 'n dekade steeds geldig, onder meer omdat daar tot dusver kwalik enige nuwe vertolkings van Marais se lewensverhaal was en geen omvattende studie tot dusver oor sy bydrae tot die wetenskappe onderneem is nie. Hoewel Marais se belletristiese prosa oor die jare in 'n aantal uitgebreide studies<sup>8</sup> en artikels<sup>9</sup> aandag gekry het, bestaan daar geen omvattende studie wat spesifiek oor sy wetenskaplike prosa handel nie. Sedert Marais se dood in 1936 is daar bowendien groot vooruitgang gemaak op die terreine wat in sy wetenskaplike prosa prominent figurer, naamlik die etologie en die vraag na die oorsprong van die mens. Die baanbrekerswerk deur Jane Goodall, Dian Fossey en Biruté Galdikas oor die groot primate het sedert die sestigerjare van die vorige eeu die wêreld se verbeelding aangegryp, maar is nog nie in 'n beskouing van Marais se werk ter sprake gebring nie.

In die lig van Marais se wye belangstellings en die geskakeerdheid van sy oeuvre, behoort studies van sy werk rekening te hou met die talle fasette wat daarin ter sprake kom. In hierdie studie word 'n ondersoek gedoen na die aard van en opvattinge oor Marais se wetenskaplike prosa (deur o.a. resensente, letterkundiges en wetenskaplikes) om, soos Botha dit stel, meer lig te werp op “die aard en waarde van sy bydrae tot die wetenskappe”, maar om ook meer lig te werp op die invloede wat daarop ingewerk het. Die studie beoog om 'n bydrae te lewer tot 'n beter begrip van 'n belangrike faset van Marais se oeuvre en om aan te toon op watter wyse die skrywer Eugène N. Marais in sy skryfwerk met wetenskaplike kennis omgegaan

het.

## 1.2 Probleemstelling

Kennis en waarneming van die natuur speel reeds in Marais se heel vroegste belletristiese skryfwerk 'n rol. In talle van sy gedigte is die natuur en verskynsels in die natuur 'n belangrike faktor. Dink maar aan die beskrywing van die winterlandskap in “Winternag”, of die dramatiese voorstelling in die gedig “Mabalêl” waarin 'n jong meisie deur 'n Nylkrokodil gevang word wanneer sy in die rivier gaan water skep. Wanneer Marais sy belletristiese prosa veral sedert die twintigerjare van die eeu begin publiseer, is dit duidelik dat hy in die verhale meermale van sy kennis van die natuur gebruik maak.

Marais se werk getuig van die feit dat hy nie bloot 'n natuurliefhebber is nie. Selfs in sy belletristiese werk doen Marais rationeel en wetenskaplik oor sy waarnemings van die gedrag van mens en dier, asook van uitsonderlike verskynsels in die natuur, verslag en bied hy verklarings daarvoor aan. Daar is selfs by hom bykans 'n obsessie met wat ons breedweg die raaisel van die oorsprong van die mens kan noem, sodat sy werk in die geheel deel van die intense twintigste-eeuse belangstelling in hierdie onderwerp vorm.

Die gebruikmaking van wetenskaplike kennis geskied op verskillende wyses in Marais se oeuvre. Dit is nogtans veral in sy wetenskaplike prosa dat hy pertinent en met groot selfvertroue hieroor verslag doen, besin en teoretiseer. In hierdie tekste skryf hy veral oor sy navorsing oor die lewe en gedrag van termiete en bobbejane, wat hy intensief in hulle natuurlike staat in die Waterberg bestudeer het. Hy hou ook rekening met die werk van invloedryke wetenskaplikes, soos Charles Darwin en Sigmund Freud, en hulle teorieë, wat bykans alle bioloë en sielkundiges ná hulle op een of ander manier beïnvloed het. Ook opvallend is die wyse waarop Marais dikwels beredenerend te werk gaan om ongewone en “geheimsinnige” waarnemings vir die leser geloofwaardig te maak en te verklaar.

Dit is noodsaaklik om Marais se wetenskaplike werk te kontekstualiseer deur dit te plaas binne die tradisie waarin dit tot stand gekom het. Die wetenskap het sedert die Verligting in die agtiende eeu 'n prominente plek in die Westerse



denke ingeneem. Die Industriële Rewolusie het die prominensie van die wetenskap verder verhoog. Die negentiende eeu staan dan ook grootliks in die teken van die mens se geloof in die wetenskap en die voordele wat dit inhou. Mense het geruime tyd lank ongekwalfiseerd vertrou in die wetenskap gehad.

Hierdie vertrou in die rasonale benadering en in die dominante rol van die wetenskaplike het ook vir die kunste in die algemeen en die literatuur in die besonder implikasies gehad. Dit het byvoorbeeld toenemend duidelik geword dat die natuurwetenskap en die literatuur die wêreld langs verskillende weë probeer verstaan. Aldous Huxley argumenteer in *Literature and science* (1963) dat daar as 't ware twee kulture ontwikkel het, naamlik dié van die wetenskap en dié van die literatuur. Die wetenskaplike wêreld beskou die skeppende skrywer se bemoeienis met die werklikheid as te privaat (d.w.s. nie algemeen geldig nie), as te behep met die ingewikkeldheid van die menslike lewe (d.w.s. hy vereenvoudig nie genoeg nie) en as te gebonde aan menslike taal om 'n verskeidenheid menslike ervarings gelyktydig oor te dra (d.w.s. nie duidelik genoeg nie).

Wetenskap en kuns was egter nie altyd van mekaar geskei nie. Daar is ook heelparty voorbeelde van mense wat sowel wetenskaplike as kunstenaar was. Een van die beste voorbeelde is waarskynlik die veelsydige Leonardo da Vinci (1452–1519). Hy was onder meer kunstenaar (van bv. die beroemde *Die laaste avondmaal* en die *Mona Lisa*), maar het vyfhonderd jaar voor die Wright-broers deur sy belangstelling in die manier waarop voëls vlieg op die gedagte van vliegtuie gekom. Daar is ook talle voorbeelde van bellettristiese skrywers wat goed in die wetenskap onderlê was en oor die wetenskap geskryf het (bv. Johann Wolfgang von Goethe). Van hierdie skrywers het sodoende bygedra tot die popularisering van die wetenskap, wat dikwels vir die gewone publiek moeilik verstaanbaar was. In die Afrikaanse literatuur kan die name van skrywers soos C. Louis Leipoldt, Jan Rabie, T.T. Cloete en P.C. Haarhoff in dié verband genoem word.

Eugène N. Marais se ingesteldheid is opvallend deurdat hy in sy verhale meermale wetenskaplike kennis aanwend om geloofwaardigheid te gee aan sy tekste, wat tot hulle besondere oortuigingskrag bydra. Dit het egter nie daarby gebly nie. In 'n aantal tekste (soos *Die siel van die mier*, *Burgers van die berge* en *The soul of the ape*) maak hy nie net van wetenskaplike waarnemings as materiaal gebruik

nie. Hy skryf in werklikheid wetenskaplike prosa, wat nie noodwendig as deel van sy belletristiese uitsette gereken word nie. Dit is ook so aanvaar deur kritici, wat dit meermale moeilik gevind het om Marais se wetenskaplike prosa te “plaas”.<sup>10</sup>

In beskouings oor Marais se oeuvre is sy wetenskaplike prosa nooit buite rekening gelaat nie, al het dit selde in die fokus van die beskouing gestaan. Wanneer Marais as skrywer in byvoorbeeld literatuurgeskiedenis ter sprake kom, word sy wetenskaplike prosa gewoonlik minstens vermeld, al word daar in geen Afrikaanse literatuurgeskiedenis ’n poging aangewend om sy wetenskaplike werk in net soveel besonderhede as sy belletristiese werk te bespreek nie.<sup>11</sup> By geleentheid is daar wel probeer om die artistieke ordening in *Burgers van die berge* aan die hand van die rol van die verteller aan te toon (kyk Du Randt, 1969: 6–11).

Ofskoon Marais se wetenskaplike prosa internasionaal aandag getrek het (veral op grond van vertalings van *Die siel van die mier* en *Burgers van die berge*, en die Engelse *The soul of the ape*, wat vanuit die staanspoor in Engels geskryf is), is ’n ondersoek na die aard van en opvattinge oor sy wetenskaplike prosa nog nie in ’n uitgebreide studie onderneem nie. ’n Moontlike rede hiervoor is dat aangesien Marais sowel skrywer as (amateur-) wetenskaplike was, so ’n studie rekening sal moet hou met beide die wetenskaplike en die letterkundige fasette van sy werk.

Die postmoderne era, waarin die skeiding tussen dissiplines nie meer streng gehandhaaf word nie, skep ’n ideale filosofiese agtergrond vir ’n ondersoek oor dissiplinegrense heen en maak dit volkome “aanvaarbaar” vir een ondersoeker om in ’n enkele studie as ’t ware uit verskillende domeine beide Marais se belletristiese en wetenskaplike tekste te ondersoek. Die Amerikaanse antropoloog Misia Landau (kyk o.m. 1984) voer byvoorbeeld aan dat sekere antropologiese teorieë oor die oorsprong van die mens as narratiewe of verhale gelees kan word. In aansluiting hierby kan die rol van die narratologie in tekste oor die gedrag van diere met vrug ondersoek word.

Hierdie studie beoog gevolglik om vraagstukke soos die volgende te ondersoek: In watter mate maak Marais (in sy wetenskaplike prosa) van wetenskaplike kennis gebruik? Op watter wyse het Marais te werk gegaan om die inligting te bekom? Watter funksie vervul dit in sy werk? Deur middel van watter tegnieke word die wetenskaplike kennis aangewend? Wat was die ontvangs van

Marais se wetenskaplike prosa deur letterkundige en wetenskaplike lesers? Verskil dit van die ontvangs van sy belletristiese prosa?

Hierdie studie wil vasstel wat die status van Marais se wetenskaplike prosa is as dit in literêre en wetenskaplike verband gelees word deur ondersoek in te stel na die agtergrond en ontstaan van Marais se wetenskaplike geskrifte, die ontvangs wat die publikasies gehad het en die aard en die betekenis van die tekste (o.m. as narratiewe).

### 1.3 Motivering

Hierdie studie kan binne Suid-Afrikaanse én internasionale verband gemotiveer word.

In Suid-Afrikaanse verband beoog dit om die volgende bydrae te lewer:

1. Marais het met sy wetenskaplike prosa 'n beduidende inset gelewer, wat nie net in die Afrikaanse literatuur aandag getrek het nie. Sy waarnemings- en literêre vermoë, asook sy belangstelling in aspekte van die Suid-Afrikaanse natuurlewe, het hom in staat gestel om tekste te skryf wat in talle opsigte hulle tyd ver vooruit was. Navorsing oor dié geskrifte sal gevolglik 'n bydrae lewer tot insig in die verhouding tussen literatuur en wetenskap, wetenskaplike prosa en die wyse waarop wetenskaplike kennis in sekere tekste aangewend word.
2. 'n Studie van kontekstuele faktore en invloede op Marais en sy werk sal aantoon hoe sy beeld as skrywer en pionier-wetenskaplike met verloop van tyd verander het.
3. Meer inligting sal beskikbaar gestel word oor die aard van wetenskaplike prosa (bv. die rol van die verteller en die leser); iets wat tot dusver in die Afrikaanse literatuur min aandag gekry het.
4. Dié studie sal gegewens beskikbaar stel oor 'n aspek van Marais se oeuvre wat tot dusver nog nie in die Afrikaanse literatuurkritiek behoorlik nagevors is nie, maar nietemin wye belangstelling gaande gemaak het.
5. Die studie beoog om 'n bydrae tot 'n beter begrip van Marais as prosaïst te

lewer. 'n Benadering wat van multidissiplinêre insigte en werkwyses gebruik maak, kan met nuwe perspektiewe vorendag kom.

In internasionale verband word beoog om met dié studie die volgende bydrae te lewer:

1. Internasionale belangstelling in Marais se werk blyk uit die vertaling op grond van aanvraag van veral sy wetenskaplike prosa, wat reeds in sy leeftyd onderneem is, en die aandag wat uiteenlopende wetenskaplikes daaraan bestee het. Dié studie betrek aspekte van wetenskaplike prosa, die verhouding tussen wetenskap en narratologie, die etologie, en navorsing oor die primate en termiete, wat tans internasionaal aktuele navorsingsterreine is, en maak dit spesifiek op Marais se wetenskaplike prosa van toepassing.
2. Die ondersoek open die moontlikheid tot verdere navorsing oor Marais se werkwyse in vergelyking met die werkwyse van buitelandse skrywers met 'n wetenskaplike aanleg (soos Aldous Huxley, die Tsjeg Miroslav Holub en die Kanadees Farley Mowatt) in wie se werk die natuurwetenskappe en wetenskaplike waarnemings op verskillende maniere in 'n verskeidenheid genres 'n rol speel. Dit sal egter nie in hierdie studie verder ondersoek word nie.

#### 1.4 Doelstelling en afbakening

Die onderhawige studie het ten doel om die aard van en opvattinge oor Eugène N. Marais se wetenskaplike prosa te ondersoek en te beskryf. Dit is 'n faset van Marais se oeuvre waaroor daar tot dusver nog nie indringend navorsing gedoen en besin is nie ten spyte van die internasionale belangstelling wat dit reeds ontlok het.

Marais se belletristiese prosa staan gevolglik nie in die fokus van die studie nie, maar sal wel by geleentheid betrek word om aan te toon hoe die skrywer dikwels in dié tekste deur die gebruik van wetenskaplike kennis en vertelstrategieë 'n besondere waarheidsillusie skep. Oor bepaalde aspekte van Marais se belletristiese prosa bestaan daar reeds 'n aantal uitvoerige studies.

Vir dié studie word die navorsingsontwerp soos volg afgebaken:

1. Daar word indringend ondersoek ingestel na die aard van en opvattinge oor Marais se wetenskaplike prosa. Die ondersoek word gedoen aan die hand van opvattinge en menings oor die aard van literatuur en wetenskap (deur o.a. Aldous Huxley, Jonathan Culler en Misia Landau) en die funksies van die tekste waarin sodanige verskynsels aangebied word.
2. 'n Oorsig van Marais se lewe en werk word gegee om Suid-Afrikaanse en buitelandse ervarings en invloede op sy wetenskaplike aktiwiteite en geskrifte te karteer.
3. Al Marais se wetenskaplike geskrifte (ook dié in Engels) word in hierdie studie indringend onder die loep geneem. Onder “wetenskaplike tekste” word dié tekste verstaan wat deur sowel letterkundiges as wetenskaplikes (normaalweg) van sy belletristiese prosa onderskei word.

Voortvloeiend uit die voorafgaande word die volgende doelstellings met betrekking tot die onderhawige ondersoek geformuleer (nie in volgorde van belangrikheid nie, maar chronologies volgens die werkwyse):

1. Om Marais se wetenskaplike prosa te ondersoek met inagneming van vrae oor wat *literatuur* en *wetenskap* is.
2. Om die konteks te beskryf waarbinne Eugène N. Marais se wetenskaplike prosa ontstaan het, naamlik sy landelike agtergrond, selfskoling in die natuurwetenskappe sedert sy verblyf in Londen en navorsing in die Waterberg tussen 1907 en 1916.
3. Om die manier te beskryf waarop Marais sy natuurwetenskaplike waarnemings in sy wetenskaplike geskrifte aanbied. Hierdie aspek sal ondersoek word op grond van 'n studie van Marais se wetenskaplike tekste, sy tersaaklike literêre (of belletristiese) prosa en toepaslike historiese en biografiese inligting.
4. Om uitsprake deur letterkundiges en natuurwetenskaplikes oor Marais se wetenskaplike prosa te ondersoek, sodat vasgestel kan word watter opvattinge oor die jare bestaan het en in watter mate hierdie opvattinge (moontlik) verander het.

5. Om vas te stel op watter wyse Marais (ook as letterkundige skrywer) te werk gaan as hy sy waarnemings in sy prosa verwoord, met antwoorde om die kreatiewe proses by Marais na te speur.

## 1.5 Navorsingsontplooing

Na die uiteensetting van die navorsingsontwerp van die studie volg 'n kort oorsig van die struktuur en inhoud van die res van hierdie studie, wat in nege hoofstukke aangebied word.

Hoofstuk 2 stel twee vrae wat vir hierdie studie belangrik is, naamlik “Wat is literatuur?” en “Wat is wetenskap?” Opvattinge en menings oor die aard van literatuur en wetenskap en die funksies van die tekste waarin sodanige verskynsels aangebied word, word bespreek. Aandag sal ook gegee word aan die rol wat die verteller in wetenskaplike tekste speel. Hierdie teoretiese fundering sal as grondslag vir die bespreking van Marais se wetenskaplike prosa later in die studie dien.

Hoofstuk 3 bied 'n oorsig van Marais se lewe en werk, met die klem op Suid-Afrikaanse en buitelandse ervarings wat 'n invloed op sy wetenskaplike aktiwiteite en geskifte gehad het. Aangesien die studie met die biografiese en historiese werklikheid van Marais se lewe rekening hou, bied dit geleentheid tot kontekstualisering en word bepaalde invloede op sy werk in breë perspektief geplaas. Daar word ook vooruitgewys na latere hoofstukke waarin spesifieke sake meer aandag geniet.

Hoofstuk 4 bied 'n oorsig van Marais se belletristiese prosa en bespreek die belangrikste kenmerke daarvan aan die hand van uitsprake deur verskillende letterkundiges. Aangesien die klem deurgaans op Marais se wetenskaplike prosa val, sal oorsigtelik te werk gegaan word deur slegs op elemente van “wetenskaplikheid” in hierdie tekste te fokus.

In hoofstukke 5, 6 en 7 word Marais se wetenskaplike prosa onder die loep geneem. Die onderskeie hoofstukke gee aandag aan drie “groepe” tekste, naamlik dié oor termiete, dié oor bobbejane en dié oor ander wetenskaplike onderwerpe.

Telkens word die ontstaansomstandighede van die betrokke teks(te) ondersoek, asook die wyse waarop Marais sy navorsing onderneem het, die publikasiegeskiedenis, die ontvangs daarvan en die wyse waarop die skrywer die tekste aanbied.

In hoofstuk 8 word die ontdekking van die Waterbergse broodboom (*Encephalartos eugene-maraisii* Verdoorn) wat na Marais vernoem is as voorbeeld van Marais se fyn waarnemingsvermoë en kennis, asook as voorbeeld van die sogenaamde Marais-mite, bespreek.

Die bevindinge van die ondersoek word samevattend in hoofstuk 9 gestel.

In die bibliografie word 'n omvattende lys verstrek van bronne wat geraadpleeg is. Dit sluit Marais se primêre tekste, algemene sekondêre bronne en studies oor Marais se oeuvre in.

## AANTEKENINGE

1. Let byvoorbeeld op Gustav S. Preller (1925: 180) se uitspraak: "Eugène Marais se grootste verdienste lê op die gebied van die Afrikaanse poësie, waartoe hy 'n besonder waardevolle bydrae gelewer het, hoe beskeie ook die omvang daarvan mag wees." Hierdie siening het by talle literatore bly voortbestaan. M. Nienaber-Luitingh (1962: 7) ken 'n besondere plek toe aan Marais se poësie: "Vandag is Eugène Marais in Suid-Afrika veral bekend as een van die eerste belangrike digters in die jong Afrikaanse letterkunde." Vir G. Dekker (1974: 55) is Marais se poësie belangriker as al sy ander werk: "Hoewel Marais ook verhale en interessante natuurstudies oor diere geskryf het en enkele pogings op dramatiese gebied het, is hy veral van betekenis as digter." Volgens Henriette Roos (1998: 32) word "Eugène Marais se prosa [...] steeds deur die meeste literatourgeskiedskrywers op 'n mindere vlak as sy poësie geplaas; in die eerste plek bly hy bekend as die herout van die Tweede Taalbeweging met sy bekende gedig 'Winternag'".
2. E. Lindenberg (1965: 33) het meer as drie dekades gelede die volgende betekenisvolle uitspraak gemaak: "Marais se poësie is slegs 'n klein onderdeel van sy oeuvre as geheel (en wie kan nou reeds sê dat dit waardevoller is as sy verhale?) en vertoon daarby nog 'n fragmentariese karakter."

3. Hierdie tekste is geskryf na aanleiding van Marais se waarnemings in die Waterberg van 1907 tot 1916.
4. Lindenberg (1965: 33), wat andersins waardering het vir Marais se werk, maak die volgende uitspraak oor sy “populêr-wetenskaplike artikels en beskouings”: “Mens moet vandag [...] erken dat Marais se teorieë wetenskaplik onaanvaarbaar is.”
5. Marais is een van die min Afrikaanse skrywers oor wie daar tot dusver meer as een biografie die lig gesien het.
6. Van Stefans Grové is die komposisie *Liedere op Marais-verse vir sopraan, strykkwartel en klavier* (1990); ’n siklus wat ook vyf gedigte van Abraham Fouché insluit. Verder is daar Andrew Arnold Eales se *Composition portfolio* (1996); Hubert du Plessis se *Dagboek van “Die dans van die reën”* (1970), *Drie nokturnes, Op. 36, vir sopraan en klavier* (1974), *Winternag* (1984) en *Die dans van die reën, Op. 22* (1990); Arnold van Wyk se *Die Woestyn-Lewerikie: Lied van die klein Boesmanmeidjie Nampti* (1984); en Arthur Willem Wegelin se *Ses liedere op Afrikaanse tekste* (1976).
7. Sowel die Afrikaanse as Engelse teks is gepubliseer (kyk Fugard & Devenish, 1977a en 1977b).
8. W.S.H. du Randt skryf uitvoerig oor die verhale “Klein Riet-alleen-in-die-Roerkuil” en “Diep rivier” in sy proefskrif, *Eugène N. Marais as ’n “duister” kunstenaar* (1965). Du Randt publiseer ook ’n monografie, *Eugène N. Marais as prosais* (1969), waarin hy oorsigtelik oor Marais se prosa skryf en heelwat aandag aan *Dwaalstories* skenk. Johanna Helena Josina van Dyk skryf ’n verhandeling oor *Eugène N. Marais as verteller* (1967), en analiseer daarin “Die huis van die vier winde” en “Die vliegende Hollander”. M.J. Prins se verhandeling is getiteld *Geloofwaardigheid as epiese beginsel in die prosa van Eugène N. Marais* (1973).
9. ’n Groot aantal studies is aan Marais se *Dwaalstories* gewy (kyk 4.4).
10. Barend J. Toerien neem byvoorbeeld vertalings van Marais se bellettristiese tekste op in sy *Afrikaans literature in translation* (1998), maar nie vertalings van Marais se wetenskaplike prosa nie.



11. Marais en Marais se bydrae in *Perspektief en profiel* (1998) is 'n uitsondering op hierdie stelling.

## HOOFSTUK 2

# TERMINOLOGIESE UITEENSETTING

### 2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bied 'n oorsig van die terminologie wat in hierdie studie gebruik word. Verder sal die vertrekpunte waarop ek steun ook in breë trekke uitgestip word. Aangesien Marais bekendheid verwerf het op grond van sy bydrae tot die geestes-, natuur- én regs wetenskappe (Marais & Marais, 1998: 658) is dit noodsaaklik om oor die aard van al hierdie kennisvelde duidelikheid te verkry.

Aangesien hierdie studie hoofsaaklik aandag gee aan Marais se betrokkenheid by die geestes- en natuurwetenskappe word daar slegs by geleentheid kortliks na sy betrokkenheid by die regte verwys. (Dit beteken egter nie dat dit 'n onbelangrike faset van Marais se lewe was nie. Aangesien Marais in die regte gestudeer en gepraktiseer het, 'n regsboek<sup>1</sup> geskryf het en as jong joernalis by talle lasteraksies betrokke was, behoort dié faset van sy lewe en werk by geleentheid deeglik ondersoek te word. In dele van hierdie studie word daar wel kortliks na aspekte van genoemde betrokkenheid verwys.)

In hierdie hoofstuk sal daar veral op die kenmerke en aard van die literatuur en die wetenskap klem gelê word. Dit sal gedoen word aan die hand van die vraag wat literatuur is en wat daaraan 'n eiesoortige karakter gee. Dieselfde vraag sal ten opsigte van die wetenskap en, meer spesifiek, wetenskaplike prosa gestel word.

Die ooreenkomste en verskille tussen literêre en wetenskaplike tekste kom ter sprake, en die aandeel van die narratologie in die wetenskap word aangedui. Ten slotte word getoon dat daar oor die afgelope tyd betekenisvolle verskuiwings in sienings oor hierdie onderwerp plaasgevind het, wat met vrug in 'n herwaardering van Marais se wetenskaplike prosa toegepas kan word.

## 2.2 Wat is literatuur?

Op die vraag wat “literatuur”<sup>2</sup> is, is daar nie ’n maklike antwoord moontlik en selfs wenslik nie. Die belangrikste rede hiervoor is die veranderlikheid van definisies van die konsep “literatuur”. Opvattinge oor dié eienskappe wat op ’n bepaalde tydstip op die oog af wesentlik gelyk of as essensiële kenmerke van die literatuur beskou is, verander mettertyd sodat daar dan nie meer op algemene geldigheid aanspraak gemaak kan word nie.

Die konsep “literatuur” kom oorspronklik van die Latynse woord “litteratura”, wat van “littera” afkomstig is en “letter” beteken. Aanvanklik het die konsep “’n kulturele ontwikkeling as gevolg van ’n algemene belesenheid, ’n gekultiveerdheid deur die omgang met boeke en geskrifte van allerlei aard” (Cloete, 1984: 3) aangedui. Daarbenewens het “literatuur” eeue lank ’n wye korpus tekste ingesluit en is die konsep wyd geïnterpreteer.<sup>3</sup> T.T. Cloete (1984: 1) stel dit soos volg:

Baie werke is vroeër tot die literatuur gereken sonder dat die vraag gestel is of dit werklik literatuur is of nie: historiese, politieke, moralistiese werke, teologiese en filosofiese geskrifte, selfs natuurwetenskaplike geskrifte, werke van allerlei beskouwlike aard, reisbeskrywings, (outo)biografieë, briewe, allerlei leerdigte, memoirs, polemiese geskrifte.

Hierdie siening van die literatuur het dwarsdeur die Renaissance en tot ongeveer die agtiende eeu bly voortbestaan, sodat die betekenis van “literatuur” eers sedert die middel van die agtiende eeu tot skeppende verbeeldingswerk beperk geraak het. Die konsep “estetika” is in 1750 deur die Duitse filosoof A.G. Baumgarten (1714–1762) in die filosofie ingevoer (kyk Kuypers, 1973: 26). Immanuel Kant (1724–1804) het in sy invloedryke *Kritik der Urteilskraft* (1790) verder oor die estetika uitgewei en daartoe bygedra om dié konsep vir die skoonheidsbeleving te vestig.

Sedert die middel van die negentiende eeu het “literatuur” ’n verdere kwalifikasie bygekry, naamlik dat dit “goed” en van blywende waarde moet wees. “Die skrywer én leser kom al meer in die 19de eeu na vore as individu en word ’n al minder sosiaal gebonde wese, wat die literêre werk al meer na vore bring as ’n

besondere soort maaksel van 'n besondere soort mens" (Cloete, 1984: 4). Tot hierdie gedagterigting het die Duitse filosoof Wilhelm Dilthey (1833–1911) 'n rigtinggewende bydrae gelewer. Hierdeur is daar 'n enger siening van die aard van die literêre kunswerk gevestig, wat daartoe bygedra het om aan die literêre kunswerk se uniekheid naas die nieliterêre werk beslag te gee.

Volgens Van Gorp (1991: 230) word daar vandag in die praktyk 'n onderskeid tussen literêre en nieliterêre tekste binne 'n gegewe kulturele stelsel gemaak. Dit gebeur meestal op grond van twee eienskappe, naamlik die funksie en die interne organisasie van die tekste wat ter sprake is. Op grond hiervan waag Van Gorp (199: 230) sy hand wel aan 'n definisie van literatuur:

Een definitie van literatuur impliceert aldus zowel een specifieke functionering van bepaalde teksten binnen een systeem van teksten die tot een gegeven cultuur behoren, als een eigegeaarde structurering. De relatie tussen beiden wordt bepaald door het type van cultuur waaronder de teksten ressorteren [...].

'n Stap verder is die sosiale konsepie van die literatuur, wat gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu groot prominensie geniet het. Hierdie benadering is veral deur die Franse filosoof Jean-Paul Sartre (1905–1980) in sy werk *Que'est-ce que la littérature?* (1948) en ander geskrifte gepropageer. Volgens Cloete (1984: 6) gaan die "sosiale konsepie van die literatuur [...] uit van die standpunt dat die literêre werk 'n sosiale instelling is en dat die literariteit van 'n teks nie onafhanklik van die leser(s) bestaan nie". Die literêre werk kan dus nie tot sy reg kom indien hy geïsoleer bestaan nie.

In aansluiting by die voorafgaande wys J. Hall in *The sociology of literature* (1979) op die rol van hekwagters in die literatuur. Die konsep "hekwagter" is ontwikkel om die persoon/instansie aan te dui wat die soort kommunikasie selekteer wat die leser/ontvanger bereik. Volgens Hall (1979: 101) kan hierdie konsep ook in die literatuursosiologie toegepas word, waar hekwagters op twee maniere kan optree:

Publishers can prevent manuscripts reaching the market, as can censorship

of the type which demands pre-publication licensing. On the other hand, gatekeepers may have some influence on the book once it has been published; the fate of the book depends in part upon critics, libraries, distributors and, again, censors – though this time of the post-publication variety.

Volgens genoemde siening van die literêre kommunikasieproses kan die ontstaan, publikasie, verspreiding en ontvangs van die literêre werk as beplande en dus verklaar- en verstaanbare gebeure gesien word. In die ondersoek na Marais se wetenskaplike prosa sal getoon word hoedat verskeie hekwagters (soos verspreidingsinstansies) inderdaad sy werk beskikbaar stel en toeganklik maak (kyk hoofstukke 5, 6 en 7). Ewe belangrik is die leser se rol in die ontvangs en konkretisering van 'n literêre werk (kyk o.a. Malan, 1983). 'n Oorsig van die resepsiegeskiedenis van Marais se wetenskaplike prosa sal dus aangebied word.

In die twintigste eeu het dit egter ook duidelik geword dat die grense tussen literatuur en nieliteratuur nie altyd duidelik is nie. Talle skrywers het selfs doelbewus probeer om hierdie grense af te breek en om die eksklusiwiteit van die literatuur te bevraagteken. Dit het volgens Cloete (1984: 1) gelei tot “n groeiende literêre relativisme en twyfel aan distinkiewe en spesifieke literêre kenmerke”. Dit lei onder meer daartoe dat die drie literêre genres (nl. poësie, prosa en drama) allerlei tussenvorme ontwikkel het.<sup>1</sup> Volgens die pan-estetiese of literêr-imperialistiese benadering bestaan die tussenvorme of grensgevalle egter nie. “Alles wat sogenaamd mooi en goed en vlot geskrywe is, selfs wetenskaplike werke en joernalistieke geskrifte, word tot die literatuur gereken” (Cloete, 1984: 2).

Om op te som kan daar, in navolging van Jonathan Culler (1997: 27–33), gesê word dat die siening van “literatuur” met verloop van tyd, en veral sedert die agtiende eeu, sodanig ontwikkel het dat dié konsep 'n besondere vorm van kommunikasie definieer, wat dit redelik duidelik van ander vorme van kommunikasie onderskei. Literariteit word veral bewerkstellig deur die wyse waarop taal gebruik word (die sg. “foregrounding”). Literatuur is daarom taal waarin die onderskeie komponente van die teks in 'n verwikkelde verhouding verkeer. Literatuur is ook fiksie en skep 'n fiksionele wêreld waarmee die leser hom/haar op 'n besondere manier kan vereenselwig. Daarom is literatuur 'n estetiese objek en 'n intertekstuele en selfrefleksiewe konstruk.

Gedurende die twintigste eeu is die mening sterk gepropageer dat literatuur 'n produk van die samelewing is. Sonder verskillende rolspelers en sonder interaksie met en in die samelewing het die literatuur bykans geen manier (en reg) om te bestaan nie. Deur hierdie siening is die standpunt gevestig dat die literêre teks nie geïsoleer bestudeer behoort te word nie.

### 2.3 Kenmerke van belletristiese prosa

In die voorafgaande bespreking is 'n aanduiding gegee van wat met die konsep "literatuur" bedoel word. In 'n bespreking van die kenmerke van belletristiese prosa (afgelei van die Franse woord "belles-lettres") sal daar onvermydelik met die aard en wese van die literatuur rekening gehou moet word. Belletristiese prosa is immers 'n deel van die groter geheel wat ons literatuur noem.

Hoewel prosa vandag 'n belangrike genre is en die vertel, beluistering en lees van stories as een van die wesenskenmerke van die menslike aard beskou word, het die prosa nie altyd so 'n dominante plek in die literatuur ingeneem nie. Gedurende die twintigste eeu het die situasie egter dramaties ten gunste van die prosa verander en is die poësie nie meer as die verpersoonliking van die literatuur beskou nie. Culler (1997: 78) stel dit soos volg:

[T]he novel has eclipsed poetry, both as what writers write and what readers read and, since the 1960s, narrative has come to dominate literary education as well. People still study poetry – often, it is required – but novels and short stories have become the core of the curriculum.

Die kanonisering<sup>5</sup> van Marais as bowenal 'n digter ten spyte van die beduidende hoeveelheid prosa (waaronder die beroemde *Dwaalstories*) wat hy geskryf het, kan waarskynlik aan die dominansie van poësie ten tyde van die eeuwisseling toegeskryf word.

Maar wat is kenmerkend van belletristiese prosa of die narratologie, en waarop moet die leser let as hy/sy 'n skrywer soos Marais se prosa lees? Die doel is nie om hier verskillende teorieë (bv. oor die narratologie) te ontleed nie (kyk 2.6),

maar om enkele roeteaanwysers vir die latere bespreking te bied. Waar nodig, sal daar in latere besprekings meer aandag aan die uitsprake van teoretici gegee word.

Ten aanvang moet daar klem gelê word op die belangrike rol van stories in die mens se singewing aan sy bestaan en die werklikheid. Kinders verlustig hulle in stories en mense vertel hulle familieverhale aan hulle nageslag oor. Selfs op 'n "hoër" vlak speel stories 'n prominente rol. Historici gebruik byvoorbeeld verhale om oor die ontstaan, verloop en gevolge van die Anglo-Boereoorlog verslag te doen. Culler (1997: 79) se uitspraak dat "[t]here is a basic human drive to hear and tell stories" kan dus breed vertolk word.

'n Bespreking van die kenmerke van prosa kom eerstens voor die probleem te staan dat dit "nie met een oogopslag reeds uit te maak [is] of ons met 'n *kritiese werk en prosavorm* te doen het nie, dit wil sê met 'n stuk wat tot die *literatuur* behoort nie" (Botha, 1966: 49; haar beklemtoning). Botha (1966: 55) noem die volgende as onderskeidende kenmerke van die literêre prosawerk: die wyse waarop dit "'n wêreld van die verbeelding skep" wat tóg ooreenkomste met die werklikheid vertoon; die seleksie en saamvoeg met 'n bepaalde doel van "sake uit die werklikheid" tot 'n nuwe geheel; die insig wat "so 'n werk vir ons as lesers uiteindelik besorg in, sê-nou-maar, die wêreld se beloop"; "die *samehang van sake* in so 'n literêre werk"; en die wyse waarop die dele van die literêre werk "saamwerk".

Volgens die Griekse filosoof Aristoteles (384–323 v.C.) is die plot die belangrikste onderskeidende kenmerk van 'n vertelling; 'n essensiële element waarsonder 'n goeie vertelling nie kan bestaan nie. Culler (1997: 80) beweer: "[A] plot requires a transformation. There must be an initial situation, a change involving some sort of reversal, and a resolution that marks the change as significant."

Culler (1997: 81) wys daarop dat die "basic distinction of the theory of narrative, then, is between plot and presentation, story and discourse". Verskillende representasies van die werklikheid kan in die vertelling aangedui word. Die leser kan hom-/haarself byvoorbeeld afvra watter soort representasie deur die skrywer gekies is (bv. wat die vertelsituasie betref) en wat die gevolg daarvan is. 'n Verdere aspek van die narratologie waarop Culler (1997: 84–86) wys, is die spesifieke karakter wat verskillende soorte fokalisasie aan 'n vertelling gee.

Culler (1997: 87) wys verder daarop dat stories plesier aan die leser verskaf. Hulle leer die leser ook:

For stories have the function, as theorists have emphasized, of showing us about the world, showing us how it works, enabling us – through the devices of focalization – to see things from other vantage points, and to understand others' motives that in general are opaque to us.

Marais se belletristiese prosa toon nie alleen duidelike kenmerke van die genre wat hier oorsigtelik aandag gekry het nie; sy werk, waarin “die stem van die storieverteller” (Marais, 1982: 24) sterk op die voorgrond tree, is selfs ’n goeie voorbeeld van die belangrike aandeel van stories in ons kultuur. Daar is heelwat getuienis uit sy belletristiese prosa te haal om hierdie stelling te steun (kyk 4.4).

In hierdie studie word die konsep “bellettrie” of belletristiese prosa gebruik om Marais se nuwetenskaplike prosa aan te dui. Dit is die tekste waarin dié elemente oorheers wat in hierdie afdeling behandel is. Dit sluit al die kortverhale en sketse in wat Marais gedurende sy lewe gepubliseer het en waarvan heel party eers postuum in boekvorm verskyn het (kyk hoofstuk 4). In die bespreking van Marais se wetenskaplike prosa sal daar nietemin ook na aspekte van die belletristiese prosa verwys word.

## 2.4 Wat is wetenskap?

Dit is eweneens nie maklik om te antwoord op die vraag wat “wetenskap” is nie. Om die wetenskap se unieke en besondere eienskappe aan te dui, moet ’n mens immers rekening hou met uitsprake van skeptici wat beweer dat die wetenskap oor geen besondere eienskappe beskik wat dit bo ander vorme van kennis verhef nie (kyk bv. Feyeraabend, 1975). Ten spyte hiervan is dit wel moontlik om enkele algemene opmerkings oor die konsep “wetenskap” te maak.

Uit die geraadpleegde literatuur en ’n beskouing van die konsep “kennis” blyk dat om ’n duidelike begrip te kry van wat met “wetenskap” bedoel word, dit noodsaaklik is om die verskille en ooreenkomste tussen voorwetenskaplike en



wetenskaplike kennis aan te dui (kyk Stoker, 1969: 133–138; De Vos, 1972: 95–8; Castelyn, 1989: 36–38).

Die onderskeid tussen voorwetenskaplike en wetenskaplike kennis is vir die eerste keer deur die Middeleeuse filosoof Augustinus (354–430) gemaak (kyk Luijpen, 1973: 100). Daarna het daar egter nog heelwat tyd verloop voordat die onderskeidende eienskappe van dié twee soorte kennis duidelik geword het. H.G. Stoker (1969: 133) vat hierdie onderskeid soos volg saam:

Wetenskap is kennis. Nie alle kennis is wetenskap nie. Kennis wat nie wetenskaplik is nie, noem ons voorwetenskaplike kennis. Van laasgenoemde is voorbeelde: intuïtiewe kennis van 'n moeder van haar kind; kennis gegee met die wedersydse liefde van twee bemindes; met die inspirasie van 'n kunstenaar; met intuïtiewe regsbesef; en meer in die algemeen: alledaagse kennis uit die praktiese ervaring; lewens- en beskoulike kennis, w.o. religieuse geloofskennis, ensovoorts. Dit sluit bo-wetenskaplike kennis (wat die menslike verstand te bowe gaan) in.

Stoker (1969: 133) sê ook vir sover “bo-wetenskaplike kennis uit die voorwetenskaplike opkom en hulle mekaar wedersydse beïnvloed, kan 'n skerp grens tussen die twee moeilik getrek word. Tog behoort tussen hulle so duidelik as moontlik onderskei te word.”<sup>6</sup> Kortom, voorwetenskaplike kennis kan nie uitgedruk, uitgespreek of getematiseer word nie en kan as nierefleksiewe bewussyn beskryf word. Wetenskaplike kennis, daarenteen, is tematies, sistematies en krities en kan ook refleksiewe bewussyn genoem word.

Die sewentiende-eeuse filosoof René Descartes (1596–1650) het die opvatting gevestig dat kennis die voorstelling *in* 'n “onpartydige” subjek is van 'n wêreld wat onafhanklik van daardie subjek is. Hierdie siening het kenmerkend van die werkwyse van die natuurwetenskappe geword. Stoker (1969: 134–136) sien die onderskeid tussen wetenskaplike en voorwetenskaplike kennis, en dus die wese van wetenskaplike kennis, soos volg:

- By wetenskaplike kennis gaan dit om kennis as sodanig;
- Wetenskap is geverifieerde kennis;

- Wetenskap is gesistematiseerde kennis;
- Wetenskap is tegnies-metodies gevormde kennis; en
- Wetenskaplike kennis is begrens, “soveel moontlik”.<sup>7</sup>

Uit die voorafgaande blyk dat daar mettertyd ’n bepaalde siening oor die metodologie van die natuurwetenskappe ontwikkel het. Die wetenskaplike metode word dus in wese gekenmerk deur die versamel van klein kenniseenhede wat gekategoriseer word om met veralgemenings vorendag te kan kom. Op hierdie manier kan duidelike, ondubbelsinnige antwoorde op omtrent alles onder die son verskaf word. Deur die toevoeging van meer kennis of inligting deur wetenskaplikes neem wetenskaplike kennis toe en is die mens beter in staat om die wêreld te verstaan en om antwoorde op onbekende sake te gee.<sup>8</sup>

Die wetenskapsopvatting (o.a. dié van Stoker) wat tot dusver in hierdie afdeling ter sprake gekom het, vertoon almal sterk modernistiese trekke. Dit is egter gepas om in hierdie studie van dié opvatting kennis te neem, aangesien dit in die wetenskap die dominante paradigma vir die grootste deel van die twintigste eeu was. Dit sluit die eerste dekades van die eeu in toe Marais sy navorsing gedoen en sy idees neergepen het.

Met verloop van tyd het daar egter kritiek teen die modernistiese benadering ontstaan. Die siening van die wetenskap as ’n neutrale, waarde-vrye soeke na die waarheid is weliswaar eers in 1962 deur Thomas S. Kuhn (1922–1996) in die invloedryke *The structure of scientific revolutions* (1996) radikaal bevraagteken. Met sy siening van wetenskaplike navorsing as “a product of a complex interaction between traditions, its authoritative structures, and its environment” (Sardar, 2000: 31) het Kuhn die weg vir die bestudering van die wetenskap as ’n sosiale aktiwiteit gebaan. Opvattinge van vroeër kon nie meer algemene sekerhede bied nie.

Aan die begin van die een-en-twintigste eeu het die wetenskap dus ’n kulturele simbool geword waaroor daar baie gesprekvoering is. Kuhn se siening van normale wetenskapsbeoefening as die uitvoer van navorsing binne en vanuit ’n dominante paradigma het selfs plek moes maak vir die meer “demokratiese” postnormale wetenskapsbeoefening, waarvoor Ziauddin Sardar (2000: 74) soos volg skryf:

In post-normal science, the quality assurance of scientific inputs to policy processes requires an 'extended peer community', consisting not just of the experts but of all stakeholders. And they can bring in their 'extended facts', not just traditional results, but also local knowledges, community surveys, leaked documents and investigative journalism.

Daar moet ook genoem word dat die wetenskap in die hedendaagse wêreld nog steeds hoë aansien geniet.<sup>9</sup> Die opvatting word wyd gehuldig "that there is something special about science and its methods" (Chalmers, 1999: ix). Iets wat op "wetenskaplikheid" aanspraak maak, beskik byvoorbeeld in baie mense se oë oor besondere waarde en status. Dit sluit nuttigheids- en verkoopswaarde in! Dikwels beklee diegene wat hulle met die wetenskap besig hou en met wetenskaplike bevindinge en uitvindsels vorendag kom ook 'n besondere plek in ons samelewing. Oor die "wetenskaplike oorloë" wat Kuhn begin het (kyk Sardar, 2000), hou baie hulle nog dom.

Net soos die literêre teks bestaan die wetenskaplike teks nie geïsoleer nie. Deur die ontvangs wat 'n wetenskaplike se werk te beurt val en die status wat ander wetenskaplikes of meningsvormers (d.w.s. hekwagters) op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis aan die werk toeken, word die waarde van sowel die gepubliseerde resultate as dié van die wetenskaplike self bepaal. Die mate waarin dit ook ten opsigte van Marais gegeld het, word later in hierdie studie aangetoon.

## 2.5 Kenmerke van wetenskaplike tekste

"All over the globe, every moment of the day, someone is being asked to make a search and write a report on some state of fact, or else to read and analyze one, so that action may be taken. Reports are the means by which we try to substitute intelligence for routine and knowledge for guesswork" (Barzun & Graff, 1977: 4). In die wetenskaplike wêreld speel verskillende soorte verslae eweneens 'n deurslaggewende rol om navorsingsaktiwiteite en -bevindinge bekend te stel. Ondergang staar immers wetenskaplikes wat nie publiseer nie in die gesig: "Publish

or perish!" Vir die doeleindes van hierdie studie sal vervolgens nie net aan die wetenskaplike verslag aandag gegee word nie, maar aan die breër kategorie, naamlik die "wetenskaplike werk" (kyk Ingarden, 1980: 328–330) of die "wetenskaplike teks".

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat wetenskaplike kennis na veralgemenings of universele geldigheid strewe, sodat die "kennisresultate die kritiese toetsing en oordeel van ander ter sake kundiges sal kan ontmoet en sal kan deurstaan" (Rossouw, 1993: 96). In aansluiting by die strewe na universele geldigheid is die ideaal om op rasionele wyse verantwoordbaar te wees, sodat "rekenskap gegee kan word teenoor medesubjekte" (Rossouw, 1993: 96). 'n Verdere kenmerk hiervan is dat kennisaansprake "deur logiese konneksies ingebind word deur die breëre kader van 'n omvattende teorie of stel teorieë" (Rossouw, 1993: 96).

In die verwesentliking van hierdie ideale in verband met wetenskaplike kennis is kommunikeerbaarheid 'n bepalende faktor. Die kommunikasie met "medesubjekte" geskied "in terms of some language, verbal or mathematical, common to the members of his cultural group" (Huxley, 1963: 8), veral deur middel van boeke, verslae, referate, lesings en artikels. In al hierdie tekste is die geskrewe en/of gesproke woord belangrik. Reisjoernale, briewe, en veld- en laboratorium-aantekeninge kan eweneens by die voorafgaande lys gevoeg word. Hierdie tekste sal noodwendig 'n eie karakter openbaar, wat dit 'n integrale deel van die wetenskapsbeoefening sal maak. Die tekste sal daarbenewens noodwendig kenmerke vertoon wat eie aan die aard van die wetenskap is. Maar watter kenmerke het wetenskaplike tekste? Is daar byvoorbeeld bepaalde retoriese kenmerke wat die wetenskaplike teks van ander tekste onderskei?

Deur na enkele voorskrifte in algemene handleidings vir die skryf van wetenskaplike tekste te kyk, kan 'n aantal tradisionele, hoofsaaklik modernistiese kenmerke uitgesonder word.<sup>10</sup> Volgens Michael Alley (1987: 13) is daar "three elements of style in scientific writing: *language, illustration, and structure*". Alley (1987: 15) maak ook 'n duidelike onderskeid tussen wetenskaplike en literêre skryfwerk:

Scientific writing is not the same as literary writing. In scientific writing, you

have a single defined purpose, that being to inform a particular research project. Literary writing, on the other hand, has no single purpose. There can be any number of reasons behind the writing of a poem or story: anger, love, depression, even boredom.<sup>11</sup>

Dat wetenskaplikes terdeë bewus is van die belangrikheid van goed geskrewe kommunikasie blyk uit Hans I. Ebel, Claus Bliefert en William E. Russey (1987: 5) se uitspraak: “Only the researcher who is competent in the art of *written* communication can play an active role in *contributing* to science” (hulle beklemtoning).

Oor die sleuteleienskap van wetenskaplike skryfwerk, naamlik die ondubbelsinnige oordrag van inligting, skryf Robert A. Day (1998: 1) soos volg:

The key characteristic of scientific writing is clarity. Successful scientific writing is the result of a clear mind attacking a clearly stated problem and producing stated conclusions. Ideally, clarity should be a characteristic of any type of communication; however, when something is being said *for the first time*, clarity is essential. (Sy beklemtoning.)

Die voorafgaande skrywers gaan van die standpunt uit dat wetenskaplikes hulle bevindinge bekend moet stel deur veral daaroor te skryf. In sulke tekste moet die taal op so 'n manier gebruik word dat onnodige “oop plekke” (Eco, 1985) soos dié in literêre tekste nie van die leser sal vereis om as dekodeerder op te tree nie. Die volgende woorde van Day (1998: 2) is 'n sprekende bewys hiervan:

Scientific writing is the transmission of a clear signal to a recipient. The words of the signal should be as clear and simple and well ordered as possible. In scientific writing, there is little need for ornamentation. The flowery literary embellishments – the metaphors, the similes, the idiomatic expressions – are very likely to cause confusion and should seldom be used in research papers.

Science is simply too important to be communicated in anything other than words of certain meaning.

Die standpunt dat die wetenskaplike diskoers bowenal gekenmerk word deur die vermyding van dubbelsinnigheid en veelvoudige betekenisse is, onder andere, deur Aldous Huxley in *Literature and science* (1963) gehuldig. Huxley (1963: 13–14) skryf soos volg:

The aim of the scientist is to say only one thing at a time, and to say it unambiguously and with the greatest possible clarity. To achieve this, he simplifies and jargonizes. In other words, he uses the vocabulary and syntax of common speech in such a way that each phrase is susceptible of only one interpretation; and when the vocabulary and syntax of common speech are too imprecise for this purpose, he invents a new technical language, or jargon, specifically designed to express the limited meaning with which he is professionally concerned. At its most perfectly pure, scientific language ceases to be a matter of words and turns into mathematics.

Van die grootste wetenskaplikes, soos Charles Darwin (kyk Bulhof, 1988), Konrad Lorenz (kyk Nisbett, 1976) en Richard Dawkins (kyk Sexton, 2001),<sup>12</sup> het hulle nie aan hierdie “voorskrifte” gesteur nie, en die implikasies daarvan het helaas by baie wetenskaplikes verbygegaan.<sup>13</sup> Die meeste skrywers van handleidings vir die skryf van wetenskaplike tekste laat byvoorbeeld na om die paradigma-verskuiwings van die onlangse verlede (kyk 5.5) in ag te neem, en dra sodoende ’n eendimensionele siening van die wetenskap voort. Aangesien Marais se wetenskaplike prosa uit ’n modernistiese era dateer en terselfdertyd eienskappe vertoon wat eers later as gangbare praktyk beskou sou word, is dit belangrik om hierdie konteks voor oë te hou.

In dié studie sal veral by die volgende uitspraak van David Locke (1992: 201) in *Science and writing* aangesluit word:

Our particular enemy is the traditional dogmatic assurance that scientific language is everything that literary language is not – that it is not expressive, not evocative, not interesting and so on – that it is, rather, merely the code that records the facts that science uncovers. Surely we must now accede to the counter traditional view that scientific language cannot operate

that way, that no language can, that language is not, ever, a simple vehicle for nonlinguistic thought, a verbal rendition of some nonverbal beyond.

Uiterlik vertoon wetenskaplike tekste in hulle samestelling dikwels ooreenkomste. In hierdie verband gee die “ondubbelsinnige” voorskrifte van wetenskaplike tydskrifte en navorsingsinstellings (bv. die Buro vir Wetenskaplike Publikasies, die Stigting vir Navorsingsontwikkeling en die American National Standards Institute) riglyne oor die wetenskaplike skryfwyse, soos in verskeie handleidings uiteengesit, die toon aan. Die formaat waarin wetenskaplike bevindings aangebied word, is dus dikwels die gevolg van bepaalde konvensies (kyk Day, 1998: 11). Dit verander nie noodwendig iets aan die “wetenskaplikheid” van die bevindings wat aangebied word nie. Ander aanbiedingskonvensies is ook aanvaarbaar, soos hierdie studie sal aantoon.

## 2.6 Narratologie en wetenskap

Daar word vandag wyd aanvaar dat die mens lank reeds oor die vermoë beskik om te praat en om verhale te vertel. Alles dui daarop dat “the symbolism and imagery embodied in the art that flourished from 30 000 ago onwards surely signals the origin of modern language capacity, including the ability to articulate complex abstract ideas” (Leakey, 1981: 139). Die vermoë om te praat, abstrakte gedagtes in woorde uit te druk en verhale te vertel, kan selfs as wesenskenmerke van die mens (*Homo sapiens*) beskou word.

Die bestudering van verhale het reeds by Plato (427–347 v.C.) en Aristoteles (384–322 v.C.) begin, maar tog is “dit moeilik om verder terug as die twintigste eeu teoretici op te spoor wat werklik ernstig, diepgaande en omvattend probeer nadink het oor die aard – en selfs die regverdiging – van die prosaverhaal, veral in die vorm van ’n roman” (Brink, 1987: 13). In die twintigste eeu is baie gedoen om die kenmerke en werking van verhalende tekste soos die roman en die kortverhaal aan te dui, wat ook vir ’n beter begrip van die rol van narratologie in die wetenskap van belang is.

Mieke Bal (1980: 12) beskryf die narratologie as “de theorie van verhalende teksten”, terwyl Shlomith Rimmon-Kenan (1988: 3) die storie, die teks en die vertelproses as basiese aspekte van die narratologie uitsonder. Om ’n omskrywing van die konsep “storie” te kry waarna Rimmon-Kenan verwys, kan ons teruggaan na E.M. Foster se *Aspects of the novel* uit 1927 waarin ’n onderskeid tussen “storie” en “plot” gemaak word. Vir Foster (1979: 41) is die storie oud en dateer dit uit die vroeë dae van die mens se ontwikkeling:

It is immensely old – goes back to neolithic times, perhaps to palaeolithic. Neanderthal man listened to stories, if one may judge by the shape of his skull. The primitive audience was an audience of shockheads, gaping round the camp-fire, fatigued with contending against the mammoth or the woolly rhinoceros, and only kept awake by suspense. What would happen next?

In wese is die “storie” waarna Foster verwys die basiese boustof waaruit die verhaal saamgestel word. Die gebeure in die verhaal kan chronologies, logies of kousaal (Du Plooy, 1986: 296) georden word. Indien dit egter nie in die teks gebeur nie, moet die leser self die chronologie, die logika en die kousaliteit daarvan bepaal. Met “teks” word hier verwys na sowel die gesproke as die geskrewe woord, wat op verskillende wyses aan die leser en/of hoorder beskikbaar gestel kan word.

Gedurende die twintigste eeu het die studie van die narratologie nuwe lig gewerp op, onder meer, ’n ou verhaalvorm soos die sprokie (kyk Propp, 1975), terwyl die Russiese formaliste (o.a. Roman Jakobson, Boris Tomashevsky en Juri Tynyanov), die Praagse strukturaliste (o.a. Roman Jakobson en Jan Mukařovsky) en die Franse strukturaliste (o.a. A.J. Greimas, Roland Barthes en Gérard Genette) ons kennis van verhalende tekste verryk het (kyk Du Plooy, 1986). Volgens Du Plooy (1992: 331) is navorsing oor die narratologie nie net vir die literatuur nie, maar ook vir die humaniora en die sosiale wetenskappe van waarde.

Opvallend min aandag is egter tot dusver aan die rol van die narratologie in wetenskaplike tekste gegee. Dit wil voorkom of literatuurwetenskaplikes die onderwerp óf heeltemal vermy óf as iets beskou waarvoor hulle nie kans sien om ’n mening uit te spreek nie – ’n onderwerp waarvoor hulle selfs nie veronderstel is of geroepe voel om standpunt in te neem nie. Die volgende uitspraak van Rimmon-



Kenan (1988: 3) illustreer hoe literatuurwetenskaplikes tot dusver daaroor geoordeel het:

It is arguable that history books, news reports, autobiography are in some sense no less fictional than what is conventionally classified as such. In fact, some of the procedures used in the analysis of fiction may be applied to texts conventionally defined as 'non-fiction'. Nevertheless, since such texts will also have characteristics specific to them, they are beyond the scope of this book.

Teen die einde van die twintigste eeu het dit nietemin duidelik geword dat narratologie en wetenskap inderdaad meer vir mekaar te sê het as dit waarvoor daar tot in daardie stadium erkenning gegee is. 'n Aantal wetenskaplikes het in der waarheid die aandag op die aandeel van die narratologie en literêre tegnieke in die wetenskaplike diskoers begin vestig. Van die belangrikste bydraes op hierdie terrein is die werk van die Amerikaner Misia Landau (1981, 1984 en 1991), wat bekendheid verwerf het vir haar navorsing oor die plek van narratologie in tekste oor die oorsprong van die mens.

Landau beskou hierdie soort literatuur as 'n nuwe genre: die antropogenie ("the anthropogenic"). In haar Harvard-proefskrif skryf Landau (1981: ii) soos volg oor hierdie nuwe klas:

According to this theory, which derives largely from literary criticism and especially structuralism, the anthropogenic is characterized not by a set of fossils or theoretical principles but instead by a common underlying narrative structure.

Deur onder meer gebruik te maak van V. Propp (1975) se *Morphology of the folktale* uit 1968 toon Landau (1981 en 1991) aan hoedat die belangrikste Britse antropogenetici van die negentiende en die begin van die twintigste eeu, soos T.H. Huxley, Charles Darwin, Arthur Keith, Grafton Elliot Smith en die Duitser Ernest Haeckel, almal van tegnieke gebruik gemaak het wat eie aan die literatuur is. Vir Landau (1984: 262) is die vertelling "an appropriate form of scientific hypothesis", en sy lewer 'n pleidooi dat die vertelling ernstiger opgeneem moet word:

Rather than avoid them, scientists might use them as they are used in literature, as a means of discovery and experimentation. Treating scientific theories as fictions may even be a way of arriving at new theories.

Roger Lewin (1991: 30–46) wy 'n hele hoofstuk aan Landau se invloed op die wetenskaplike wêreld. Haar bydrae het 'n beduidende verskuiwing in die siening van die rol van die narratologie in tekste oor die oorsprong van die mens teweeggebring. Hoewel Landau se sienings nie sonder meer op wetenskaplike tekste oor ander onderwerpe toegepas kan word nie, bied dit die moontlikheid om aspekte van etologiese tekste soos dié van Marais op 'n nuwe manier te benader. Hierdie moontlikhede sal in hoofstuk 5 by die bespreking van Marais se tekste oor termiete en veral in hoofstuk 6 by die bespreking van Marais se tekste oor bobbejane verder ondersoek word.

## 2.7 Samevatting

Aangesien daar in hierdie studie pertinent aandag gegee word aan Marais se wetenskaplike prosa sal daar deurgaans 'n spanning tussen sy belletristiese en wetenskaplike werk bestaan en (n.a.v van Snow, 1969 en Huxley, 1963) selfs veronderstel word. Dit is onvermydelik in die lig van die wyse waarop Marais in die Afrikaanse literatuur aanvanklik as digter en as skrywer van belletristiese prosa gekanoniseer is. Die pole wat tot hierdie spanningsveld gelei het, is bepaalde literatuur- en wetenskapsopvattinge wat veral sedert die negentiende eeu baie sterk geword het.

Vir Culler (1997: 17) is die vraag oor wat literatuur is nie van besondere belang nie. Hy noem twee redes. Enersyds vermeng literêre teorie self opvattinge uit die filosofie, linguistiek, geskiedenis, politieke teorie en psigoanalise, terwyl daar andersyds "literariteit" in nieliterêre tekste is. Hierdie inklusiewe siening van Culler en ander teoretici ten opsigte van literatuur en ander kennisvelde soos onder andere met Locke geïllustreer, het helaas nie gedurende die grootste deel van die

negentiende en die twintigste eeu bestaan nie. Dit is ook te betwyfel of dit in die hedendaagse wêreld wyd aanvaar en uitgeleef word. Hierdie soort ingesteldheid word nietemin as besonder relevant beskou in hierdie ondersoek na die aard van Marais se wetenskaplike prosa.

Daar word veronderstel dat die wyses waarop letterkundiges en wetenskaplikes hulle inligting bekom, daarvoor skryf en hulle werk dissemineer, hemelsbreed van mekaar kan verskil. Dit, en die uiteenlopende literêre tradisies, dra waarskynlik daartoe by dat aanvaar is en steeds word dat literêre en wetenskaplike tekste grootliks van mekaar moet verskil. Die moontlike ooreenkomste tussen literêre en wetenskaplike tekste word daarom selde bespreek. Wanneer die suksesvolle wetenskaplike (dit sluit die skrywer in wat óók wetenskaplike is) sy/haar hand op papier waag, blyk daar nietemin raakpunte wat aandag verdien. Paradigmaverskuiwings gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu het literatuur en wetenskap onherroeplik “nader aan mekaar” gebring. Locke (1992: 206) skryf soos volg:

The comparison of science and literature need not be invidious in either direction. Literature has no exclusive claim on imagination, expressivity, persuasiveness, creativity; science no patent on truth, reliability, functionality. The literary scholar need be no more isolated from the world than the scientist; the library shelves are no dustier than the laboratory bench. Both science and literature are about the truth of the world. And these are not two languages – the language of science and the language of poetry – but one, the language of humankind.

Om behoorlik te kan kommunikeer, moet wetenskaplikes dikwels noodwendig van literêre tegnieke gebruik maak. Kortom, alle wetenskaplike skrywers manipuleer hulle inligting met behulp van literêre tegnieke om hulle boodskap te kan oordra, soos onder meer uit die bespreking van Marais se wetenskaplike prosa in hoofstukke 5, 6 en 7 sal blyk.

## AANTEKENINGE

1. Du Toit (1940: 20) maak melding van “’n boek oor ‘Deeds Office Practice’, wat tans nog in Swaziland in gebruik is”, wat Marais waarskynlik in 1904 en/of 1905 opgestel het. Geen ander studie oor Marais het sedertdien met meer inligting oor hierdie boek vorendlag gekom nie (kyk o.a. Venter, 1989). Al my pogings om ’n eksemplaar van die boek in die hande te kry, het ook tot dusver misluk.
2. Volgens Charles Malan (1985: 9) word “literatuur” en “letterkunde” “gewoonlik as wisselvorme gebruik – eintlik verkeerdelik, aangesien ‘-kunde’ op die wetenskapsgebied behoort te dui: vgl. letterkundige”.
3. Hierdie inklusiewe gebruik van die konsep “literatuur” bly onder meer voortleef in die volgende gebruik van die woord: “Daar is ’n magdom literatuur oor Albert Einstein se relatiwiteitsteorie in ons biblioteek en op die internet.”
4. Volgens Thomas O. Beebee (1994: 249–250) is “the truly vital meanings of a text [...] often not contained in any specific generic category into which the text may be placed, but rather in the play of differences between its genres”. Beebee (1994: 251) redencer egter ten gunste van “the ubiquity and necessity of genre”.
5. “A canon is commonly seen as what other people, once powerful, have made and what should now be opened up, demystified, or eliminated altogether” (Von Hallberg, 1984: 1).
6. Stoker (1969: 133–135) gee ’n aantal weerleggings van “enkele onbevredigende onderskeidings” tussen wetenskaplike en voorwetenskaplike kennis.
7. Stoker (1969: 136) baseer hierdie siening daarop dat die mens “nie álles ken wat God ken nie; en wat hy kan ken, kan hy nie ken soos God dit ken nie. ‘Soveel moontlik’, dus, as wat die kreatuurlikheid van die mens en sy wetenskap dit toelaat.”
8. Die natuurwetenskappe en die tegnologie het potensieel ’n groot voorsprong bo onder meer die geesteswetenskappe en die kunste deurdat veel meer geld vir navorsing en die beoefening van hierdie kennisaktiwiteite beskikbaar is. Die nut daarvan word

besonder hoog aangeslaan.

9. Die wetenskap se “sondes” – onder meer die skep van die atoombom en die vernietiging van biodiversiteit – word hom (gelukkig?) nie in alle opsigte toegereken nie. Die vooruitgang van onder meer die mediese wetenskap en die inligtingstechnologie word globaal benut en selfs as besonder navolgenswaardig beskou.
10. Hierdie uitsprake word aangehaal onder meer as voorbeeld van die stereotiepe sienings van die wetenskap (versus die literatuur) wat daaruit na vore tree. Dit bied voorts die algemene sienings van die wetenskap in die algemeen en van die wetenskaplike teks in die besonder.
11. Ook hierdie siening van sowel wetenskaplike as literêre skryfwerk is ’n oorvereenvoudiging.
12. Oor die bioloog Richard Dawkins se *The selfish gene* (1976) skryf Ed Sexton (2001: 3–4) soos volg:

[T]he rhetoric of *The Selfish Gene* is all too easy to criticise. Dawkins’ metaphorical and often aggressive use of language can alienate readers rather than persuade them. Certain words are downright confusing, such as ‘selfish’ in the title, which the author constantly reminds us he is using in a ‘special way’. Putting aside our common understanding of these words and replacing them with Dawkinspeak is not helped by the occasional outbursts and anti-religious swipes which litter the book [...]

In die lig van hierdie uitspraak het die inhoud van Dawkins se *Unweaving the rainbow: Science, delusion and the appetite for wonder* (1999) nie as ’n verrassing gekom nie. Die titel sê al genoeg.

13. Dit is interessant dat Sigmund Freud met die Goetheprys vir Literatuur bekroon is en byna die Nobelprys vir Literatuur gekry het (kyk Locke, 1992: 131).

## HOOFSTUK 3

### 'N OORSIG VAN MARAIS SE LEWE EN WERK

#### 3.1 Inleiding

Aangesien hierdie studie van die standpunt uitgaan dat kontekstuele faktore belangrik is wanneer Eugène N. Marais se wetenskaplike prosa in oënskou geneem word, bied die onderhawige hoofstuk inligting oor sy lewe en werk. Marais was as mens inderdaad “capable of moving the interest of posterity” (Lee, 1971: 9) en baie is reeds oor hom as mens geskryf (kyk 1.1). Die ondersoek veronderstel nogtans nie noodwendig 'n direkte verband tussen oorsaak en gevolg in Marais se lewe en werk nie.

Die hoofstuk begin met 'n kort biografiese oorsig waarin die chronologiese verloop van Marais se lewe en werk in breë trekke behandel word. (Aspekte hiervan sal in latere hoofstukke meer indringend toegelig word.) Daarna word oorsigtelik aandag gegee aan invloede wat op Marais ingewerk het en wat moontlik sy belangstelling in die wetenskappe geprikkel en hom toegerus het om daarvoor te skryf. Sy lewe word in meer besonderhede beskou aan die hand van vier tydperke, te wete sy kinderjare, sy studietydperk in Londen, sy verblyf in die Waterberg en die tydperk daarna tot en met sy dood. Die hoofstuk word met 'n samevatting afgesluit.

#### 3.2 Biografiese besonderhede

Eugène Nielen Marais is op 9 Januarie 1871 op die plaas Les Marais by Daspoort net buite die destydse Pretoria gebore as die dertiende en jongste kind van Jan Christiaan Nielen Marais en Catharina Marais (geb. Van Niekerk).

Die stamvader van die Marais's was Charles Marais van Le Plessis Marle naby Longvilliers, suid van Parys, Frankryk. Hy en sy vrou, Catherine Taboureaux, en hulle kinders het Frankryk in Oktober 1685, kort na die herroeping van die Edik

van Nantes, verlaat om 'n heenkome in die Republiek van die Verenigde Provinsies van die Nederlande te gaan soek. Volgens C. Pama (1983: 216–217) het hulle die Rooms-Katolieke geloof op 14 September 1687 in die Waalse kerk in Den Haag afgesweer.

Danksy die feit dat die Here XVII emigrasie na die Kaap aangemoedig het het nagenoeg 200 Franse vlugtelinge besluit om hulle in Afrika te kom vestig (kyk Böeseke, 1981: 50). Marais en sy gesin het Delftshaven op 31 Desember 1687 op die skip *Voorschooten* verlaat. Op 13 April 1688 het hulle in Saldanhabaai aangekom en van daar af met die *Jupiter* na Kaapstad gereis (kyk Pama, 1983: 217).

Die nageslag van Charles Marais, wat in April 1689 deur 'n Khoi-aanvaller in die Drakenstein vermoor is (kyk Bryer & Theron, 1988: 44), sou lank hoofsaaklik in die Kaap bly en primêr by die landbou betrokke wees.<sup>1</sup> Eugène N. Marais se ouers sou eers elf jaar voor sy geboorte in 1871 van die plaas Nektar in Jonkershoek, Stellenbosch, wegtrek en daarna 'n aantal jare in Bloemfontein, in die Republiek van de Oranje-Vrijstaat, woon. Ongeveer drie jaar voor Marais se geboorte vestig sy ouers hulle in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) (kyk Rousseau, 1984c: 2), ofskoon heelparty van Marais se broers en susters in die Boland of in die Vrystaat agterbly.

Gedurende die eerste tien jaar van sy lewe woon Marais in Pretoria by sy ouers: eers op die geboorteplaas by Daspoort, en daarna in Lynnwood House aan die westelike oewer van die Apiesrivier. Op vyfjarige ouderdom begin hy sy skoolopleiding by 'n Nederlandstalige onderwyseres, mej. Anna Pottger, in die konsistorie van die ou grasdakkerkie op Kerkplein. Daarna ontvang hy onderrig van 'n Engelse predikant, aartsdeken A. Roberts (kyk Du Toit, 1940: 2). Sy eerste Nederlands-onderrig ("feitlik as 'n vreemde taal", volgens Nienaber-Luitingh, 1962: 13) ontvang hy een keer per week van ds. A.J. Begemann.

Volgens Du Toit (1940: 5–7) gaan woon Marais in 1881 by sy oudste broer, Charles Gerard Marais, op Boshof in die Vrystaat. Hier gaan hy tot aan die einde van 1884 skool, waarna hy by sy suster Lizzie Niemeyer in die Paarl gaan woon en op sestienjarige ouderdom aan die Paarl Public School matrikuleer. Hy word hoofsaaklik deur medium van Engels onderrig en het volgens Du Toit (1940: 8)

“vinnig vooruitgegaan, veral wat die taalkundige vakke betref”. In hierdie tyd, terwyl hy nog op skool is, verskyn Marais se eerste gedigte (wat in Engels geskryf was) in die *Paarl District Advertiser*.

Na afloop van sy skoolopleiding keer Marais na die ZAR terug, waar hy in Pretoria as klerk in ’n prokureurskantoor begin werk. Op grond van sy skryftalent, wat reeds op skool as joernalis van die Union Debating Society geblyk het, begin hy bydraes vir die *Transvaal Advertiser* skryf (kyk Du Toit, 1940: 9). In 1890, op negentienjarige ouderdom, word hy redakteur en, ’n jaar later, mede-eienaar van die Nederlandstalige weekblad *Land en Volk*. Marais se koerantwerk laat hom by heelwat omstredenheid met hooggeplaastes betrokke raak, wat meermale op lastereise uitloop (kyk 4.2).

Hy tree op 27 Augustus 1894 met Aletta (Lettie) Beyers uit Colenso (in die latere KwaZulu-Natal) in die huwelik. Skaars elf maande later, op 17 Julie 1895, nege dae na die geboorte van hulle seun Eugène Charles Gerard op 8 Julie, sterf sy aan kraamkoors (kyk Rousseau, 1984c: 92). Marais se suster Sophie Ueckermann neem die babaseuntjie in haar sorg en die seun sou nooit permanent by sy vader, met wie hy ’n komplekse verhouding gehad het, woon nie. Gedurende 1896 sterf ook albei Marais se ouers ’n maand na mekaar (kyk Rousseau, 1984c: 103–104). In Desember 1896 dra Marais die redakteurskap van *Land en Volk* aan J.Y. O’Brien oor (kyk Du Toit, 1940: 14) en vertrek met die *Dunottar Castle* na Londen om hom aan die Inner Temple te gaan inskryf as regstudent.

Marais bly vyf jaar in Europa en blyk baie ontvanklik vir die strominge van die tyd te wees. Benewens sy regstudies is hy ook in ander onderwerpe geïnteresseerd. Hy doen heelwat mediese kennis op, wat veral gedurende sy verblyf in die Waterberg nuttig sou wees. Hy maak ook waarnemings van die gedrag van ’n marmoset en ’n sjimpansee (kyk 6.2) en bestudeer en/of lees intensief oor Egiptologie, hipnotisme, spiritisme en goëlery. Al hierdie onderwerpe sou later heelwat aandag in sy geskrifte kry.

Tydens ’n groot deel van die Anglo-Boereoorlog word Marais, as burger van die ZAR, toegelaat om op parool in Londen te bly om sy finale regseksamen in September 1901 te kan aflê. In 1902 sluit hy aan by ’n geheime ekspedisie onder leiding van ’n Duitse geneesheer, dr. E. Schultz, wat via Brussel met Duitse



finansiering medisyne en chemikalieë vir die vervaardiging van plofstowwe na die Boeremagte wil smokkel. Die ekspedisie reis per skip langs die ooskus van Afrika af “om in aanraking met die kommando van genl. Beyers in Soutpansberg te kom” (Marais, 1984: 422). In Beira, in die destydse Portugees-Oos-Afrika (die huidige Mosambiek), kry hulle egter berig van die sluiting van die Vrede van Vereeniging en die geselskap gaan uiteen. Marais en ander lede van die geselskap doen tydens die ekspedisie malaria in die huidige Mosambiek op.<sup>2</sup> Dekades lank sal Marais sy morfiënafhanklikheid onder meer aan die nagevolge van malaria toeskryf, al het hy dit glo reeds voor sy huwelik en vertrek na Europa vir “slaaploosheid en senuwee-uitputting” gebruik (kyk Rousseau 1984c: 61, 83). Volgens Rousseau (1984c) het Marais se morfiënverslawing mettertyd ’n invloed op byna elke faset van sy lewe gehad.

Enkele maande na die malaria-aanval kan Marais weer na Pretoria terugkeer, waar hy in Oktober 1902 tot die Balie toegelaat word. Hy besluit om *Land en Volk* weer te laat verskyn, maar kan as gevolg van sy swak gesondheid nie self die redakteurskap behartig nie. Hy oorreed daarom vir Gustav S. Preller, wat na sy terugkeer as krygsgevangene uit Indië van plan was om na Argentinië te emigreer (kyk Preller, 1925: 197), om van sy planne af te sien en die redakteurskap van die koerant te aanvaar (kyk Du Plessis, 1988: 100–101). Sowel Preller as Marais neem in die koerant sterk en krities standpunt in teen bepaalde aspekte van die Britse bewind, soos lord Alfred Milner se verengelsingsbeleid. Dit lei meermale tot botsings met die owerheid en dreigemente om die koerant te sluit.

In 1905, die jaar waarin Marais se “n Winter Nag” (die later beroemde “Winternag”) op 23 Junie in *Land en Volk* verskyn, verkoop hy die koerant. Hy verhuis in 1906 na Johannesburg om as advokaat te praktiseer. ’n Jaar later, in 1907, vertrek hy na die Waterberg met prospekterdery as sy aanvanklike hoofdoel. Die Waterbergse natuur prikkel Marais se belangstelling egter sodanig dat hy hom op die waarneming van die gedrag van bobbejane, termiete en slange en die ondersoek van talle ander natuurkundige verskynsels toespits. Tot aan die einde van sy lewe sou hierdie waarnemings die boustof van gedigte, verhale, tydskrif- en koerantartikels en tekste soos *The soul of the ape* vorm. Hy voorsien ook in die behoefte aan mediese sorg in die gebied en raak op grond van sy vermoë om kwale

deur middel van hipnose te genees as die “Wonderdokter” bekend (kyk Du Toit, 1940: 21). In Junie 1911 word hy as vrederegter van hierdie gebied aangestel.

Wanneer Marais die Waterberg in Januarie 1916 verlaat, vestig hy hom as advokaat in Pretoria en daarna as prokureur op Erasmus (tans Bronkhorstspuit in Mpumalanga). Van 1922 tot 1927 werk Marais as prokureur op Heidelberg in die eertydse Transvaal (tans Gauteng). Hier raak hy bevriend met dr. A.G. Visser, en moedig hy hom aan om sy gedigte te laat publiseer. Hy woon ook ’n tyd lank op die plaas Steenkampskraal in die distrik om sy morfiënverslawing te probeer oorkom. Sedert die begin van 1927 woon Marais weer in Pretoria, waar hy onder andere by Gustav en Hannie Preller en by mev. Jessie Cross en haar gesin loseer. Tussen 1927 en Januarie 1934 – met 1933 as hoogtepunt – beleef Marais ’n bloeiperiode as skrywer en publiseer hy die meeste van sy bekende verhale en artikels in nuusblaaie soos *Ons/Die Vaderland*.

Op die laaste Saterdag van Maart 1936 verhuis Marais saam met Gustav en Hannie Preller uit die stad na die plaas Pelindaba in die distrik Broederstroom, wes van Pretoria, waar hy sy intrek neem in ’n rondawel, ’n ent verwyder van die Prellers se nuwe plaashuis, wat nog in aanbou was. Marais sou verkies het om in Pretoria te bly woon, waar hy elke dag sy morfiëninspuiting moes kry, maar omstandighede het hom geen ander keuse gelaat nie. Op ’n reënerige 29 Maart 1936, een dag na sy aankoms op Pelindaba, maak hy binne loopafstand van die rondawel ’n einde aan sy lewe met ’n haelgeweer wat hy kort vantevore by mnr. J.L.P. (Lood) Pretorius geleen het (*Die Volkstem*, 11.4.1936; ook in Nienaber, 1951: 120).

Marais is langs sy jonggestorwe vrou in die Pretoria-begraafplaas in Kerkstraat begrawe. Hulle grafte lê langs die Heldeakker, en Marais se graf het ’n klip uit die Waterberg as kopstuk.<sup>3</sup> Enkele meter van sy graf lê dié van ander figure wat ’n prominente rol in die Afrikaanse politieke en kulturele lewe gespeel het: die digter Jan F.E. Celliers; die martelaar van die Rebelle van 1914, Jopie Fourie; en die politici dr. E.G. Jansen, adv. J.G. Strijdom en dr. H.F. Verwoerd.

### 3.3 Jeugjare in Pretoria, Boshof en die Paarl

Oor sy kinder- en jeugjare het Marais enkele outobiografiese geskrifte nagelaat wat 'n kykie gee in die wêreld waarin hy opgegroeï het. Daaruit, en uit die geskrifte van Du Toit (1940) en Rousseau (1984c en 1998), kan enkele afleidings gemaak word oor die soort ervarings wat die grootste indruk op hom as kind gemaak het.

Oor Daspoort en sy ervarings tydens sy eerste lewensjare skryf Marais in “n Paradys van weleer” (opgeneem in *'n Paradys van weleer en ander geskrifte*, 1965b). Hy is veral gefassineer deur die landstreek Agter-die-Berg (“ten noorde van Magaliesberg, vanaf Hornsnek tot ver by Wolhuterskop verby”, p. 62). Sy reisindrukke onderweg na oom Josef, die vader van Jopie Fourie, beskryf hy byvoorbeeld soos volg:

Daar was gewoonlik gedurende die besoek 'n gesamentlike reis deur die Bosveld tot aan die Rustenburgse grens. Elke insident van die towerreise leef nog baie helder in my geheue, maar wat ek die beste van alles onthou, is die pragtige reeks plase teen die hang van die berg. Hier het ons waens en families uit alle dele van Transvaal en Vrystaat teengekom wat Agter-die-Berg besoek om graan, meel, vrugte (droog en vars), brandewyn, tabak en ander landbouware te handel, meestal vir vee (p. 63).

In “Van oudae en oumense in Pretoria” (opgeneem in *Spore in die sand en ander vertellings*, 1979) skryf Marais oor dié Pretoria wat hy leer ken het nadat hy en sy ouers in Lynnwood House gaan woon het. In daardie stadium het daar altesaam 21 gesinne en 310 individue in die dorp gewoon. Hy onthou die dorp as baie afgesonderd:

Van die buitewêreld was ons in Pretoria geheel en al afgesny. Daar was geen spoor of telegraaf, geen koets, slegs 'n poskar wat een maal in die maand briewe van die kus deurgevoer het en in die reënmaande baie ongereeld. Die naaste spoorwegstasie was byna duisend myl van ons verwyderd (p. 24).

Wanneer hy jare later oor hierdie tydperk skryf, onthou hy nog hoe beroemd

Pretoria vir sy water was:

Die Apiesrivier was 'n dolomietstroom, 'n sterk riviertjie met water so helder soos kristal. In die diepste kuile was die kleinste klippie op die bodem sigbaar. As mens vandag die vuil klein straaltjie water aanskou kan jy nooit 'n denkbeeld vorm van die *märchenhafte* stroom van ouds nie, die walle bedek met varings en kapokvelde; varkblomme het elke vleitjie versier (p. 26).

Uit dié tyd – voor die ontdekking van goud aan die Witwatersrand – toe die inwoners van Pretoria “feitlik één groot familie uitgemaak het” (p. 27), onthou Marais heelparty interessante karakters. Hy skryf ook oor beroemde perde en die rol wat hulle in mense se lewens gespeel het. In dieselfde artikel maak hy melding van die “beroemde perdedief, Jakob Breytenbach”, en in die artikel “n Paar staaltjies van perdediewery” (opgeneem in *Spore in die sand en ander vertellings*) skryf hy breedvoerig oor Jakob Breytenbach en Jaap van Deventer, twee berugte perdediewe van die tyd: “Die ingebore Afrikaner-perdekennis en perdeliefde het by hierdie historiese diewe 'n hoogtepunt bereik wat hulle van hoë diens was in die uitvoering van hul kriminele bedrywigheid” (p. 56).<sup>4</sup>

Marais was tien jaar oud toe hy by sy broer op Boshof gaan woon en sy skoolopleiding daar voortgesit het. In die artikel “Waar die wêreld verkeerd om wentel” (opgeneem in *'n Paradys van weleer en ander geskifte*, 1965b) beskryf Marais Boshof as “n ware oase in die woestyn”. Hy vervolg:

Die omgewing is nie juis inspirerend vir mense wat natuurskoon alleen vind in die grootste verskyning van bome, berge en riviere nie. Hier is alleen die eensame en oneindige vlakke, besaaid met klein koppies en rantjies van swart ysterklip (p. 68).

Hy het veral waardering vir die panne wat daar voorkom. “Boshof is te midde van die grootste pannestreek binne die grense van die Unie” (p. 68). Hierdie panne het gedurende goeie reënjare die distrik “in 'n nuwe wêreld herskep” en was “die toevlugsoord van miljoene watervoëls, waaronder 'n menigte besoekers uit Midde-Afrika en selfs van die Nyl” (p. 68). Hy beskryf ook “wonderlike toere” wat die

lugspieëlings kon uitvoer, soos toe hy by geleentheid op reis was met 'n algemeen bekende en beminde Duitse inwoner van die distrik, die heer Nauhaus van Gannapan:

Skielik sien ons hoog in die lug voor ons 'n klompie blesbokke bedaald aan weie. Almal was egter onderstebo! [...]

Maar die wonderlikste van die gebeurtenis moes nog kom. Ons het stadig voortgery, want die ou heer het stellig verwag dat ons bo-op die bult die werklike blesbokke in gesig sou kry. Maar ons is een bult oor, die leegte deur, 'n ander bult oor, en by die derde of vierde bult verdwyn die omgekeerde blesbokke uit die lug. Dit was nog goed 'n halfuur verder eer ons in die verte die klompie langs die pad aan wei sien – dié keer reg op hul bene! (p. 71).

Op Boshof het Marais ook kennis gemaak met die enigmatiese kluisenaar, James Bain, wat aan die einde van sy lewe daar in 'n “hoog-ommuurde praghof van plante” (p. 69) gewoon het. “Hy had o.a. 'n verbasende versameling Suid-Afrikaanse boeke, pamflette, prente en handskrifte” (p. 69). In sy huis het 'n skildery van Thomas Baines van “The greatest hunt in history” gehang. Hierdie skouspel is georganiseer vir die besoekende Hertog van Edinburg, wat “etlike weke die gas van die heer Bain op Bainsvlei” (sy oorspronklike woonplek) was (p. 69).

As leerling aan die Paarl Public School sedert 1885 het Marais – soos vroeër in Pretoria en op Boshof – sy onderrig deur medium van Engels ontvang en Nederlands net as 'n gewone vak geneem. In dié tyd het sy skryftalent aan die lig gekom. Volgens Du Toit (1940: 103) het die woorde “uncoffin'd and unknown” uit Lord Byron se *Childe Harold's pilgrimage* Marais in hierdie tyd geïnspireer om sy eerste gedig, “A soldier's grave”, te skryf. Sy eerste gedigte in Engels verskyn in die *Paarl District Advertiser*, terwyl hy ook joernalistieke bydraes oor die Union Debating Society begin lewer. Met verwysing na die invloed van skrywers op Marais maak Du Toit (1940: 110) melding van sy “noukeurige lees van bekende Engelse meesterdigters soos Milton, Byron, Longfellow en Coleridge”. Volgens Rousseau (1984c: 18) moet by Lord Byron “al die ander bekende negentiende-eeuse name as leesstof bygevoeg word: Coleridge, Keats, Wordsworth, Browning, Poe, Scott, Dickens – baie moontlik hier ook reeds De Quincy, want sestig jaar ná publikasie

word *The Confessions of an English Opium Eater* as 'n klassieke werk beskou”.

Wanneer Marais ná voltooiing van sy skoolopleiding in die Paarl na die ZAR terugkeer, gaan werk hy aanvanklik as klerk in die prokureursfirma Kuranda & Marais. Kort voor lank begin hy egter om sy belangstelling in die joernalistiek uit te leef (kyk 4.2). Dit gee hom die geleentheid om noukeurig en leesbaar oor 'n verskeidenheid onderwerpe verslag te doen, wat later een van die kenmerke van sy wetenskaplike prosa sou word.

Marais het hom nogtans nie net met die joernalistiek besig gehou nie. Oor sy vryetydsbesteding skryf Du Toit (1940: 10) dat Marais verkies het

[...] om sy vry tyd te bestee aan die ape, bobbejane, slange en skerpioene wat hy tuis – meestal tot groot ongerief van die inwoners van die ouerlike huis – aangehou het. 'n Vriendin uit die tyd vertel dat wanneer hulle uitstappies doen of by die Fonteine gaan piekniek hou, Eugène altyd meer belang in die plantegroei en omgewing as in hul geselskap gestel het. Hy het gewoonlik kort ná die aankoms op die piekniekplek verdwyn en eers weer sy verskyning gemaak wanneer die ander met die ete al moeg gewag is.

Marais het die gewoontes van 'n geslag spinnekoppe, wat in een hoek van sy kamer gewoon het, bestudeer. “Sy penhouer, voor hom op die lessenaar, is die skedel van 'n mens” (Rousseau, 1984c: 38). Die intellektuele prikkels wat hierdie belangstellings wakker gemaak het, was volgens Rousseau (1984c: 38) uit die buiteland afkomstig:

In Engeland [...] is dit 'n tyd van intellektuele revolusie, van nuwe idees, van 'n felle botsing tussen die konserwatiewe oue en die progressiewe nuwe. Elke nuwe wetenskaplike teorie wat die Victoriaanse wêreld skud, ondersoek die jong Eugène Marais met geesdrif; elke nuwe literêre werk wat afkeurende opspraak verwek, lees hy met oorgawe en bewondering [...].

Oor spesifiek hierdie invloede in sy lewe het Marais self min geskryf, daarom word die werk van skrywers soos Du Toit (1940) en Rousseau (1984c en 1998) meermale betrek in 'n poging om 'n duideliker perspektief daarop te probeer verkry.

Hoe belangrik die veranderinge is waaraan Marais blootgestel was en waaraan hy uiteindelik ook 'n deelnemer geword het, blyk uit die volgende woorde van N.P. van Wyk Louw (1973: 89):

So teen die jare neëntig van die vorige eeu – sal ons sê: toe Kolbe, Eugène Marais, die generaals Smuts en Hertzog jonk was, en Leipoldt, Totius, Celliers seuns, het ons mense – almal, of 'n groot gedeelte – 'in 'n ander toonaard begin droom'; hoofsaaklik as gevolg van die inbreek van nuwe natuurwetenskaplike, veral biologiese, begrippe. En by ál hierdie figure is die ou Boerewêreld gebreek [...].

Uit die geslag van 1890 het, volgens Louw (1973: 89–90), Marais en Smuts “biologies-evolusioniste” geword. Marais se volgende fase, naamlik sy verblyf in Londen, sou juis belangrik wees as 'n tydperk waarin hy 'n deurslaggewende “wetenskaplike onderdompeling” sou ondergaan en waartydens die invloede van die Victoriaanse tydperk en die Darwinisme sterk en duidelik aantoonbaar op hom sou inwerk.

### 3.4 Londen

Marais het hom van die begin van 1897 af in Londen bevind. Oor sy verblyf in Londen is daar egter min bekend omdat Marais weinig daarvoor geskryf het.<sup>5</sup> Rousseau (1984c: 108), wat met die oog op sy navorsing vir *Die groot verlange* 'n maand lank in Londen gaan woon het, het “elke moontlike leidraad probeer opvolg [...]. Maar dit was byna of iemand die spore doodgegee het; of anders was die leidrade vals.” Rousseau erken dat daar heelwat “gissings” oor Marais se verblyf in Londen in sy hoofstuk in *Die groot verlange* voorkom.

Ten spyte van die min inligting oor dié tydperk bly dit 'n belangrike fase in Marais se lewe. Dit word onder meer deur die duidelike verskil tussen Marais se skryfwerk van voor en dié van na sy verblyf in Londen gesuggereer. Tot in 1896 was Marais hoofsaaklik die skrywer van enkele gedigte, en as politieke joernalis 'n *enfant terrible* wat telkens by omstredenhede betrokke was. Ná sy Londense verblyf

het hy weer vir koerante geskryf, en was hy duidelik in 'n groter verskeidenheid onderwerpe geïnteresseerd, in teenstelling met sy joernalistieke werk voor sy vertrek na Londen waarin hy hoofsaaklik oor die wel en wee van ampsdraers in en om die Volksraad van die ZAR verslag gedoen het.<sup>6</sup> Veral wanneer hy later oor sy Waterbergse ervarings skryf of sy bellettristiese prosa met ervarings uit hierdie tyd inkleef, is dit duidelik dat die Londense verblyf vir hom groot intellektuele winste gehad het. Of anders gestel: heelparty van sy werke, veral dié wat geskryf is sedert sy verblyf in die Waterberg, dui daarop dat Marais met die intellektuele strominge rondom die eeuwisseling in Europa kennis gemaak het, en dat dit só deel van sy eie intellektuele mondering geword het dat begrip van hierdie strominge van groot belang is ten einde sy wetenskaplike prosa te kan verstaan.

In Londen was Marais vyf jaar lank 'n regstudent aan die tradisieryke Inner Temple, een van die vier Inns of Court.<sup>7</sup> Volgens inligting wat Rousseau (1984c: 106–107) bekom het, het Marais nie as student uitgeblink nie en moes hy van sy eksamens herhaal. Sy verblyf in Londen het as gevolg hiervan langer as die minimum studieperiode geduur. In Londen het hy sy tyd klaarblyklik benut om eerstehandse kennis van 'n aantal ander onderwerpe as die regte te bekom. Veral geneeskunde, hipnotisme, Egiptologie, spiritisme en goëlery was hoog op sy belangstellingslys. “'n Halfdosyn belangstellings wat niks met sy kursus te doen het nie, is genoeg verklaring vir sy gebrek aan welslae”, aldus Rousseau (1984c: 114). Al hierdie belangstellings of onderwerpe sou later in sy geskifte neerslag vind en daartoe bydra om 'n bepaalde karakter aan sy werk te gee.

Die Brittanje waarin Marais hom aan die einde van die negentiende eeu bevind het, het reeds baie veranderings ondergaan as gevolg van die ekonomiese vooruitgang wat deur die Industriële Rewolusie teweeggebring is. Teen die helfte van die negentiende eeu het meer as die helfte van Brittanje se bevolking reeds in die stede gewoon (kyk Matthew, 1989: 519–520) en het groot dele van die platteland ontvolk geraak. Dié veranderings het geleidelik plaasgevind, maar het mettertyd 'n ingrypende ekonomiese verskuiwing van landbou na nywerheid teweeggebring.

Die gevolge van die Industriële Rewolusie was oral sigbaar. Myne, fabriekke, spoorlyne en kanale het hulle stempel op die landskap afgedruk. In die stede waarheen die werkers gelok is, is huisvesting vir hulle verskaf in haastig opgerigte



woonkasernes, wat funksioneel maar beknop was. Oor 24, Lewisham Park, S.E., waar Marais in Londen gaan woon het, skryf Rousseau (1984c: 108) soos volg:

Dit klink na 'n kamerstel [sic – JLM], of wat in dié tyd in Engeland as 'chambers' bekend staan. In werklikheid is dit die eenvoudigste soort huisvesting: 'n woonkamer onder waaruit 'n trap na 'n slaapplek op solder lei.

Met die eeuwisseling het Londen reeds 4,5 miljoen inwoners gehad. Dit was ook 'n stad wat in baie opsigte die tekens van modernisering getoon het, soos die vinnige oorskakeling van die gebruik van perderytuie na die motorkar, die motortaxi, die motorbus en die elektriese tram (kyk Hibbert, 1977: 233). In die res van die land is die groeiende dorpe deur die spoorweë oorheers, waardeur daar vir die eerste keer 'n geïntegreerde Britse ekonomie geskep is (kyk Matthew, 1989: 530).

Benewens die vooruitgang wat deur ekonomiese groei moontlik gemaak is, het die sosiale en politieke lewe in die loop van koningin Victoria (1819–1901) se 64 jaar lange heerskappy (vanaf 1837 tot met haar dood) ook groot veranderings ondergaan. Ten spyte van die oordrewe preutsheid, sondebeseft, oormatige skynheiligheid, konserwatisme en nugterheid wat die Victoriaanse tydperk gekenmerk het, het die Britse sensus van 1851 byvoorbeeld getuig van 'n toenemende sekularisasie van die samelewing gelewer (kyk Matthew, 1989: 520). In sowel hierdie tendens as in die tydgees oor die algemeen het liberalisme, wat die vryheid van die individu as 'n natuurreg beskou het, 'n groot rol gespeel. 'n Verdere bydraende faktor tot die verandering van die wêreldbeeld van dié tyd was die publikasie van Charles Darwin (1809–1882) se epogmakende *The origin of species by means of natural selection, or the preservation of favoured races in the struggle for life* in 1859. Omdat Marais se wetenskaplike denke ongetwyfeld deur die Darwinisme beïnvloed is, is dit noodsaaklik om meer aandag hieraan te gee (kyk Rousseau, 1998: 1–58).

Darwin het in 1831 'n graad in teologie aan Christ's College, Cambridge, verwerf. 'n Predikant wou hy nogtans nie word nie. Gelukkig vir hom kom daar 'n wending, wat sowel die gang van sy lewe as die geskiedenis van die

natuurwetenskappe ingrypend sou beïnvloed. In Augustus 1831 word 'n advertensie geplaas vir 'n natuurkundige wat bereid sou wees om 'n wêreldreis op die HMS *Beagle* te onderneem. Ten spyte daarvan dat Darwin geen formele opleiding in die natuurwetenskappe gehad het nie, word die pos hom danksy die bemiddeling van sy mentor, die predikant en plantkundige John Stevens Henslow, aangebied. Hy aanvaar dit dan ook sonder huiwering. Darwin moes tydens hierdie reis as “unpaid gentleman’s companion” die jong (en temperamentele) kaptein van die HMS *Beagle*, Robert FitzRoy, geselskap hou. Die skip se vorige kaptein het immers selfmoord gepleeg (Weiner, 1995: 21). Die aanvanklike plan was dat die reis waarop die *Beagle* op 27 Desember 1831 uit Devonport vertrek het tussen twee en vier jaar sou duur, maar dit het uiteindelik hyna vyf jaar geduur voor die skip sy reis op 2 Oktober 1836 in Falmouth beëindig het (kyk Darwin, 1962 en Moorehead, 1969).

As amateurnatuurkundige en ywerige leser was Darwin betreklik goed ingelig oor die natuurwetenskaplike opvattinge van sy tyd.<sup>8</sup> Tydens die reis teken hy talle waarnemings op, wat hom dekades daarna nog in staat sou stel om 'n deurslaggewende bydrae tot die natuurwetenskappe te lewer. Sy belangrikste waarnemings is gemaak op die Galápagoseilande in die Stille Oseaan, sowat eenduisend kilometer van die kus teenoor Ecuador.

Op hierdie onaansienlike vulkaniese eilande, wat sowat vyfmiljoen jaar gelede hulle verskyning gemaak het, het Darwin verrassende verskynsels waargeneem. Hy het byvoorbeeld gesien dat elke eiland sy eie dier- en plantspesies het. Hierdie spesies was almal spesifiek aangepas by die unieke omgewing van elkeen van die eilande. Al was hierdie spesies duidelik soortgelyk aan spesies wat op die vasteland van Suid-Amerika voorkom, was hulle ook in baie opsigte verskillend.

Die belangrikste waarneming wat Darwin op hierdie eilande met hulle iguanas, skilpaaie en voëls gemaak het, was dié van die dertien vinksoorte wat op die onderskeie eilande gelewe het. Dit was duidelik dat elkeen van hierdie vinksoorte tot dieselfde spesie behoort, maar dat elke vinksoort op elkeen van die Galápagoseilande oor sy eie kenmerkende eienskappe en oorlewingstrategieë beskik het wat hom vir sy spesifieke omstandighede en manier van lewe geskik gemaak het.<sup>9</sup> Wat Darwin op die Galápagoseilande gesien het, het hom laat besef dat die

gangbare opvatting dat spesies nie verander nie, bevraagteken moet word.<sup>10</sup>

Terug in Brittanje het Darwin hom in Londen gaan vestig: “at the heart of Victorian science”, soos Mark Ridley (1994: 11) dit stel. Hy publiseer heelwat, maar die verskyning van *The origin of species* sou meer as twee dekades lank agterweë bly. In dié werk voer hy aan dat plante en diere, in ’n poging om voort te bestaan, hulle oorspronklike vorm oor ’n lang tydperk verander deur dit by hulle omgewing aan te pas. In baie gevalle het ’n baie ingewikkelde en komplekse vorm van lewe uit ’n baie basiese en primitiewe een ontwikkel. Die gedagte dat die wêreld in sewe dae (van vier en twintig uur elk) geskep is, en gevolglik ook die hele skeppingsverhaal van Genesis, word dus deur Darwin verwerp. In 1871 verskyn Darwin se *The descent of man, and selection in relation to sex*, waarin hy sy teorie ook spesifiek op die mens van toepassing maak.

Die rigting waarin die biologiese wetenskappe sedert die tyd van Darwin ontwikkel het en die sosiale verandering wat dit teweeggebring het, is sonder sy bydrae haas ondenkbaar. Maar sy invloed en dié van tydgenote soos Alfred Russel Wallace (1823–1913), die mede-opsteller van die ewolusieleer (kyk George, 1964 en Williams-Ellis, 1966), en T.H. Huxley (1825–95; kyk Desmond, 1998), of “Darwin’s bulldog”, wat met sy strydvaardigheid gehelp het om hierdie teorie te populariseer en antagonisme te bevorder, sou nie tot die natuurwetenskappe beperk bly nie. Dit het aan die moderne Darwinistiese wêreld vorm gegee.<sup>11</sup> Matthew (1989: 523) postuleer dat Darwin se idees ’n ingrypende invloed op sy tyd gehad het:

The concept of evolution, and consequently of ‘progress’, whether on the individual, national, or global level, came to permeate every aspect of Victorian life and thought. Because evolution was determined by laws of science (a view usually described as ‘positivism’), man’s duty was to discover and obey such laws, not meddle with them.

Marais het hom derhalwe in Londen in ’n tydperk bevind waarin dramatiese verskuiwings in opvattinge oor die mens se plek in sowel die samelewing as die natuur voorgekom het. Daaraan is hy op verskillende maniere as lid van die gemeenskap blootgestel. Een van die belangrikste aspekte hiervan was waarskynlik sy besoeke aan Londen se museums en “the museum’s sister institutions, the zoo

and the botanical gardens” (Black, 2000: 3), waarvan daar wel getuienis bestaan. In *On exhibit: Victorians and their museums* skryf Black (2000: 4–5) soos volg oor die prominente rol wat die museum in die Victoriaanse samelewing gespeel het:

Victorian society constructed museums, celebrated and criticized museums, attended museums, worked in museums, wrote about museums, and collected in homage to museums. In a sense, one may perceive the museum as an impulse or spirit that infused the age and many of its projects: the triple-decker novel; collected works; encyclopedias and dictionaries; and phenomena as ordinary as keepsakes, dollhouses, and rock collections or a theory as cataclysmic as Darwin’s panoramic evolutionism.

Black (2000: 9) toon aan dat die Victoriaanse tydperk se behepthed met die museum deur ’n aantal belangrike gebeure van die negentiende eeu teweeggebring is:

Victorian culture was a museum culture brought to fruition by key political events and social and cultural forces: the British involvement in imperialism, exploration, and tourism; advances in science and changing attitudes about knowledge; the nationalist commitment to improved public taste through mass education; the growing hegemony of the middle class and the subsequent insurgence of bourgeois fetishism and commodity culture; and the democratization of luxury engendered by the French Revolution and the industrial revolution.

Volgens Du Toit (1940: 16) maak Marais in Londen “’n deeglike studie van die Egiptiese hiërogliewe [...]. In die Britse Museum vertaal hy naamlik ’n oorspronklike papyrus, *The Travels of an Egyptian*”.<sup>12</sup> In Marais se werk is duidelike getuienis dat hy besoeke aan minstens hierdie museum gebring het.<sup>13</sup> In die verhaal “Laramie, die wonderwerker” in *Laramie, die wonderwerker en ander verhale* (1980b) vertel die hoofpersonasie Laramie byvoorbeeld van die “geskiedenis van Indiese tou-toertjies en mango-toertjies” (p. 22), wat hy in die Britse Museum nageslaan het. “Die oudste storie in die wêreld: Die storie van die twee broers” in

*Spore in die sand en ander vertellings* (1979) verskyn met die aantekening, “Uit die oorspronklike hiëroglifiese teks vertaal”. Marais (1984c: 37) verskaf ook verdere inligting oor die papirus:

Die oorspronklike papirus is in die Britse Museum en is eers in *facsimile* (in priester-skrif) deur Birch uitgegee. Dit is waarskynlik nie minder as drieduisend jaar voor Christus geskrywe nie. [...]

Hier volg die vertaling van die laaste uitgegewe teks deur die Britse Museum, in hiëroglifiese oorgeset, uitgegee. Die oorsetting in Afrikaans word so letterlik moontlik gedoen.

In dié tyd besoek Marais ook die London Zoo aan die noordoostelike kant van Regent's Park (kyk Eyssen, 1951: 27). Dit lyk asof veral die “monkey house by James Hakewill” (Leapman, s.a.: 124) en die “Sobell pavilions for apes and monkeys” (Leapman, s.a.: 126) hom geïnteresseer het. In die dieretuin het hy by die opsigter 'n klein sjimpanseetjie met longontsteking gekry om tuis te gaan verpleeg, wat as een van sy eerste ervarings in die waarneming van primate se gedrag beskou word (kyk 6.2).

Marais het ook ander ervarings in Europa opgedoen wat vir sy wetenskaplike werk van belang sou wees. Die geleentheid waarvan hy in dié verband gebruik gemaak het, toon bepaalde ooreenkomste. Dit was duidelik elke keer die natuurwetenskappe of randgebiede daarvan wat hom geïnteresseer het. Hieruit het hy 'n verskeidenheid ervarings opgedoen, wat in sy latere skryfwerk neerslag gevind het.

Du Toit (1940: 14), wat talle feite oor Marais se lewe eerstehands by die skrywer gekry het kort voor sy dood in 1936, skryf soos volg oor Marais se mediese belangstellings:

Sy persoonlike begeerte was meer om mediese student te wees en hy het gevolglik ook 'n privaat kliniek onder toesig van Guy's Hospital besoek. Verder doen hy mediese kennis op in Bonn (Duitsland) en ook toe hy 'n aantal groot stede in Europa besoek saam met 'n groep Duitse studente wat in opdrag van die Pruisiese regering die vraagstuk van onsedelikheid moes

bestudeer.

Aan Winifred de Kok, die vertaler van *Die siel van die mier*, skryf Marais soos volg in 'n brief oor die aard van sy studie in Londen: "In later years I studied in England and was called to the bar in the Inner Temple – after abandoning the results of a four year's medical course" (kyk Rousseau, 1984c: 493). In die "Translator's preface" tot Marais (1937c: v) se *The soul of the white ant* sê De Kok na aanleiding van hierdie brief die volgende oor Marais se mediese studie:

He began life after leaving college as a journalist, then studied medicine for four years, but eventually took up law and was called to the Bar by the Inner Temple.

Van Marais se seun, Eugène Charles Gerard, verskyn in dieselfde uitgawe "A biographical note" waarin hy eweneens van Marais se mediese studie melding maak (Marais, 1937c: viii):

In 1895 he [Marais – JLM] left for Europe with the intention of studying medicine, but he was persuaded by friends in the Transvaal to take up law. He made the change, much to his subsequent regret, and at the Inner Temple in London qualified as an advocate. He studied medicine at the same time, however, and only the Boer War prevented him from qualifying.

Tydens sy navorsing in Londen kon Rousseau (1984c: 133) nie vasstel of Marais inderdaad formele mediese opleiding gehad het nie:

Die rekords van Guy's Hospital – die naam wat later in dié verband genoem is – bevestig nie dat hy hom ooit deelyds of voltyds by dié mediese skool laat inskryf het nie. By gebrek aan getuienis, kan die omvang van sy mediese studies egter maklik onderskat word. In Londen skaf hy nie alleen 'n stel mediese instrumente aan nie, maar doen hy ook aansienlike geneeskundige kennis op – hiervan sou dokters in Suid-Afrika jare later nog getuig.

Uit die voorafgaande opmerkings is dit nie moontlik om 'n bevredigende afleiding oor die aard van Marais se mediese opleiding en kennis te maak nie. Dit kom nietemin voor asof hy geen formele opleiding as ingeskrewe student gehad het nie. Mieny (1988: 46) noem nogtans die moontlikheid dat hy "by groepe studente kon aansluit wat vir vergoeding ekstra tutoriaalklasse by privaatgeneeshere in Londen ontvang het".

Verdere mediesverwante onderwerpe waarin Marais in Londen geïnteresseerd was, sluit hipnotisme en spiritisme in. Oor presies watter ervarings hy in dié verband opgedoen het, bestaan daar heelwat gissings (kyk Rousseau, 1984c: 129–136), wat eintlik net op omstandigheidsgetuienis berus. Die verhaal "Laramie, die wonderwerker" in *Laramie, die wonderwerker en ander verhale* bevat wel inligting wat minstens op 'n uitgebreide Europese belesenheid oor albei hierdie onderwerpe dui.

Marais benut ook die geleentheid tydens sy verblyf in Londen om besoek te bring aan Egipte, Italië, Duitsland, Nederland en Frankryk (kyk Du Toit, 1940: 16). Op hierdie manier het hy eerstehands kennis gemaak met intellektuele en kulturele strominge op die vasteland en kry hy geleentheid om die piramides in Egipte te besoek.<sup>14</sup>

In die breë gesien, moet 'n mens Marais se verblyf in Londen teen die agtergrond van die Victoriaanse tydperk met sy talle onderstrominge plaas. Die Victoriaanse tydperk, wat op die hakke van die Industriële Rewolusie gevolg het, word gekenmerk deur die groot vertroue wat dit in die natuurwetenskappe gestel het. Binne die kader van die biologiese wetenskappe het Darwin se *The origin of species* 'n verreikende bydrae gelewer tot die totstandkoming van 'n nuwe wêreldbeeld wat groot prominensie aan die rol van die wetenskappe gegee het. Ook Marais sou telkens met die Darwinistiese tradisie in gesprek tree op 'n manier wat 'n meer as terloopse kennis daarvan verrai. Marais se verblyf in Londen het hom die geleentheid gebied om op verskillende maniere vaardighede (bv. eksperimentering, teoretisering en die opweeg van hipoteses) aan te leer wat nodig sou wees om die intellektuele produkte na te laat waarin daar dekades na sy dood nog 'n belangstelling is.

In die geheel gesien, het Marais hom in Londen in 'n milieu bevind wat

sekere van sy bestaande natuurwetenskaplike belangstellings (kyk 3.3) verder geprikkel en die (amateur-) wetenskaplike in hom laat ontwaak het. Vir iemand soos hy moes dit 'n stimulerende konteks gewees het op grond van die situasie wat uit die volgende opmerkings van Gerald Durrell (Durrell & Durrell, 1985: 15) blyk:

In Victorian England it was the heyday of the amateur naturalist. Ladies and gentlemen searched for shells, plants, fossils, rocks, marine organisms, birds' eggs, butterflies, moths and beetles, and in a world which had not, up to that point, become as depleted as it is today, it was the thing for naturalists to make large collections of whatever they found.

In 'n artikel oor Marais verwys Alexis Retief (1989: 13) na eersgenoemde se Londense verblyf as “die periode van wetenskaplike onderdompeling in Marais se lewe” en laat tereg die klem minder sterk op die estetisisme en dekadensie<sup>15</sup> (kyk Grobbelaar & Roos, 1992<sup>16</sup> en Steenberg, 1993b) val. Die tyd wat op Marais se Londense verblyf (1902–1907) volg, is volgens Retief 'n “inkubasieperiode”. Eers daarna sou Marais “sy wetenskaplike element gevind het in die ryk omgewing van die Waterberg. In hom het sy selfskoling gesluimer, en vir die regte omgewing gewag om te bloei.”

### 3.5 Die Waterberg

Aangesien verskeie aspekte van Marais se verblyf en aktiwiteite in die streek wat as die Waterberg<sup>17</sup> bekend staan in die hieropvolgende hoofstukke in oënskou geneem word, sal hierdie tydperk in sy lewe in hierdie hoofstuk net kortliks behandel word. Die doel van dié bespreking is om die hoofmomente van hierdie fase aan te dui en om hierdie besondere tydperk en ruimte waarin Marais hom bevind het, op inleidende wyse toe te lig.

Marais se belangstelling in die Waterberg gaan terug na 'n vroeë ouderdom. In die essay “The road to Waterberg” in *The road to Waterberg and other essays* (1972a) skryf hy met groot hartstog oor hierdie streek, wat hy “the mystery region of my boyhood” en 'n “wonderland” (p. 9) noem. Hierdie misterie is reeds op 'n vroeë



ouderdom vir hom geskep deur die verhale wat hy as laerskoolleerling in Pretoria gehoor het:

There were three boys from Waterberg in the village school and the influence of their stories abides in my mind to this day (p. 9).

Hierdie seuns het hom vertel van dramatiese en gruwelike gebeure in die streek waar hulle vandaan kom:

In all their tales loomed large Mapela<sup>18</sup> 'the black eagle', sitting on his insurmountable crags and holding Waterberg in continual fear. We heard from them of fortified farmhouses; of grim fighting throughout the dark hours of the night and the retreat of the impi at break of day; of dead Kaffirs smothered in blood, with their shields under them, lying before the kitchen door and at the gate of the cattle kraals (p. 9).

Maar Marais het ook as kind mense gesien wat met hulle gelaaide waens uit die Waterberg op besoek was:

From that wonderland, the hunters' wagons used to come to Pretoria to unload their ivory and skins at the trading stores: Giraffe-skin whips; sjamboks of rhinoceros and hippopotamus hides, cured until they were quite translucent, the sheen and colour of clear amber; rhinoceros horns and dried hides of all the big animals of the wild bushveld – blue wildebeeste, sable and roan antelopes, hartebeeste, giraffes and numbers of others we boys of the civilized south could only guess at.

And often live animals came with the wagons: small zebras, elands, ostriches, monkeys, and, in rude cages, birds of wonderful plumage. Occasionally we saw trek-oxen that had escaped the jaws of a lion, and the children of hunters told us hair-raising stories of midnight attacks and hair-breadth escapes (p. 9).

Die streek het vir Marais bepaalde assosiasies gehad, omdat dit nog so grotendeels ongerep was en allerlei aanloklikhede gebied het:

Waterberg had thus always been associated with all the wonders of unpeopled veld,<sup>19</sup> and to us who were born and grew up on the outskirts of the wilderness it represented the ideal theatre of manly adventure, of great endeavours and the possibility of princely wealth. Ivory was then what gold and diamonds became afterwards [...] (p. 10).

Ten spyte van die groot hartstog wat Marais van jongs af vir die Waterberg gekoester het en die groot aantrekkingskrag wat dit vir hom gehad het, sou hy sy eerste besoek eers “moontlik in 1905 of 1906” (Rousseau, 1984c: 192) aan die streek bring. Die besluit om hom in die Waterberg te vestig, het gekom ná die verkoop van *Land en Volk* en nadat hy ’n tyd lank in Pretoria en Johannesburg as advokaat gepraktiseer het (kyk Du Toit, 1940: 20). Volgens Rousseau (1984c: 192) was die belangrikste motivering egter “ontvlugting” van ’n meisie, Anne, en morfien. Marais wou ook in die Waterberg gaan prospekter. Die man wat hom die eerste keer op die Nylstroomse stasie kom ontmoet het, Dolf Erasmus, was juis ’n tin- en platinaprospekteerder.

Marais het in die loop van 1907 (kyk Rousseau, 1984c: 193 e.v.) op die plaas Doornhoek, naby Erasmus in die distrik Naboomspruit (tans in die Noordelike Provinsie), gaan bly en vir tin en platina begin prospekter. Kort daarna het Marais saam met ’n ander prospekterder, Alec Austin, in hutte gaan woon wat hulle vir hulleself in die sogenaamde Bobbejaankloof op die plaas gebou het. Hier het Marais oor ’n tydperk van drie jaar die waarnemings van bobbejane in hulle natuurlike omgewing gemaak waarop hy *Burgers van die berge*, die reeks artikels oor “Die siel van die aap” en *The soul of the ape* gegrond het (kyk hoofstuk 6).

Nadat ’n Johannesburgse maatskappy die mineraalregte op die plaas Doornhoek bekom het, het Marais die plaas verlaat en hom aan die begin van 1908 op die plaas Rietfontein van die wamaker en smid Gys van Rooyen en sy vrou Maria, ’n vroedvrou, gevestig. Hy besoek daarna nog dikwels die kloof op Doornhoek om die bobbejane se gedrag waar te neem. Op Rietfontein maak hy in die heuwels naby die opstal die waarnemings oor die sosiale struktuur van die termiete waarop die grootste deel van *Die siel van die mier* gegrond is (kyk hoofstuk 5). Hy maak ook aldaar en in die Swaershoekvallei aan die voet van die Sandrivierberg met die

gevreese swartmamba kennis, wat in daardie tyd vir die dood van heelwat mense gesorg het. Marais boer op Rietfontein met beeste en teel met perde om sy inkomste aan te vul. Verder voorsien hy gratis “in die geneeskundige behoeftes van ’n groot streek” (Du Toit, 1940: 21). Hy vestig sy reputasie as Wonderdokter nadat hy die verlamde Hessie van Deventer van die plaas Rooiwal onder hipnose geplaas en deur ’n posthipnotiese suggestie weer laat loop het (kyk Marais, 1984: 174–175; Rousseau, 1984c: 201–203 en Mieny, 1988: 47).

Terwyl Marais in die Waterberg bly, besoek hy talle plase en dorpe in die streek en leer heelparty kleurrike karakters ken (o.a. die veldkenner Jan Wessel Wessels, die wildvanger Emil Tamsen, die Nylstroomse kruiedokter Ebrahim Ravat en “n ou Boesman, outa Hendrik” (Marais, 1959: 5) by wie hy die *Dwaalstories* gehoor het). Hy leer ook die omgewing goed ken deur aan jagtogte deel te neem en wyd te reis. Hy reis deur Bokpoort in die Hanglipberg na die Palala-plato, waar hy enkele maande op die plaas Purekrans bly en in hierdie gebied die Waterbergse broodboom (*Encephalartos eugene-maraisii*) sien, wat in 1944 na hom vernoem sou word (kyk hoofstuk 8). By geleentheid besoek hy ook die Limpoporivier en die Soutpansberg.

Gedurende sy verblyf in die Waterberg beoefen Marais verskillende betaalde beroepe, wat daartoe bygedra het om aan hom die beeld van ’n besonder veelsydige mens en ’n enigmatiese figuur te gee. Benewens sy aanvanklike prospekterwerk word hy deur die tinmynmaatskappy op Doornhoek ’n betrekking aangebied: hy word deur die werkers as die “myndokter” beskou (Rousseau, 1984c: 208) en “onderneem selfs as hoof-ingenieur die bou van die pad wat by die rant na die myn afloop”. In Junie word Marais as “resident-vrederegter met hof en tronk op die plaas Rietfontein 1638” (Du Toit, 1940: 20) aangestel. Van Oktober 1912 tot Mei 1915 behartig hy op ’n vrywillige grondslag die reënstasie op Rietfontein en stuur maandeliks opgawes van neerslae aan die Weerburo in Pretoria (kyk Rousseau, 1984c: 263 en 278).

Marais het sy verblyf in die Waterberg in 1910 en 1915 by drie geleenthede vir tot byna ’n jaar onderbreek om by sy broer op Boshof te gaan bly (kyk Rousseau, 1984c: 239 en 284). Hy het dit elke keer gedoen om opnuut te probeer om sy verslawing aan morfien (of substitute soos opium) te probeer oorkom. Tydens die

grootste deel van Marais se verblyf op Rietfontein het mev. Van Rooyen sy morfienvoorraad vir hom beheer, wat uiteindelik ook tot 'n breuk tussen hulle gelei het (kyk Rousseau, 1984c: 286–288).

Byna al sy waarnemings oor die gedrag van diere en talle ander natuurkundige verskynsels het Marais in die Waterberg gemaak. Danksy talle van Marais se publikasies, wat sedert die twintigerjare van die vorige eeu verskyn, vestig hy vir die eerste keer die aandag op hierdie besondere streek en stel hy die Waterberg sodoende aan 'n wye publiek bekend. In sy artikels en belletristiese prosa figureer hierdie streek as 'n opvallende ruimte en maak die leser met talle figure kennis wat Marais daar leer ken het of pertinent in dié ruimte geplaas het. Die wesentlike plek wat die Waterberg in sy lewe en werk inneem, word soos volg deur Mieny (1984: 138) opgesom:

Eugène Marais is in die ware sin van die woord 'n seun van die Transvaal. Net soos daardie ander groot veelsydige Louis Leipoldt se hart gelê het in die Hantam en die Sederberge van Clanwilliam, so het Marais se hart gelê in die Bosveld van Transvaal, in die Waterberg en in Pretoria.

### 3.6 Verblyf elders

Na Marais se vertrek uit die Waterberg in “baie swakke gezondheidstoestand” (Du Toit, 1940: 21) het hy 'n rukkie by sy suster Sophie Ueckermann in Maréstraat 350, Pretoria, gebly (kyk Rousseau, 1984c: 291). Daarna woon hy enkele maande lank by Gustav en Norma Fichardt, sowat 22 kilometer van Warmbad af op die Springbokvlakte (kyk Rousseau, 1984c: 292). Aangesien die landskap daar so gelyk is, vind Marais dit 'n geskikte terrein om die Namakwapatrys se sin vir rigting te bepaal.<sup>20</sup> Na sy verblyf op die Springbokvlakte vestig Marais hom weer in Pretoria en sit hy sy loopbaan as advokaat voort saam met adv. Tielman Roos, by wie hy ook inwoon (kyk Du Toit, 1940: 21). “Pretoria was toe al lankal nie meer die landelike dorpie wat Marais in sy jeug geken het nie, en sy inwoners het mode- en kultuurmense geword” (Nienaber-Luitingh, 1962: 64). Marais se swak gezondheidstoestand het tot gevolg dat hy min opdragte kry en mettertyd die praktyk moes laat vaar.

Van 1 Oktober 1921 tot 30 Mei 1922 is hy as prokureur die vennoot van mnr. S.J. van Wyk op Erasmus. Tydens Marais se verblyf op Erasmus bring hy ook besoek aan mnr. Mike Henn se plaas Witklip, waar hy die voëls op die Groot Pan en die Klein Pan dophou. Op grond van hierdie ervaring skryf hy *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968b), wat eers jare na sy dood gepubliseer sou word (kyk hoofstuk 7).

Na sy verblyf op Erasmus vestig Marais hom op Heidelberg, waar hy van Junie 1922 tot 1927 as prokureursvennoot van eers mnr. R.G. Coetsee (kyk Rousseau, 1984c: 344) en daarna mnr. Cecil Lawrance (kyk Rousseau, 1984c: 354) op die dorp werk. Hy raak bevriend met A.G. Visser (1878–1929). “Met geen ander man het Marais seker ooit so ’n hegte vriendskap gehad nie” (Fugard & Devenish, 1977a: 9). Oor dié vriendskap tussen Marais en Visser skryf P.H. Langenhoven (1950: 16) soos volg:

Hulle het baie gemeenskaplike belange gehad en kon mekaar mooi aanvul. Gedurende ’n aantal moeilike jare kon Visser hom as arts bystaan; in Marais het die dokter weer ’n geesgenoot gevind met wie hy kon praat oor letterkundige sake. Marais het gou ’n huisvriend van die Vissergesin geword.<sup>21</sup>

Om onttrekkingsbehandeling vir sy morfiënverslawing te kry, gaan woon Marais op Visser se aanbeveling enkele maande lank by die Meyergesin op die plaas Steenkampskraal in die distrik (kyk Rousseau, 1984c: 373). In April 1927 rig Marais in ’n brief ’n desperate versoek aan Gustav Preller om aan hom ’n heenkome te bied<sup>22</sup> en in Mei 1927 neem hy sy intrek by Preller en sy vrou, Hannie, in Blackwoodstraat 176, Pretoria, nie ver van die Uniegebou nie. Daar rig hulle vir hom ’n stoepkamer in (kyk Du Plessis, 1988: 360). Later gaan woon Marais by mev. Jessie Cross en haar gesin in Arcadiastraat 733, vanwaar hy nog later saam met hulle na Vermeulenstraat 420 verhuis. Met mev. Cross se twee dogters (veral Edna) ontwikkel Marais, soos vroeër met talle ander jong kinders, ’n soort vader-dogterverhouding. Op mev. Cross se erf hou Marais ’n versameling vetplante aan en besoek in dié tyd sy susterskind Inez Verdoorn by die Nasionale Herbarium, waar hy haar van die Waterbergse broodboom vertel (kyk hoofstuk 8).

Marais het tydens sy verblyf in die Waterberg sporadies artikels vir koerante en tydskrifte geskryf. Dit is egter veral sedert 1919 dat hy begin het om talle van die artikels en verhale te skryf waarvoor hy later bekend sou word en waarvan baie eers na sy dood gebundel (en party nog ongebundel) is. Daar is waarskynlik 'n hele paar faktore wat daartoe bygedra het om hierdie werk die lig te laat sien. Ek noem slegs enkele: Eerstens was dit Marais se ideaal om oor 'n verskeidenheid van sy ervarings en waarnemings, veral dié in die Waterberg, te skryf. Hierdie faset word nie hier verder ondersoek nie, aangesien dit in die res van die studie meermale ter sprake kom. Tweedens het Marais geskryf met die doel om 'n inkomste te hê en 'n bestaan uit sy skryfwerk te maak. Derdens het daar gunstige produksiefaktore in die Afrikaanse pers- en uitgewerswese bestaan, wat daartoe bygedra het dat Marais meerdere geleenthede gebied is om sy werk te publiseer.

Hoewel Marais 'n gekwalifiseerde regsgeleerde was en lank as beide advokaat én as prokureur gepraktiseer het, het hy nooit die regte as sy belangrikste nering of roeping beskou nie. Dit was dan ook nie altyd vir hom moontlik om 'n vaste inkomste uit hierdie professie te verdien nie. In die tydperk tussen 1917 en 1927, toe Marais as advokaat en prokureur gepraktiseer het, was hy nie besonder suksesvol nie en moes hy verskeie kere van praktyk verwissel en selfs op verskillende dorpe gaan woon.<sup>23</sup> Marais se verdediging in 1932 van die vier teer-eneveerders van H.P. Lamont, die skrywer van die destyds opspraakwekkende roman *War, wine and women*, is as 'n fiasko beskou (kyk Rousseau, 1984c: 434–440). Marais moes dus meermale in sy lewe sy inkomste aanvul deur verhale en artikels te skryf. Daarmee sou hy mettertyd 'n ander dimensie by sy reeds bestaande reputasie as digter voeg.

Marais het sy werk in 'n verskeidenheid koerante en tydskrifte gepubliseer, naamlik *Die Boerevrou*, *Die Huisgenoot*, *Die Brandwag*, *Ons/Die Vaderland*, *Die Volkstem*, *Die Burger* en *The Star*. Sy verbintenis met *Ons Vaderland* het veral verstewig nadat hy uit Heidelberg teruggekeer en hom in Pretoria gevestig het. Preller, wat die hoofredakteur van die koerant was en 'n hoë dunk van Marais gehad het, het hom oor sy vriend ontferm en Marais in Februarie 1928 as subredakteur by *Ons Vaderland* aangestel (kyk Du Plessis, 1988: 361). 'n Jaar later het die koerant 'n dagblad geword (kyk Du Plessis, 1988: 362). Benewens die skryf

van verhale en artikels (soos die reeks “Burgers van die berge”, wat tussen 26 Maart en 4 Junie 1932 in die koerant geplaas is en in 1938 onder dieselfde titel in boekvorm verskyn het), was dit Marais se taak om nuusberigte van die Duitse nuusdiens Transozean te vertaal en te verwerk (kyk Rousseau, 1984c: 401). Marais se betrokkenheid by *Die Vaderland* onder Preller se redakteurskap<sup>24</sup> het ten einde geloop toe sy verhaal “Spore in die sand” omstreeks Maart 1935 deur die assistentredakteur, Willem van Heerden, vir publikasie geweier is (kyk Rousseau, 1984c: 487–488).

In *Die Huisgenoot* publiseer Marais in 1925, 1926 en 1931 sy reeks artikels wat later as *Die siel van die mier* in boekvorm uitgegee is. Op die hakke van dié sukses publiseer hy ook ’n reeks artikels oor bobbejane, getiteld “Die siel van die aap” (later opgeneem in ’n *Paradys van weleer en ander geskrifte*). In dié jare het *Die Huisgenoot* onder redakteurskap van slegs twee redakteurs, naamlik H.G. Viljoen (1923–1931) en J.M.H. (Markus) Viljoen (1931–1949), gestaan (kyk Muller, 1990: 559). Volgens Muller (1990: 575) het *Die Huisgenoot* in die twintiger- en dertigerjare van die vorige eeu die Afrikaner só gehelp om te lees “dat hy sy kulturele en intellektuele horison aansienlik verruim het”. Die publikasie van talle artikels met ’n leersame en/of opvoedkundige strekking het grootliks hiertoe bygedra. Die hedendaagse navorser merk benewens die groot aantal geskiedkundige artikels<sup>25</sup> ook ’n beduidende aantal bydraes van ’n natuurwetenskaplike aard op. Benewens die artikels van Marais verskyn daar ook bydraes soos dié van die entomoloë A.J. Hesse en S.H. Skaife en die herpetoloog F.W. FitzSimons. Marais se werk word saam met ander wetenskaplikes s’n gepubliseer<sup>26</sup> en nie as kuriositeite of “rubrieke” oor allerlei wetenswaardighede soos dié wat later meermale in die Afrikaanse pers sou verskyn nie.

’n Groot deel van Marais se werk het ontstaan toe die vestiging en standaardisering van Afrikaans hoë voorkeur geniet het. In hierdie standaardiseringsproses het prof. J.J. Smith as redakteur voor H.G. Viljoen ’n groot rol gespeel (kyk Muller, 1990: 562). Dat Marais volgens eie getuienis dit self makliker gevind het om in Engels te skryf as in Afrikaans, is heel verstaanbaar. Sy Engelse opvoeding en afsondering in die Waterberg, waar hy byna geen leesstof tot sy beskikking gehad het nie (veral tydens belangrike jare in die ontwikkeling van

Afrikaans), moet 'n groot rol hierin gespeel het. Sekere gebreke in Marais se werk sou nietemin daaraan toegeskryf kon word dat hy in 'n era geskryf het (veral tot ongeveer 1925) toe die standaardisering van Afrikaans nog nie voltrek was nie.

As gevolg van Marais se morfiënverslawing en swak gesondheidstoestand het sy skryfwerk dikwels in uiters ongunstige omstandighede ontstaan. A.M. van Schoor (soos aangehaal in Richard, 1985: 16) het die volgende vertel:

So gereeld soos klokslag het dit gebeur dat ons die hele koerant, die hoofnuusblad inkluis, klaar gegiet het en dat die vervolghoofstuk op die steen lê en wag terwyl ons oom Eugène na die werklikheid probeer terugroep. Male sonder tal het hy dan op die steen die hoofstuk klaar geskryf. Dit is dan feitlik sin vir sin van die skryfblok afgeskeur en in aller yl geset.

Hierteenoor skryf J.M.H. Viljoen (1953: 43) dat Marais "besonder puntenerig was oor sy beriggewing. Die verslae kon desnoods verkort word – dit was elke subredakteur se reg, en as ervare joernalis het Marais dit begryp en gebillik – maar veranderings aan die wesenlike inhoud en selfs aan die taal het hy nie gedoog nie." Hier word nie op die juistheid van bogenoemde standpunte ingegaan nie, hoewel aspekte daarvan in latere hoofstukke wel aandag sal geniet. Hoe dit ook al sy, Marais se skryfwerk was gesog en sy bydraes het publikasies soos *Ons/Die Vaderland* en *Die Huisgenoot* in kritieke tye gehelp om te oorleef en selfs van krag tot krag te gaan.

Marais se prosa het betreklik laat eers in boekvorm verskyn. Hy debuteer met die verhale *Margriet van Laastelus en Die wegraak van Sannie* (1924). Verdere bundels fiksie is *Dwaalstories en ander vertellings* (1927), *Die huis van die vier winde* (1933), *Die leeu van Magoeba en ander verhale* (1934) en, postuum, *Keurverhale* (1948), *Spore in die sand en ander vertellings* (1949) en *Laramie die wonderwerker en ander verhale* (1949). Die meeste van hierdie verhale het aanvanklik in publikasies soos *Die Boerevrou*, *Die Huisgenoot* en *Ons/Die Vaderland* verskyn. Marais se wetenskaplike prosa word gepubliseer in *Natuurkundige en wetenskaplike studies* (1928a), *Sketse uit die lewe van mens en dier* (1928b; in 1937 heruitgegee as *Die mielies van Nooitgedacht*), *Die siel van die mier* (1934), *Burgers van die berge* (1938), 'n *Paradys van weleer en ander geskifte*



(1965b), *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968b), *The soul of the ape* (1969) en *The road to Waterberg and other essays* (1972a).

In 1925 word Marais se gedigte vir die eerste keer gebundel in 'n uitgawe getiteld *Gedigte*. Marais publiseer ook drie dramas, *Waar die blomme geur* (1933), *Die swart verraad* (1933) en *Nag: Drama in vier bedrywe* (1937b), wat al drie sedertdien min aandag geniet het en moontlik die mees verwaarloosde aspek van sy oeuvre is.

Die meeste van Marais se prosawerke is deur Nasionale Pers en die Pretoriase uitgewer J.L. van Schaik uitgegee (kyk Steyn, 1992b: 27). In die lig van sy verbintenis met *Die Vaderland* het party van sy boeke ook by die Afrikaanse Persboekhandel (later Perskor) verskyn. By al hierdie uitgewerye het sy boeke 'n belangrike deel van hulle fondslus gevorm. Marais is egter nooit gedurende sy leeftyd vir sy skryfwerk bekroon nie. Sedert veral die sestigerjare van die twintigste eeu het Leon Rousseau 'n prominente rol gespeel in die publikasie van Marais se werk en word heelwat van Marais se tekste die eerste keer uitgegee (bv. *The road to Waterberg*, *'n Paradys van weleer* en *The soul of the ape*). Rousseau versorg ook heruitgawes van sy werk.

Marais, "die man wat gedurende sy lewe veel van die tragiese ervaar het" (Du Toit, 1940: 22), se selfmoord op 29 Maart 1936 is grootliks aan sy morfiënverslawing toegeskryf. Oor dié selfmoord het Retief (1989: 6–7) die volgende perspektief:

Selfmoord is altyd 'n tragedie. As 'n persoon homself boonop afsonder in die veld en hom onder 'n boom met 'n haalgeweer doodskiet, op 'n reënerige dag, is daar iets verlate en jammerlik sowel as iets grusaams daarin. Wat hierdie elemente by Marais intensifiseer [sic – JLM], is dat dit 'n spieël van sy laaste lewensjare was, en ook 'n soort logiese gevolgtrekking van sy verval in hierdie jare.

### 3.7 Samevatting

Marais het laat in sy lewe enkele kere verslag gedoen oor besondere natuurkundige ervarings en waarnemings wat hy gedurende sy kinder- en jeugjare opgedoen het.

Dit sou verdere ervarings in daaropvolgende fases van sy lewe geprikkel het en hom daarop voorberei het om oor die waarde en betekenis daarvan te besin.

Marais se skoolopleiding was oorwegend deur medium van Engels. Reeds op hoërskool het sy joernalistieke talent geblyk, wat hy dan ook sedert die einde van die 1880's as joernalis en koerantredakteur in Pretoria begin uitleef het. Marais, die skrywer, het begin ontluik, maar aanvanklik het hy slegs oor die wel en wee in en om die Volksraad van die ZAR verslag gedoen. Hoewel dit 'n belangrike fase was (kyk 4.2), was dit eintlik slegs sy leerskool as skrywer en sou die politiek nie die belangrikste fokuspunt in sy lewe wees nie. Dit is waarskynlik Marais se landelike agtergrond en sy intense ervarings as kind in die natuur wat die grootste invloed op hom gehad het.

Marais se studietyd in Londen bied aan hom nie net die geleentheid om hom as regsgeleerde te bekwaam nie. Hy ondergaan ook 'n tydperk van intense blootstelling aan Europese intellektuele en modestrominge soos die Darwinisme, wat veral vir sy wetenskaplike vorming van groot waarde sou wees. Terug in Suid-Afrika is dit hoofsaaklik sy verblyf van 1907 tot 1916 in die Waterberg, wat hom in staat stel om belangwekkende natuurkundige waarnemings te maak, wat die sluimerende wetenskaplike in hom te voorskyn en tot sy reg laat kom het.

Oor sy verblyf in die Waterberg skryf Marais 'n groot aantal artikels, 'n monografie oor bobbejane en enkele gedigte waarin hy laat blyk dat die Waterberg en sy ervarings aldaar 'n besondere plek in sy lewe en oeuvre inneem. Hoewel talle van Marais se geskryfte waarskynlik in moeilike omstandighede ontstaan het, is dit 'n besondere huldeblyk aan die Waterberg en sy mense en getuig dit van sy fyn waarnemingsvermoë en openheid vir nuwe ervarings.

Sedert die twintigerjare van die twintigste eeu is die meeste van Marais se bellettristiese en wetenskaplike prosa aanvanklik in koerante (soos *Ons/Die Vaderland* en *Die Volkstem*) en tydskrifte (soos *Die Boerevrou* en *Die Huisgenoot*) gepubliseer. Hoewel Marais dikwels om den brode moes skryf, slaag hy daarin om 'n beduidende en aandagwekkende oeuvre op te bou. Heelwat van hierdie tekste is eers later in boekvorm gepubliseer, wat tot die persepsie bygedra het dat Marais nie tydens sy lewe die erkenning gekry het wat hom toegekom het nie. Die groei en ontwikkeling van die Afrikaanse pers- en uitgewersbedryf het aan Marais talle

geleenthede gebied om oor sy ervarings te skryf. Sy geskifte dra terselfdertyd by tot die groei van die bedryf wat aan hom publikasiegeleenthede gegee het.

Hoewel hy tydens sy leeftyd geen amptelike erkenning vir sy werk in die vorm van toekennings gekry het nie, is daar later op verskillende wyses erkenning aan Marais se bydrae tot die literatuur en die natuurwetenskappe gegee.<sup>27</sup> Hierbenewens het daar ook, soos in 1.1 aangetoon is, talle publikasies oor sy lewe en werk verskyn.

## AANTEKENINGE

1. In Marais se belletristiese prosa is daar duidelike eggo's van sy Hugenote- en Kaapse verlede. Die verhale "Margriet van Laastelust" (uit *Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie*, 1922) en "Die vliegende Hollander" (uit *Die huis van die vier winde*, 1933) is in die Kaap gesitueer (kyk 4.4), terwyl Marais ook Franse name aan twee van die bekendste en mees terugkerende karakters in sy werk gee, naamlik dr. Paul de Roubaix en kol. Francois ("Sois") de Ville.
2. Oor die ekspedisie in Oos-Afrika skryf Marais in "By die mond van die Save" in *Die mielies van Nooitgedacht* (1937). Kyk ook D.W. Krüger (1951: 6–14) en Rousseau (1984c: 143–156), wie se weergawes van die gebeure op die dagboek van die leier van die ekspedisie, dr. E. Schultz, gegrond is.
3. Marais se graf was lank verwaarloos; iets waarop (o.a.) Jeanne Goosen die aandag gevestig het met 'n artikel getiteld "Marais se vervalde graf skreeu ten hemele!" (*Hoofstad*, 16.10.1979). Geld is mettertyd deur die Eugène Marais-gedenkfonds ingesamel, wat in 1983 die graf se restourasie moontlik gemaak het. Marais en sy vrou se grafte is heropgebou, hulle grafstene is herstel, en op Marais se graf is 'n klip as kopstuk toegevoeg, met die woorde "DIGTER, SKRYWER, NATUURKENNER" daarop gegraveer. Die klip, wat afkomstig is van mnr. Pieter Booyse se plaas Buffelsdoorn in die distrik Naboomspruit (*Die Patriot*, 11.3.1983), "simboliseer Eugène Marais se verbintenis met die Waterberge" (*Die Transvaler*, 10.1.1983).
4. Dit is hoogs waarskynlik dat H.J. Vermaas se roman *Die perdedief* (1960) geskryf is

na aanleiding van die verhale oor die perdediewe wat Marais opgeteken het.

5. Volgens Adinda Eyssen (1951: 25), sy Heidelbergse buurvrou en vrou van die volksangleier en komponis Stephen Eyssen (1890–1981; kyk Malan, 1982a: 36–39), het Marais egter wel soms tydens besoeke by hulle aan huis oor sy Europese ervarings gepraat:

Hy kon op besonder onderhoudende wyse vertel van baie van sy ondervindings in ons eie land en in Europa, maar dan moes hy in die luim daarvoor wees.

6. Die artikels wat Marais na die Anglo-Boereoorlog – tussen 1902 en 1905 – vir *Land en Volk* geskryf het en waarin hy hom teen die beleidsrigtings van die Britse bewind onder leiding van lord Milner uitspreek, sluit egter meestal aan by die soort polemiese joernalistiek wat hy voor sy vertrek na Brittanje geskryf het.
7. 'n Eeu later het die Inns of Court nog nie baie verander nie, soos uit die volgende beskrywing van Leapman (s.a.: 230) blyk:

At the hub of legal London are the four Inns of Court, clusters of elegant, mainly eighteenth- and nineteenth-century buildings, courtyards and gardens where London's 4000 barristers ply their ancient trade. The Inns – Inner Temple, Middle Temple, Lincoln's and Gray's – have largely managed to fight off the ravages of modernization. Protected by the planning laws and the determined conservatism of their own officials, they are, on the outside at least, much as they were a century ago.

8. Enkele invloede was deurslaggewend vir die insigte waartoe Darwin gedurende en ná die reis gekom het, soos die geoloog Charles Lyell se drieledige *Principles of geology* (1830–33), wat Darwin gedurende die reis bestudeer het. Hierdie werk het Darwin se belangstelling in die geologie verder gestimuleer en sy waarnemingsvermoë opgeskerp. Lyell se teoretisering (in hierdie werk) oor die ontstaan van die mens het Darwin eweneens beïnvloed. Hy het byvoorbeeld beweer dat die ontdekking van werktuie daarop dui dat die mens heelwat ouer is as waarop die

destydse vertolking van die Bybelse skeppingsverhaal gedui het; 'n uitspraak wat bykans ongehoord sou wees vir daardie tyd.

9. Op een van die eilande was 'n vinkspesie wat 'n sterk, dik bekkie ontwikkel het om sade en neute mee oop te kraak, op 'n ander eiland was 'n soort met 'n kleiner bekkie om insekte mee te vang en op nog 'n eiland was 'n tipe vink met 'n bekkie wat só aangepas is dat hy van vrugte en blomme kan lewe. Nog een het geleer om met 'n kaktuspen as gereedskap kos uit barste in boomstamme te grawe (kyk Moorehead, 1969: 163–164). Danksy hierdie onderskeie spesialiserings kon elke vinksoort hom sodanig by die habitat op sy spesifieke eiland aanpas dat hy die voedselbronne wat beskikbaar was optimaal kon benut. 'n Soortgelyke waarneming wat Darwin gemaak het, was dat die patroon op die dop van die reuseskilpad (*Testudo elephantopus*) op elke eiland effens verskillend was. Die moontlikheid dat dieselfde ontwikkeling ook by ander dierespesies kon voorkom, het dus voor die hand liggend gelyk.
10. 'n Opvatting wat nog in die Westerse wêreld gegeld het toe Darwin sy reis begin het, was dat die wêreld uit vaste spesies plante en diere bestaan. Wetenskaplikes het geglo dat daar wel klein variasies binne dieselfde spesie kon voorkom, maar dat alle spesies oor die algemeen nog was soos dit “in die begin” (Gen. 1:1) binne sewe dae deur God geskape is. Selfs die Sweedse plantkundige Carolus Linnaeus (1707–1778), die vader van die nomenklatuur, wat 'n stelsel van reëls en hiërargieë ontwikkel het waarvolgens naamgewing op wetenskaplike gebied geskied,

[...] hoped to glimpse the plan of the Creator, the meaning of life, much as saints and scholars looked for cosmic lessons in the relationships of all the verses, chapters, and books of the Hebrew and Greek Bibles (Weiner, 1995: 23).

Teen die einde van sy lewe sou Linnaeus oor die onveranderlikheid van verskeidenheid en spesies wonder, maar dié probleem kon hy nie oplos nie. Om die wêreldbeeld wat tot in daardie stadium bestaan het, te bevraagteken en met 'n nuwe verklaring vorendag te kom, sou nie oornag en sonder teenstand moontlik gewees het nie.

11. Dit is veral die historiese betekenis van Darwin se ewolusieleer wat van groot belang is, al is sy opvattinge sedertdien deur talle navorsers hersien, verbeter en verfyn. Daar is ook heelwat ander insigte in sy oeuvre van altesaam negentien boeke en in sy uitgebreide korrespondensie wat die toets van die tyd deurstaan het. Die antropoloog en bioloog Mark Ridley (1994: 2) vat dit soos volg saam:

His theoretical ideas have been of profound historical importance; and they are so modern in conception that biologists are recurrently surprised, on their first encounter, by the relevance of Darwin's writings to their work today.

12. Volgens Leapman (s.a.: 281) het die Britse Museum een van die grootste versamelings Egiptiese oudhede ter wêreld:

The Egyptian antiquities, rivalled only by the Metropolitan Museum in New York, comprise 70,000 objects, most notably the Rosetta Stone, a piece of black basalt rock dating from 196 BC. This played a vital part in the deciphering of hieroglyphics, crucial to reading ancient Egyptian texts.

13. Rousseau (1984a: 1280) twyfel of Marais ooit die Britse Museum se leeskamer besoek het:

Die toegangskaartjies tot die Museum se 'Reading Room', die enigste plek waar 'n besoeker om die eeuwending sulke werk kon doen, toon egter dat Marais nooit daar was nie.

Londense museums was veral tydens die laaste dekade van die negentiende eeu saans en selfs op Sondag vir besoekers oop (kyk Black, 2000: 100–103). In die lig hiervan is dit aanneemliker om Marais op sy woord te neem dat hy wel Egiptiese hiërogliewe in die British Library se leeskamer onder oë gehad het. Die materiaal sou seker ook op uitstalling in die museum self kon gewees het.

14. Die *Admiral*, waarmee Marais tydens die Anglo-Boereoorlog na die ZAR op pad was, het die Egiptiese hoofstad Kaïro aangedoen (kyk Rousseau, 1984c: 143).

15. Op die skamele getuienis van enkele sketse wat Marais in sy sogenaamde Londense dagboek gemaak het, baseer Rousseau (1984c: 117–121) die gedeelte in *Die groot verlange* oor ene Susanne met wie Marais 'n verhouding in Londen sou gehad het. (Die dagboek word tans in die argief van die Randse Afrikaanse Universiteit bewaar.)

16. Oor Marais se aansluiting by die estetisisme en dekadensie van skrywers aan die einde van die negentiende eeu, skryf Grobbelaar en Roos (1992: 64) soos volg:

'n Eerste aanwysing in hierdie rigting kan mens dalk vind in Marais se persoonlike lewe, en dan veral uit die (eensydige?) opmerkings daaroor in Rousseau se nou reeds beroemde biografie van 1974. Marais, met sy buitengewone kleredrag en sy onkonvensionele lewenswyse, het klaarblyklik 'n ooreenkoms getoon met sommige van die Europese en Britse kunstenaars wat aan die einde van die vorige eeu gewoonlik op afkeurende wyse deur literêre kritici met die oorkoepelende terme 'dekadente' en 'estete' saamgroepeer is.

17. Volgens P.E. Raper (1972: 31) is die Waterberg

[...] genoem na die Waterberge, wat dit van die suidweste na die noordooste deurkruis. Die Noordelike Pongolo-, die Groot-Palalarivier, en die Nylstroom of Magalakwinrivier het hul oorsprong in hierdie bergreeks, en dit sou op sigself voldoende rede gewees het vir die naam. Toe die naam gegee is, was die gebied besonder waterryk; warm en koue mineraalbronne het by skeure in die bergreeks uitgevloei en uitgeborrel, en dit het tot die benaming aanleiding gegee.

18. D.H. Heydenrych (1986: 151) beweer dat “die Langa onder Mapela beheer gehad [het] oor die strategiese Makapanspoort-deurgang na die noorde”. Mapela het van ca. 1760 tot ca. 1825 geleef (kyk A.O.J. in De Kock & Krüger, 1972: 448).

19. Oor hoe omstandighede teen omstreeks die middel van die negentiende eeu in die ZAR gesteld was, skryf Heydenrych (1986: 150) soos volg:

Toe die Blankes Transvaal binnegekom het, was die vlaktes feitlik ontvolk, omdat die meeste Swart stamme hulle vanweë aanvalle tydens die Mfecane in die berge verskuil het.

20. Marais (1974: 167–178) beskryf hierdie eksperiment in *The soul of the ape* en voer aan dat voëls se sin vir rigting besonder sterk is. Dit neem geleidelik af by die soogdiere tot dit by die mens die swakste is.
21. Na Visser se dood skryf Marais “n Waardering” in *Ons Vaderland* (14.6.1929; ook in Nienaber, 1950: 74–78).
22. Die brief (soos aangehaal in Du Plessis, 1988: 359–360) wat Marais op 30.4.1927 aan Preller geskryf het, lui soos volg:

Waarde Gustav, ek het jou brief eergister ontvang. Net een ding het by my voortgeleef – dat jy geen woord sê van na Pretoria oorkom nie; in stede: my versoek om nog te skryf as of die saak nogmaals op die lange baan geskuiwe is. Gustav, ek bid jou, ek smeeek jou om my nie langer in die ellende te laat voortgaan nie. Ek kan nie meer nie!

23. Uit die volgende uitspraak van Marais in ’n resensie van C.J. Langenhoven se *Pad van Suidafrika* in *Die Brandwag* (25.3.1921) kan ’n mens allei watter siening hy van die regsberoep gehad het:

Langenhoven is ook advokaat, ik weet ’t heel goed, maar hij het gelukkig langal begriip hoe g’n man met ’n siel bokant die van ’n streepmuis hom bij voortduring aan die soort werk kan gee nie.

24. In 1932 word *Ons Vaderland*, waarvan Preller eienaar en redakteur was, na ingryping deur genl. J.B.M. Hertzog om die koerant van finansiële ondergang te red, deur die Noordelike Drukkers Maatskappy oorgeneem (Du Plessis, 1988: 417) en die naam word na *Die Vaderland* verander. Preller bly tot aan die einde van Februarie 1936 hoofredakteur, maar eintlik net in naam, aangesien sy besluitnemingsmag aansienlik ingekort is.



25. "Party [historici – JLM], soos proff. A.J.H. van der Walt en J.A. Wiid, het so gereeld opgetree dat hulle van hul belangrikste geskiedskrywing op hierdie wyse in *Die Huisgenoot* gelewer het" (Muller, 1990: 569).
26. Oor 'n belangrike ontdekking soos dié van die Taung-skedel deur prof. Raymond Dart word in *Die Huisgenoot* van 18.2.1925 berig. 'n Resensie deur A.C. Cilliers van J.C. Smuts se *Holism and evolution* (1926) verskyn op 27.5.1927. D.C. Boonzaier publiseer 'n "karikatuur-portret" van Smuts met sy boek (22.10.1926), asook van die bekende plantkundige dr. Rudolf Marloth (11.12.1925). In hoofstuk 8 kom Marais se kontak met dr. Marloth ter sprake.
27. 'n Voorbeeld van die erkenning wat Marais gekry het, is die instelling van die Eugène Marais-leerstoel in Natuurlewebestuur aan die Universiteit van Pretoria, wat in 1970 op inisiatief van die Suid-Afrikaanse Natuurstigting en dr. A.E. Rupert tot stand gekom het. Tans word die leerstoel deur prof. J. du P. Bothma bekleed.

Nog 'n voorbeeld van erkenning vir Marais se wetenskaplike bydrae is die vernoeming van die Eugène Marais-hospitaal in die voorstad Les Marais, Pretoria, na hom. By geleentheid van die vyf-en-twintigste bestaansjaar (1998) van die hospitaal verskyn 'n spesiale publikasie, *Eugène Marais and the Darwin syndrome/ Die dowwe spoor van Eugène Marais*, wat deur Leon Rousseau versorg is.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het ook 'n Tak Eugène Nielen Marais, Afdeling Geneeskunde, wat van tyd tot tyd lesings oor Marais aanbied. Daarbenewens ken die Akademie ook die Eugène Marais-prys toe aan 'n eerste of vroeë werk deur 'n jong Afrikaanse skrywer (kyk Bosman, 1988: 8).

Die Eugène Marais-skrywersvereniging het in 1988 in Pretoria tot stand gekom en vergader een keer per maand. Die meeste van die vereniging se lede is amateurskrywers. Die vereniging publiseer sedert 1994 jaarliks 'n uitgawe met die titel *Skryfsels*, wat 'n verteenwoordigende keuse van sy lede se skeppende werk bevat.

In die Waterberg word Eugène N. Marais gedenk in die naam van die Laerskool Eugène Marais op Naboomspruit en die St. Stithians School se Eugène Marais-navorsingskamp op die plaas Welgevonden. En mnr. Manie Kruger van die plaas Rietspruit het Marais indirek vernoem met sy "Die Burgers van die Berge se Water ..." -mampoer.

# DEEL II

## HOOFSTUK 4

# MARAIS SE JOERNALISTIEKE EN BELLETTRISTIESE PROSA

### 4.1 Inleiding

Gedurende sy lewe het Marais 'n groot verskeidenheid prosa geskryf, waarvan die meeste oorspronklik in die toenmalige koerante of tydskrifte verskyn het. Sy prosa kan in drie kategorieë ingedeel word, naamlik joernalistieke, belletristiese en natuurwetenskaplike prosa (kyk Marais & Marais, 1998: 664).<sup>1</sup> In hierdie hoofstuk word die joernalistieke en belletristiese prosa onder meer aan die hand van uitsprake deur literêre kritici en ander akademici oorsigtelik bespreek, terwyl die wetenskaplike prosa meer indringend in hoofstukke 5, 6 en 7 aandag ontvang. Marais se literêre kritiek, wat ook in hierdie hoofstuk behandel word, kan waarskynlik ook as deel van sy joernalistieke uitsette beskou word. Hierdie kritiek, soos baie literêre en literêr-kritiese bydraes deur ander skrywers van die tyd, het immers eers in koerante of tydskrifte verskyn.

### 4.2 Marais se joernalistieke prosa

Marais se belangstelling in die skryf van prosa dateer uit sy skooldae in die Paarl. Daar het hy uitgeblink in stelwerk, Engelse gedigte in die tweetalige *Paarl District Advertiser* gepubliseer en word hy “joernalis van die Union Debating Society, 'n erepos wat hy meer as 'n jaar lank met groot bekwaamheid en spitsvondigheid bekleed het” (Du Toit, 1940: 8). Vandat Marais die skool verlaat het tot en met sy vertrek na die buiteland aan die einde van 1896 sou hy by die joernalistiek betrokke bly.<sup>2</sup>

Hy word in 1887, ná sy terugkeer uit die Paarl (en Boshof) na Pretoria, 'n

prokureursklerk, maar verkies om die joernalistiek sy loopbaan te maak en aanvaar reeds die volgende jaar 'n betrekking by die *Transvaal Advertiser* (kyk Du Toit, 1940: 25 en Rousseau, 1984c: 27). Hy doen vir die koerant verslag oor veral die Volksraadsittings van die ZAR en skryf as sluipskrywer 'n parlementêre rubriek, "Glimpses from the Hoekie". By geleentheid haal hy hom daarmee die gramskap van die Raad op die hals en word hy die persbank belet. Hierna moes hy in die openbare banke sit en word sy rubriek "Glimpses from the Benches" genoem (kyk Du Toit, 1940: 29).

In 1890 word Marais op negentienjarige ouderdom as redakteur van die Nederlandse en Afrikaanse opposisie-weekblad *Land en Volk* aangestel. Terselfder tyd aanvaar hy die assistent-redakteurskap van *The Press*, 'n Engelse dagblad in Pretoria. Die volgende jaar word Marais saam met J. de V. Roos die eienaar van *Land en Volk*. In *Land en Volk* het Marais voortgegaan om kompromisloos te skryf, sodat dit die koerant by talle lasteraksies betrokke laat raak het. Die koerant se beleidsverklaring is immers van die begin af (soos aangehaal in Du Toit, 1940: 30) soos volg verwoord:

Di blad sal voortaan ontbloot wees van alle persoonlykhede, alleen sal ons, sonder aanzien des persoons, di sluier van alle knoeiery en onrecht afruk, en an die oordeel van di Volk bring, want di stem van di Volk is die stem van recht.

Net soos in die *Transvaal Advertiser* het Marais ook in *Land en Volk* as sluipskrywer 'n rubriek gehad, hierdie keer onder die naam "Afrikaner Junior". In hierdie rubriek het hy hom meermale teen die president van die ZAR, Paul Kruger, uitgespreek. As ondersteuner van kommandant-generaal Piet Joubert se opposisie-party (Van der Merwe, 1983: 17) het Marais 'n "byna fanatieke stryd" teen Kruger se regering gevoer. Volgens Van der Merwe (1983: 15) het hy ook in dié tyd as redakteur van *Land en Volk* baie tot die reg aangetrokke gevoel: "Die *Land en Volk*-uitgawes bevat uitvoerige beriggewing oor hofgedinge, oor wetgewing en persoonlikhede in die regsberoep."

Marais het redakteur van *Land en Volk* gebly tot in Desember 1896, toe hy na Londen vertrek het om hom op vyf-en-twintigjarige ouderdom in die regte te

gaan bekwaam. Volgens Preller (1925: 195) was Marais van mening dat regsopleiding “hom later nog beter instaat sou stel om sy werk as joernalis voort te sit”. Ná sy terugkeer na Transvaal in 1902 na die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog, het Marais weer as medewerker en eienaar by *Land en Volk* betrokke geraak. Preller (en later J.S.M. Rabie) het op Marais se uitnodiging die redakteurskap behartig. In 1905 verkoop Marais nietemin die koerant en kom sy formele betrokkenheid by koerante tot ’n einde.<sup>3</sup>

Hoewel Marais daarna dikwels vir koerante en tydskrifte geskryf het (o.m. vir *Ons/Die Vaderland* en *Die Huisgenoot*), was dit in ’n ander hoedanigheid as voorheen. Du Toit (1940: 72) toon aan dat hydraes wat ná 1905 geskryf is “almal onder een of ander afdeling van sy letterkundige [of wetenskaplike! – JLM] werk sorteer, en daarom is dit verkiesliker om sy eintlike joernalistieke werk met die verkoop van *Land en Volk* as afgesluit te beskou, hoewel sy latere werk die kenmerke van ’n joernalistiek geskoolde bly vertoon”.

Van der Merwe (1983: 24) som die waarde van Marais se joernalistieke werk tot en met sy vertrek na Londen soos volg op:

Eugène Marais se joernalistieke kruistog vir ‘waarheid en reg’ het twee van die steunpilare van ’n demokratiese bestel sterk op die voorgrond geplaas: vryheid van spraak en onafhanklike regspleging. Met sy jeugdige voortvarendheid en onverskrokke optrede het hy ’n verfrissende afkeur [sic – JLM] in geheimhouding openbaar en sodoende sy demokratiese reg uitgeoefen om sy mede-burgers tot verantwoording op te roep. As onafhanklike tribunaal wat hom oor belangebotsings uitspreek, het die hof die noodsaaklike ‘checks and balances’ verskaf wat ordelike naasbestaan moontlik en sinvol maak. Marais se geregshofmonomanie het in dié sin byna ’n eeu later nog steeds betekenis.

### 4.3 Marais se literêre kritiek

Rousseau (1984b: i) het Marais se boekresensies “efemere geskrifte” genoem en dit nie in die *Versamelde werke* ingesluit nie. In 1989 neem Kannemeyer wel elf uit die

vyf en twintig resensies wat Marais gedurende sy lewe geskryf het op in *Kritiese aanloop: Letterkundige opstelle van J.F.W. Grosskopf, C. Louis Leipoldt en Eugène N. Marais* en skryf hy ook 'n inleiding tot die versameling.<sup>4</sup> Die betrokke stukke het almal oorspronklik tussen 1919 en 1921 in *Die Brandwag* (onder die hoofredakteurskap van Gustav S. Preller) en *Die Boerevrou* (onder die redakteurskap van Mabel Malherbe) verskyn.

Volgens Rialette Wiehahn (1965: 12) het Marais in sy resensies 'n hoë premie op "juistheid van natuurbeskrywing en werklikheidsweergawe" geplaas. Dit blyk uit sy bespreking van J.R.L. van Bruggen se gedigte in *Lente-stemme* (1919), waarin hy wys op "allerhande growe [sic – JLM] natuur-foute [...], wat 'n weinig afrikaanse natuur-studie vermijbaar sou gemaak 't" (*Die Brandwag*, 25.3.1920).

In die inleiding tot *Kritiese aanloop* wys Kannemeyer (1989: 13) ook op die belangrikheid van die waarheidsgetrouheid en eie ervaring vir Marais: "Wat Marais veral in verband met die verhouding tot die werklikheid en die natuur beklemtoon, is dat die kunstenaar alles waaroor hy skryf, regstreeks moet ervaar." Volgens N.J. Snyman (1982: 49) is die waarheidsillusie in 'n kunswerk vir Marais die "toetssteen vir 'n geslaagde vertelling". Net op dié wyse kan die skrywer die leser volkome in die verhaalwerklikheid laat glo. Snyman (1982: 50) wys nogtans ook op 'n dualisme:

Enersyds die wetenskaplike gees wat soek na akkuraatheid, tegniek, waarheidskyn wat in sy nugtere oordeel en veroordeling of aanprysing geopenbaar word; andersyds gaan hy so op in 'n metafisiese beleving dat die nugterheid van taal "n lastige remketting" is. Die belangrikste bate van werklikheidsgetrouheid is die oortuigingskrag daarvan en die impak wat dit op die leser het.

Vir 'n studie van Marais se wetenskaplike prosa is die volgende uitspraak van Wiehahn (1965: 12) oor Marais se beklemtoning van "noukeurige werklikheidsweergawe" van belang:

Marais het [...] op grond van sy eie ervaring as skeppende kunstenaar tot die gevolgtrekking gekom dat 'n deeglike kennis van die omringende werklikheid vir die skrywer van positiewe waarde is. Ons weet dat hy jare lank die

natuurlewe in die Waterbergse distrik intensief bestudeer het en dat dié studie besonder vrugbaar vir sy skeppende werk was (die *Dwaalstories*, populêr-wetenskaplike werk en verhale).

'n Verdere faset van Marais se literêre kritiek is die waarde wat hy – teen die heersende denke in – daaraan geheg het dat 'n skrywer aan sy gedigte moet werk. Op hierdie aspek het Marais ook in sy resensie van Van Bruggen se *Lente-stemme* gewys.<sup>5</sup> Die eis van deeglikheid en vakmanskap sou hy terdeë ook aan homself stel by die skryf van sy lewenswerk *The soul of the ape* (kyk 6.2).

#### 4.4 Marais se bellettristiese prosa

Die meeste van Marais se verhale het gedurende sy lewe die eerste keer in publikasies soos *Die Boerevrou*, *Die Huisgenoot* en *Ons/Die Vaderland* verskyn. Die publikasie van sy verhale in koerante en tydskrifte het onteenseglik daartoe bygedra om die verhale aan 'n wye leserspubliek bekend te stel. Aangesien Marais se kortverhaalbundels eers enkele jare voor sy dood of daarna uitgegee is, het lesers egter nie 'n omvattende beeld van hom as prosaskrywer gehad nie. Eers jare ná sy dood sou 'n enigszins “volledige” beeld van sy bydrae op hierdie terrein moontlik wees, wat waarskynlik daartoe bygedra het dat baie van sy vertellings eers sedert die laat vyftigerjare van die twintigste eeu “sporadies en selektief herwaardeer” (Roos, 1998: 33) is.

Gedurende Marais se lewe is sy verhale gebundel in *Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie* (1922), *Dwaalstories en ander vertellings* (1927; in 1959 opnuut uitgegee onder die titel *Dwaalstories*), *Die huis van die vier winde* (1933) en *Die leeus van Magoeba en ander verhale* (1934). Ná Marais se dood verskyn *Keurverhale* (1948), *Spore in die sand en ander vertellings* (1949) en *Laramie, die wonderwerker en ander verhale* (1950).<sup>6</sup> (Die ander gebundelde tekste wat nie hier genoem word nie, beskou ek as behorende tot Marais se wetenskaplike prosa en gevolglik word hulle later in die studie bespreek.) Die oorsig wat hier aangebied word, beoog om 'n aantal tendense uit te wys. Die doel is egter nie om 'n omvattende

oorsig te gee en elke bundel indringend te behandel nie.

Marais se eerste gepubliseerde bundel verhale, *Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie* (Nasionale Pers, 1922), was sy prosadebuut in boekvorm – op 51-jarige ouderdom. Hierdie bundel bevat twee verhale uit *Die Boerevrou* waarin die leser kennis maak met fasette wat kenmerkend van Marais se prosa is. Die langste verhaal, “Margriet van Laastelust”, speel gedurende die Bataafse Bewind (1803–1806) in die Boland af, en is een van ’n aantal verhale waarin Marais ’n historiese tema gekies het. Nog ’n lang verhaal, “Die vliegende Hollander” in *Die huis van die vier winde* (1933), is in die Kaap gesitueer. Daarenteen speel die ander verhaal in die bundel, “Die wegraak van Sannie”, in die Waterberg af, wat die geografiese ruimte is waarin baie van Marais se verhale afspeel én die streek is waar hy die meeste van sy wetenskaplike waarnemings gemaak het. Met die uitsondering van die twee Kaapse verhale en enkele verhale wat in die buiteland afspeel, is die mees algemene ruimte in Marais se werk die Transvaal van voor en na die Anglo-Boereoorlog.

Albei verhale in *Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie* vertoon ook ander fasette wat kenmerkend van Marais as prosaskrywer is. Volgens M.J. Prins (1973: 54) word die gebeure in Marais se vertellings “dikwels binne die verhaalwêreld gestel teenoor die bonatuurlike, die droom, die verbeeldingsvlug of die verdigsel”. As Margriet, die hoofpersonasie in “Margriet van Laastelust”, een aand gaan stap, voel sy “’n ligte rilling deur haar lyf gaan, en onwillekeurig kom die herinnering op aan al die ou spookstories van Laastelust, en die kindervrees wat die bergpad dikwels veroorsaak het” (p. 36). Kort hierna sien sy onder die eikeboom waar sy staan ’n “gedaante”: “’n Man te perd ongetwyfeld, in swart geklee” (p. 39). Later in die verhaal sou dit blyk dat die “gedaante” ’n natuurlike verklaring gehad het. In hierdie verhaal maak Margriet en die leser ook terloops met ’n bobbejaantrop (“ou en bekende vriende”, p. 35) kennis – ’n onderwerp wat in Marais se later gepubliseerde wetenskaplike geskrifte ’n prominente rol gespeel het.

Die humoristiese “Die wegraak van Sannie” uit dieselfde bundel is die “storie van ’n meisie van Waterberg, wat later ’n groot rol in groot sake gespeel het” (p. 77). Tematies is die verhaal interessant, aangesien dit een van ’n aantal van Marais se tekste is waarin iemand wegraak, al gebruik die hoofpersonasie in dié verhaal die



verdwyning net om haar sin by haar vader te kry om met haar kêrel te mag trou. Die ander is “Merkwaardige verhaal van ’n verlore seun” in *Laramie, die wonderwerker* (1950), en “Verdwaal!” en “Weggeraakte mense” in *Sketse uit die lewe van mens en dier* (1928b; in 1937 hersien as *Die mielies van Nooitgedacht*). In “Die wegraak van Sannie” word die verdwynings in die Waterberg soos volg verklaar:

In dié dae was dit glad g’n onbekende ding vir mense om in Waterberg weg te raak nie. Die wêreld was nog ruig en skraal bewoon, en daar het byna g’n jaar verbygegaan sonder dat een of meer kinders verdwaal nie; en elke nou en dan word die distrik in ontsteltenis gebring deur die wegraak van volwasse mense (p. 87).

Maar ook ten opsigte van die vormgewing kan daar reeds uit Marais se eerste bundel afleidings in verband met sy prosa gemaak word. Die verhale verskil onder meer in lengte van mekaar. “Margriet van Laastelust” is een van enkele lang tekste in Marais se oeuvre wat moontlik selfs as ’n novelle beskou kan word, terwyl “Die wegraak van Sannie” ’n kort, spanningsvolle liefdesverhaal is. Die aanleiding tot laasgenoemde is ’n verhaal wat oor die hoofpersonasie in die Waterberg vertel is.

In “Die wegraak van Sannie” word die geheimsinnige, die bedreigende en die raaiselagtige op ’n subtiele manier opgebou en vernuftig ontknoop. Wat veral daarvan opval, is die wyse waarop Marais daarin slaag om die leser ’n medetoeskouer van oënskynlik onnatuurlike gebeure te maak. In hierdie verhaal (soos in talle ander) word die “spel” uiteindelik opgehef en word ’n rasonale verklaring vir die gebeure aangebied. Die wegraak van mense is, soos aangedui, ’n bekende gegewe vir die leser en Marais beweeg behendig tussen fiksie en werklikheid. In teenstelling met “Die wegraak van Sannie” is “Margriet van Laastelust” meer uitgesponne (byna die stereotiepe van ’n tydskrifverhaal) en word die toetrede van die verteller soms hinderlik.

Nog ’n aantal tekste wat oorspronklik in *Die Boerevrou* verskyn het, is die vier *Dwaalstories*. Hierdie verhale is tussen Mei en Augustus 1921 in genoemde tydskrif gepubliseer en in die bundel *Dwaalstories en ander vertellings* (Nasionale Pers, 1927) opgeneem. In 1959 is dit deur Human & Rousseau onder die titel *Dwaalstories* heruitgegee.<sup>7</sup> *Dwaalstories* bestaan uit vier kort verhale of vertellings

waarin van Marais se bekendste liedjies en gedigte (soos “Die dans van die reën”, “Die woestynlewerkie” en “Die townenares”) voorkom. Dit word nie alleen as ’n hoogtepunt in Marais se oeuvre beskou nie,<sup>8</sup> maar ook as een van die mees gekanoniseerde tekste in die Afrikaanse literatuur.<sup>9</sup> By geleentheid is *Dwaalstories* deur vyf letterkundiges as een van die tien beste prosawerke van alle tye in Afrikaans aangewys (kyk Galloway & Von Wielligh, 1987: 232).<sup>10</sup>

Net soos die verhale het Marais se “Inleiding” tot *Dwaalstories* heelwat aandag getrek. Hierin beweer Marais dat *Dwaalstories* vertellings is van ’n San wat hy in die Waterberg geken en wat meer as ’n honderd jaar oud geword het.<sup>11</sup> Oor die mate waarin Marais as die skrywer van hierdie vertellings beskou kan word en hoeveel krediet “Hendrik” daarvoor moet kry, bestaan daar verskillende opvattinge.<sup>12</sup> Daar is egter genoeg rede om Marais op sy woord te neem dat hy “nooit een van hulle woord vir woord opgeskryf [het] nie” (p. 6).

Marais beweer in die reeds genoemde “Inleiding” tot *Dwaalstories*: “Ek erken tot my spyt dat daar baie verlore is [van die dwaalstories soos deur Hendrik vertel – JLM]. Die eienaardige Afrikaanse-Boesman-woorde en uitdrukkings is my heeltemal ontgaan, en die gepaste gebare, natuurlike namakings en uitdrukkings kan in skrif nie weergegee word nie.” ’n Mens sou dus kon aanvaar dat die San/Nama/Khoi-name wat in die dwaalstories voorkom, waarskynlik net so in Hendrik se vertellings voorgekom het (kyk Marais, 1994b: 18). Hiermee bewys Marais hom as ’n nougesette waarnemer en optekenaar van dit wat hy by Hendrik gesien en gehoor het. Dit dien ook as voorbeeld van die belangrikheid wat vertellers en vertelsituasies in Marais se werk geniet (kyk Van Dyk, 1967; Du Randt, 1968b en 1969: 6–11; en Nolte, 1994: 9–24).

Rousseau (1999b: 190) beweer Marais het “hom aangetrokke gevoel tot mense van kleur en dit word in sy prosa en poësie weerspieël”. Die leser kan inderdaad na aanleiding van *Dwaalstories*, die verhaal “Diep rivier” in *Die leeus van Magoeba en ander verhale* en die gedig “Mabalêl” die afleiding maak dat Marais dikwels “mense van kleur” in sy skeppende skryfwerk betrek het. Hierdie tekste openbaar verder ’n duidelike antropologiese belangstelling by Marais, wat in *Dwaalstories* deur die nougesette aandag aan die mondelinge oorlewering van die San geïllustreer word.<sup>13</sup> Dit kan ook as ’n voorbeeld van “wetenskaplikheid” in Marais se belletristiese prosa

dien.

In Marais se volgende bundel *Die huis van die vier winde* wat in 1933 by die Afrikaanse Pers verskyn het, speel die oënskynlik bonatuurlike 'n sentrale en pertinente rol.<sup>14</sup> In die titelverhaal maak Marais van dr. Paul de Roubaix, “die bekende Suid-Afrikaanse plantkundige” (p. 7), as verteller gebruik. Hy vertel van 'n voorval “wat die naaste aan wetenskaplike bewys is wat ooit binne my persoonlike ondervinding geval het” (p. 7) dat die menslike persoonlikheid na die dood kan bly voortbestaan. Die ruimte waarin die verhaal afspeel, is “die Poort-Huis, of soos dit destyds algemeen bekend was – die Huis van die Vier Winde” (p. 8). In hierdie huis gaan skuil dr. De Roubaix een nag teen 'n storm in die berge en sien hy die “gees” van 'n swaar gewonde “jong man wat struikel-struikel – byna in vallende onewewig – oor die drumpel met slepende voete na binne kom” (p. 13). Ook in “Die spookbul van Farellone” moet dr. De Roubaix en nog 'n uitsonderlike persoonasie in Marais se werk,<sup>15</sup> kol. François (“Sois”) de Ville, “gewese kommandant van polisie” (p. 87), ondersoek instel na 'n geheimsinnige gebeurtenis en met wetenskaplike verklarings daarvoor vorendag probeer kom.<sup>16</sup>

In 'n aantal verhale, waaronder “Diep rivier” in *Die leeus van Magoeba en ander verhale* (J.L. van Schaik, 1934), maak Marais gebruik van “plantkundige en/of etologiese kennis en vertelstrategieë wat telkens die ‘waarheid’ (d.w.s. nie-fiksionaliteit) van die vertelling beklemtoon” (kyk Marais & Marais, 1998: 664). “Diep rivier” handel oor die tragiese lot van Juanita Perreira,<sup>17</sup> wat as gevolg van haar gekleurde afkoms nie met die aantreklike en vooruitstrewende Boy van Niekerk kan trou nie ten spyte daarvan dat hulle op die plaas Avontuur “byna as broer en suster in hierdie ou huis opgegroeï het”, aldus Van Niekerk se moeder (p. 98).<sup>18</sup> Die leser hoor ook van die mambas wat skielik hulle verskyning op die plaas gemaak het. In “elkeen van dié was Marie [die vrou met wie Boy tot Juanita se groot ontsteltenis getroud is – JLM] die doel van die slang se koms” (p. 130). Aanvanklik is die gebeure so raaiselagtig dat dit aan towery toegeskryf word.

Die uiteindelijke verklaring vir die gebeure op Avontuur word deur kol. De Ville “in die eerste plaas in Juanita se lied *Diep Rivier*, en toe, in die tweede plaas in oom Dirk Brink<sup>19</sup> se vertelling omtrent die skilpad” (p. 133) gevind. Met sy “wonderlike natuurkennis” (p. 109) kon oom Dirk verduidelik hoe 'n bergskilpad

wat De Roubaix, De Ville en hy tydens 'n wandeling in die veld raakgehoop het, dit regkry om oor 'n lang afstand by 'n wyfie uit te kom. Brink se verduideliking was soos volg:

Die meeste diere is afhanklik van geur, nie alleen om die seksuele sin in werking te stel nie, maar ook om die een geslag in staat te stel om die ander geslag oor groot afstande op te spoor. Die wyfie van die meeste werwelgraatdiere het 'n seker klier wat 'n reukstof afsonder, en wat gedurende die paartyd in werking tree en langs hierdie afwerpse is die mannetjie in staat om die wyfie oor ongelooflike afstande te volg en uiteindelik te vind (p. 123).

Brink se natuurkennis bied die sleutel tot die skielike verskyning van die mambas en lei daartoe dat Juanita as die skuldige uitgewys word nadat “gedroogde stof wat deur die geslagsklier van 'n wyfie-mamba afgesonder word” (p. 142) in haar besit gevind word. Juanita het van hierdie gedrag van die mamba by haar swart oupa Radoni gehoor en die gedroogde klierstof van die wyfiemamba gebruik om die mannetjies na Marie toe aan te lok. Aan die einde van die verhaal word Juanita self die slagoffer van 'n mamba. “So het sy haar Diep Rivier eindelijk self deurwaad” (p. 143).

Ander natuurkenners in *Die leeus van Magoeba en ander verhale* sluit in die ou polisieman Stemmer, wat 'n uitstekende “gids en verteller” (p. 47) is, in “MVubu (Die seekoei)” en Gool Winterbach, wat “die noordelike bosveld net so intiem geken [het] as die vlak van sy hand” (p. 62), in “Afrikanerbeeste”. Ook in dié verhale speel die natuurkennis van sleutelpersonasies 'n belangrike rol om ongewone gebeure rasioneel of wetenskaplik te verklaar. Die wyse waarop hulle hulle kennis bekom het, is ook betekenisvol. Teenoor dr. De Roubaix, wat sy kundigheid deur middel van formele studie verwerf het, het al die ander personasies in Marais se belletristiese prosa wat oor 'n besondere kennis van die natuur beskik self hulle waarnemings gemaak. 'n Aantal van hulle is vir hulle oorlewing daarop aangewese om in krisissituasies van hierdie kennis gebruik te maak. (Die beste voorbeeld hiervan in Marais se oeuvre is waarskynlik Hendrik du Preez, wat in die verhaal “Salas y Gomez” daarin slaag om vyf maande lank teen die hang van Roerdomp op

'n kranslys te oorlewe deur vernuftig van die beskikbare hulpbronne gebruik te maak.)

Meer as 'n dekade ná Marais se dood is drie bundels met verskillende nagelate geskrifte deur P.J. Nienaber versamel en deur die Afrikaanse Pers-Boekhandel uitgegee, naamlik *Keurverhale* (1948), *Spore in die sand en ander vertellings* (1949) en *Laramie, die wonderwerker en ander verhale* (1950). In die meeste van die sewe verhale in *Keurverhale* (1948) blyk Marais se belangstelling in die okkulte, drome en ander verskynsels nogmaals duidelik. 'n Voorbeeld hiervan is die laaste verhaal in die bundel, "Die man te perd", waarin die leser ook heelwat te wete kom (o.m. met behulp van 'n sketskaart, p. 108) van die ruimte en die omstandighede waarin die gedaante in dié "ware spookstorie" drie keer sy verskyning maak. Soos in talle van Marais se ander werke speel die gebeure in die Waterberg<sup>20</sup> af en word dit opnuut "duidelik dat Marais by sy leser kennis van vroeëre [of ander – JLM] werk van hom veronderstel" (Botha, 1987: 225).

Nog 'n aspek wat die tekste in *Keurverhale* onderstreep, is dat Marais deur sy besonder geloofwaardige voorstellings van verskillende ruimtes en personasies die leser 'n blik op die landelike leefwyse in Suid-Afrika tydens 'n verbygegene era gee. Aan die leser van sy tyd (én vandag s'n!) word die ou Transvaal in die algemeen en die Waterberg in die besonder as 'n merkwaardige plek voorgestel. Miskien was dit selfs as antwoord bedoel op die stereotiepe siening van diegene wat dié deel van die land met takhare en onbeskaafde mense geassosieer het.

Die meeste van die tekste in *Keurverhale* speel af in die tweede helfte van die negentiende eeu of die begin van die twintigste eeu. Die pertinente plasing van die gebeure in 'n bepaalde tyd en ruimte laat die leser as 't ware iets sien van die leefwyse op die "alluviale diamantveld Donkerpoort" (p. 86) in "Die diamant", die "klein Bosvelddorpie Sonop" (p. 94) in "Die Sonop-moord" of "die polisiestasie" in die Waterberg (p. 106) in "Die man te perd". Baie van die personasies voer dan ook as 't ware 'n bestaan buite die grense van die beskawing, soos die voortvlugtige Petrus Steyn en sy kleindogter in "Swart bobbejane of amnestie",<sup>21</sup> wat in buitengewone omstandighede in 'n "eienaardige gebou van gestapelde klip wat waarskynlik uit die koppie self versamel was" (p. 79) in die Kalahari gebly het. Die tekste bevat daarom heelwat inligting oor die sosiale omstandighede en gebruike van die tyd (bv. oor jag

en die rol van die perd), wat daartoe bydra om 'n bepaalde “karakter” aan Marais se werk te gee.

*Spore in die sand en ander vertellings* (1949) bevat nog 'n aantal tekste wat gedurende die laaste dekade van Marais se lewe gepubliseer is. Die titelverhaal handel oor huweliksontrouheid, daar is tekste oor die Pretoria van die negentiende eeu (“Van oudae en oumense in Pretoria” en “n Vonnis van Paul Kruger”) en 'n bydrae oor Marais se verblyf in die Waterberg (“Morena di Metsi – die vors van die waters”). Laasgenoemde teks verskaf besonderhede oor 'n groot krokodil en enorme apiesdoringbome, wat goeie voorbeelde is van Marais se verwondering oor groot en sensasionele verskynsels in die natuur, wat hy moontlik selfs enigszins geromantiseer het. 'n Mens dink in hierdie verband ook onwillekeurig aan die beskrywing van die groot mambas in “Die wêreld se mees gevreesde slang” (opgeneem in *n Paradys van weleer en ander geskrifte*, 1965b). Dit wil voorkom asof Marais 'n besondere belangstelling in natuurverskynsels met 'n *Guinness World Records*-omvang gehad het!

“Morena di Metsi – die vors van die waters” begin met 'n beskrywing van een van die grootste krokodille wat “onderkant die seekoeigat” in die Limpopo in die ou Transvaal geskiet is. “Dit het die krag van 'n span osse geneem om die monster uit die water te sleep, waar hy ongeveer tweehonderd jaar 'n bloedige bewind gevoer het” (p. 96). Verder aan beskryf Marais “die enorme Apiesdoringbome wat langs die Magalakwin in die samevloeiing [met die Limpopo – JLM] groei – waarskynlik van die grootste bome in die wêreld”. Die grootte van dié bome word soos volg beskryf:

Om twaalf uur smiddags as die son bokant was, kon sesduisend man onder die skadu van die boom staan. Die stam wat diep in die dryfsand was, was vyftig voet net bokant die oppervlakte van die grond (p. 97).

Marais het ook die onderwerp van die groot apiesdoringbome in sy wetenskaplike prosa ter sprake gebring. In “Die wêreld se grootste bome staan in S.A.” in *n Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b) word soortgelyke inligting as in bostaande aanhaling verskaf (kyk 8.4). Dit kan as bewys dien dat Marais nie 'n duidelike onderskeid tussen die “wêreld” van sy belletristiese en wetenskaplike

prosa gehandhaaf het nie. Volgens Du Toit (1940: 190) kon Marais “fiksie so in die drag van realiteit vermom dat ware speursin dikwels nodig is om die grens tussen die twee te onderskei”.

In talle van Marais se verhale waar ’n wetenskaplike verklaring in die ontknoping gebied word, speel dr. [De] Roubaix ’n rol. Dit is ook die geval in die verhaal “Laramie, die wonderwerker”. Volgens die inligting wat voor in die bundel *Laramie, die wonderwerker en ander verhale* (1950) verstrekkend word, is dié bundel “Saamgestel uit die dagboek en nagelate dokumente van dr. Roubaix” en het nes die vorige twee bundels postuum verskyn. (Daar is ongelukkig geen aanduiding dat dr. Roubaix hoegenaamd in die laaste drie verhale “aanwesig” is nie.) Volgens D.J. Hugo (1980a: 15) blyk Marais se belangstelling in “die bonatuurlike (hipnose, spiritisme, telepatie, drome)” uit al vyf die verhale. “In aansluiting hierby staan dr. Roubaix se wetenskaplike verklarings vir die ongewone verskynsels [wat in die bundel beskryf word – JLM]. Die herhaalde beskrywing van die gebeure in toneelsterme (drama, komedie, bedryf, verhoog, komediant, toeskouer, scène, coulisse, rolspelers, voorgestoele, ens.) bevestig egter die fiktiewe daarvan. Die verhale verkry sodoende ’n aantreklike tweeslagtigheid.”

Die langste teks in die bundel is die 95 bladsy lange titelverhaal “Laramie, die wonderwerker” waarin dr. Roubaix as ekverteller optree. Dit is ’n verhaal waarin talle van die nou reeds bekende temas in Marais se werk aan die orde gestel word. Die verhaal handel oor die geheimsinnige Laramie, à la Don Quixote, “’n lang, maer kêrel op ’n geraamte van ’n perd” (p. 91) en met “’n ou, verkrimpte Boesmantjie op ’n langhaar-donkie” (p. 10) as agterryer. Laramie was ’n student van die Franse wetenskaplike Jean Martin Charcot (1825–1893) en hy ken allerlei towergeheime. Hy vertel breedvoerig aan “Skat” Pretorius en sy vriende van sy ontmoetings en ondervindings met “wonderwerkers’ in die vertoningswêreld” (p. 22) in Europa. Dit sluit beroemdes soos Houdini, Eusapia Palladrina, die twee Misses Croswell, Maskaleyne en Cook in. Die verhaal lewer sterk bewys van Marais se belangstelling in sowel die wetenskap as in pseudowetenskaplike praktyke. As Laramie van sy eie studietyd in Londen vertel, klink dit byna asof dit Marais self is wat aan die woord is:

Ek het van my oorlede ouers genoeg geërwe om my gedurende my hele lewe van arbeid te vrywaar. My vader was 'n beminde man<sup>22</sup> en ek was die enigste kind. Maar ek was 'n rustelose, nuuskierige seun. Aan die universiteit in Europa het ek my tyd verspil in nuttelose studies en ondersoekinge, wat seker nie kon dien om my vir die lewenstryd te bewapen nie. Ek was altyd geneig tot die studie van die geheimsinniger dinge in die natuur en in die menslike siel (pp. 20–21).

Laramie het ook in die Britse Museum die geskiedenis van die Indiese tou- en mango-toertjie nageslaan. Hierdie gegewens toon bepaalde ooreenkomste met Marais se verblyf in Londen (kyk 3.4). (Dit is volgens Rousseau (1984c: 441) ook vanuit 'n biografiese oogpunt belangrik “omdat hy [Marais – JLM] daarin, miskien deels onbewus, 'n satiriese beeld gee van die man wat hy in sy oë geword het. Hy self is Laramie die Wonderwerker, die vroeër magtige towenaar wat nou soos 'n verloopte Don Quixote op 'n maer perd en met gelapte klere deur die wêreld sukkel [...]”.)

Teen die einde van die verhaal ontmasker dr. Roubaix Laramie as 'n bedrieër wat deur hipnose vinnig ryk wou word. Laramie het hierna geen ander keuse as om met sy rewolwer selfmoord te pleeg nie. (Die slot herinner enigsins aan “Diep rivier” in *Die leeus van Magoeba en ander verhale* waarin Juanita ook regstreeks as gevolg van haar eie toedoen aan haar einde kom wanneer dit aan die lig kom dat dit sy is wat die mambas na die plaas toe aangelok het.) Laramie se ontmaskering as 'n pseudowetenskaplike het tot die ineenstorting van sy wêreld gelei.

In Marais se bellettristiese prosa is daar dus, soos nou reeds duidelik moet wees, meermale 'n belangstelling in die geheimsinnige en onverstaanbare. Die pogings wat aangewend word om wetenskaplike verklarings vir dié verskynsels aan te bied, gee aanleiding tot boeiende besinning oor rasionaliteit en nie-rasionaliteit. 'n Mens kom as 't ware onder die indruk dat Marais sterk partydig vir die wetenskaplike feit en uitleg is, maar tog ook die grys gebiede van die wetenskap verken.

Met sy Engelse opvoeding moet Marais deeglik met boeke uit die negentiende eeu kennis gemaak het, waaronder Edgar Allan Poe (1809–1849) se speurverhale en sielkundige rillers, waaraan 'n aantal van Marais verhale en afwykende personasies



herinner. Daarbenewens was daar die “bonatuurlike” verhale van tydgenootlike Afrikaanse skrywers soos C. Louis Leipoldt (1880–1947)<sup>23</sup> en C.J. Langenhoven (1873–1932), waarin die skrywers probeer het om ’n sfeer van betroubaarheid en feitelikheid te skep en dikwels ook pseudowetenskaplike feite aangebied het. Hierdie verhale was moontlik juis ’n kenmerk van die laat-romantiek, net soos die speurverhaal tipies van die modernisme, en ruimtefiksie tipies van die postmodernisme is.

Na aanleiding van die publikasie van Marais se *Versamelde werke* (J.L. van Schaik, 1984) in twee dele onder redaksie van Leon Rousseau<sup>24</sup> meld Elize Botha (1987: 135) dat waar Marais se wetenskaplike en verbeeldingsprosa “so digby mekaar staan, word dit opnuut duidelik hoe hy steeds, in albei prosasoorte, ‘wonderbaarlike verskynsels’ aan die orde stel, dikwels deur middel van ’n besondere verteller”. Volgens Elsa Nolte (1994: 11) handel Marais se “stories [...] dikwels oor wonderbaarlike gebeurtenisse en hy wend allerlei tegnieke aan om sy toehoorders of lesers te laat glo in die wonderbaarlikhede. Hy wil hulle dus onder die indruk bring van die outentisiteit daarvan.”

In die voorafgaande bespreking is probeer om kortliks aan te dui hoe Marais te werk gegaan het om op hierdie besondere manier met sy lesers te kommunikeer en hoe dit tot heelwat variasie in sy oeuvre lei. In sy prosa bou Marais ’n profiel van ’n besondere, betroubare verteller op, wat in sy belletristiese prosa geloofwaardigheid aan sy vertelling gee.<sup>25</sup> Dat hierdie beeld van die verteller in Marais se belletristiese werk bestaan, is van buitengewone betekenis vir ’n beskouing van sy wetenskaplike prosa, soos in hieropvolgende hoofstukke sal blyk.

#### 4.5 Samevatting

Uit die voorafgaande bespreking kan ’n aantal afleidings in verband met Marais as joernalis, literêre kritikus en skrywer van belletristiese prosa gemaak word. Hierdie afleidings is ook vir die bespreking van sy wetenskaplike prosa in die volgende drie hoofstukke van belang.

As joernalis het Marais ’n buitengewone gevoeligheid vir die politiek van die

era kort voor die Anglo-Boereoorlog gehad en kompromisloos verslag gedoen oor die ongerymdhede wat hy in die ZAR aangetref het. 'n Mens sou hom vandag 'n tipiese voorbeeld van 'n ondersoekende joernalis kon noem, wat daarop ingestel was om die openbare mening te beïnvloed. Ook in sy literêre kritiek is waarheidsgetrouheid 'n belangrike kriterium. Dit het hy klaarblyklik ook op sy eie skeppende skryfwerk van toepassing gemaak.

Byna al Marais se belletristiese prosa het oorspronklik in koerante en tydskrifte verskyn, maar dit was eers ná sy dood moontlik om 'n enigszins volledige beeld van die skrywer as prosaïst te vorm. Die verhale in Marais se oeuvre handel oor buitengewone en dikwels (oënskynlik) onnatuurlike en raaiselagtige gebeure, het dikwels 'n antropologiese strekking en onderstreep sy skerp waarnemingsvermoë en kennis van die natuur. Geloofwaardigheid word in al die tekste nagestreef en bewerkstellig “met presiese besonderhede van plek, tyd en omstandighede (‘kleur’ van die Afrikaanse milieu), dat die waarskynlikheidsindruk volkome is” (Antonissen, 1973: 94). Sodoende word daar op 'n besondere manier met die leser gekommunikeer om te verseker dat hy/sy die verteller as geloofwaardig aanvaar. Marais het waarskynlik baie daartoe bygedra om die soms nog bygelowige lesers van sy tyd (en daarna!) van die belangrikheid van rasonale verklarings vir verskynsels in die natuur te sensitiseer.

In sekere opsigte staan Marais se belletristiese en wetenskaplike prosa na aan mekaar, wat sommige letterkundiges se pogings verklaar om “die stem van die storieverteller” (Marais se eie frase uit die gedig “Die townares”) en 'n bepaalde artistieke ordening in die wetenskaplike tekste te beklemtoon (Botha, 1980: 112–118) en selfs tot die wese daarvan te verhef (kyk Du Randt, 1969: 6–11, en 1977: 2). In die literêre kritiek word die klem meermale op die literariteit geplaas om die teks as 't ware vir die literatuur toe te eien, terwyl daar weinig aandag aan die wetenskaplikheid van die tekste gegee word. By Du Randt (1968b en 1969: 6–11) is daar byvoorbeeld 'n ontkenning van die “wetenskap-like’ aard” van *Burgers van die berge*.

Die wyse waarop Marais doelbewus wetenskaplike prosa geskryf en daaraan 'n unieke karakter gegee het, word in die volgende drie hoofstukke ondersoek.

## AANTEKENINGE

1. Daar bestaan 'n betreklike mate van eenstemmigheid oor hierdie kategorieë. Du Toit (1940) wy afsonderlike hoofstukke aan Marais as joernalis en kritikus, asook aan sy wetenskaplike en letterkundige prosa. Volgens Van Dyk (1967: 1–2) kan Marais se prosawerke “rofweg in twee groepe verdeel word, naamlik half-wetenskaplike en verhalende prosa”. Du Randt (1969) onderskei tussen “dokumentêre en wetenskaplike prosa”, verhale en sketse.
2. Hoewel dit nie die doel van hierdie studie is om breedvoerig oor Marais se joernalistieke prosa verslag te doen nie, is dit nodig om die volgende opmerkings van Marais en Marais (1998: 663) in dié verband aan te haal:

Navorsing oor Marais se joernalistieke werk kan vandag 'n baie interessante studie oplewer. Ongelukkig is hierdie onderwerp só lank verwaarloos dat dit vandag onmoontlik sal wees om 'n volledige beeld saam te stel. Talle van Marais se koerantbydraes in *Land en Volk* – verskeie hoofartikels, wat uiters belangrik is in die bepaling van Marais se literatuuropvattinge en politieke standpunte, asook 'n reeks 'Jakkals en Wolf'-stories – is vir vandag se navorser bykans heeltemal ontoeganklik as gevolg van die swak toestand van die koerant. Groot dele van die mikrofilmproduksies daarvan is heeltemal onleesbaar en sekere jaargange van die koerant bestaan selfs nie meer nie.

3. Oor Marais se betrokkenheid by die joernalistiek skryf Preller (1925: 180–206), Du Toit (1940: 24–72) en Rousseau (1984c: 26–104).
4. Nog besprekings oor Marais as literêre kritikus is dié van Du Toit (1940: 138–152), Wiehahn (1965: 12–13) oor sy poësiekritiek en Snyman (1982: 51) oor sy prosakritiek.
5. Die standpunt dat 'n digter aan sy gedigte moet werk, is deur P.C. Schoonees gekritiseer (o.m. in *Die Brandwag*, 25.10.1920), terwyl Preller (in dieselfde uitgawe van *Die Brandwag*) die enigste een is wat Marais se standpunt verdedig.

6. Volgens P.J. Nienaber (1980: 12) het hy dié verhale, wat oorspronklik in *Ons/Die Vaderland* verskyn het, opgeneem in dié postume bundels, wat deur die Afrikaanse Pers-Boekhandel gepubliseer is. (In 1951 versamel Nienaber ook 'n aantal artikels en resensies oor Marais se lewe en werk in *Eugène Marais: Die groot eensame*.) Nienaber se rol as samesteller van Marais se werk word nêrens in Rousseau se latere samestellings vermeld nie.
7. Dit was een van die eerste drie boeke wat in 1959 deur die nuwe firma Human & Rousseau gepubliseer is (kyk Steyn, 1992a: 217).
8. Volgens Kannemeyer (1983: 235) is Marais se *Dwaalstories* die “hoogtepunt in sy oeuvre as sodanig”.
9. J. van Melle het reeds in 1953 'n waarderende bespreking van “Klein Riet-alleen-in-die-Roerkuil”, “Die lied van die reën” en “Die reënbul” in *Dwaalstories* geskryf. Dit is egter N.P. van Wyk Louw wat in *Vernuwing in die prosa* (1973: 135–136) die aandag pertinent op hierdie verhale laat val het deur dit “van die grootste prosa in ons taal” te noem. “Dis prosa wat ons jong skrywers van buite moet ken – en dan in geen, geen enkele opsig [...] na-aap nie”. Van Wyk Louw se woorde word deur André P. Brink (1975: 125) geëggo wanneer hy sê dat Marais se *Dwaalstories* “nie sommer maklik in Afrikaans geëwenaar [sal] word nie”.
10. Hansie Pienaar en Koos Prinsloo het hierdie lys in samewerking met vyf Afrikaanse letterkundiges (T.T. Cloete, Ampie Coetzee, J.C. Kannemeyer, Charles Malan en Merwe Scholtz) opgestel (kyk Galloway & Von Wielligh, 1987: 232). Die enigste ander prosawerk op dié lys wat uit die tydperk voor Sestig dateer, is Van Melle se *Bart Nel*.
11. Die skilder Erich Mayer (1872–1960) het 'n skets van ou Hendrik gemaak, sodat daar inderdaad 'n visuele voorstelling van hom bestaan (kyk Du Toit, 1940: 192; Marais, 1984: 1286; en Rousseau, 1986: 183). In die heruitgawe en daaropvolgende herdrukke van *Dwaalstories* wat sedert 1959 by Human & Rousseau verskyn het, is hierdie tekening weggelaat. Dit is waarskynlik gedoen nadat die kunstenaar Katrine Harries spesiaal sketse vir dié uitgawe gemaak het (kyk Marais, 1959).

12. Die volgende uitspraak van Van Melle (1953: 41) toon dat Marais se outeurskap van *Dwaalstories* by geleentheid in twyfel getrek is:

Daar is [...] rede om aan te neem dat Marais die verhale [wat hy by Hendrik gehoor het – JLM] nie noemenswaardig verander het nie, want dit lyk vir my onwaarskynlik dat hy dit sou kon gedoen het sonder dat dit by aandagtige lesing merkbaar sou wees. Dat hy self die verhale sou samegestel het, lyk vir my nog onwaarskynliker, want Marais is nie 'n kunstenaar wat groot prosa geskryf het nie, en die genoemde drie verhale is so meesterlik dat ek twyfel of hy ooit in staat sou gewees het om vertellings van so 'n hoë kunsgehalte te lewer.

Letterkundiges het egter sedertdien oor ten minste “Klein Riet-alleen-in-die-Roerkuil” anders geoordeel. Botha en Snyman (1983: 14) se bewyse dat daar “op die eenvoudige grondplan 'n fyn-gevoegde konstruksie van ‘karakter-as-noodlot” is, Cloete (1992a) se ontleding van die paradigmatische opbou en Marais (1994b) se bespreking van die gebruik van persoons- en plekname in dié verhaal bewys dat Marais in der waarheid 'n groot outeursaandeel in die strukturering van die verhaal gehad het. W.S.H. du Randt (1969: 36) se bewering “dat die Boesmanagtigheid in geen geringe mate nie 'n masker was om die kunstenaarskap van Marais self op dramaties-ironiese wyse te verbloem” lê die aksent dus verkeerd. Hendrik se rol hoef nie geringgeskat te word nie.

Ander besprekings van *Dwaalstories* is dié van Nienaber-Luitingh (1958, 1959 en 1961), J.L. Steyn (1961), W.S.H. du Randt (1965: 52–125, 1968a en 1969), Alet Mihálik (1988) en G.A. Jooste (1983, 1990, 1991a en 1991b). Die verhaal in hierdie bundel wat tot dusver die meeste aandag gekry het, is sonder twyfel “Klein Riet-alleen-in-die-Roerkuil”.

13. Volgens Carol R. Ember en Melvin Ember (1996: 2) is antropoloë “curious about the typical characteristics of human populations – how and why such populations and their characteristics have varied – throughout the ages”.
14. Die bundel is op versoek van Eugène Marais jr. hersien en verbeter (Rousseau, 1984a: 1277), en in 1946 deur J.L. van Schaik uitgegee. By die Afrikaanse Pers het die bundel ses herdrukke beleef.

15. P.D. van der Walt (1964: 10–11) bevind dat Marais “nie oor boertjies en armblankes [skryf] soos bv. Van Bruggen nie, maar oor merkwaardige figure, dikwels skurke (maar dan met vergoelike eienskappe, soos die ridderlike perdedief, Jaap van Deventer) en afwykende tipes. Hy toon egter ’n duidelike voorkeur vir die beste produkte van die Boerenasie.”

Volgens L.C. Minnaar (1972: 212) is die personasies in Marais se belletteristiese prosa “byna voor die voet uitsonderlike wesens, net soos die gebeure en tydruimte uitsonderlik, buitengewoon is. Marais is in dié opsig romantikus: die alledaagse werklikheid, dié middelslag-mens kom byna nooit in sy verhale voor nie.”

16. Na aanleiding van “Die huis van die vier winde” maak Rousseau (1984a: 1277) die volgende stelling oor dr. De Roubaix: “Die versoeking is sterk om te vermoed dat Marais met dr. Paul de Roubaix ’n karakter geskep het met wie hy kon identifiseer, in wie hy miskien ’n ideale self gesien het.” In Rousseau (1984a: 1277) se aantekening by “Die spookbul van Farellone” bespiegel hy verder: “Indien [...] Marais hom as Paul de Roubaix gesien het, op wie is die karakter van Sois de Ville dan gebaseer? Die kombinasie herinner ewenwel aan Sherlock Holmes en dr. Watson.”

17. Marais (1937a: 93) beskryf Juanita Perreira as “’n jong gekleurde meid, so lig van kleur egter dat ek haar, met die eerste oogopslag, as ’n besondere donker, blank brunette aangesien en byna met die hand gegroet het”. Hierdie beskrywing is deur Rousseau in Marais (1984: 703) verander en Juanita word “’n jong gekleurde vrou” genoem.

Etienne van Heerden (1987: 154–188.) toon aan hoe opeenvolgende bloemlesers raspejoratiewe in “Diep rivier” deur woorde vervang het wat op daardie moment “aanvaarbaar” was. Merwe Scholtz (1994b: 253) noem dit in die “Nawoord” tot *Meesterverhale van Eugène N. Marais* “die tans aanvaarde, neutrale benaminge”. Van Heerden (1989: 84) lewer soos volg kommentaar op die praktyk:

’n Poging om die literatuur te ontsmet by wyse van neosensuur en taktvolle voorskryfpraktyk kom neer op ’n ontkenning van die geskiedenis. Om die literêre teks, wat historisiteit as inherente eienskap het, nou te laat meespeel in ’n proses van maatskaplike suiwering en heroorweging van waardes, is ’n vorm van sensuur wat

aan veral die Afrikaanssprekende 'n gedeeltelike geheue wil opdring.

18. J.P. Smuts (1972: 296) maak die volgende uitspraak oor die rol wat “Diep rivier” in die uitbeelding van gekleurde mense in die Afrikaanse literatuur speel:

Vir die eerste keer in die Afrikaanse prosa word basiese probleme van nie-blankeskap op 'n naastenby volledig-menslike vlak gehanteer. So word hierdie verhaal dan 'n voorloper van latere pogings om die nie-blanke op verantwoordelike en ernstige wyse uit te beeld, in die besonder van die siening van die halfbloed-karakter soos dit later veral deur Elsa Joubert ontwikkel word.

19. Oom Dirk Brink het “die wonderlike gawe besit om alle wilde diere binne kort tyd mak te maak en by die skuuste soveel vertrouwe te skeep dat hulle hom nie alleen as beskermer nie, maar dikwels as beminde vriend beskou het. Ten tyde van hierdie besoek aan Avontuur was hy woonagtig op 'n eensame en afgeleë plasië diep in die berge” (Marais, 1937a: 109). Dit is waarskynlik dieselfde persoon as die oom Dirk in “n Voëlparadys” in *Sketse uit die lewe van mens en dier* (1928b; in 1937 heruitgegee as *Die mielies van Nooitgedacht*).
20. Die leser kan hierdie afleiding onder meer na aanleiding van die volgende uitspraak in “Die man te perd” maak:

Ek was destyds Spesiale Vrederegter en het gewoon op die plaas N op die aangehegte kaart. Die plaashuis was ongeveer anderhalf myl van die polisiestasië waar ek een maal in die week hofsitting hou (p. 106).

Marais is in Junie 1911 as resident-vrederegter met “hof en tronk op die plaas Rietfontein 1638” (Du Toit, 1940: 20) aangestel.

Rousseau (1984a: 1284–1285) het Marais se gebruik van werklike plekke en selfs persone ten einde die verhaal die skyn van werklikheid te gee as besonder oortuigend ervaar. Dit het ook ten opsigte van “Die man te perd” gegeld. “Ek het aangeneem dat dit op werklike gebeure gebaseer was totdat Marais se seun my ontugter het.”

21. “Swart bobbejane of amnestie” handel oor ’n besoek wat die verteller saam met die ou woestynjagter Jan Wessels aan die Kalahari gebring het om na die seldsame swart bobbejane te gaan soek, wat een van ’n aantal afwykings in die kleur van bobbejane verteenwoordig wat in Suider-Afrika voorkom. “Voorheen egter, het die swart bobbejaan taamlik dikwels voorgekom. Sy vernaamste gebied het weswaarts van die Betsjoenalandse grens die Kalahari ingestrek” (p. 76). In die res van die verhaal speel bobbejane geen rol nie.
22. Toe Marais hom aan die begin van 1897 as student by die Inner Temple in Londen ingeskryf het, is daar volgens Rousseau (1984c: 106) aangeteken dat hy “the son of Jan Christiaan Nielen Marais, Pretoria, South African Republic, advocate” was. Marais se vader was egter nooit ’n advokaat nie.
23. Volgens M.S.B. Kritzinger (1934: 84) herinner “Marais se misterieverhale [...] onwillekeurig aan dié van Leipoldt. Al twee skrywers teken die plaaslike omstandighede haarfyn om die illusie van die werklikheid te skep.”
24. Rousseau se redaksionele versorging van die *Versamelde werke* het hom kwaai kritiek op die hals gehaal. Volgens E. Lindenberg (1984: 18) verskaf die uitgawe nie aan die student “die allernoodsaaklikste dokumentasie nie. Die opmerking dat die versameling ‘naastenby volledig’ is, klink tergend vaag, asook die nonchalante mededeling dat ‘omtrent alles’ wat reeds in boekvorm verskyn het, opgeneem is.” Lindenberg maak ook beswaar omdat Rousseau nie “vermeld op watter spesifieke teks of variant hy staatmaak as outentiek” in sy veranderings nie. “Geen betoog is nodig om te bewys dat die uitgawe vir wetenskaplike doeleindes van nul en gener waarde is nie.”

Johann Johl (*Beeld*, 2.7. 1984) en Johann Lodewyk Marais en Renée Marais (1998: 667–668) se besware teen die uitgawe sluit by dié van Lindenberg aan. Marais en Marais kom tot die volgende gevolgtrekking:

Die ondersoeker wat vandag oor Marais navorsing wil doen, sal ongelukkig om hierdie rede die oorspronklike, ongewysigde uitgawes moet opspoor en raadpleeg omdat die redaksionele wysigings nie in die *Versamelde werke* aangedui word nie. Sodoende word die probleem van onverkrygbare uitgawes dus nie werklik vir die navorser opgelos nie.



Hierteenoor verdedig Botha (1987: 136) die aanpassings en veranderings wat Rousseau in Marais se taal en styl aangebring het op grond van die volgende:

'n Mens moet maar daarop let hoeveel van die tekste oorspronklik koerant- en populêre tydskrifwerk was. Daarin is seker 'n gepaste motivering geleë dat die *Versamelde werke* geredigeer is met die oog op toeganklikheid, ook vir die algemene leserspubliek van vandag.

25. Op grond van die frekwensie waarmee sekere van Marais se verhale in bloemlesings gepubliseer is, kan beweer word dat “Klein Riet-alleen-in-die-Roerkuil” (in *Dwaalstories*), “Salas y Gomez” (in *Die huis van die vier winde*) en “De boom in het midden van den hof” en “Diep rivier” (in *Die leeus van Magoeba en ander verhale*) die hoogste deur bloemlesers aangeslaan is. Drie van die vier verhale berus op (pseudo-)wetenskaplike gegewens.

## HOOFSTUK 5

### MARAIS SE WETENSKAPLIKE PROSA OOR TERMIETE

#### 5.1 Inleiding

In die volgende drie hoofstukke word Marais se wetenskaplike prosa van naderby beskou. Drie “groepe” wetenskaplike tekste kan in sy oeuvre onderskei word, naamlik dié oor termiete, bobbejane en ander wetenskaplike onderwerpe. In hierdie hoofstuk en in hoofstuk 6 word Marais se wetenskaplike prosa oor sy etologiese waarnemings van onderskeidelik termiete en bobbejane in die Waterberg behandel, terwyl die bespreking van sy wetenskaplike prosa in hoofstuk 7 die lesers ’n kykie gee in sy benadering tot onderwerpe soos droogte, slange en voëls.

In die besprekings van elke “groep” wetenskaplike tekste sal aandag gegee word aan die omstandighede waarin die teks(te) tot stand gekom het. In hierdie hoofstuk word Marais se belangstelling in en eerste kennismaking met termiete byvoorbeeld toegelig. Hierbenewens word die manier beskryf waarop Marais sy navorsing gedoen het. Dan word die publikasiegeskiedenis van *Die siel van die mier* (1934) ondersoek, asook die ontvangs wat die werk te beurt geval het. Daarop volg ’n uiteensetting van die wyse waarop Marais sy bevindinge oor die termiete aangebied het en word die betekenis daarvan onder meer na aanleiding van die voorafgaande bespreking bepaal. Die hoofstuk sluit af met ’n samevatting.

Chronologies gesien het Marais sy navorsing oor die termiete eers gedoen nadat hy tussen 1907 en 1909 op die plaas Donkerhoek saam met Alec Austin in die Bobbejaankloof gebly het om bobbejane te bestudeer (kyk 6.2). Aangesien die grootste deel van *Die siel van die mier* egter reeds van 1925 tot 1926 en in 1931 as ’n reeks in *Die Huisgenoot* verskyn het, word dié onderwerp eerste bespreek. Marais se belangrikste publikasies oor bobbejane, naamlik *Burgers van die berge* (1938) en *The soul of the ape* (1969), sou eers heelwat later, na Marais se dood, in boekvorm verskyn, sodat ’n meer volledige beeld van Marais se geskrifte oor die bobbejane eers ná dié oor die termiete gevorm kon word. Dit is terugskouend ter sake om met

hierdie chronologie rekening te hou.

Deur oor sowel termiete as bobbejane te skryf, het Marais aan twee “pole” in die dierewêreld aandag gegee. Die termiet verteenwoordig ’n laer vorm van lewe, maar met ’n gesofistikeerde sosiale struktuur. Die bobbejaan, daarenteen, is ’n prismaat en verteenwoordig ’n hoër vorm van ontwikkeling, wat met dié van die mens vergelykbaar is. Vir vergelykingsdoeleindes was dit vir Marais belangrik om na lewende wesens te kyk wat so ver uitmekaar lê.

Hierdie hoofstuk oor Marais se werk oor termiete en veral *Die siel van die mier* sal hopelik vrae soos die volgende beantwoord: Hoe pas Marais se werk in by ander navorsing oor termiete en sosiale insekte? Op watter wyse het Marais sy insigte en waarnemings oor die termiete aan die leser oorgedra? Hoe is sy werk ontvang? Watter betekenis kan ons vandag aan *Die siel van die mier* heg? En watter bydrae het die polemië oor Maurice Maeterlinck se oornames in sy boek *La vie des termites* (1926) in die kanoniserings van *Die siel van die mier* gespeel? Die antwoord op hierdie en ander vrae sal dit hopelik moontlik maak om hierdie seminale teks beter te verstaan.

## 5.2 Ontstaansomstandighede

Suider-Afrika beskik oor ’n besonder ryk en geskakeerde insekfauna, waarvan 26 ordes, 579 families en ongeveer 80 000 spesies reeds beskryf is. Hierdie oorfloed aan insekte kan grootliks toegeskryf word aan “the diversity of habitat types in the region which range from harsh desert lowlands to high mountains and evergreen subtropical forests, each of which has insect groups peculiar to it” (Scholtz & Holm, 1985: 1). Die bestudering van hierdie insekte sou eers gedurende die twintigste eeu momentum kry en tot die vestiging van die entomologie as ’n professie lei.

Om te veronderstel dat insekte voor die twintigste eeu in Suider-Afrika geen aandag gekry het nie, sou natuurlik nie korrek wees nie. Voorbeelde hiervan is die voorkoms van die heuningby in Suid-Afrikaanse rotskuns (kyk Rudner & Rudner, 1970: 181)<sup>1</sup> en die hottentotsgot in volksverhale (kyk Miller, 1979: 16) van die San. Daarbenewens het Europese besoekers vroeg reeds in die binneland met insekte

kennis gemaak. Die Franse ontdekkingsreisiger en kunstenaar François le Vaillant (1753–1824) het byvoorbeeld 'n swerm bruinsprinkane op sy eerste reis langs die Klein Visrivier teëgekomp, daarvoor in sy joernaal geskryf en ook tekening van 'n sprinkaan, 'n hottentotsgot en 'n bombardierkewer gemaak (kyk Skaife, 1973: 29–30). Gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu het Linnaeus (kyk 3.4) en sy kollegas name aan baie van Suid-Afrika se insekte gegee. Vir byna 'n honderd jaar lank is byna al die taksonomiese beskrywing van Suid-Afrikaanse insekte in Europa gedoen met behulp van materiaal wat deur naturaliste en versamelaars daarheen gestuur is (kyk Scholtz, 1999: 54).

Die eerste Suid-Afrikaanse taksonome wat hier te lande formeel by die bestudering van insekte betrokke was, was Roland Trimen en Louis Péringuey. Hulle was onderskeidelik van 1877 tot 1895 en 1884 tot 1924 aan die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad verbonde. Trimen het drie boekdele oor die skoenlappers van Suid-Afrika voortgebring, terwyl Péringuey hoofsaaklik oor kewers gepubliseer het (kyk Summers, 1975: 60–61). A.J.T. Janse, wat reeds aan die begin van die twintigste eeu as taksonoom in Pretoria werksaam was, is in 1909 by die Transvaal University College (later die Universiteit van Pretoria) as lektor in biologie in die nuut gestigte Departement Biologie aangestel (Scholtz, 1999: 54).

Gedurende die Victoriaanse tyd het amateurnaturaliste graag insekte sintuiglik waargeneem en versamel (kyk 3.4), maar die sistematiese bestudering van die wêreld se magdom insekspesies sou eers aan die begin van die twintigste eeu behoorlik op dreef kom toe die entomologie as 'n selfstandige dissipline begin funksioneer het. 'n Aantal navorsers se pionierswerk het wel die weg gebaan vir die deeglike waarneming en beskrywing wat die werk van die twintigste-eeuse entomoloë sou kenmerk. Hierdie pionierswerk het baie daartoe bygedra om die entomologie as 'n selfstandige dissipline te vestig.

Een van dié navorsers was die Fransman Jean-Henri Fabre (1823–1915) na wie Marais 'n paar keer in sy werk verwys het. Hoewel Fabre geen wetenskaplike opleiding gehad het nie en sy werk nie streng wetenskaplik was nie, lewer dit 'n waardevolle bydrae tot die kennis van insektegedrag. Met sy tiendelige *Souvenirs entomologiques* (1879–1907) het hy nuwe lig gewerp op veral dié insekte wat rondom sy woning in Sévignan in Provence, Frankryk, voorgekom het. Teen die

einde van sy lewe, toe die waarde van sy werk vir die eerste keer behoorlik besef is, is opvallende erkenning aan Fabre verleen en is sy boeke wyd geraadpleeg (kyk Fabre, 1922).

Gedurende die twintigste eeu het daar 'n ontploffing in die bestudering van insekte plaasgevind en is daar op Fabre se werk voortgebou. Twee persone wie se bydrae uit die eerste helfte van die eeu dateer en wat nog as pioniers beskou kan word, is die Belgiese skrywer en Nobelpryswenner Maurice Maeterlinck en die Suid-Afrikaner Eugène N. Marais. Maeterlinck se boek oor bye, *La vie des abeilles* (1901), was besonder gewild. Hy het selfs 'n halfeeue later nog waardering vir sy werk gekry van Karl von Frisch, wat in 1973 die Nobelprys vir sy etologiese bydrae oor bye met Konrad Lorenz en Niko Tinbergen gedeel het. In die inleiding tot *The dancing bees: An account of the life and senses of the honey bee* (1954) spreek Von Frisch hom gunstig oor, onder meer, Maeterlinck se *La vie des abeilles* uit. Von Frisch (1954: vii) noem dit 'n uitstekende stuk "natural history observation and a joy to the knowledgable; but the unscientific reader will find it hard to tell where the observation ends and the poetic fancy begins". In sy eie boek, sê Von Frisch (1954: viii), was hy "careful not to embroider imaginatively on the facts, which are poetic enough in themselves".<sup>2</sup> Vir die lesers van Marais se werk sou Maeterlinck se naam ten regte of ten onregte veral sinoniem met die beweerde oornames uit Marais se *Die siel van die mier* word (kyk 5.5).

Maar wetenskapsbeoefening word ook deur die owerheid moontlik gemaak. In Suid-Afrika was die aandag van die destydse Departement van Landbou en Bosbou aanvanklik op die bestryding van plaaginsekte soos malariamuskiete, sprinkane en termiete toegespits (kyk Lounsbury, 1940) en is entomologie by uitstek as 'n toegepaste dissipline beoefen. Nie elkeen wat in insekte belanggestel het, het hom egter aan die Departement gesteur of gebaat by die hulpbronne waaroor dit beskik het nie. Een van dié persone was Marais, wat hom sedert 1907 op die Transvaalse platteland bevind het.

Marais se verblyf in die Waterberg het aan hom die geleentheid gegee om eerstehands kennis oor termiete op te doen. Die meeste van sy waarnemings is op die plaas Rietfontein gemaak, waar Marais van 1908 tot 1916 by die egpaar Gys en Maria van Rooyen gewoon het. Hoewel Marais miere en termiete elders in die

Waterberg waargeneem het, het Rietfontein sonder twyfel die grootste rol gespeel. Rousseau (1984c: 265) stel dit soos volg:

In al Marais se geskrifte oor miere vind ons uit die Waterbergse tydperk [...] geen verwysing na 'n ander oord as Rietfontein nie. En hoewel hy op baie plekke met miere en termiete moet 'gespeel' het, is sy ernstige navorsing – of ten minste die belangrikste deel daarvan – op Rietfontein gedoen. Die plek was die rante agter die opstal, waar geen landerye aangelê is nie.

Dit is egter nie net die (toevallige) ruimte waarin Marais hom bevind het wat 'n rol gespeel het in sy besluit om termiete te bestudeer nie. In 'n brief aan Wilhelm Spilhaus op 24 Maart 1926 het Marais (aangehaal in Du Toit, 1940: 173–174) soos volg oor sy navorsing oor die bobbejane geskryf:

It was here that we first came into contact with the communal mind. We realized in time that the troop was dominated by a psyche which resided in no single individual. It induced behaviour which, in the case of human society, we call 'moral', 'altruistic'. We could end this conduct by separating an individual from the troop. We saw and demonstrated experimentally that the 'unselfishness' of the 'moral law' was in reality the intense selfishness of the communal mind, which, in its own self-defence, never hesitated to sacrifice a whole succession of individuals.

Hierdie waarnemings en insigte was die direkte voorloper van Marais se werk oor die termiete, soos uit die volgende opmerkings uit dieselfde brief blyk:

It was the study of this communal soul which sent us to the termites. Its manifestation here is much more easily comprehended since it is not interfered with by the activity of the individual soul and *resides in a single individual*. [...]

You will see, therefore, that our interest in the behaviour of insects and plants was quite incidental to the real investigation which we were making, and you can never imagine into what divergent lines of study it repeatedly side-tracked us. And we were working all the time (from one point

of view) under the most disadvantageous conditions [...].

Al het Marais by ten minste een geleentheid, naamlik op 28 Maart 1927, via Gustav Preller termieteksemplare aan die Departement van Landbou en Bosbou in Pretoria gestuur,<sup>3</sup> het hy deurgaans 'n amateur gebly en nooit by enige van die Departement se aktiwiteite betrokke geraak nie. Marais se navorsing oor termiete en sy verslag daaroor in *Die siel van die mier* dateer dus uit 'n tyd toe die entomologie wêreldwyd en in Suid-Afrika nog in sy kinderskoene gestaan het.

Marais se artikels oor die termiete het gedurende die middel van die 1920's in die Nasionale Pers-weekblad *Die Huisgenoot*, verskyn waarin daar in dié tyd ook ander populêr-wetenskaplike artikels verskyn het (kyk 5.4). Sandra Swart (1999: 5) bevind die volgende in verband met die “nasionalistiese tydskrifte” waarin Marais sy wetenskaplike prosa gepubliseer het:

The nationalist magazines, in which Marais was to publish, were an attempt to create a distinct Afrikaans cultural identity, to establish and then maintain standards of *Taal* purity. They were also an attempt to uplift and educate the growing underclass of poor whites.<sup>4</sup>

### 5.3 Navorsing

Marais se navorsing in die Waterberg was as sodanig baanbrekerswerk aangesien dit waarskynlik “the first scientific research of any kind, apart from earlier prospecting” (Walker & Bothma, 2000: 43) verteenwoordig. Soos reeds vermeld, is Marais se waarnemings van verskillende soorte termiete (waaronder die Natalse termiet, *Macrotermes natalensis*)<sup>5</sup> hoofsaaklik op die plaas Rietfontein gedoen. Marais (1934: 152) skryf soos volg oor hierdie besondere plek:

Net agter die huis op Rietfontein is daar 'n reeks rante wat die plaas middeldeur sny. Op die kruin van die rant was 'n menigte miershope van 'Waterberg'-termiete.

Volgens Marais het hy “vir ’n tydperk van tien jaar ons miere en termiete af en toe bestudeer in verband met ’n ondersoek in dierlike gedrag. Die ondervinding is toe opgedaan dat so ’n ondersoek byna elke dag wonderes aan die dag lê” (p. 11).

Marais se studie van die termiete was egter nie beperk tot die plaas Rietfontein of die Waterberg nie. In *Die siel van die mier* word daar ander plekke genoem waar Marais met termiete te doene gekry het. Die vlieënde termiete wat Marais in “onbewoonde Midde-Afrika” (p. 94) gesien het, dateer waarskynlik van die reis wat hy in 1902 ná sy verblyf in Europa langs die ooskus van Afrika onderneem het (kyk 3.2). Gegewens oor termietbouwerk in die hoofstuk, “Eerste boumeesters in die natuur”, het hy “gedurende ’n reis deur die vallei van die Limpopo en die Laeveld van Zoutpansberg” (p. 162) ingesamel en toe ook ’n aantal foto’s geneem. Op Preller se plaas Pelindaba, wes van Pretoria, waar hy jare later sy laaste ure sou deurbring, het hy en Preller “klippe van tien en twaalf pond gewig hoog binne die miershope van *Eutermes*” (p. 165) gevind. Jare nadat Marais uit die Waterberg weg is, het hy vir die eerste keer die geleentheid gehad om “die sielkundige lewe van die termiet op [sy] gemak gade te slaan: dit is die gedrag van die koningin as ’n aktiewe deel van die samelewing” (p. 173). Hierdie geleentheid het hom in Pretoria voorgedoen in “’n ou huis in Arlouis-laan wat jare reeds deur termiete beset is” (p. 173). Die meeste van die inligting in die slothoofstuk, “Die koningin in haar sel”, is op hierdie waarnemings gebaseer.<sup>6</sup>

Volgens Erik Holm (1989: 5) het Marais in sy navorsing oor termiete feitlik uitsluitlik van “direkte waarneming” gebruik gemaak. Marais noem dan ook meermale hoe hierdie direkte waarneming verloop het, waarvan daar heelwat getuienis in *Die siel van die mier* is. Dit het onder meer gepaard gegaan met “geduldig kyk en wag” (p. 14) om te sien wat die termietkoningin gaan doen nadat sy die eerste keer gevlieg het, soms na jare se wag vir genoeg reën, en haar vlerke verloor het. Gedurende die grootste droogte wat die Waterberg “binne mensekennis” (p. 152) beleef het (kyk 7.2), het Marais in een van die putte (of “grag”, p. 154), wat gegrawe is om na water te soek, dag en nag gesien hoe die termiete ’n stryd voer om tot honderd voet onder die aarde water en messelstof vir hulle oorlewing in die hande te kry (pp. 154–160). Die droogte wat die Waterberg in 1914 beleef het, het tot ’n toename in die voorkoms van termiete bygedra.



Marais ondersoek nie bloot sintuiglik nie, maar eerder “op die klassieke model, direk met sy skerp verstand. Sy sintuie sien of beaam as ’t ware wat sy gees reeds gesien het” (Holm, 1989: 5). Op hierdie manier is hy in staat om met nuwe perspektiewe (soos in verband met die eenheid van die termietnes) vorendag te kom. Dit wat Marais in sy gees “reeds gesien” het, is ook bepaal deur sy kennis van die werk van voorgangers soos Ernst Häckel, Auguste Forel en Claude Fuller, na wie hy in die teks van *Die siel van die mier* verwys. Dit is egter veral Charles Darwin se evolusieleer (kyk 3.4) waarmee Marais deurlopend rekening hou, en waarvan die hele boek getuig. Hiervan het Marais geen geheim gemaak nie, soos uit die volgende uitspraak blyk: “Die leser sal sien dat ek nog vas staan by die eerste teorie van Darwin” (pp. 47–48).<sup>7</sup>

Daar moet in gedagte gehou word dat Marais die eerste dele van *Die siel van die mier* eers geskryf het sowat agt jaar nadat hy die Waterberg permanent verlaat het. Dit is daarom moontlik dat hy die waarnemings wat hy gedoen het, herinterpreteer het in die lig van latere leeswerk wat hy veral met die oog op die skryf van *The soul of the ape* onderneem het (kyk 6.2). Die proses om oor die termiete na te dink en tot nuwe insigte oor hulle te kom, het waarskynlik tot 1931 geduur toe Marais se laaste artikel oor die onderwerp in *Die Huisgenoot* gepubliseer is.

Marais maak ook in *Die siel van die mier* van enkele eksperimente melding, wat die wetenskaplike indruk van die teks verder versterk. Die eerste eksperiment wat vermeld word, is dié met een van die geelvinkspesies (“enigeen kan vir die eksperiment gebruik word”, p. 40). Om vas te stel wat “erflike geheue in die siel van instink beteken” (p. 41), het Marais vier geslagte geelvinke onder kanaries laat uitbroei. Sou hulle vinkgedrag om nesses te vleg en hulle eetgewoontes teen die vierde geslag verander het? Marais skryf self verder:

En toe neem ons die vierde geslag en gee die voëltjies alles wat hulle in ’n normale lewensloop in die natuur sou kry. Onthou nou dat hulle vir *vier geslagte* nog nooit ’n gevlegte nessie gesien het nie. Uit *eie ondervinding* kan die voëltjie onmoontlik weet wat om te doen in die natuur. Van eie geheue kan daar g’n sprake wees nie. Ons het verwag dat daar ten minste wysiging van normale gedrag bespeurbaar sou wees, maar daar was nie! Toe die tyd

kom, gaan die voëltjies geweldig aan die vleg.

Nog voorbeelde van eksperimente is die merk van termiete met behulp van 'n haarpenseel “met 'n klein kolletjie rooi op die agterlyf” (p. 44) om bepaalde bewegings dop te hou; die verwydering, op verskillende maniere, van gewone huisakkedissies se sterte met 'n dun, skerp opereermes om te sien hoe een of meer sterte (soos torinkies op 'n miershoop) gefabriseer kan word (pp. 83–84); die gebruik van chloroform op “'n klomp van sestig 'kafferbökkies” om die verwantskap tussen geboortepyn en moederliefde vas te stel om vas te stel of hulle hulle lammers sal aanvaar; die aanraak van die termietkoningin met “'n glashaar in swaelsuur gedoop” om vas te stel of sy pyn kan verduur (p. 121); en 'n reeks eksperimente, in die Laeveld gedoen met “'n dosyn van die sterkste staalmagnete” (p. 166), om vas te stel op watter wyse magnetisme termiete affekteer.

Marais meld ook 'n aantal hulpmiddels waarvan hy gebruik gemaak het, waaronder 'n mikrofoon (pp. 27),<sup>8</sup> 'n mikroskoop (pp. 27, 56, 103, 156 en 168),<sup>9</sup> 'n vergrootglas (p. 76)<sup>10</sup> en 'n notaboek (p. 54).<sup>11</sup> Dit is nie altyd duidelik presies hoe hy hierdie instrumente gebruik het nie, maar om die detail te kon waarneem van die lewe van die termiete waaroor hy skryf, sou hy sekerlik van ten minste 'n vergrootglas gebruik moes maak. Benewens die feit dat al hierdie instrumente erkende hulpmiddels van die wetenskaplike is (kyk Durrell & Durrell, 1985: 253–255), dra die verwysing na die instrumente veral by die “gewone leser” daartoe by om 'n sfeer van sofistikasie te skep.

In sowel *Die siel van die mier* as in Marais se werk oor die primate in veral *Burgers van die berge* en *The soul of the ape* (kyk hoofstuk 6) maak die leser met Marais se bydrae tot die etologie kennis. Aangesien hierdie dissipline van soveel belang is in die gesprek oor Marais se wetenskaplike prosa, is dit gepas om hier 'n een en ander daaroor te sê, al was hierdie vertakking van die wetenskap nog nie in Marais se tyd as wetenskaplike studieterein bekend nie.

Hoewel die gedrag van diere reeds eeue lank bestudeer word, was dit veral gedurende die negentiende eeu en met die werk van Charles Darwin dat die grondslag vir hierdie benadering tot die bestudering van diere se gedrag gelê is. Verleë Darwin se hoofstuk “Instinct” in *The origins of species* (1859) en *The*

*expression of the emotions in man and in animals* (1872) het nuwe kwessies onder die aandag van wetenskaplikes gebring. Die ontstaan van die etologie moet egter spesifiek teruggevoer word na die 1930's, toe Konrad Lorenz en Niko Tinbergen in hulle gepubliseerde werk met 'n omvattende teorie oor dieregedrag na vore gekom het (Slater, 1992: 1).

Die drie baanbrekers op die gebied van die etologie was Konrad Lorenz, Niko Tinbergen en Karl von Frisch, wat in 1973 aldie met die Nobelprys bekroon is vir hulle etologiese navorsing. In wese is die etologie die bestudering van die gedrag van diere soos wat dit in die natuur voorkom (Slater, 1992: 3). Sedert die etologie 'n aanvaarde manier van ondersoek geword het, is daar talle belangwekkende ondersoeke in die natuur gedoen.

Robert A. Hinde meen dat streng definisie van "etologie" egter nie wenslik is nie. Volgens Hinde (1982: 275) is dit "perhaps best to say no more than that ethology involves attempts to tackle, from a descriptive base, the four interrelated questions discussed by Tinbergen – namely the questions of causation, development, function and evolution".

In die praktyk, en spesifiek in Marais se geval, het sy etologiese navorsing oor 'n aantal dierespesies gehandel waarin hy om verskillende redes 'n besondere belangstelling gehad het, naamlik termiete, bobbejane, slange en voëls. In al die gevalle het Marais oor 'n betreklik lang tydperk die geleentheid gehad om meer van hulle te wete te kom.

#### 5.4 Publikasiegeskiedenis

Gedurende die twintiger- en dertigerjare van die vorige eeu het daar 'n groot aantal geskiedkundige artikels en 'n beduidende aantal bydraes van natuurwetenskaplike aard in die populêre weekblad *Die Huisgenoot* verskyn, wat 'n duidelike opvoedkundige doel voor oë gehad het (kyk 3.6). 'n Artikel, getiteld "Iets omtrent miere", deur die entomoloog dr. A.J. Hesse wat op 18 September 1925 verskyn het, het daartoe gelei dat die redaksie van die tydskrif Marais gevra het om sy eerste artikel oor termiete vir hulle te skryf. Marais (1934: 5) roep dit self soos volg in

## herinnering:

In die begin was die bedoeling van die skrywer om slegs 'n enkele artikel te skrywe na aanleiding van 'n skrywe van dr. Hesse wat in dieselfde tydskrif verskyn het. So groot was egter die belangstelling wat die eerste artikels blykbaar gewek het dat die skrywer op versoek van die redaksie met die artikels voortgegaan het.

Marais se vyftien artikels oor termiete het op die volgende datums in *Die Huisgenoot* verskyn: 16 en 23 Oktober 1925; 6 en 13 November 1925; 4, 11 en 18 Desember 1925; 15 en 22 Januarie 1926; 26 Februarie 1926; 23 en 30 April 1926; 25 Junie 1926; 26 Junie 1931 en 10 Julie 1931. Hierdie artikels is almal opgeneem in *Die siel van die mier*, wat in 1934 deur J.L. van Schaik gepubliseer is. Die publikasie bevat ook die reeds genoemde foto's van termietneste en koninginselle, wat deur Marais geneem is, asook tekeninge van onder meer verskillende dele, stadia en vorme van termiete wat saam met die artikels in *Die Huisgenoot* verskyn het. Die foto's en tekeninge dra daartoe by om die wetenskaplike aanslag en die geloofwaardigheid van die teks te versterk. Ten spyte hiervan het al die hoofstukke in *Die siel van die mier* die eerste keer in *Die Huisgenoot* verskyn en het geeneen ooit in 'n wetenskaplike tydskrif verskyn nie.

Die Engelse vertaling van *Die siel van die mier* is deur Winifred de Kok<sup>12</sup> gedoen, met wie Marais aan die einde van 1935 en die begin van 1936 oor die moontlike vertaling van sy werk gekorrespondeer het (kyk Rousseau, 1984c: 492–496). “Ook het hy vertaling van sy kortverhale voorgestel, maar ten spyte van herhaalde aandrang in briewe deur die vertaler, het Marais nie meer gedoen as om haar 'n eksemplaar van *Die siel van die mier* vir vertaling te pos nie” (Du Toit, 1940: 186). De Kok se vertaling, getiteld *The soul of the white ant*,<sup>13</sup> het in 1937, 'n jaar na Marais se dood, by Methuen in Londen verskyn. Die boek het daarna herdrukke in Brittanje, die Verenigde State van Amerika en Suid-Afrika beleef, wat duidelik op die sukses daarvan dui. Die Engelse uitgawe het as die bronteks vir die vertaling van *Die siel van die mier* in Duits, Frans en Italiaans gedien.<sup>14</sup>

*Die siel van die mier* is in sy geheel opgeneem in Marais se *Versamelde werke*, wat in 1984 onder redakteurskap van Leon Rousseau by J.L. van Schaik verskyn

het en van “Aantekeninge deur die redakteur” voorsien is. Aangesien die foto’s wat in die oorspronklike uitgawe verskyn het “lankal verlore” is, is dit om tegniese redes nie uit *Die siel van die mier* gereproduseer nie (kyk Rousseau, 1984a: 1263–1264). In 1986 verskyn by Rubicon, eweneens onder Rousseau se redakteurskap, ’n verkorte weergawe van die teks in *Die beste van Eugene Marais*, “’n visueel aantreklike, leesbare publikasie vir die gewone intelligente leser” (Rousseau, 1986: 191).

Aangesien *Die siel van die mier* as ’n reeks artikels in *Die Huisgenoot* gepubliseer is, en die skrywer volgens sy eie bekentenis aanvanklik nie beoog het om meer as een artikel te skryf nie, spreek dit vanself dat hy waarskynlik nie uit die staanspoor in gedagte gehad het om ’n omvattende studie oor termiete te skryf en te publiseer nie. Om hierdie rede moet daar desnoods met omsigtigheid te werk gegaan word wanneer *Die siel van die mier* bespreek word. Die publikasie is immers uit vyftien losstaande artikels saamgestel wat aanvanklik in *Die Huisgenoot* verskyn het. Dit is wel betekenisvol dat byna al die artikels oor ’n betreklik kort tydperk tot stand gekom het, sodat daar tog sprake van ’n eenheid kan wees.

## 5.5 Ontvangs

Kort na die publikasie van *Die siel van die mier* het daar twee besprekings van die boek verskyn. Die eerste bespreking was dié van G.S. Grobbelaar in *Die Huisgenoot* (3.2.1935), die tydskrif waarin Marais se artikels (wat in *Die siel van die mier* opgeneem sou word) gedurende 1925, 1926 en 1931 vir die eerste keer verskyn het. Volgens Grobbelaar, wat die boek vanuit ’n wetenskaplike oogpunt lees, wek sowel die titel van die boek as die opskrifte van die onderskeie hoofstukke al dadelik die leser se belangstelling. Nadat Grobbelaar ’n deeglike oorsig van die inhoud van die boek gegee het, opper hy enkele punte van kritiek. Een hiervan is dat die gevolgtrekkings wat Marais op grond van sekere eksperimente maak “dikwels so deurweef [is] met die een of ander bespieëling dat die leser soms heeltemal van die hooftema af weggelei word”. Grobbelaar wys voorts op foute wat Marais sou gemaak het, soos om te beweer dat gas nie stoflik is nie en dat die skerpioen ’n insek is. Hy

vind dit ook vreemd dat Marais, wat volgens sy eie bekentenis 'n Darwinis is, omvattende psigologiese kragte aan die termietkoningin toeskryf. Grobbelaar bevind ten slotte dat die skrywer boeiende werk lewer: “[H]y laat die leser *dink*, en *ernstig nadink* oor die belangrike biologiese en psigologiese vraagstukke” (sy beklemtoning).

S.J. du Toit (1938) verskaf in sy bespreking heelwat biografiese inligting oor Marais en vermeld dat Maeterlinck “gebruik” gemaak het van die boek in *La vie des termites*. Du Toit moet waarskynlik in die onderwys gestaan het, want die res van sy bespreking handel oor die moontlikheid om *Die siel van die mier* met leerlinge op skool te behandel. Volgens Du Toit lees die boek “soos 'n roman, en tog, sou ek sê, veronderstel dit, om goed gewaardeer te word, meer wetenskaplike kennis as waar die jeug oor beskik. Dit is dus wel die vraag of dit juis geskik is as voorgeskrewe werk vir die Skooleind-Eksamen.” Marais “verstaan meesterlik die kuns om wetenskaplike feite in 'n populêre vorm te stel”. “Vir die eksaminator is dit 'n interessante boek, omdat dit eksamenvrae by die vloot lewer.” Du Toit verskaf nege moontlike vrae en voeg aan die einde van sy artikel 'n “wetenskaplike nota” van “dr. C.A. du Toit van die Soölogiese Instituut van die Universiteit van Stellenbosch” by. Du Toit skryf onder meer soos volg:

Hierdie waarnemings en eksperimente op termiete en ander diere is, vir sover hulle gedaan is deur mnr. Marais, tot 'n groot mate baanbrekend en getuig van baie geduld; maar die hooftorie en die interpretasie van sekere ander waarnemings is hoofsaaklik 'n poëtiese droom.

By geleentheid van die heruitgawe van *The soul of the white ant* deur Penguin in 1983 het 'n aantal besprekings van die teks verskyn. Volgens René Matthew, Dennis Hands en Rob McCallum (*Financial Mail*, 21.9.1984) was Marais “consummately qualified in that exclusive category of humanity we call the tragic genius”. Vir *The soul of the white ant* het hulle waardering, “not only as a mirror of the single-mindedness of an exceptional human spirit in seclusion, but also as homely, often almost ingeniously endearing, exercise in shrewd observation”. Volgens SH (*The Sunday Times*, 18.11.1984) is die werk “the perfect complement to Marais’s earlier study of primates, with him turning to

the other end of the evolutionary scale and drawing almost metaphysical conclusions from observing the formation and order of termite society". Volgens TWMT (*The Citizen*, 5.11.1984) moet onthou word dat Marais "had no base from which to formulate his studies. His genius was that he developed the bases for those who came afterwards."

Nie een van die drie Afrikaanse literatuurhistorici het breedvoerig aandag aan *Die siel van die mier* gegee nie. Antonissen (1973: 93), wat hom die meeste daaroor uitlaat, noem dat Marais se "merkwaardigste artikels, ingegee deur 'n intieme omgang met die natuur" onder meer dié in *Die siel van die mier* is. Antonissen ondersteun Du Toit (1940: 189) se siening dat dit juis die "denkbeeldige element" in Marais se wetenskaplike geskrifte is "wat mens die reg gee om sy wetenskaplike geskrifte ook tot die Afrikaanse letterkunde te reken". Dekker (1974: 122) noem bloot dat die werk "boeiend" is, terwyl Kannemeyer (1983: 233) melding maak van Maeterlinck se beweerde plagiaat. Kannemeyer noem (n.a.v. Rousseau, 1984c) die moontlikheid dat "albei skrywers 'n voorloper in W.M. Wheeler kon gehad het, wat reeds so vroeg as 1911 'n artikel oor die onderwerp gepubliseer het (kyk 5.7).

Oor die jare heen het die kwessie in verband met Maeterlinck se beweerde plagiaat van Marais se werk heelwat aandag gekry. Dit het selfs 'n belangrike episode in die biografie oor Eugène N. Marais geword. Hierdie kwessie is vroeg reeds telkens genoem wanneer *Die siel van die mier* ter sprake gekom het, en verdien om as 'n faset van die resepsie van die teks behandel te word. Wat hier volg, is 'n kort oorsig van die polemieke wat nog voortduur en selfs vandag nog in die buiteland weerklank vind. Ter aanvang moet nietemin daarop gewys word dat daar nie met hierdie studie beoog word om "finaal uitsluitel" oor die aangeleentheid te gee nie. Dit is nie die doel van die studie nie, aangesien dit tot 'n te omvangryke ondersoek sou kon uitgroeï. Wat hier volg, is bloot 'n kort opsomming van die polemieke.

Die aanloop tot die polemieke was die publikasie van die Belgiese Nobelpryswenner Maurice Maeterlinck<sup>15</sup> se *La vie des termites* in 1926 deur die uitgewer Carpentier in Parys. Die Engelse vertaling daarvan deur Alfred Sutro, *The life of the white ant*,<sup>16</sup> het die volgende jaar verskyn. Voorheen het Maeterlinck reeds

aandag getrek met sy boek oor bye, getiteld *La vie des abeilles* (1901).<sup>17</sup> Marais het die Engels vertaling van *La vie des termites* kort na die publikasie daarvan in die hande gekry en dit met toenemende wrewel gelees, soos duidelik uit die aantekeninge, uitroeptekens en merke in die kantlyn, en onderstrepings in sy kopie van die boek blyk. By Marais was daar van die begin af geen twyfel dat Maeterlinck by hom “afgeskryf” het nie.<sup>18</sup>

Marais self was die heel eerste persoon wat die plagiaat raakgesien en die aandag daarop gevestig het. Die eerste persoon aan wie Marais oor die plagiaat geskryf het, was Wilhelm Spilhaus, teenoor wie hy op 10 Desember 1927 in ’n brief daaroor gekla het (aangehaal in Du Toit, 1940: 183).<sup>19</sup>

I have just been greatly worried over the last book of the great Maeterlinck. He quite calmly 'loots' a theory of mine and gives it as his own. It is the theory that the termitary is in fact a single organism in a certain stage of evolution. Not only does he use my theory but also he has 'borrowed' all his information but in order not to 'disfigure' his book he gives no references. – only a biography [sic – JLM] at the end in which my name does not figure. I am not in the least concerned about the 'honour' of priority, but I am very much afraid that I shall in the future be accused of stealing from Maeterlinck and not Maeterlinck from me. There is, of course, no shadow of doubt about the plagiarism. You will see this at once if you make a comparison. I am going to have it put right in the Star in a fortnight's time [...].

Kort nadat Marais hierdie ontdekking gedoen het, is daar dekking in die media aan die plagiaatkwessie gegee. ’n Onderhoud met Marais is in *The Star* (24.12.1927) geplaas, terwyl daar ook ruimte vir ’n artikel deur Marais op die voorblad van *Die Huisgenoot* (6.1.1928) geskep is, waarin hy verklaar het dat hy reeds in *Die Burger-Nuwejaarsnommer* van 1923 sy teorie oor die “dierlike eenheid van die miernes” uiteengesit het. *La vie des termites*, die oorspronklike Franse teks van Maeterlinck, waarvan Marais die Engelse vertaling, *The life of the white ant* (1927) gelees het, het eers in 1926 verskyn. Uit Marais se kommentaar in sy eie kopie van Maeterlinck se boek is dit duidelik dat Marais vas oortuig was dat gedeeltes in Maeterlinck se teks sterk ooreenkomste met sy eie, reeds vroeër



gepubliseerde werk getoon het. Die aantygings in verband met die plagiaat is daarna ook herhaal in Marais se “Voorwoord” tot *Die siel van die mier* (1934) en in die Engelse vertaling van laasgenoemde boek, wat in 1937 verskyn het.

Aan die Maeterlinck-aangeleentheid is daar sedertdien verskeie artikels gewy (kyk Findlay, 1972 en Van Reybrouck, 2000), en die plagiaat word telkens vermeld wanneer *Die siel van die mier* ter sprake is. In sy deeglike argiefstudie kom Van Reybrouck (2000) tot die gevolgtrekking dat Maeterlinck konseptuele plagiaat gepleeg het. Maeterlinck het self nooit in Europa geleentheid gehad om ’n studie van ’n termietnes te maak nie. Maeterlinck se boek was ’n popularisering van bestaande kennis en hy het waarskynlik Marais se inligting, wat sedert 1925 in die artikelreeks “Die siel van die mier” in *Die Huisgenoot* gepubliseer is, te lese gekry aangesien die tydskrif in daardie stadium ook in België versprei is.

Dit is opvallend dat daar sedert 1927/28 geen wesentlik ander siening in verband met die plagiaatkwestie na vore gekom het nie. Dit wil sê dat ofskoon daar tot dusver min aanduidings van klakkelose oorskrywery by Maeterlinck is, is daar wel genoeg getuienis dat hy Marais se gedagte van die eenheid van die termietnes sonder erkenning oorgeneem het. Hierdie polemie het, ironies genoeg, egter baie tot die kanonisering van Marais as skrywerwetenskaplike bygedra.

## 5.6 Wyse van aanbieding

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat *Die siel van die mier* sowel ’n letterkundige as ’n wetenskaplike resepsie gehad het. In hierdie afdeling sal aangetoon word watter aspekte van die teks daartoe bygedra het om so ’n resepsie moontlik te maak.

Op grond van die voorafgaande bespreking hoef daar nie verder geargumenteer te word oor die feit dat *Die siel van die mier* (ook) ’n wetenskaplike teks is en as een gelees kan word nie. Wat die teks self betref, kom hierdie faset duidelik na vore uit die wyse waarop die teks in dialoog tree met die wêreld buite die teks. In die wetenskaplike teks is hierdie verhouding van wesentlike belang, soos uit die volgende uitspraak van Ilse N. Bulhof (1988: 53) in haar ondersoek na die verhouding tussen literatuur en wetenskap in Darwin se *On the origin of species*

blyk:

In het geval van een natuurwetenschappelijke tekst is de wereld buiten de tekst de natuurwerkelijkheid. De lezer beoordeelt de tekst met de vraag voor ogen of het werk 'waar' is: of het de werkelijkheid goed weergeeft.

Uitsprake wat vroeër in verband met die narratologie en die belang daarvan vir die wetenskaplike teks gemaak is (kyk 2.6), sal vervolgens op *Die siel van die mier* van toepassing gemaak word. As aangeneem word dat Marais 'n uitnemende skrywer van gedigte, belletristiese prosa en joernalistieke artikels was (kyk o.m. hoofstuk 4), kan die verwagting bestaan dat Marais in sy werk oor termiete ook sy vaardigheid as skrywer sal gebruik. As hy oor 'n wetenskaplike onderwerp skryf, is daar 'n sterk moontlikheid dat hy literêre tegnieke sal gebruik om sy gegewe so oorspronklik moontlik oor te dra. Aangesien Marais hom op verskillende maniere kon uitdruk, was dit nie vir die redaksie van *Die Huisgenoot*, wat aan hom die opdrag gegee het om 'n reeks artikels oor termiete te skryf, moontlik om vooraf te weet hoe die skrywer hierdie onderwerp sou aanpak nie.

In *Die siel van die mier* is die verteller sterk op die voorgrond. Dit is opvallend dat die gegewe in chronologiese volgorde aangebied word. Daar is ten eerste 'n duidelike begin waarin die leser meer van die oorsprong van die projek te wete kom. Die leser se belangstelling word geprikkel, maar hy/sy moet ook hoor dat dit nie maklik gaan wees om oor die onderwerp te skryf nie:

As 'n mens oor al hierdie dinge wil skrywe, dan staan jy verbysterd voor 'n werklike 'embarrasment de richesses.' Jy weet nie waar om te begin nie. Ek wil iets vertel van die mees gewone van ons termiete; en wat ek gaan vertel, sal die belangsteller self kan gadeslaan en miskien nog meer laat leer as wat ek weet. So ver my bekend is, het nog nooit iets in populêre tydskrifte verskyn van die feite wat ek sal aanhaal nie. Die meeste daarvan is selfs aan die wetenskap onbekend.

Dit is dus 'n buitengewone verhaal wat hier vertel word, maar 'n verhaal waarmee die "gewone leser" van 'n tydskrif soos *Die Huisgenoot* hom kan

vereenselwig. Die verhaal handel immers oor “die mees gewone van ons termiete”. Die verteller beskik oor feite wat tot dusver nog nie in enige populêre tydskif verskyn het nie en wat selfs nog nie aan die wetenskap bekend nie. Dwarsdeur *Die siel van die mier* bly die verteller by hierdie voorneme.

In *Die siel van die mier* doen Marais baie moeite om aan die lesers ’n omvattende voorstelling van die wêreld van die termiete te gee. Die mate waarin hy daarin geslaag het om hierdie werklikheid geloofwaardig voor te stel al dan nie, kan veral aan die uitsprake van wetenskaplikes soos Skaife (1961), Wilson (1971) en Holm (1988 en 1989) gemeet word. Volkome eensgesindheid oor die waarde van sy bydrae is daar nie (kyk 5.7). By geleentheid is daar byvoorbeeld melding gemaak van die oordrywings, en dus ook skewe voorstellings van die werklikheid, wat Marais in sy wetenskaplike werk aanbied (kyk Rousseau, 1984c; en Holm, 1988: 3). Dat *Die siel van die mier* wel as wetenskaplike werk beskou word, staan egter soos ’n paal bo water.

Benewens die verhouding tussen die teks en die wêreld buite die teks gee Bulhof ook aandag aan die verhouding tussen die teks en die lesers (kyk ook uitsprake oor die rol van die lesers in 2.3). Bulhof (1988: 53) skryf:

Dan hebben we te maken met een retorische of ‘pragmatische’ leeswijze. In het kader van de vraag duiken weer heel andere vragen op: op welke doelgroep is de tekst gericht, wat wil de auteur met de tekst bereiken en hoe probeert hij of zij de doelstelling te verwerkelijken? Beoordelingscriteria daarbij zijn of en hoe de auteur in de opzet slaagt en of de daartoe gebruikte middelen geschikt zijn.

In ’n brief wat Marais op 25 November 1926 aan Spilhaus in verband met die maandelike vertaling van *Die siel van die mier* in Duits geskryf het (aangehaal in Du Toit, 1940: 170), het hy enkele opmerkings gemaak in verband met die vlak waarop hy die artikels in die boek geskryf het en die opvoedkundige funksie wat hy daarmee beoog het:

With reference to the proposed publication in Germany I shall without question have to revise and recast the articles. They were written primarily

for people who knew nothing about these things. I was continuously influenced (while writing them) by the 'unconscious idea' that I was writing for children. This atmosphere will have to be removed for the European edition.

Hierdie uitspraak bevestig dat Marais in *Die siel van die mier* baie bewus was van die rol en/of teenwoordigheid van sy leser. Maar ons hoef vandag Marais nie letterlik op te neem as hy sê dat hy vir kinders geskryf het nie. By die lees van *Die siel van die mier* val dit op dat hy inderdaad deurlopend met sy leser rekening gehou het, maar dit klink selde of ooit asof hy hulle regtig as kinders gesien het. Wat Marais klaarblyklik goed beseft het, is dat "een simpele konstatering van die feite nie voldoende is om lezers of toehoorders voor een bepaald standpunt te woen" (Bulhof, 1988: 54). Marais het waarskynlik ook voor die uitdaging te staan gekom dat hy sy leser geïnteresseerd moet maak in 'n "verhaal" wat veral oor die gebeure in 'n termietnes handel – 'n gegewe wat sekerlik enige skrywer grootliks sal uitdaag om die leser te boei.

Marais betrek die leser op verskillende maniere. Dit word ten eerste duidelik uit die eksplisiete verwysing na die leser. Reeds op die tweede bladsy word die leser verseker dat die onderwerp van die gesprek nie buite sy bereik is nie en word sy samewerking verkry:

Ek wil iets vertel van die mees gewone van ons termiete; en wat ek gaan vertel, sal elke belangsteler self kan gadeslaan en miskien nog meer leer as wat ek weet (p. 12).

Maar Marais voeg ook onmiddellik by dat dit iets heel besonder is waaroor hy gaan skryf:

So ver my bekend is, het nog nooit iets in populêre tydskrifte verskyn van die feite wat ek sal aanhaal nie. Die meeste daarvan is selfs aan die wetenskap onbekend (p. 12).

Marais laat die leser op verskillende maniere voel dat die skrywer hom/haar

ernstig opneem en as 'n gespreksgenoot of medeondersoeker betrek. Hy vra die leser om sy definisie van die siel met geduld te “probeer deurlees en probeer verstaan” (p. 36), hy verseker die leser dat sy rangskikking van doelbewegings in die natuur nodig is al is dit 'n “stokdroë onderwerp” (p. 39) en dat “algemene kennis van dierlike gedrag op sigself bewyse *kan* lewer” (p. 121; sy beklemtoning). Uit meer as een opmerking blyk dit dat Marais hoop dat een van sy lesers 'n termietraaisel sal oplos, soos die stryd tussen termiete en miere (p. 126). Van Marais, soos van Darwin se lesers, “hing het immers af of de theorie [wel] al dan niet tot de wetenschap zou gaan behoren” (Bulhof, 1988: 55).

Dit is 'n baie besondere, lerende verteller wat deurlopend in *Die siel van die mier* aan die woord is. Marais probeer verseker dat sy lesers sy vertelling en nuwe argumente sal volg. Botha (1980: 112) wys tereg daarop dat “sins-aanlope” soos “Volg nou ...”, “Laat ons ...” en “Luister nou ...” van hierdie didaktiese ingesteldheid getuig. Dit is inderdaad opvallend hoeveel sinne deur die hele teks op hierdie manier begin en bewys lewer van die besondere verhouding wat daar tussen verteller en leser geskep word. In geneen van Marais se ander werke word hierdie verhouding so sterk op die voorgrond gestel nie. Hierdie aan-die-hand-neem van die leser en die wyse waarop laasgenoemde voortdurend betrek word, is byvoorbeeld heeltemal afwesig in *Burgers van die berge* en *The soul of the ape* (kyk 6.6). Dit dra daartoe by dat die wetenskaplike verteller die leser se goedkeuring vra en sodoende die wetenskaplikheid van die teks beklemtoon. Deur die leser so te betrek, word ook die literariteit van die teks op die voorgrond gestel.

Uit wat Marais oor die termiete te vertel het, is dit oorweldigend duidelik dat hy hulle gedrag en leefwyse as 'n wonder belewe. Reeds op die eerste bladsy van *Die siel van die mier* maak hy 'n saak daarvoor uit dat Suid-Afrikaanse mier- en termietspesies “net so interessant [is] as enigiets wat in Suid-Amerika ooit ontdek is” (p. 11),<sup>20</sup> wat ook daartoe bydra om die aktualiteit van die onderwerp vir die Suid-Afrikaanse leser op die voorgrond te plaas. In die res van die teks word telkens van die wonder van die verskynsels melding gemaak. Oor die termietswerms in vlug, wat Marais moontlik gesien het tydens sy reis terug na Suid-Afrika ná sy verblyf in Europa (kyk 5.3), skryf hy soos volg:

Dit is 'n wonderlike natuurstudie om in die onbewoonde Middel-Afrika die vlieg van die miere te aanskou. Binne 'n paar minute krioel die oppervlakte van die aarde met lewe; insekte en diere storm op die fees toe. Diep uit die aarde kruip paddas, slange, koggelmanders, akkedisse en ander reptilia. Hoe hulle almal tyding kry, weet ek nie. Die skilpad selfs word wakker en kom jaend te voorskyn. Insekte van alle soorte – reuse-kriekes, kewers, oorkruipers, spinnekoppe, skerpioene – wemel deur die gras. Almal het 'n uitnodiging gekry na die groot maaltyd. In die water, net onder die oppervlakte, loer en wag duisende visse en waterskilpaaie. Uit die bosse sluip jakkelse, katte, meerkatte, ape, bobbejane; selfs die vorstelike tier kom gapend maar geïnteresseerd te voorskyn (pp. 94–95).

Die slot van *Die siel van die mier* is een van die aangrypendste in sowel Marais se wetenskaplike as sy belletristiese oeuvre. In die laaste hoofstuk word vertel van die termietnes wat in 'n huis in Aloisstraat, Pretoria, oopgegrawe is en waar Marais geleentheid gehad het om etlike dae lank die koningin dop te hou. Die hoofstuk bevat beskrywings van die leefwyse van die koningin en van die immerteenwoordige beweging van die ander miere in die nes. Uiteindelik was die tyd wat aan Marais gegun was om die miere dop te hou egter verby en moes die koningin verwyder word:

En dit was die einde van ons waarneming. Die werksmense het hulle intussen met die uitgraving en verwydering van swamtuine in ander kamers besig gehou, maar nou was die tyd aan ons toegestaan, verstreke. Die koningin is uit haar halfsel gegrawe en gevanklik weggevoer (p. 182).

Marais bou die storie op tot by die finale uithaal van die koningin uit die holte waar sy gebly het. Die slotreël is duidelik geskryf deur iemand wat nie net “wetenskaplik” wou formuleer nie: “Die koningin is uit haar nes verwyder en is gevanklik weggevoer.” Twee van Marais se bekendste tekste, naamlik “Diep rivier” (in *Die leeus van Magoeba en ander verhale*) en *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* eindig stomp en enigszins onbevredigend, sodat kritici hulle al daarvoor uitgelaat het. Daarenteen eindig *Die siel van die mier* op 'n wyse wat iets suggereer

van die verteller se noue betrokkenheid by haar wel en wee en 'n gevoel van verlies oor die wegvoer van die termietkoningin. Die slot van *Die siel van die mier* versterk ongetwyfeld die eenheid van die teks. Die volgende woorde van Locke (1992: 200) oor die slot is in hierdie geval volkome gepas:

There are rhetorics of ending – rhetorics that signal completion, finality, working out, bringing together, wrapping up. Such rhetorics demand that as the writing ends the argument too must end, must intone a final ‘amen.’ In this gamesmanship of ending, the writer extends the closure of the argument to the great dialogue of which it is a part. The arguments of all preceding writers are situated, contained, absorbed in the writer’s own contexts. In a triumph of assimilation, the dialectic is overthrown, the last word is finally said, and the end-sayer alone remains, the last survivor, the king on the hill.

In die slothoofstuk van *Die siel van die mier* slaag Marais daarin om sowel sy wetenskaplike as sy literêre leser te bevredig. Marais verskaf inligting oor die koningin en vertel van waarnemings wat uniek en sonderling is. Daar word getrou gebly aan dit wat in die eerste hoofstuk in die vooruitsig gestel is. Die beskrywing van die termietkoningin in haar nes was waarskynlik die eerste sodanige beskrywing in die wêreld. Maar die vertelling word ook op so 'n manier aangebied dat dit die leser met verwondering laat en hom/haar laat deel in die gevoel aan verlies by die weggaan van die koningin.

Die leser van sowel Marais se belletristiese as sy wetenskaplike geskrifte is telkens verwonderd oor die verskeidenheid style en vorme waarin Marais hom kon uitdruk. Die leser kan selfs wonder of dit dieselfde mens is wat al hierdie tekste geskryf het. Hierdie mening is by geleentheid deur Botha en Snyman (1983: 44) ten opsigte van die belletristiese verhale “De boom in het midden van den hof” en “Klein Riet-alleen-in-die-Roerkuil” geopper. As 'n mens binne Marais se wetenskaplike prosa *Die siel van die mier* byvoorbeeld sou vergelyk met Marais se werk oor die bobbejane, is daar ook groot verskille waarneembaar.

*Die siel van die mier* is 'n virtuose stuk skryfwerk waarin veral die gesprek met die leser voorop staan om hom met verwondering te vervul oor al die wonderbaarlikhede wat Marais gesien het. Marais is egter nooit patronerend of

neerbuigend nie. Daar kom dikwels 'n liriese teks tot stand deurdat die skrywer soms naby kom daaraan om verbeeldingryk voort te borduur soos Von Frisch (kyk 1954: viii) hom voorgeneem het om dit nie in sy eie *The dancing bees* te doen nie. Dit word veral bewerkstellig deur van literêre tegnieke gebruik te maak. Tog is die leser voortdurend daarvan bewus dat hy/sy te doen het met die werk van 'n skrywerwetenskaplike wat sy waarnemings noukeurig wil weergee.

Die hedendaagse leser se verwagtingshorisonne is verryk deur die paradigmaverskuiwings van die tweede helfte van die twintigste eeu. Vandag kom *Die siel van die mier*, by wyse van spreke, uitdagend voor Von Frisch te staan met vrae oor die manier waarop ons ons waarnemings kan ken en daarvoor kan skryf. Kyk en sien is immers ook gelyk aan interpretasie. Die skrywer, en sekerlik ook die wetenskaplike skrywer, neem besluite wat dikwels deur konvensies van 'n bepaalde era (dikwels letterlik!) bepaal en voorgeskryf word oor die wyse waarop die werklikheid voorgestel word. Von Frisch se dansende bye (wat 'n pragtige, poëtiese titel!) word deur Von Frisch se oë gesien, al kyk hy ook modernisties en "objektief" na hierdie insekte (of probeer hy so na hulle kyk).

Die wyse waarop Marais literatuur en wetenskap in *Die siel van die mier* tot spreke bring, kan as 'n kreatiewe manier gesien word waarop hy op die werklikheid gereageer het wat hom aan hom geopenbaar het. Het hy nie juis op hierdie manier dalk beter daarin geslaag as ander wetenskaplikes wat moontlik nie so sensitief soos hy was (en dikwels nog is!) vir vrae in verband met die wyse waarop ons oor ons waarnemings kan en moet verslag doen nie? Dit is geen wonder nie (maar is wel 'n wonder!) dat Marais met onder meer 'n teks soos *Die siel van die mier* gehelp het met die vestiging van 'n nuwe dissipline, naamlik die etologie, wat nie net van dieregedrag rekenskap gee nie, maar ook van die wyse waarop hierdie waarnemings aangebied word.

## 5.7 Betekenis

In hierdie afdeling is gepoog om die betekenis van *Die siel van die mier* te bepaal aan die hand van 'n aantal uitsprake wat in die verlede deur sowel letterkundiges



as natuurwetenskaplikes oor die boek gemaak is.

Uit die resepsie van *Die siel van die mier*, en veral uit die geskiedenis van Maeterlinck se plagiaat, het dit duidelik geblyk dat die teks reeds in 1928 op 'n besondere manier gekanoniseer is. Marais tree sonder twyfel as die "held" uit hierdie verhaal (kyk 5.5), terwyl Maeterlinck die "skurk" is wat Marais se teorie gesteel het. In min besprekings wat daar oor die jare heen van *Die siel van die mier* verskyn het, word daar nie na hierdie polemieke verwys nie. Daar kan min twyfel bestaan dat die Maeterlinck-kwessie uiteindelik baie daartoe bygedra het om Marais se naam internasionaal te vestig en om die belangstelling in hom en sy werk lewendig te hou. Die feit dat min indringende navorsing gedoen is om die volle "verhaal" oor die plagiaat te ondersoek en te vertel, het daartoe bygedra dat heelwat onopgeloste kwessies lank in die lug gehang het.

Uit hierdie twis het Marais as oorwinnaar uit die stryd getree, soos enkele ander wetenskaplikes in die verlede: Copernicus in sy stryd teen die Katolieke kerk, T.H. Huxley in sy konfrontasie met biskop Wilberforce van die Anglikaanse Kerk, en Albert Einstein in die polemieke met Niels Bohr. Maeterlinck het die beeld van Marais as skrywer en veral as wetenskaplike op 'n aweregse manier 'n groot hupstoot gegee.

Sedert die verskyning van *Die siel van die mier* in boekvorm het die werk 'n wye leserspubliek gehad danksy die feit dat die boek vir talle Afrikaans-leerlinge op hoërskool as literêre werk voorgeskryf is. Ironies genoeg het Leon Rousseau dit in *Die beste van Eugène Marais* (1996: 191) nodig gevind om *Die siel van die mier* te verkort om die teks "leesbaarder" te maak. Vroeër het duisende hoërskoolleerlinge die boek in onverkorte vorm gelees en oënskynlik nie daarmee probleme gehad nie.

Wat verder betekenisvol is in verband met sowel die resepsie as die wye voorskryf van die *Siel van die mier*, is die feit dat, sover ek kon vasstel, Marais se openlike ondersteuning van Darwin se beskouinge nie daartoe gelei het dat die werk onaanvaarbaar bevind en/of van voorskryflyste verwyder is nie. Hierdeur is Afrikaanstaliges blootgestel aan nuwe idees in die wetenskap en het hulle ook in die vak Afrikaans daarmee kennis gemaak. Dit geld eweseer ten opsigte van sy werk oor die bobbejane (kyk hoofstuk 6).

Volgens die Suid-Afrikaanse entomoloog Erik Holm (1988: 268) is die

“verdeeldheid oor Marais as wetenskaplike [...] só kras dat dit enige navorser se nuuskierigheid behoort te prikkel”. Holm (1988: 270) bespreek Marais as generalis binne die konteks van sy “spesialis-generalis-model”. Marais pas inderdaad goed in hierdie model en verpersoonlik sowel die positiewe as die negatiewe eienskappe daarvan. As generalis was Marais egter besonder ontvanklik vir ’n verskeidenheid invloede wat hy “almal” in sy werk opgeneem het. Sodoende het hy nie geskroom om die twee “onversoenbaarhede”, naamlik literatuur en wetenskap, te versoen nie.

Maar hoe belangrik was Marais se wetenskaplike bydrae?

In sy invloedryke *The insect societies* (1971) wy Edward O. Wilson (1971: 318), ongetwyfeld een van die wêreld se voorste wetenskaplikes, ’n bespreking aan die konsep van die superorganisme. Volgens Wilson (1971: 317) was die konsep tussen 1911 en 1950 ’n dominante tema in die literatuur oor sosiale insekte. Hy vervolg:

Then, at the seeming peak of its maturity it faded, and today it is seldom explicitly discussed. Its decline exemplifies the way inspirational, holistic ideas in biology often give rise to experimental, reductionist approaches that supplant them.

Die konsep van die superorganisme is die eerste keer in 1911 deur William Morton Wheeler in sy essay “The ant colony as an organism” gebruik. Volgens Wheeler is “the animal colony [...] an organism and not merely the analogue of the person” (aangehaal in Wilson, 1971: 317) en het die mierkolonie ’n aantal belangrike kenmerke wat dit as ’n organisme kwalifiseer. In 1928 begin hy die sosiale insekkolonie ’n superorganisme noem.

Wilson (1971: 318) voer aan dat Maeterlinck en Marais “in a more lyrical fashion” met die idee van die superorganisme omgaan. Hoewel Marais die konsep “from his own observations of termites” ontwikkel het, het Wheeler egter eerste op die idee gekom en verdien hy prioriteit. Marais se ongelukkigheid oor Maeterlinck se oorname van sy idee van die eenheid van die termietnes is dus vir Wilson wetenskaplik van weinig belang. Wilson (1971: 318) stel dit soos volg:

During the later years of his life, Marais claimed that his idea had been

stolen by Maeterlinck, and his case has more recently been melodramatically championed by Robert Ardrey in his best-selling book *The Territorial Imperative*. But it is all just a tempest in a teapot. Wheeler was clearly the architect of the idea, for what it is worth, and neither Marais nor Maeterlinck had any claim for priority or visible effect on later students of social insects.

In 'n onlangse publikasie, *In search of nature*, brei Wilson (1998a: 68) verder hierop uit asof hy hom vir oulaas tot Marais wend:

[T]hose of us who study social insects have never been able to find a common centre. No individual – not even the queen, an oversized creature concerned mainly with reproduction – lays plans for the colony as a whole. No one, for example, designates which ants will specialize as guardians of the nest. Instead, the activity of an ant colony or beehive is the summation of a vast number of personal decisions by individual ants [and bees – JLM].

Erik Holm (1989: 7) oordeel egter meer gunstig oor Marais se bydrae, en vat sy opinie soos volg saam:

Op hierdie vraag, wat Eugène Marais as wetenskaplike bygedra of nagelaat het, kan 'n mens [...] eerstens nou antwoord: 'n hele klompie pioniersinsigte, en interessante en soms tot vandag toe nog ongetoetste idees. Maar ons weet dit is nie al nie. Marais maak, ook as wetenskaplike, 'n besondere indruk op elkeen wat hom lees. Ek weet nie presies wat hierdie respek afdwing nie, maar ek vermoed dit het (soos by alle 'groot' figure) iets te doen met die man se moed. Is dit nie waarom ons beide die held en die martelaar bewonder nie? En bowenal dié wat albei verpersoonlik – die Christus- en Prometheus-figure. Marais het die moed om hom in 'n kil, meedoënlose natuur te verdiep en homself daarmee te identifiseer. Wanneer hy die pyn en die doodstryd van 'n termietkolonie beskryf, beleef hy sy eie pyn en dood. As hy diere (feitlik altyd hipnoties of chemies) aan eksperimente onderwerp, doen hy dit geestelik aan homself. In die vorm van die snuitsoldaat se kop sien hy selfs die hipodermiese spuit. Met 'n houding wat alles behalwe onbetrokke is, wat ek liefs wil beskryf as *moedig*, kyk hy in die natuur in soos in sy eie spieëlbeeld.

Hy doen dit vrywillig. In ons tyd leer ons onder dwang dit verwerk waarmee Marais vrywillig geworstel het: ons leer aanvaar dat ons met tegnologiese truuks nie kan ontkom aan harde ekologiese wette nie.

So gesien, berus die verering van Marais, selfs as wetenskaplike, miskien eerder en eerliker op 'n welverdiende heldeverering, as op streng wetenskaplike meriete.

Du Toit (1940: 182) het *Die siel van die mier* as “ongetwyfeld die belangrikste wetenskaplike werksaamheid waarvan Marais die resultate uitgewerk het”, beskou. Al het die publikasie van *The soul of the ape* in 1969 en die belangrikheid van navorsing oor die groot primate gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu Marais se werk oor die bobbejane beter genuanseer, bly *Die siel van die mier* 'n sleutelteks in sy oeuvre. Daarvoor sou die fel reaksie deur 'n aantal prominente persone sorg. Dit is ook nie verniet een van die boeke waarvan ten minste die titel by tienduisende Afrikaanssprekendes bekend is nie.

Aangesien die etologie 'n vertakking van die wetenskap is wat die gedrag van diere in die natuur waarneem, bring dit die ondersoeker in aanraking met 'n aantal faktore wat vir die breë publiek van belang is. Etologiese navorsing word dikwels in verafgeleë, ongerepte dele van die wêreld onderneem. Wetenskaplikes wat oor hulle ervarings verslag doen, vertel meermale van die besondere omstandighede waaronder hulle hulle werk gedoen het. Hierdie soort tekste leen hulle waarskynlik ook daartoe om die aandag en belangstelling van die algemene leserspubliek te trek. Marais se *Die siel van die mier* en sy geskrifte oor die primate sluit by hierdie tradisie aan, en kan selfs as betekenisvolle voorlopers in hierdie “genre” gesien word.

Vanuit 'n literêre oogpunt gesien, is die volgende tipering deur Du Toit (1940: 189) die moeite werd om in 'n tipering van Marais se wetenskaplike prosa aan te haal:

Op die stuk van die wetenskap het Marais tot ons letterkunde bygedra soos ons belletrie deur sy vriend Preller op die gebied van die geskiedenis verryk is.

## 5.8 Samevatting

*Die siel van die mier* het aanvanklik gedurende 1925, 1926 en 1931 as 'n reeks artikels in *Die Huisgenoot* verskyn voordat dit in 1934 in boekvorm uitgegee is. Die artikels was uit die staanspoor baie gewild by die Afrikaanse leser en het wyd aandag getrek. Daar is selfs genoeg getuienis dat die Belgiese Nobelpryswenner Maurice Maeterlinck die artikels voor die publikasie in 1926 van sy boek oor miere, *La vie des termites*, onder oë moet gehad het, en hom aan aspekte daarvan gehelp het – 'n gebeurtenis wat “die populêre verbeelding sou aangryp soos min ander dinge in Marais se lewe” (Rousseau, 1984c: 393). *Die siel van die mier* is telkens herdruk en selfs vir geslagte hoërskoolleerlinge voorgeskryf. Nadat die etologie as wetenskap internasionaal erkenning begin kry het, het die boek 'n tweede asem gekry en is daar opnuut aandag aan Marais se navorsing gegee. Uit die voorafgaande behoort dit duidelik te wees dat *Die siel van die mier* 'n seminale teks is wat om nadere beskouing vra.

Marais se werk oor die termiete en spesifiek *Die siel van die mier* het van die begin af wye aandag geniet. Die oorspronklike gedagte was dan ook om vir 'n wye leserspubliek te skryf. Interessant genoeg het talle ander etoloë wat ná Marais geskryf het, ook hulle werk aan 'n wye leserspubliek gerig. Hierdie werk word nog steeds as deel van die korpus literatuur oor die wetenskap gereken. “Populêr” beteken hier nie “niewetenskaplik” nie.

In sowel die Afrikaanse literatuur as in die wetenskaplike wêreld in Suid-Afrika is daar nog heelwat te leer. Al is dit net om te sien hoe paradigmaverskuiwings ons kan dwing om anders na 'n teks soos *Die siel van die mier* te kyk.

## AANTEKENINGE

1. “Honey was, and still is, a very important food item for the indigenous peoples and swarms of bees, therefore, also had their importance as subjects for the artists” (Rudner & Rudner, 1970: 181).

2. In die lig van die bespreking in 2.5 verraai dit 'n tipiese modernistiese benadering tot die wetenskap.
3. Die brief wat Marais saam met die termieteksemplare aan Preller gestuur het, maak deel uit van die Preller-versameling (TAD A. 787, p. 95) in die Transvaalse Argiefburo. Ek is aan Sandra Swart (1999: 4) dank verskuldig vir hierdie inligting.
4. Swart (1999: 6) se poging tot 'n revisionistiese interpretasie van Marais se entomologiese geskrifte verlei haar selfs daartoe om sy werk as "ethnic science" te stereotipeer. Swart hou in haar referaat onder meer nie rekening met die feit dat Marais 'n beduidende aantal artikels in Engelstalige publikasies laat verskyn het nie.
5. Die wetenskaplike naam wat Marais (1934: 12) vir een van die termiete gebruik wat hy bestuder het, naamlik die Natalse termiet, is *Termes natalensis*. Die naam is intussen na *Macrotermes natalensis* verander. Oor hierdie termietspesie skryf Skaife (1992: 35) soos volg:

The fungus-growing termite *Macrotermes natalensis* usually builds covered runways when it comes out of the surface to feed and it will carry back to the nest supplies of dry grass, dead leaves, twigs and dung, but its chief food supply consists of any dry timber it can find. [...]

The enormous queen of *Microtermes natalensis*, up to 10 cm in length, and her consort (who is only about 25 mm long), are prisoners in a thick-walled royal cell situated in the heart of the nest cavity, below the fungus gardens. The queen is constantly attended by a number of workers who lick and feed her and carry away the eggs as she lays them. The tunnels leading into the royal cell are wide enough for the workers and soldiers to pass through but far too narrow for her; perhaps an academic observation only, because she is immobilised by her obese abdomen.

Hierdie beskrywing gee ons 'n redelik goeie beeld van hoe die termiete gelyk

het waarmee Marais te doene gekry het en wat hulle gedrag was.

6. Gustav Preller, die redakteur van *Ons Vaderland*, het aan Marais 'n paar dae verlof toegestaan, want “volgens hom moet die termiete dag en nag dopgehou word” (Rousseau, 1984c: 420).
7. In 'n brief van 21 Desember 1921 aan sy seun maak Marais 'n soortgelyke uitspraak.
8. “As jy in 'n huis geslaap het waar [...] termiete aan die werk was, sal die geluid jou goed bekend wees. Dit is 'n vinnige tik-tik-tik. Jy kan dit ook waarneem deur 'n mikrofoon in 'n miershoop te laat afsak deur 'n ingeboorde gat” (p. 27).
9. Marais beskryf hoe hy met 'n mikroskoop 'n termiet “anatomies nagaan” het (p. 27) om vas te stel watter soort gehoorstel hy het. Hy ondersoek ook “die groot groen oorkruiper wat in tropiese dele van ons land aangetref word” (p. 55) om vas te stel wat die lumineuse vlekke veroorsaak. Marais skryf soos volg:

Onder 'n lae vergroting van die mikroskoop blyk dit dat die lig uitstraal van twee lumineuse vlekke naby die uiteindes van elke segment (p. 56).

Daarop volg 'n visuele en boeiende beskrywing van die lig wat in “gedurige beweging” is. Met die “mikroskoop en skeikundig” (p. 103) het Marais die spysverteringstowwe onderskei wat in die termiete se paddastoeplantasie voorkom, en ondersoek hy ook 'n *Eutermes*-soldaat om vas te stel of hy met sy monddele “in staat is om droë gras fyn te kou en in te sluk” (pp. 156 en 168).

10. “Met 'n goeie vergrootglas sal die ondersoeker sien dat vir elke steentjie wat 'n mier neerlê, hy uit sy eie liggaam 'n druppel vloeistof gebruik wat die samestelling vasbind” (p. 76).
11. Vir Durrell en Durrell (1983: 255) is die notaboek “one of the most important of tools for the naturalist”.
12. Volgens Rousseau (1984c: 492) was “dr. Winifred de Kok, 'n nooi van Bethlehem in

die Vrystaat, waar haar pa lank magistraat was. Sy is na Engeland om haar as dokter te bekwaam, en daarna het sy ses maande in Wenen by Stekel in die sielkunde gespesialiseer. Sy is getroud met Alfred Edward Coppard, 'n skrywer wat in die jare dertig hoë aansien geniet.”

13. Volgens S.H. Skaife (1992: 47) is “white ant” ’n verkeerde benaming vir die termiet.
14. S. Bourgeois se vertaling in Frans van *Die siel van die mier* is in 1938 onder die titel *Moeurs et coutumes des termites* gepubliseer. Die Duitse vertaling deur M. van der Groeben onder die titel *Die Seele der weissen Ameise* het ’n jaar later, in 1939, verskyn en is daarna twee maal herdruk. In 1968 word L.B. Wilcock se Italiaanse vertaling onder die titel *L'anima de'la formica blanc* gepubliseer.
15. Maurice Maeterlinck (1862–1949) is in Gent in België gebore, waar hy hom tussen 1882 en 1885 op sy vader se aandrang aan die destyds Franstalige Universiteit Gent in die regte bekwaam het. Hoewel hy van ’n baie ou Vlaamse familie afstam, het Maeterlinck van vroeg af uitsluitlik in Frans geskryf. Kort na die voltooiing van sy graad gaan hy na Parys en maak hy daar met skrywers soos Stéphane Mallarmé, Villiers de l'Isle Adam en J.-K. Heysmans kennis. Veral die simboliste onder hulle het ’n groot invloed op hom uitgeoefen. Hoewel Maeterlinck ’n tyd lank in Gent in die regte gepraktiseer het, sou hy sedert 1897 hoofsaaklik in Frankryk woon. Maeterlinck het poësie, essays en monografieë oor onder meer bye (*La vie des abeilles*, 1901) en miere (*La vie des termites*, 1926) geskryf, maar veral as dramaturg naam gemaak. Sy twee bekendste dramas is *Pelléas et Mélisande* (1892) en *L'oiseau bleu* (1905). Die Franse komponis Claude Debussy (1862–1918) het eersgenoemde drama in 1902 as libretto vir sy opera met dieselfde titel gebruik. Albei dié dramas het baie bygedra tot die toekenning van die Nobelprys vir Literatuur aan hom in 1911 (kyk Cap, 1990).

Aangesien daar dikwels in die Afrikaanse literêre en akademiese wêreld geringskattend na Maeterlinck verwys word, is dit vanpas om enkele uitsprake oor sy statuur as skrywer aan te haal. Volgens Martin Seymour-Smith (1985: 435) is Maeterlinck “the Belgian writer who achieved the widest international fame”. Biruta Cap (1990: 250) som sy bydrae soos volg op:

His influence was considerable on French and world literature. His



deep spiritual inclination; his probing of man's inner world of dreams, desires, and anguish; and his ability to use fairy tale structure and motives, rather than classical myths, to express the collective unconscious have had a major impact on the artistic imagination in the twentieth century. Maeterlinck's often mentioned eclipse from the critical limelight may not be an accurate indicator of his lasting contribution, especially in view of the fact that it corresponds to the falling from favor after World War I of the entire symbolist movement.

16. Ek maak in hierdie bespreking gebruik van die Engelse vertaling van *La vie des termites*, getiteld *The life of the white ant*, aangesien dit die teks is wat Marais onder oë gehad het en waarop hy gereageer het.
17. “*The life of the bees*, one of Maeterlinck's most popular works – which does not purport to be a scientific treatise and yet is free from error – draws parallels between the bee and man” (Knapp, 1984: 304).
18. Dat Maeterlinck se plagiaat in *La vie des termites* sy aansien as skrywer wel beïnvloed het, blyk uit Seymour-Smith (1985: 436) se verwysing na Maeterlinck se “pseudo-scientific (and plagiaristic) meditations on ants, bees and aspects of nature”.
19. Du Toit (1940; 184) wy byna sy hele bespreking oor *Die siel van die mier* aan Maeterlinck se vermeende plagiaat.
20. In reaksie, natuurlik, op dr. Hesse se artikel in *Die Huisgenoot* (18.9.1925) wat hoofsaaklik oor miere en termiete elders in die wêreld handel.

## HOOFSTUK 6

### MARAIS SE WETENSKAPLIKE PROSA OOR BOBBEJANE

#### 6.1 Inleiding

Marais se geskrifte oor die bobbejane van die Waterberg is van ten minste net soveel belang as sy werk oor die termiete. Naas sy entomologiese navorsing het hy met sy navorsing oor bobbejane dus nóg 'n onderwerp grondig leer ken: die gedrag van die primate. Met hierdie navorsing het Marais hom gevoeg by talle ander twintigste-eeuse navorsers vir wie die studie van primate van besondere betekenis was, want sedert die negentiende eeu “such spokesmen as Huxley and Darwin firmly confronted the Western world with the extraordinary pertinence of the apes for understanding man’s own biological history” (DeVore, 1965: vii). Volgens Jane Goodall (1988: 6) het die Keniase antropoloog en paleontoloog L.S.B. Leakey haar in 1960 oorreed om met navorsing oor sjimpansees te begin, omdat “an understanding of chimpanzee behavior today might shed light on the behavior of our stone age ancestors”.

Veral gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu het 'n opvatting posgevat dat navorsing oor die gedrag van die primate lig kan werp op 'n groot deel van die mens se geskiedenis waarvan daar geen geskrewe geskiedenis of artefakte bestaan nie. Alison Jolly (1972: 2), wat in haar boek ook Marais se navorsing bespreek, som dit soos volg op:

All written history is the chronicle of a *nouveau riche*, abruptly risen to dictatorship of this planet – not what we are, but what we have made ourselves. Our earlier history, the part without writing or artifacts, can only be deduced from what we do and what our primate relatives do – the hieroglyphics of the chimpanzee’s whimper and the baby’s smile.

Sedert die sestigerjare van die twintigste eeu het die populêr-wetenskaplike

geskifte van Jane Goodall, Dian Fossey en Biruté F.M. Galdikas oor hulle jare lange studie van onderskeidelik die gedrag van sjimpansees, berggorillas en orangoetangs die publiek met nuwe oë na veral die groot primate laat kyk. Aldrie hierdie vroue was protégées van Leakey (kyk Montgomery, 1991) en het groot opofferings gemaak en baie geduld aan die dag gelê om hulle waarnemings te maak. Terselfdertyd was die etologie reeds betreklik goed as 'n wetenskaplike dissipline gevestig en ontvang Konrad Lorenz, Niko Tinbergen en Karl von Frisch in 1973 gesamentlik die Nobelprys vir Fisiologie en Medisyne vir hulle ontdekkings met betrekking tot “organization and elicitation of individual and social behaviour patterns” (Karolinska Institutet, 1973: 1).

Maar hoe pas Marais se geskifte oor die primate by hierdie geskiedenis van die etologie en die soeke na die oorsprong van die mens in? Wat is al oor hulle gesê? Hoe het Marais sy verhale oor wat hy van die bobbejane gesien, gelees en gehoor het vir ons vertel? Watter betekenis kan ons vandag aan sy geskifte heg? Watter waarde het hulle nog vir ons? En watter rol het Marais se literêre vaardighede in die totstandkoming van sy wetenskaplike geskifte gespeel? Dit is die soort vrae waarop ek hoop om in hierdie hoofstuk antwoorde te verstrek.

In die hoofstuk word pertinent aandag gegee aan Marais se *Burgers van die berge* (1938); die vier artikels in *Die Banier*, bylae tot *Die Brandwag* (in *Natuurkundige en wetenskaplike studies*, 1928a); die reeks artikels onder die titel “Die siel van die aap” (in *'n Paradys van weleer en ander geskifte*, 1965b) en *The soul of the ape* (1969). Die omstandighede waarin die tekste tot stand gekom het, die manier waarop Marais die navorsing gedoen het, die publikasiegeskiedenis van die tekste, die ontvangs van die publikasies en die wyse waarop die tekste aangebied word, sal ter sprake kom. Daarna sal die betekenis van die tekste na aanleiding van die voorafgaande bespreking bepaal en die hoofstuk met 'n samevatting afgesluit word.

## 6.2 Ontstaansomstandighede

Marais se geskifte oor die primate moet teen die agtergrond van 'n lang en

verwikkelde belangstelling by die mens in dié onderwerp gesien word: “The history of mankind’s fascination with the other members of the primate order is a rich and diverse record of achievement” (Maple, 1979: 29). Oor die talle vreemde verhoudings wat in die geskiedenis tussen die mens en die primate ontwikkel het (bv. as heilige diere in antieke Egipte), het Ramona en Desmond Morris ’n fassinerende boek gewy, naamlik *Men and apes* (1966). Daarin word ’n gebalanseerde oorsig gegee van die mens se wetenskaplike omgang met die primate, sodat die ware feite oor hulle bestaan naas dié in die mitologie, fiksie en fantasie beskou kan word.

Sedert die begin van die Weste se kennismaking met onbekende gebiede in Afrika, Asië en Suid-Amerika het reisigers belangstelling in die inheemse fauna in dié gebiede getoon.<sup>1</sup> Moeite is gedoen om voorbeelde van hierdie spesies na Europa terug te neem waar hulle deur wetenskaplikes bestudeer kon word. Oor hierdie aktiwiteite skryf Terry L. Maple (1979: 30) soos volg:

The monkeys and apes were particularly sought and were the objects of much discussion. Where possible, monkeys were brought back as pets or as objects of display in zoos and menageries. European anatomists were especially interested in the dissection of these animals for comparison to aspects of human structure.

Gebrekkige kennis en wanopvattinge was egter aan die orde van die dag, omdat min eerstehandse kennis bestaan het wat op waarnemings in die natuur gebaseer is. Daar sou vir ’n nuwe geslag wetenskaplikes gewag moes word om meer betroubare inligting oor die primate te bekom.

Hoewel heelwat belangstelling aanvanklik deur die anatomie van die primate gaande gemaak is, “the work of Darwin and other evolutionary theorists sparked an interest in the habits and ‘mental-life’ of these animals” (Maple, 1979: 33). Hierby het Marais se werk oor die primate aangesluit en het hy selfs ’n beduidende bydrae gelewer deur een van die eerste mense te word wat primate intensief in hulle natuurlike habitat bestudeer en daarvoor geskryf het.

Die meeste van Marais se navorsing oor bobbejane is tydens sy verblyf in die Waterberg onderneem, waar hy na alle waarskynlikheid al die waarnemings gemaak het waaroor hy later geskryf het. Hy het egter nie in sy geboorteland nie,

maar tydens sy studieverblyf van 1896 tot 1902 in Londen die eerste keer met primate kennis gemaak. Die twee soorte primate wat hy in dié wêreldstad bestudeer het, was ironies genoeg uit Afrika en Suid-Amerika afkomstig.

In *Burgers van die berge* maak Marais melding van 'n Suid-Amerikaanse marmoset en 'n sjimpanseetjie wat hy aangehou en goed leer ken het. Volgens Marais (1971: 54) was die marmoset “so klein dat sy maklik in my onderbaadjiesak kon pas. Sy was seker nie groter as ons gewone streepmuisie nie.” Volgens hierdie beskrywing was dit waarskynlik 'n dwergmarmoset (*Cebuella pygmaea*) van die reënwoorde langs die noord- en suid-oewer van die Bo-Amazone van Brasilië, Colombia, Ecuador, Peru en Noord-Bolivië (kyk Napier & Napier, 1985: 108) en nie die groter gewone marmoset (*Callithrix jacchus*) nie. Marais se beskrywing van die apie as die “kleinste aapsoort in die wêreld” (p. 54) stem ooreen met die stelling dat die dwergmarmoset “the smallest New World monkey” (Napier & Napier, 1985: 108) is. Volgens Michael Kavanagh (1983: 72) weeg die dwergmarmoset ongeveer 'n skrale 125 gram. Marais meld ook dat die marmoset graag met 'n poppie gespeel het. “Dit is die enigste van die ape wat, volgens my waarneming, die minste belangstelling in speelgoed of nagmaakte diere getoon het” (p. 54).<sup>2</sup>

Marais maak aanvanklik net terloops melding van die sjimpanseetjie. “Ek het eenmaal in Europa 'n sjimpansee-kleintjie grootgemaak [...]” (p. 27), skryf hy wanneer hy vertel van 'n eienaardige klein bobbejaantjie wat hy en sy reisgenoot, kommandant Jan Wessels, in die gebergte noord van die oog van die Palala in die Waterberg by 'n reisgeselskap gekry het. Later in *Burgers van die berge* skryf hy meer oor die sjimpansee (*Pan troglodytes*) en sê hy “kan maklik 'n boek met voorvalle saamstel” (p. 82). Volgens Adinda Eyssen (1951: 27) het Marais hierdie sjimpanseetjie by die Regent's Park-dieretuin in Londen gekry toe hy eendag daar “aankom en ontdek dat een van die klein sjimpanseetjies longontsteking het. Hy het die opsigter gevra of hy die diertjie mag saamneem huis toe om dit te versorg en verpleeg – Marais het ook 'n tyd lank in die medisyne gestudeer. – Hy vertel dat die diertjie net soos 'n kind kon huil en dat die mense hom gevra het van wanneer af hy dan 'n baba by hom in die kamer het.”

Marais (1971: 82–84) skryf verder hoe hy die sjimpanseetjie in die huis vrygelaat het wanneer hy self teenwoordig was. Spoedig het 'n noue band tussen die

sjimpanseetjie en die marmoset ontwikkel. Die sjimpanseetjie was boonop tot verskeie vaardighede in staat, byvoorbeeld om die toestel oop te maak wat die marmoset se kou gesluit het. Sy kon ook die marmoset se “kou van die plafon aan ’n ketting bokant die tafel, maar buite bereik van die sjimpansee” (p. 83) bykom deur die babastoeltjie waarop sy aan tafel gesit het en ’n beskuitkassie as hulpmiddels te gebruik:

Sy het eers die kissie op ’n gewone stoel langs die tafel gestoot. Toe het sy self op die tafel geklim en het die kissie tot by haar aan die hingsel opgetrek. Toe is die kissie met veel moeite op die boom van die babastoel gestoot en ’n minuut later was die marmoset op haar skouer!

Rousseau (1984c: 113)<sup>3</sup> sien (weliswaar uit ’n agterna-perspektief) besondere betekenis in Marais se aanhou en bestudering van die sjimpanseetjie:

Teen die onwaarskynlike agtergrond van Londen sien ons hier in Marais se vriendskap met primate iets feitlik ewe rewolusionêrs as sy latere bobbejaan-studie. Want Marais hou die sjimpansee nie as troeteldier aan nie, maar letterlik soos ’n kind in die huis. Sally kry selfs ’n hoë babastoel waarop sy aan tafel sit.

Die bestudering van primate deur hulle in die huisgesin op te neem, sal eers ’n halwe eeu later aanvaarde praktyk word.

Rousseau lê dus ’n duidelike verband tussen Marais wat die sjimpanseetjie in sy huis opgeneem het en sommige latere gevalle van mense wat dieselfde gedoen en boeke oor hulle ervarings geskryf het. “Quite often people who do attempt to rear young apes write books about them” (Morris & Morris, 1966: 92). Voorbeelde hiervan is Cathy Hayes se *Ape in the house* (1952), Heinrich Oberjohann se *My friend the chimpanzee* (1957) en P. Barnard se *Monkey in the house* (1960). Die meeste etologiese studies van primate in die twintigste eeu is egter van primate in gevangenskap (kyk Erwin, Maple & Mitchell, 1979) en vrylopende primate in hulle natuurlike habitat (kyk DeVore, 1965) gedoen.

Vir Rousseau (1984c: 113) is hierdie ervarings in Londen “die werklike begin

van *Burgers van die berge* en *The soul of the ape*". Hy vervolg:

Ook in Lynnwood House het hy [d.w.s. Marais – JLM] waarskynlik al apies of bobbejane aangehou, of albei, maar nog nooit het hy 'n primate so intensief en van so naby bestudeer as vir Sally nie. Tussen die sjimpansee – die intelligentste van alle primate – en die marmoset kry hy reeds in Londen 'n insig in sowel die intellektuele vermoëns as beperkinge van die primate, begin begryp hy iets van hulle persoonlikheid, hul 'siel'.

Marais se navorsing oor die Kaapse bobbejaan (*Papio ursinus*) is deur sy verblyf van 1907 tot 1916 in die Waterberg (kyk 3.5) moontlik gemaak. Hy het aanvanklik op die plaas Doornhoek gaan bly met die oog daarop om tin en platina te prospekteer. Kort voor lank het Marais (1971: 18) egter sy ideaal verwesentlik om "bobbejane van naby te bestudeer". Uit die voorafgaande bespreking is dit egter duidelik dat hy met primate kennis gemaak het lank voor hy hom in die Waterberg gaan vestig het. Ná sy Londense verblyf was Marais in staat om sy nuwe ervaring intellektueel te verwerk. Dit wat hy van die primate leer ken het, het onmiddellik sy wetenskaplike belangstelling en nuuskierigheid geprikkel.

Marais se skryfwerk aan sy *magnum opus* oor die bobbejane, naamlik *The soul of the ape*, het waarskynlik begin terwyl hy byna 'n jaar lank op Boshof by sy broer Charles Marais gebly en geneeskundige behandeling vir sy morfiënverslawing ontvang het. Rousseau (1984c: 285) stel dit soos volg:

[H]ier op Boshof, in die jaar 1916, begin hy skryf aan die groot filosofiese werk wat hom wêreldberoemd moet maak. Hy het reeds 'n oorspronklike, uitdagend vrysinnige titel gevind: *The Soul of the Ape*.

Darwin het dit gehad oor fisiologiese ewolusie. Sy werk, gebaseer op sy bobbejaanstudies en proefnemings in hipnose, sal handel oor die ewolusie van die menslike siel.

Marais het ná sy verblyf in die Waterberg weer op die Springbokvlakte en as advokaat by die Pretoriase Balie voortgegaan om aan die manuskrip van *The soul of the ape* te werk (kyk Rousseau, 1984c: 293 en 300–302).<sup>4</sup> Onder die titel van die

handgeskrewe manuskrip van *The soul of the ape*<sup>5</sup> het Marais geskryf: “For the Smithsonian Institution, Washinton [sic – JLM] U.S.A.” Dit is dieselfde instansie wat in 1914 Marais (1972a: 16–33) se artikel, “Notes on some effects of extreme drought in Waterberg”, in hulle jaarverslag opgeneem het (kyk 7.4) en sodoende aan hom die eerste erkenning vir sy wetenskaplike werk besorg het. Marais se voorneme om vir die Smithsonian Institution oor bobbejane verslag te doen, beteken dat hy ’n duidelike voorneme gehad het om ’n wetenskaplike werk en wetenskaplike prosa te skryf.

Gedurende die 1920’s en 1930’s publiseer Marais ook drie artikelreekse in *Die Brandwag*, *Die Huisgenoot* en *Ons Vaderland* wat op sy waarnemings van bobbejane in die Waterberg en besinning oor hulle gedrag gebaseer is (kyk 6.4). Hierdie werk het voortgekom uit die publikasiegeleenthede wat verskillende koerante en tydskrifte aan hom gebied het en ’n mens kan aanneem dat die aard van dié populêr-wetenskaplike tekste van *The soul of the ape* verskil (kyk 6.6).

Die skryf van *The soul of the ape* moet vir Marais ’n belangrike projek gewees het. Sy doel was immers, soos reeds genoem, om dit vir die Smithsonian Institution vir publikasie te stuur. Ook die hoeveelheid tyd, gesprekke en korrespondensie wat hy daaraan gewy het, getuig daarvan dat hy met dié werk iets buitengewoons in gedagte gehad het. Hy het byvoorbeeld betreklik lank aan die eerste, handgeskrewe weergawe van die teks gewerk (1915–1919)<sup>6</sup> en daar het meer as een weergawe van dele van die teks tot stand gekom.<sup>7</sup> Nadat die manuskrip die eerste keer deur Marais se seun oorgetik is, het Marais nog sporadies tot in 1927 daaraan gewerk.<sup>8</sup> Hiermee het Marais geïllustreer dat hy sy eie voorskrif, naamlik dat ’n skrywer aan sy gedigte moet werk (kyk 4.3), nie net op sy eie poësie van toepassing gemaak het nie,<sup>9</sup> maar dieselfde eis ook aan sy wetenskaplike prosa gestel het. Ongelukkig het geen kopie van die weergawes waaraan Marais ná 1919 gewerk het behoue gebly nie.

As verdere bewys van die erns waarmee Marais die skryf van *The soul of the ape* bejeën het, kan die gesprekke genoem word wat hy oor die onderwerp gevoer het. Toe Marais in 1915 op Boshof aan *The soul of the ape* begin werk het, het hy sy broer, Charles Marais, se sekretaresse, Alida Saunders, ’n stimulerende gespreksgenoot gevind, wat, soos hy, onder meer in Darwin se werk geïnteresseerd



was. Sy het ook Marais se korrespondensie in verband met die beoogde projek met die Smithsonian Institution vir hom getik (kyk Rousseau, 1984c: 285). Terwyl Marais tussen 1917 en 1921 as advokaat in Pretoria gepraaktiseer het, het hy ook graag oor die manuskrip gepraat. Volgens Rousseau (1984c: 315) het Marais die derde konsep van *The soul of the ape* “aan verskeie van sy kollegas by die Balie gegee om te lees, en dit met hulle bespreek”.

Dit is egter veral met sy seun wat Marais uitgebreide gesprekke en korrespondensie oor die projek gevoer het. “My pa het baie oor sy teorieë geargumenteer, later per brief,” het Eugène Marais jr. aan Rousseau (aangehaal in 1984c: 313) vertel. Op 21 November 1922 skryf Marais in ’n naskrif tot ’n brief aan sy seun: “The Baboon book (fourth & last reeus!) is now being typed by one of the girls in our office.”<sup>10</sup> In die briewe wat Marais op 14, 18 en 23 Desember 1922 aan sy seun geskryf het, skryf hy breedvoerig oor Weismann se teorie. Op 14 Desember 1922 het Marais soos volg geskryf:

I have never believed in his views because, for one thing, his denial of the transmission of acquired characteristics is not true. Fox-terriers are born with beautifully amputated tails. I myself have seen three such litters.

In ’n brief van 10 Januarie 1923<sup>11</sup> doen Marais navraag oor drie bobbejaanskedels waarvan hy foto’s wou laat neem “to illustrate the chapter on recapitulation”. Marais het sy seun as ’n waardige gespreksgenoot oor sy werk oor die primate beskou en het op hoë vlak gesprekke met hom oor dié onderwerp en kwessies wat daaruit voortgespruit het gevoer, al het hulle nie altyd saamgestem nie. Waarom Eugène Marais jr. nie daarin kon slaag om die publikasie van *The soul of the ape* deur te voer nie, bly steeds ’n raaisel.

### 6.3 Navorsing

Volgens ’n brief wat Marais op 24 Maart 1926 (aangehaal in Du Toit, 1940: 173) aan Wilhelm Spilhaus geskryf het, het hy hom behoorlik voorberei om die gedrag van bobbejane te bestudeer: “I had prepared myself by a three year course in nervous

disease and abnormal psychology.” Die spesifieke doel was om die gedrag van bobbejane te bestudeer.

Maar wat wou hy uitvind? Marais was in 'n verskeidenheid vorme van gedrag by die bobbejane geïnteresseerd, wat nou aangesluit het by sekere belangstellings wat vroeg reeds by hom bestaan het. Dit sluit die rol van aangeleerde gedrag in oorlewing, die uitwerking van dwelmmiddels en die rol van pyn in die natuur in. Nuwe ervarings sou egter in 'n groot mate bepaal wat die lesers uiteindelik in Marais se geskrifte te lese sou kry.

Oor waar Marais (1938: 23) hierdie navorsing gaan doen het, skryf hy in *Burgers van die berge* soos volg:

Die heer Alec Austin – 'n Transvaler wat in die veld groot geword het – en skrywer het enige jare na die Tweede Vryheidsoorlog 'n permanente woning ingerig in die hooggeleë valleie tussen die dubbele gebergtes van die welbekende plaas Doornhoek in Waterberg, waar tin later ontdek en jare lank bewerk is.

In hierdie kloof met sy ryke verskeidenheid blomme, boomvarings en wildevyebome het Marais en Austin 'n trop bobbejane goed leer ken en byna al die waarnemings gedoen waaroor hy in *Burgers van die berge* (1938), die artikelreeks “Die siel van die aap” in 'n *Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b) en *The soul of the ape* (1969) geskryf het. Die ruimte wat Marais vir sy navorsing uitgekies het,<sup>12</sup> was vir hom van besondere betekenis:

Die omgewing was 'n heerlike oord vir die doel wat ons beoog het en ek dink nie dat ek ooit in my lewe 'n gelukkiger tydperk deurleef het as die drie jaar wat ons in die gebergte van Doornhoek deurgebring het nie.

Volgens Marais het 'n trop van ongeveer driehonderd bobbejane in die kloof gewoon. Hulle “slaapplek was in die holte in die krans wat van voor deur die takke van een groot wildevy beskerm is” (p. 20). Marais en Austin kon “binne enkele maande” (p. 20) tussen die trop bobbejane deurloop. Die goedgesindheid van die trop kan daaraan toegeskryf word dat daar tydens die Anglo-Boereoorlog nie op hulle

geskiet is nie.

Marais maak die trop bobbejane aan hom en Austin gewoond deur die “uitstrooiing van mielies in die gras” (p. 20).<sup>13</sup> Hy leer sodoende die bobbejane so goed ken dat hy “elke volwasse dier geken en met sy naam en getal in ’n lys aangeteken het” (p. 21). Marais en Austin het ook die trop “dikwels op hul daaglikse reise deur die berge gevolg en deur verstrooiing van mielies elke nou en dan het ons die gang so vertraag dat ons kon byhou” (p. 21). Marais kon uiteindelik vasstel dat hierdie trop deur ’n “Raad van Elf” geregeer word (pp. 85–99).

Marais het die betekenis van die hoeveelheid tyd wat hy aan die navorsing bestee het, terdeë besef:

Gedurende die drie jaar het ons geleentheid gehad om meer kennis van die natuurlike lewenswyse van die bobbejaan op te doen as enige ander ondersoeker voor ons tyd waarskynlik kans toe gehad het. Juis daarom waag ek dit om die interessantste verskynsels in hulle lewensgeskiedenis hier te beskryf (pp. 26–27).

Dat Marais die hoeveelheid tyd wat hy aan die bestudering van die bobbejane gewy het aandui, is betekenisvol. Met die hedendaagse perspektief sou ’n mens moontlik kon sê dat sekere “leemtes” in Marais se werk moontlik toegeskryf kan word aan die relatief min tyd wat hy aan die bestudering van die bobbejane bestee het. Hy kon byvoorbeeld nie meer as een generasie bobbejane bestudeer nie. In vergelyking met byvoorbeeld Goodall, Fossey en Galdikas wat in werklikheid hulle hele lewe aan die bestudering van primate gewy het, is Marais se drie jaar relatief min.<sup>14</sup> Dit is wel so dat Marais se belangstelling in bobbejane nie afgeneem het nie, soos onder meer blyk uit sy gereelde besoeke aan die Pretoriase Dieretuin nadat hy die Waterberg verlaat het (kyk Rousseau, 1984c: 444).

Marais het sy eie waarnemings aangevul met mondelinge getuienis wat hy van ander mense gekry het én daaroor geskryf. Dit sluit “ou jagters” (p. 23), die “heer Linsley” (p. 27) en “die ou mnr. Willem van Staden (destyds van Donkerhoek) en mnr. Gys van Rooyen” (p. 72) in. In Marais se wetenskaplike werk speel anekdotes ’n opvallende rol, wat hom vergelykbaar maak met Darwin (kyk Maple, 1979: 33). Deur gebruik te maak van plaaslike kennis in die vorm van anekdotes,

het Marais 'n "metode" benut wat eers onlangs deur die voorstanders van die postnormale wetenskapsbeoefening aangemoedig sou word (kyk 2.4) en selfs vandag nog nie wyd aanvaar word nie.

Marais het sy navorsing oor die vrylopende bobbejane ook aangevul met gegewens van bobbejane wat hy in gevangenskap aangehou het, en het hom ook deeglik van hulle anatomie vergewis (pp. 32–33). Dit blyk dat hy oor wye kennis van ander primate beskik het (pp. 28–30), en dus in staat was om vergelykend te werk te gaan. Verder tree hy veral in die meer formele *The soul of the ape* in gesprek met Sigmund Freud se teorieë (in verband met die gedrag van die mens) en Henri Bergson.

In 5.3 is inligting verstrekkend oor die etologie wat ook op Marais se navorsing oor die bobbejane van toepassing is. Die metodes wat Marais gevolg het om bobbejane te bestudeer, is vandag nog steeds relevant, en is nie net van historiese betekenis nie. Dit blyk onder meer uit A.F. Richard (1994: 36) se opmerkings oor die bestudering van primate in hulle natuurlike omgewing:

Primates are studied in the wild by researchers from several disciplines, notably anthropology, psychology and biology. The objectives of primate field studies vary wildly. For instance, data from wild primates have been used to reconstruct the lifestyles of our ancestors, to shed light on 'human nature', to help explain how some tropical plants disperse their seeds or pollinate their flowers, and to help develop conservation plants for tropical forests. Diverse as the goals of these studies are, the methods used almost always have three features in common: observations are made over *long periods of time* on *individual identified animals* that have been *habituated to the presence of an observer*.

New techniques in field research have made possible studies in the relationship between primate behaviour and biology. In the early days, behaviour was simply described as it occurred. A notebook and pencil are still essential pieces of equipment, and the careful description of behaviour is as important now as it was 50 years ago. However, several ways of sampling behaviour systematically and quantitatively have been developed in the past 30 years. For example, with scan sampling the behaviour of several individuals is recorded at predetermined intervals; with focal sampling, the

behaviour of a single individual is recorded. (Sy beklemtoning.)

Die metodes wat Marais gevolg het om gedrag (waaronder dié van bobbejane) te bestudeer, sluit nou aan by die voorafgaande beskrywing. Maar meer selfs nog as dit: Marais het hierdie metodes beoefen meer as 80 jaar voordat Richard daarvoor geskryf het, wat aan hom met sy belangstelling in die gedrag van 'n groot aantal spesies 'n uitsonderlike plek in die geskiedenis van die etologie besorg. Gelukkig was Marais 'n navorser wat ook geskryf en gepubliseer het.

#### 6.4 Publikasiegeskiedenis

Die publikasiegeskiedenis van Marais se tekste oor die bobbejane gee 'n mens 'n goeie begrip van die manier waarop sy werk ontstaan en in watter omstandighede dit uiteindelik in verskillende vorme gepubliseer is. Hierdie geskiedenis gee bowendien 'n kykie in die lotgevalle van die werk van 'n skrywer wat eers sy artikels in 'n Afrikaanse tydskrif soos *Die Huisgenoot* gepubliseer, en later veral met die Engelse vertaling van *Burgers van die berge* en die Engelse *The soul of the ape* die internasionale mark betree het.

Marais se artikelreeks getiteld "Burgers van die berge" het van 26 Maart tot 4 Junie 1932 in *Ons/Die Vaderland* verskyn. Ná Marais se dood is hierdie tekste in 1938 deur J.L. van Schaik op inisiatief van prof. M.S.B. Kritzinger van die Universiteit van Pretoria onder die titel *Burgers van die berge* gepubliseer (kyk die "Voorwoord" in die 1971-uitgawe). Volgens alle aanduidings het Marais nie beoog om hierdie werk in boekvorm te laat verskyn nie, aangesien hy aan 'n omvangryker wetenskaplike teks gewerk het, wat hy as sy *magnum opus* beskou het. Dit is ook die strekking van die volgende ongetekende inligting voor in die bundel:

Hierdie verhale bevat ondervindings van wyle Eugène Marais onder bobbejane, wat, met ander materiaal, as basis vir 'n meer wetenskaplike werk oor *Die Siel van die Aap* gedien het.

Jare lank sou *Burgers van die berge* die enigste publikasie in boekvorm oor

Marais se waarnemings van die primate wees. Die Engelse vertaling van *Burgers van die berge* is deur Marais se seun self onderneem en sy naam as vertaler word net as “Eugène Marais” op die kolofonbladsy aangedui. *My friends the baboons* het talle uitgawes en herdrukke in sowel Brittanje, die Verenigde State van Amerika as Suid-Afrika beleef. Die Engelse uitgawe het ook as bronteks gedien vir die Duitse vertaling wat in 1939 verskyn het.<sup>15</sup>

Die meer wetenskaplike werk en *magnum opus* waaraan Marais gewerk het, was *The soul of the ape*. Marais het lank aan die boek gewerk (kyk 6.2), maar kon dit nie bevredigend na sy wens afrond nie. In 1921 het Marais dele van die manuskrip in Afrikaans vertaal en tussen September 1920 en Mei 1921 in die vorm van vier artikels in *Die Banier*, bylae tot *Die Brandwag*, gepubliseer. Hierdie artikels is in 1928 in *Natuurkundige en wetenskaplike studies* opgeneem. Daarbenewens het Marais se “Die siel van die aap” ook in ses afleverings tussen 3 Desember 1926 en 17 Augustus 1928 in *Die Huisgenoot* verskyn, en neem hy “as ’t ware formeel van die Engelse werk afskeid” (Rousseau, 1984a: 1291). Hierdie artikels is in 1965 in die vorm van vyf hoofstukke in ’n *Paradys van weleer en ander geskrifte* opgeneem.

Marais se *The soul of the ape* is in 1969 die eerste keer gepubliseer – 44 jaar nadat Marais daaraan begin werk het (kyk 6.2). Die opvatting het egter lank bestaan dat die manuskrip van hierdie werk verlore is (kyk Nienaber-Luitingh, 1962: 68 en Antonissen, 1973: 93), sodat dit belangrik is om meer lig op die saak te probeer werp. Du Toit (1940: 186) het vier jaar na Marais se dood soos volg oor die bestaan van en werk aan die manuskrip geskryf:

Ongeveer twee jaar nadat Marais uit Waterberg teruggekeer het, is die manuskrip die eerste keer afgetik. Die skrywer het daarna egter ’n menigte wysiginge en uitbreidings aangebring, sodat dit ’n aantal jare later weer afgetik is. Onder die skrale nalatenskap van Marais kon egter geen spoor van die manuskrip gevind word nie, en skynbaar weet niemand wat daarvan geword het nie. Was dit nie dat verskeie vriende van Marais dit meer as eens in hande gehad het nie, sou mens aan die bestaan daarvan, in die verlede altans, kon getwyfel het.

Dit het later geblyk dat Marais se seun, Eugène Marais jr., wel ná sy vader se dood probeer het om in die buiteland 'n uitgewer vir die kopie van die manuskrip van *The soul of the ape* te kry wat hy in 1919 oorgetik het. Hy het dit ook aan die Londense uitgewer Methuen voorgelê, wat in 1937 vir die publikasie van Winifred de Kok se vertaling van *Die siel van die mier*, getiteld *The soul of the white ant*, en in 1938 vir die publikasie van *My friends the baboons* verantwoordelik was. In 'n brief uit 1959 skryf Marais jr. (1980: 34–35) soos volg:

Methuen acknowledged receipt of but are still sitting on the Soul of the Ape. I thought with this Darwin Centenary now being celebrated<sup>16</sup> it would be a suitable time to publish such a work, but I'm optimistically prejudiced.

In 'n brief uit 1972 het Marais jr. (1980: 35) pertinent ontken dat die manuskrip van *The soul of the ape* ooit weg was en werp hy meer lig op die saak:

[T]he manuscript of the SOUL OF THE APE was never lost. The retyped manuscript was lost, but the original draft has always been in my possession and in an endeavour to get it published, had been submitted to a number of persons in England and America in past years, but no publisher would then accept it [...].

Die manuskrip van *The soul of the ape* is uiteindelik in 1969 deur die New Yorkse uitgewer Atheneum gepubliseer.<sup>17</sup> Nadat die Amerikaanse skrywer Robert Ardrey<sup>18</sup> in *African genesis* (1961) groot prominensie aan Marais se werk gegee het, het Ardrey voortgegaan en 'n 55 bladsy lange "Introduction" vir *The soul of the ape* geskryf, wat by sy eie uitgewer verskyn het. In Brittanje is die boek deur Anthony Blond en in Suid-Afrika deur Human & Rousseau uitgegee. Hierdie publikasie en Ardrey se betrokkenheid daarby het die belangstelling in Marais se werk 'n totaal ander karakter en nuwe dimensies gegee (kyk 6.5). Ardrey is een van die belangrikste latere kanoniseerders van Marais se wetenskaplike prosa, wat ook positiewe gevolge vir sy oeuvre in sy geheel gehad het.<sup>19</sup>

Marais se *Versamelde werke* het in 1984 onder redakteurskap van Leon Rousseau by J.L. van Schaik verskyn. Daarin is al Marais se geskrifte oor die

bobbejane wat in hierdie hoofstuk genoem is, opgeneem en van “Aantekeninge deur die redakteur” voorsien. In *Die beste van Eugène Marais*, “n visueel aantreklike, leesbare publikasie vir die gewone intelligente leser” (Rousseau, 1986: 191) wat in 1986 eweneens onder Rousseau se redakteurskap deur Rubicon gepubliseer is, verskyn sowel *Burgers van die berge* as die artikelreeks “Die siel van die aap” uit ’n *Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b). *Burgers van die berge* verskyn weliswaar in ’n verkorte weergawe.

Ná die publikasie van Ardrey se *African genesis* het die klem sterk op die wetenskaplike waarde van tekste soos *Burgers van die berge* en *The soul of the ape* begin val. Nou het die publikasies self ook ’n ander aanbod en voorkoms begin kry, wat in ’n groot mate bevestig dat die aard en waarde van tekste nie noodwendig intrinsiek is nie. Dit word ewe seer bepaal deur die waarde wat verskillende hekwagters en die gemeenskap op ’n bepaalde tydstip in die geskiedenis daaraan toeken.

In 1990 verskyn ’n gesamentlike uitgawe van *The soul of the white ant and The soul of the ape* by Jonathan Ball, met ’n lang inleiding getiteld “Eugène Marais and the Darwin syndrome”, waarin Rousseau (1990) meer lig op Marais se wetenskaplike werk laat val. Die uitgawe bevat ook illustrasies deur die kunstenaar Dick Findlay. Findlay het wye bekendheid verwerf, veral vir sy tekeninge van diere, voëls en plante en landskapskilderye. Benewens sy talle illustrasies vir seëls van Suid-Afrika en die voormalige onafhanklike tuislande het hy ook die nuwe uitgawe van John D. Skinner en Reay H.E. Smithers se gesaghebbende *The mammals of the Southern Africa subregion* (1990) geïllustreer.<sup>20</sup> Deur die gebruik van illustrasies van ’n wetenskaplike kunstenaar in ’n uitgawe van Marais se wetenskaplike prosa word sy werk duidelik in die kader van die natuurwetenskappe geplaas waar illustrasies ’n belangrike verduidelikende funksie vervul. Slegs in uitsonderlike gevalle sal daar illustrasies as integrale deel van die teks in ’n bundel kortverhale of ’n roman verskyn.

Ook in 1990 verskyn ’n geannoteerde uitgawe van *The soul of the ape* by Penguin, met ’n uitgebreide inleiding deur die Suid-Afrikaanse primatoloog Peter Henzi.<sup>21</sup> In die uitgawe ondersoek Henzi Marais se waarnemings en bevindings en onderwerp hulle aan ’n noukeurige ondersoek in die lig van moderne wetenskaplike



metodes en tegnieke op die gebied van dieregedrag (of etologie). Volgens Henzi (1990: ix) was die beweegrede vir die geannoteerde uitgawe “the realization that it deals with themes that have, under a slightly different guise, again become current in work on primate behaviour”.

Met verloop van tyd het ’n betekenisvolle verskuiwing plaasgevind in die wyse waarop Marais se werk oor die bobbbejane gepubliseer is. Aanvanklik is die klem oënskynlik nie so sterk op die wetenskaplikheid van die werk geplaas nie en word sy werk hoofsaaklik in koerante en populêre tydskrifte gepubliseer, maar veral sedert die publikasie van *The soul of the ape* is daar probeer om die wetenskaplike waarde en betekenis van die publikasies onder die leser se aandag te bring. Die erkenning van Marais se wetenskaplike bydrae het belangrik geword.

## 6.5 Ontvangs

Die eerste reaksie op Marais se “Die siel van die aap” (in *’n Paradys van weleer en ander geskrifte*, 1965b) wat tussen 3 Desember 1926 en 17 Augustus 1928 in *Die Huisgenoot* verskyn het, het van ’n digter gekom. Dié digter is A.G. Visser, met wie Marais op Heidelberg goed bevriend was (kyk 3.6). In die gedig wat op 16 Desember 1927 in *Die Huisgenoot* geplaas is, word daar na alle waarskynlikheid met Marais en sy ondersteuning van die Darwinisme die draak gesteek:

IN DIE DIERETUIN, PRETORIA

*O wad some power the giftie gie us*

*To see ourselves as others see us.*

ROBERT BURNS

Die sjimpansee in ysterkou

Sit sy beskouers te beskou.

En weerloos hoor die Hoër Aap

Die Laer Mensdom ginnegaap;

Verneem, terwyl sy oë vlam:

Die Mense en die Ape stam

'Van een oervader en oermoeder.'  
'Ben ik,' skrik hy, 'mijn hoeders broeder?'  
'Ek is gewoon aan plaag en terg.  
'Maar wat te erg is, is te erg;  
'Was ek in staat my te verdedig,  
'So grof sou niemand my beledig!'

Ander persone het Marais se werk minder tong-in-die-kies benader en sommige het heftig van hom verskil. Hoewel Marais tydens sy leeftyd slegs artikels oor sy navorsing oor die bobbejane gepubliseer en dié tekste asook *The soul of the ape* eers ná sy dood in boekvorm uitgegee is, het hierdie geskrifte met verloop van tyd wye reaksie ontlok. Vervolgens word die ontvangs van Marais se werk oor die primate chronologies volgens hulle eerste publikasie in boekvorm bespreek.

Die eerste bespreking van *Burgers van die berge* (1971) uit 1938 van sowel 'n letterkundig as dierkundig ingeligte leser is dié van C.G.S. de Villiers<sup>22</sup> in *Die Huisgenoot* (3.6.1938). Wat die letterkundige sy betref, beskou De Villiers die boek as "aangename ontspanningslektuur vir die gewone leser en bied interessante taferale uit die pioniersmilieu van die ou Transvaal". Hy het ook waardering vir die gedeelte van die boek wat oor die gedrag (of "lewensgewoontes") van bobbejane handel. Dit is "baie aangename leesstof en is met groot liefde geskryf". Voorts het De Villiers enkele punte van kritiek, waarvan veral drie hier ter sake is. Eerstens teen aspekte van Marais se taalgebruik, waaronder sy pogings om vakterminologie (of "vakuiddrukkings") soos "seleksie" te verafrikaans. Volgens hom is Marais se sinsbou ook hier en daar "bepaald Engels" en het hy probleme met die wyse waarop hy oor wetenskaplike onderwerpe skryf:

Marais het dikwels 'n baie intieme gemoedelike verteltrant; dit is net waar hy wetenskaplike waarnemings wil meedeel dat 'n mens duidelik voel dat hy nie gewoon is om hom oor 'n wetenskaplike vraagstuk in Afrikaans uit te druk nie.

Tweedens sê De Villiers "die boek wil blykbaar 'n ernstige bydrae tot die biologie van die bobbejane wees". Marais "begin sy betoog met allerhande teoretiese

beskouings oor die filogenie van Anthropeidea en meer bepaald oor menswording. Volgens sy hipotese sou bobbejane eintlik ontaarde, met die mens nogal naverwante diere wees. Die stelling berus op die ooreenstemming van die pasgebore bobbejaan met die toestand wat die anatoom as *hominiea* beskou.” Dié teorie is egter nie nuut nie en kontensieus. Die hipotese word onder meer “deur die paleontologiese gegewens weerspreek. Daar bestaan geen twyfel hoegenaamd nie dat die bobbejane en ape (Cercopithecidae) baie lank gelede van die mensaap-mens-stam moes afgesplits het.” Die leemte in Marais se benadering is daaraan toe te skryf dat hy waarskynlik nie vertrouwd was met “die moderne sienswyse aangaande die ewolusieleer nie, en niemand kan dit ook verwag nie. Maar in die lig van die geskrifte van Abel, Versluijs, Serra, Nopesa en ander kom Marais se stelling baie ouderwets voor, en hopelik sal hulle nie deur leke as gesaghebbend beskou word nie.”<sup>23</sup> Derdens is De Villiers van mening dat Marais ten spyte van sy teenkanting teen die antroposentriese dierepsigologie nie daarin slaag om dit self te ontkom nie. Die boek wys “baie duidelike spore daarvan; miskien hang dit met sy hipoteses, soos in die eerste deel van die boek uiteengesit, saam”.

’n Verdere bespreking van *Burgers van die berge* kort na die verskyning daarvan is dié van F.E.J. Malherbe (1938). Volgens Malherbe is die boek “geen volledige en afgeslote studie oor die siel van die bobbejaan nie; tog het dit alles ook weer die voordeel van gesellige causerie, met name en lewensbesonderhede van allerlei mense met wie hy in sy sonderlinge loopbaan en studie kennis gemaak het. Selde verloor sy styl hierdie intieme geselstrant soos van belangstellende vriende onder mekaar.” Die grootste deel van die bespreking bestaan egter uit “die een en ander uit die inhoud”. Malherbe kom tot die volgende slotsom:

Ja, met Eugène Marais gaan ons die ‘wydere wêreld’ binne tot die verruimende gevoel van verwantskap met die dierlike wêreld, waarsonder, in die woorde van Rebecca West, ons inderdaad ‘the loneliest of orphans’ is.

Malherbe het klaarblyklik nie beginselprobleme met Marais se siening oor die verwantskap tussen die mens en die bobbejaan nie. Oor die wetenskaplike waarde van *Burgers van die berge* gee hy egter “die woord aan prof. dr. C.G.S. de

Villiers” wie se resensie in *Die Huisgenoot* vroeër bespreek is. Hy haal die uitspraak aan dat Marais se sienswyse in verband met die evolusieleer “baie ouderwets” is, sonder enige verdere kommentaar. Malherbe het hom dus nie bevoeg geag om self ’n mening oor die wetenskaplike waarde van *Burgers van die berge* uit te spreek nie.

Oor *Burgers van die berge* het die drie Afrikaanse literatuurhistorici ook ’n een en ander geskryf. Antonissen (1973: 93) wys daarop dat dit Marais se doel was om uit sy ryk studiemateriaal ’n teorie op te stel en te verdedig, naamlik dat die bobbejane ’n persoonlikheid besit en in geordende gemeenskappe leef wat deur ’n Raad van Elf geregeer word. “Daardie teorie en ’n massa wetenswaardighede oor plante en diere word, in die helder styl van ’n smaakvolle causeur, verbind tot ’n amper romantiese geskiedenis, verwewing van waarheid en verdigsel,” aldus Antonissen. Volgens G. Dekker (1974: 122) is die werk “boeiend en beeldend geskrywe. Deur die liefdevolle aandag waarmee die diere bestudeer is, die indringing in hulle ‘gemoedslewe’, die ‘menslikheid’ wat Marais in hulle ontdek, styg dit uit bo gewone lektuur oor die dierelewe. Wetenskaplik is die skrywer se teorieë blykbaar nogal aanvegbaar.” Kannemeyer (1984: 233) se uitsprake sluit by dié van Antonissen aan.

Twee besprekings wat lank na die eerste publikasie van *Burgers van die berge* verskyn het, naamlik dié van W.S.H. du Randt en S. Zuckerman, is van groot belang vir enige gesprek oor Marais se wetenskaplike prosa. Du Randt (1969) gaan naamlik in sy bespreking die strategieë van die verteller na en ontken in werklikheid die wetenskaplikheid van die teks. Hy kom tot die slotsom dat die werk hom onderskei “van die populêr-wetenskaplike sketse deur die artistieke ordening, die ‘verwikkelings- en ontwikkelingstruktuur’, waardeur dit tot ‘skoonheidsgestalte’ herskep is” (p. 11; sy beklemtoning). Aangesien Du Randt se sienings oor *Burgers van die berge* weer in 6.6 ter sprake kom, word hier nie verder daaraan aandag gegee nie.

Zuckerman (1983: 458–470), ’n wêreldbekende primatoloog, se bespreking van die Engelse vertaling van *Burgers van die berge*, naamlik *My friends the baboons*, het die eerste keer in *The Times Literary Supplement* (16.1.1976) verskyn na aanleiding van ’n heruitgawe van die boek wat in 1975 deur Anthony Blond in Londen gepubliseer is. In sy bespreking kruis Zuckerman behoorlik swaarde met

Marais,<sup>24</sup> al was die werklike rede daarvoor waarskynlik 'n gegriefdheid oor opmerkings wat Ardrey oor hom in sy besprekings van Marais se bydrae as wetenskaplike in *African genesis* (1962) en in sy "Introduction" tot Marais se *The soul of the ape* (1969) gemaak het. Marais het in werklikheid "in die kruisvuur beland" (Mieny, 1988: 15).

Zuckerman skep in sy beskouing die indruk dat hy moeite gedoen het vir die skryf van die bespreking. Dit blyk onder meer uit wat hy oor Marais se lewe en werk skryf. Aan die hand van Rousseau (1984c)<sup>25</sup> se *Die groot verlange* gee Zuckerman 'n oorsig van Marais se lewe en werk, en bevind onder meer na aanleiding van sy verblyf in Londen "negative facts of Marais's biological education" (p. 460). Zuckerman wys voorts op tekortkominge in *My friends the baboons* ten opsigte van "the basic facts to which a field-study of animal social life should address itself; for example, the number of family parties into which the three hundred animals in the troop were divided; the sex-ratio of adults and of young; and the seasonal incidence of births" (p. 462); bevraagteken die moontlikheid van die operasies wat Marais beweer hy op die breine van bobbejane en klein soogdiere uitgevoer het (pp. 462–463); en verskaf 'n lys van agt bewerings oor primate waarvoor daar "no shred of evidence in Marais's day, any more than there is now" (p. 463) sou wees.<sup>26</sup>

Zuckerman weêrlê in sy bespreking ook aansprake wat Marais in verband met sy samewerking met die Smithsonian Institution in Washington DC en die skryf van 'n wetenskaplike monografie sou gemaak het. Die waarde van Marais se werk as wetenskaplike vat Zuckerman soos volg saam:

The fact is that while Marais may have read many general books on biology and psychology, he had no understanding of what science is. As a zoologist he was all but ignorant. Yet he seems to have been obsessed as much by a belief that he could always understand biological phenomena which were either hidden from or had been misinterpreted by everyone else, as by a belief that his thoughts could be stolen. The fact that no zoologist ever bothered to steal them – given that this kind of 'theft' is the habit of any zoologist – is because nothing Marais ever said about scientific matters was worth stealing.

Volgens Zuckerman het Marais gelewe "on the borders of fantasy, twisting or

inventing observation, and, whether deliberately or not, usually diverting attention from what was real” (p. 467). Na aanleiding van die lesing by die Universiteit van Kaapstad waarin Zuckerman Marais as ’n voorbeeld van ’n pseudowetenskaplike behandel het, het *The Cape Times* (26.9.1975) sy hoofartikel met die volgende vraag afgesluit: “Is scientific genius confined only to the scientifically trained?” Hierop antwoord Zuckerman soos volg:

The answer [...] happens to be ‘yes’, and almost a tautological ‘yes’. Anyone responsible for a critical leap forward in scientific understanding would by definition be both scientifically informed and scientifically trained. The very question is an illustration of the confusion which pseudo-science has generated about the nature of true science (p. 470).

Maar waarom word Marais dan in Suid-Afrika vereer en was daar soveel reaksie op die kritiek wat Zuckerman hom die vorige jaar met sy lesing op die hals gehaal het? Uit die volgende opmerking blyk dit dat Zuckerman ’n verklaring daarvoor in die Taalfeesjaar 1975 gaan soek het, wat waarskynlik nog vars in die geheue moes gewees het:

The year 1975 was celebrated as the centenary of Afrikaans as a written language, and Marais is so revered a figure that any criticism directed at him in the land of his birth would cause a public uproar. He has become an Afrikaner idol, and it is ‘bad form’ in South Africa to point out that by proclaiming him a scientist he has been unnecessarily furnished with feet of clay (pp. 468–469).

Die resepsie van *Burgers van die berge* illustreer goed dat letterkundiges en wetenskaplikes Marais tot dusver verskillend gelees het. Vir De Villiers is dit byvoorbeeld belangrik om die geloofwaardigheid en sukses van die teks aan die gebruik van die vakterminologie, die geldigheid van die skrywer se teoretiese beskouings en sy wetenskaplike benadering te meet. Met sy sintuig vir die literatuur het De Villiers nietemin waardering vir die kontreivoorstelling (die “interessante taferele uit die pioniersmilieu van die ou Transvaal”) en die “boeiende

leesstof' wat die beskrywing van die bobbejane se gedrag bied. Hierby sluit Malherbe met sy waardering vir die "lewende verhaal" en die "intieme geselstrant" van die skrywer aan. In die Afrikaanse literatuurgeskiedenis is min oor *Burgers van die berge* geskryf, hoewel die literêre waarde daarvan erken word. In sy artikel ontken Du Randt die wetenskaplikheid van die teks op grond van sy onsekerheid of dit wat Marais skryf waar kan wees ten gunste van die beklemtoning van die literariteit daarvan, terwyl Zuckerman se ideologiese en bevooroordeelde onderrok in sy bevraagtekening van Marais as wetenskaplike duidelik uitsteek. Terselfdertyd illustreer die modernis Zuckerman, in die waan dat hy die hoeder van die waarheid en die wetenskap is, dat waardeevrye wetenskapsbeoefening 'n mite is, al sou daar waarheid steek in die kritiek wat hy op sekere van Marais se bewerings in verband met primare het.

In resensies van *'n Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b) kry die vyf hoofstukke onder die titel "Die siel van die aap" wat oorspronklik in *Die Huisgenoot* verskyn het pertinent aandag. Al die besprekings van die bundel is deur letterkundiges gedoen en drie uit die vyf van hulle het ook na die reeks verwys. Vir P.G. du Plessis (*Sondagstem*, 16.5.1965) is dit juis die eerste deel van die bundel, naamlik "Die siel van die aap", wat lesers behoort te interesseer. Volgens Du Plessis is "baie van die dinge wat verkondig word vandag seker nie meer wetenskaplik aanvaarbaar nie". Die lees van die reeks was nietemin vir hom 'n openbaring:

Marais bly nog die man wat met die uiterste skerpsinnigheid onverskrokke kan voortdink sonder om selfs die moontlike versogte [sic – JLM] te vermy. Iemand wat só dink kan nie anders om ook oorspronklik te wees nie. En selfs as die opstelle dan nie altyd die waarheid in die enigste sin van die woord verkondig nie, dan is dit nog 'n voorbeeld van 'n skerpsinnige gees se omgang met waarnemings uit die werklikheid.

Marais het – ek kan nie anders om die waarde van dié deel van sy werk anders te sien nie – so 'n bewonderende liefde vir die natuurdinge (én die verklarings van natuurverskynsels) dat hy die leser meesleep. As sommige van die dinge wat hy sê dan nie waar is nie, dan het dit nog altyd leeswaarde – ook om die fassinerende idees wat Marais durf verkondig.

W.E.G.L[ouw] (*Die Burger*, 21.5.1965) wys daarop dat dit nie net Marais se intieme kennis van diere en hulle gewoontes is wat 'n mens opval nie, maar ook "sy uiters skerpsinnige redeneer- en afleidingsvermoë". Louw sê egter dat hy nie kan oordeel of wat in die essays staan steeds deur kenners as volkome "wetenskaplik verantwoord" beskou sal word nie. Vir hom is die essays wel "boeiende leesstof". S. Strydom (*Hoofstad*, 1966) verwys in sy bespreking na die "verhandeling", *The soul of the ape*. Die fragment uit dié werk in 'n *Paradys van weleer* gee vir hom soveel getuienis van "helderheid, oortuiging en talent dat die verdwene stuk moontlik die kroon sou span op hierdie faset van Marais se kennis".

Du Plessis, Louw en Strydom het al drie waardering vir "Die siel van die aap". Die waardering is hoofsaaklik vir die wyse waarop die tekste geskryf is, die boeiende idees en die genot om dit te lees. Soos letterkundige resensente van Marais se ander wetenskaplike prosa vermeld Du Plessis en Louw pertinent dat hulle nie in staat is om oor die wetenskaplike inhoud te oordeel nie.

Robert Ardrey (1977: 70), wat in 1961 sy *African genesis* opgedra het "To the memory of Eugène Marais", het gloeiend oor Marais se bydrae tot die etologie geskryf en hom hoë lof toegeswaai:

As no gallery of modern art can fail to be haunted by the burning eyes of Vincent van Gogh, so the pages of no future science can fail to be haunted by the brooding, solitary less definable presence of Eugène Marais. His was the first human mind to penetrate the secrets of the wonderful world of the animal, and to apprehend the legitimate mysteries of the wonderful world of man.

In sy "Introduction" tot die 1969-publikasie van *The soul of the ape* het Ardrey baie moeite gedoen om sowel Marais as hierdie lank verlore teks aan die wêreld bekend te stel. Ardrey (1974) verstrek redes waarom Marais ten spyte van sy Engelse opvoeding hoofsaaklik in Afrikaans geskryf het, asook die kulturele agtergrond waarteen sy werk gelees behoort te word. Oor *The soul of the ape* skryf hy: "Ours is the good fortune that he wrote his last, unfinished masterpiece, *The soul of the ape*, in his own easy English" (p. 8).

Volgens Ardrey was Marais "the first man in the history of science to conduct



a prolonged study of one of man's primate relatives in a state of nature. But we must not overstress his then role as a scientist. He was a novice" (p. 9). Marais het nie opleiding gehad nie en sy waarneming van diere was ongesofistikeerd. Is dit dan moontlik, vra Ardrey, dat "a document almost half a century old can today make a dynamic and original contribution to the evolutionary approach to human understanding, a scientific trend that has thrived only for the past few years?" Deur na die werk van ander wetenskaplikes te verwys, toon Ardrey aan dat Marais se bydrae uniek is deurdat hy sy waarnemings in die natuur gemaak het. In teenstelling hiermee sê hy die volgende van sir Solly Zuckerman se *Baboons* wat in 1932 verskyn het: "The book was a thorough, convincing study of the behaviour of baboons. But the baboons were in the London Zoo."<sup>27</sup> Oor die waarde wat *The soul of the ape* volgens hom vir Marais gehad het, gaan Ardrey in sy bespreking selfs sover om Marais se agteruitgang en uiteindelijke selfmoord te wyt aan die teleurstelling oor Maeterlinck se plagiaat (p. 15) en die onvermoë om *The soul the ape* te voltooi (pp. 35–36).<sup>28</sup>

C.F.B. Hofmeyr (1970: 150) wys op Marais se oorspronklikheid en dat hy met sy etologiese studie sy tyd ver vooruit was, aangesien dit eers in die dertigerjare met die werk van Konrad Lorenz begin het. Marais se "vlymskerpe waarnemingsvermoë en geniale brein" het hom ver voor sy tydgenote geplaas. Hofmeyr bevind selfs dat Desmond Morris se *The naked ape* (1967) "in sekere opsigte veel aan Eugène Marais se werk herinner". Volgens Hofmeyr sal daar wel meningsverskil oor die aanvaarbaarheid van Marais se hipoteses wees. "Sy skerpsinnigheid in die ontwikkeling van sy tema sowel as sy literêre talent dwing egter bewondering af," bevind Hofmeyr ten slotte.

Na die heruitgawe van *The soul of the ape* deur Penguin in 1984 het daar 'n aantal besprekings van die werk in die Engelse pers verskyn. René Matthew, Dennis Hands en Rob McCallum (*Financial Mail*, 21.9.1984) beskou die heruitgawe as "doubtless a testimony both to the enjoyment they have afforded their readers and to the historical significance of the writings in the fields of biology and psychology". Marais se gevolgtrekkings staan egter in die skadu van die Darwinisme van die tweede helfte van die negentiende eeu, en aangesien baie van die aannames uit hierdie era tans bevraagteken word, het *The soul of*

*the ape* “relevance chiefly as an historical, rather than a scientific document”. Volgens SH (*The Sunday Times*, 18.11.1984) is die werk “unlike many scientific studies [...] quite readable – probably because Marais always wrote like a poet, even when writing letters of academic manuscripts”. TWMT (*The Citizen*, 5.11.1984) bevind dat Marais se “genius was that he developed the bases for those who came afterwards” met sy navorsing oor die bobbejaanfamilie. *The soul of the ape* is “scientifically important”, aldus SH.

Daar kan min twyfel daaroor bestaan dat Robert Ardrey ’n groot rol gespeel het in die belangstelling wat daar vir Marais se werk veral sedert die 1960’s gekom het. Ardrey was ’n gesiene wetenskaplike en het met sy populariserings van die wetenskap wêreldwyd baie respek afgedwing. In ’n era waarin Suid-Afrika en veral Afrikaners toenemend politieke en kulturele afsondering begin ervaar het as gevolg van die beleid van apartheid wat die Nasionale Party sedert 1948 begin deurvoer het en veranderde sienings in verband met menseregte in die res van die wêreld sedert die Tweede Wêreldoorlog, was Ardrey se lof vir Marais ’n groot eer vir ’n Suid-Afrikaanse en spesifiek ’n Afrikaanse skrywer. Na die buitelandse woord wat Ardrey oor Marais gespreek het, is Marais ook vir die eerste keer werklik as wetenskaplike deur Suid-Afrikaners ernstig opgeneem.

Na Ardrey se kanonisering van Marais het ’n hele aantal Suid-Afrikaanse wetenskaplikes hulle toenemend positief oor die waarde van Marais se werk uitgespreek.<sup>29</sup> Rondom die honderdste herdenking van Marais se geboortejaar is publikasies geïnisieer waarin akademici vanuit verskillende dissiplines waarderend oor hom geskryf het. ’n Spesiale nommer van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* is in Desember 1972 – ’n jaar ná die herdenking van Marais se geboorte – gepubliseer, met sommige van die beste artikels wat tot in daardie stadium oor Marais se werk geskryf is. P.A.J. Ryke (1972) gee in sy artikel in die tydskrif ’n oorsig van Marais se bydrae as natuurkenner en -navorsers.

In die lig van die toenemende herkenning van die belang van die etologie gedurende die 1960’s en 1970’s het daar bydraes verskyn wat spesifiek die aandag hierop in Marais se werk gevestig het. ’n Voorbeeld hiervan is die etoloog O. Anne E. Rasa (1989) se waarderende artikel oor Marais se etologiese bydrae waarin sy tot die volgende gevolgtrekking kom:

Firstly, he was definitely a pioneer in his approach to the understanding of animal behaviour, a pioneer, however, heavily influenced by the mode of thinking of his times and cut off by distance and isolation from the progress being made in his field [...].

Secondly, he was an acute observer. His description of the behaviour patterns he saw amongst the baboons during his three-year sojourn in the Waterberg are so detailed and accurate that they can easily be recognised and interpreted in the light of modern sociobiological curiosity. His role in the history of the behavioural sciences however, was overshadowed by tragedy. His name is not listed amongst the 'greats' of Ethology, although it certainly deserves to be [...].

'n Verdere bevestiging vir die waarde van Marais se etologiese navorsing en spesifiek ook vir die waarde van *The soul of the ape* is die geannoteerde uitgawe van die werk wat in 1990 deur Peter Henzi (kyk 6.5) gehanteer is. Deur *The soul of the ape* in te lei en te annoteer,<sup>30</sup> plaas hy die werk in konteks en toon met verskeie uitsprake aan dat daar wel vir hedendaagse etoloë nut daarin is om met *The soul of the ape* in gesprek te tree, wat waarskynlik een van die betekenisvolste erkennings is van die wetenskaplike waarde van Marais se werk wat daar tot dusver van 'n wetenskaplike gekom het. Daar is in Henzi se "Introduction" en in sy aantekeninge by Marais se teks geen blyke daarvan dat sy oordeel deur die sentimente beïnvloed is wat Zuckerman klaarblyklik vermoed het oordele oor Marais se werk onregverdig positief bevoordeel het nie en selfs alle vorme van kritiek teen hom ongewens maak nie.<sup>31</sup> Henzi (1990: 200) kom tot die volgende slotsom:

We cannot even complain that Marais never got what he deserved. He knew the merit of *The Soul of the Ape* and yet he consigned himself to the grave without either seeing it published, or even simply completing it. If anything, its appearance in print in 1969 gave him a second chance for vindication and provided us with an opportunity to evaluate his belief in himself. It is an informative book and, although it can be read in many ways, it is not something to be approached as a curiosity. It both tells us a surprising amount about a remarkable man and reminds us of our intellectual

obligations. But, more importantly, it serves as a measure of progress in the discipline that Darwin himself saw as integral in the understanding of mankind. To read *The Soul of the Ape* is to appreciate this and to appreciate Marais himself.

Wat interessant is van die uitsprake van wetenskaplikes oor die waarde van Marais se etologiese navorsing is die wyse waarop dit ook gelei het tot 'n herwaardering van Marais se wetenskaplike bydrae deur ten minste Marais se belangrikste biograaf, naamlik Leon Rousseau. Rousseau (1998: 106) maak die volgende belydenis:

Hoe lank Marais sy tyd vooruit was, het ek eers sowat 29 later, lank ná die verskyning van *Die Groot Verlangte*, werklik begryp toe ek deels in oorleg met die etoloog prof Anne Rasa, 'n leerling van Konrad Lorenz, gewerk het aan 'Eugène Marais and the Darwin Syndrome'.<sup>32</sup>

Die uitsprake en bevindinge van (veral buitelandse!) natuurwetenskaplikes oor die waarde van Marais se natuurwetenskaplike prosa het klaarblyklik begin om die oordeel van Suid-Arikaners wat veral vanuit 'n literêre perspektief na Marais kyk, te beïnvloed.

## 6.6 Wyse van aanbieding

Marais het heelwat oor bobbejane geskryf en sy tekste oor dié onderwerp op verskillende maniere en vir verskillende lesers aangebied. Dat hy sowel literatuur as wetenskap probeer "bemeester" het, en dat hy oor 'n onderwerp geskryf het wat hom na aan die hart was, spreek uit hierdie tekste. In hierdie bespreking sal indringend aandag gegee word aan die bundel *Burgers van die berge* (1971), wat in 1938 die lig gesien het. Die klem val in hierdie gedeelte veral op dié teks aangesien twee belangrike kwessies, dié in verband met die verhouding tussen literatuur en wetenskap en dié van wetenskaplikheid as sodanig, by verskeie geleenthede spesifiek ten opsigte van hierdie werk ter sprake gekom en uiteenlopende

bevindings ontlok het (kyk o.a. Du Randt, 1969 en Zuckerman, 1983). Aspekte van hierdie bespreking geld egter ook ten opsigte van Marais se ander werk oor bobbejane, wat dan weliswaar vir vergelykingsdoeleindes betrek sal word. Deur middel van hierdie werkwyse sal ook probeer word om onnodige herhaling en kruisverwysings te voorkom, aangesien Marais heelwat inligting in *Burgers van die berge* herhaal wat onder meer ook in *The soul of the ape* voorkom. Die bespreking strewe dus eerder daarna om bepaalde tendense aan te toon as om volledig te wees.

Dat Marais op die eerste bladsy van *The soul of the ape* geskryf het dat die projek bestem was “For the Smithsonian Institution, Washinton USA” dui daarop dat hy met dié manuskrip van voorneme was om ’n wetenskaplike teks vir ’n vooraanstaande navorsingsinstelling te skryf. Die titels wat Marais aan die hoofstukke in die boek gegee het (“Means and methods of research”, “Habits acquired in different environments”, “Phyletic and individual memory”, ens.) en die wyse waarop hy sy navorsingsmetode uitspel en oor sy waarnemings en bevindings skryf, laat ook geen twyfel daaroor dat hy ’n bydrae tot die wetenskapsbeoefening probeer lewer het nie. Toe *The soul of the ape* uiteindelik in 1969 gepubliseer is, is dit inderdaad ook deur lesers as ’n wetenskaplike werk geresepteer (kyk 6.5).

Marais se drie vroeëre reekse artikels oor die primate in onderskeidelik *Die Brandwag*, *Die Huisgenoot* en *Ons Vaderland* is in verhaal- of essayvorm gepubliseer en later in versamelbundels opgeneem. Hoewel dié werk nie in wetenskaplike tydskrifte gepubliseer is nie, het Marais nog steeds waarnemings daarin beskryf wat van wetenskaplike betekenis is. Omgekeerd is dele uit *The soul of the ape*, wat Marais in Afrikaans vertaal en in *Die Brandwag* en *Die Huisgenoot* gepubliseer het, later in ’n *Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b) opgeneem (kyk 6.4). Die feit dat *Burgers van die berge* eers in *Ons/Die Vaderland* verskyn het, maak die inhoud dus nie per se minder “wetenskaplik” nie, maar die publikasiewyse het nietemin daartoe bygedra dat dié tekste nie vanselfsprekend as wetenskaplike tekste aanvaar is nie.

Tien tekste, wat in die “Voorwoord” as “vertellings” en as “verhaaltjies” getipeer is, is in *Burgers van die berge* opgeneem en so gerangskik dat hulle ten minste die indruk van ’n eenheid skep, hoewel Marais nie spesifiek die reeks geskryf het om in boekvorm te verskyn nie. (Die leser kry meermale die indruk dat

Marais nie noodwendig met die gedagte rondgeloop het om boeke oor sy ervarings in die natuur te skryf nie. Die enigste uitsondering is natuurlik *The soul of the ape.*) Deur die latere publikasie van die essays in boekvorm en die vertaling daarvan in ander tale sou die tekste egter tog bestendig en aan meer as een geslag lesers oorgedra word. Met verloop van tyd het die boek ook 'n bepaalde eie identiteit gekry, sodat min persone wat oor die werk geskryf het daarvan melding gemaak het dat dit nié 'n eenheid vertoon nie.

Maar hoe bied Marais sy waarnemings oor die bobbejane in *Burgers van die berge* aan, en wat is die implikasies daarvan? In die eerste hoofstuk, "Die lewenswyse van bobbejane", word die leser se belangstelling in die bobbejane geprikkel deurdat hulle as uitsonderlik voorgestel word. Marais skryf soos volg:

Daar is in ons tyd geen diersoort waarin deur wetenskaplike ondersoekers groter belang gestel word as die aapsoorte nie. Veral word gesoek na kennis van die lewenswyse van die ape in hul natuurstaat en juis hier skiet ons kans en ons kennis bygevolg tekort. Ons weet minder van die lewenswyse van die aapsoorte as van byna enige ander landdier (p. 9).

Met hierdie inleidende opmerkings word die aktualiteit van dit waaroor Marais gaan skryf aan die leser voorgehou. Aangesien die skrywer ook goed ingelig was oor wetenskaplike tendense kon hy uitsprake maak wat lank daarna nog geldig sou wees en tot nog meer navorsing en geskrifte oor primate sou lei. Sodoende het Marais sy werk dus binne 'n bepaalde tradisie geplaas. Hierdie werk het natuurlik veral Darwin se *The descent of man, and selection in relation to sex* (1871) as voorloper gehad, wat vir die bepaling van die wetenskaplike waarde daarvan belangrik is (kyk Henzi, 1990: 200). Uit die inleiding kan ons ook inligting in verband met Marais se navorsingsmetodes kry (kyk 6.3), en vasstel in watter ruimte die navorsing onderneem is. Deur onder meer die wyse waarop Marais sy navorsingsmetodes uitspel en in die res van die teks die resultate daarvan aanbied, word daar 'n tipe teks tot stand gebring wat byvoorbeeld van die diereverhale van Sangiro, G.H. Franz en G. von Wielligh verskil. Dit is opvallend dat daar min pogings was om Marais se werk onder dié van die diereverhaalskrywers te plaas. Daar is van vroeg af "iets anders" in Marais se werk aangevoel.

*Burgers van die berge* maak veral in die eerste twee hoofstukke 'n sterk wetenskaplike indruk. Heelwat inligting oor hoe Marais sy navorsing gedoen het, kom byvoorbeeld in hierdie hoofstukke voor. Die verteller wat hier optree, is ingelig en dui die belangrikheid van sy navorsing binne die kader van die Darwinistiese diskoers aan. Tog is daar ook aspekte van die teks (waarvan sekere hoofstukke aanvanklik as artikels in *Ons/Die Vaderland* verskyn het voordat dit postuum in boekvorm uitgegee is) wat lesers kon laat twyfel het of hulle met 'n literêre of 'n wetenskaplike werk te doen het. Dit blyk veral uit die wyse waarop Marais te werk gaan om oor sy ondervindings te skryf of, volgens Du Randt (1969: 6), hoe “die stof artistiek georden en gedramatiseer word”. Ons kan Du Randt self as voorbeeld neem van 'n leser wat getwyfel het of, moontlik nader aan die waarheid, verkies het om te twyfel. Sy twyfel is in die tweede hoofstuk geaktiveer deur iets in die manier waarop Marais sy “verhaal” vertel het. Du Randt (1969: 7) skryf:

Dit is egter opvallend dat die ‘wetenskaplike’ styl reeds in die tweede hoofstuk verbroekel deur die invleg van anekdotiese uitweidings met 'n persoonlike, dramatiese kleur; beide wat vorm en inhoud betref staan die episode oor die vonds van 'n merkwaardige bobbejaansuigeling, in skrilte kontras met die betoënde trant van die eerste hoofstuk.

Du Randt verwag dus dat daar op 'n sekere manier oor wetenskaplike sake geskryf moet word. Maar wat is dit wat hom so laat twyfel? Die betrokke gedeelte beskryf die verskyning van “'n wonderlike kavalkade” (p. 26) uit die nag by hulle vuur, terwyl Marais en komdt. Jan Wessels na Brandwag aan die Palala op reis was. Die leier van die kavalkade, “die jong Frans Linsley”, het iets baie besonders by hom gehad en vir Marais kom gee:

Hy bring toe in die lig van die vuur 'n klein skoendosie te voorskyn, wat hy by die een of ander kafferstat in die hande gekry het en uit die skoendosie haal hy 'n lewendige bobbejaantjie, wat hy sorgvuldig in gras en blare gepak het. En dit was die wonderlikste bobbejaantjie wat ek ooit gesien het (p. 27).

Met die begin van hierdie insident, vervolg Du Randt (1960: 7), “ondergaan

die stylaard van die werk 'n fundamentele gedaantewisseling: Die verifieerbare, wetenskaplike feit maak nou plek vir die vermoede, die (vergesogte) hipotese.” Waarna Du Randt verwys, is die volgende verklaring wat Linsley en sy metgeselle oor die sonderlinge bobbejaantjies aangebied het:

Die heer Linsley en sy metgeselle het ooreengekom dat die diertjie 'n kruising tussen 'n Kaffer en 'n bobbejaan is en vir so'n veronderstelling was daar werklik veel te sê (p. 36).

Volgens Du Randt word “hierdie speels-ironiese aanslag [...] volgehou” in die gedeelte waarin beweer word dat “'n jong kaffermoeder toegelaat het dat die bobbejaantjie die voedselbron van haar eie kleintjie deel” (p. 28). “Ongemerkt dus, met sy ‘tong in die kies’, bewerkstellig die verteller die oorgang van waarheid tot verdigsel,” aldus Du Randt (1969: 7).

Ook later in die teks is daar volgens Du Randt (1969: 7) verandering in die styl, byvoorbeeld die beskrywing van die Waterbergse landskap in die derde hoofstuk, “Die bobbejane van Doornhoek”: “Marais se prosa bereik hier 'n voortreflike plastiese seggingskrag; in die gestileerde, siervolle, vloeiende sinne, die musikale spel met klank en beeld is daar geen spoor van ‘wetenskaplikheid’ nie”. Du Randt se stelling het betrekking op die volgende gedeelte van *Burgers van die berge*:

Die berge was rooskleurig van die menigte stamvrugte wat hier 'n grootte en smaak bereik wat dit vir die besoeker uit die suide eenvoudig 'n nuwe vrug maak. Wildeperskes, appelmose, suurklappers (in die suide onbekend), mispels, moepels en nog verskeie ander soorte het ons wildernis 'n werklike vrugteboord gemaak (pp. 29–30).

Na aanleiding van die gedeelte in die derde hoofstuk, “Die bobbejane van Doornhoek”, waarin die bedreiging van die lûperd (of “tier” soos Marais deurgaans skryf) vir die bobbejane ter sprake kom, kom Du Randt (1969: 9) tot die gevolgtrekking:

Hierdie dramaties-ironiese aanslag – die ‘vryhede’ wat die skrywer hom



onopvallend vergun in sy wetenskaplike kyk op sake – word met elke insident, elke hoofstuk verder verskerp.

Du Randt (1969: 10) se bespreking gaan in hierdie trant voort totdat hy uiteindelik tot hierdie gevolgtrekking kom:

Al duideliker het dit begin deurskemer dat die verteller met sy lesers die draak steek; die tegniek om 'n 'wetenskaplike' waarheidsklimaat te skep was dus 'n ironiese procédé om die aanspraak op 'waarheid' dramaties te benut.

Die wins van Du Randt se bespreking is die wyse waarop hy oortuigend aantoon dat die verteller of die “aanwesigheid van die vertellerspersoonlikheid” in *Burgers van die berge* 'n belangrike rol speel. Marais vertel inderdaad boeiend oor die bobbejane wat hy in die kloof op Donkerhoek en elders leer ken het. *Burgers van die berge* is dus 'n teks wat maklik voldoen aan die “vereistes” van literatuur (kyk 2.2). Marais vertel onder meer verskillende “verhale” oor die wel en wee van die bobbejane en gebruik taal op so 'n manier dat dit die “aandag trek”. Dit gebeur byvoorbeeld in die esteties bevredigende manier waarop hy die vrugtedraende bome en struik van die Waterberg beskryf. Die leser mag selfs sê dat dit vir hom mooi is.

Maar maak dit *Burgers van die berge* per se minder wetenskaplik of selfs onwetenskaplik?

Du Randt se siening in verband met “wetenskaplikheid” blyk onder meer uit die opmerkings wat hy oor die taalgebruik en styl in die teks maak. Hierdie sienings verraaï dat hy grootliks die modernistiese voorskrifte van wetenskaplike taalgebruik (kyk 2.5) voor oë gehad en “onderskryf” het. Die manier waarop Marais oor wetenskap skryf, klink nie “reg” nie of, anders gestel, 'n skrywer is nie veronderstel om so te klink as hy oor 'n wetenskaplike onderwerp skryf nie. Vir Du Randt beteken dit egter nie dat *Burgers van die berge* “swak” of “onaanvaarbaar” is nie. Inteendeel, dit beteken dat 'n mens hier eerder met 'n literêre werk te make het.

In hierdie bespreking gaan nie probeer word om die “wetenskaplikheid” van *Burgers van die berge* na te gaan nie. Dit sou nietemin wel die moeite werd wees om, soos wat Henzi (1990) ten opsigte van *The soul of the ape* gedoen het, die teks aan 'n wetenskaplike ondersoek te onderwerp. Is die werklik sonderlinge bobbejaantjie

waaroor daar vroeër geskryf is, werklik “onmoontlik”? Of die beskrywing van hoe bobbejaantjies en “kaffertjies” saam in die klei speel (pp. 72–76)? Of die toneel waar die bobbejaanwyfie van haar dooie kleintjie afskeid neem (pp. 105–106)? Du Randt voer nêrens redes aan waarom hy dink dat die verteller met die leser “die draak steek” nie. Hy het waarskynlik bloot van sy intuïsie gebruik gemaak om tot so ’n gevolgtrekking te kom. In die wetenskaplike resepsie van *Burgers van die berge* was daar tot dusver op Zuckerman se resepsie na (kyk 6.5) nog geen totale ontkenning van die wetenskaplikheid van hierdie teks nie.

In die lig van die huidige erkenning van die rol van die verteller in die wetenskaplike teks is daar geen rede om ’n teks soos *Burgers van die berge*, waarin die verteller ’n prominente rol speel, as minder wetenskaplik te sien nie. Moet die leser nie veel eerder die verhale en anekdotes in hierdie teks sien as hulpmiddels waardeur baie besondere waarnemings wat in baie besondere omstandighede gedoen is, aan die leser oorgedra word nie? Daar is genoeg getuienis wat daarop dui dat die meer “lesersvriendelike” *Burgers van die berge* dieselfde inligting as *The soul of the ape* aanbied. Die indruk van wetenskaplikheid word juis in *Burgers van die berge* versterk deur die wyse waarop daar met Marais se ander wetenskaplike prosa in gesprek getree word.

Oënskynlik steur Marais hom dus in *Burgers van die berge* min aan die konvensies van die wetenskaplike teks. Dit blyk nie alleen uit die taalgebruik en die stylaard nie, maar ook uit die slothoofstuk, “Sterfgevalle onder bobbejane”, waarin die kenmerkende bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings van wetenskaplike geskrifte afwesig is. Hierdie “beswaar” geld ook ten opsigte van *The soul of the ape*, waarin ’n bevredigende slot ontbreek bloot omdat Marais die teks nie klaargemaak het nie. Ook die slot van een van Marais se ander wetenskaplike tekste, naamlik *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968) eindig onverwags en selfs onbevredigend (kyk 7.6). Dit is amper asof Marais samevattings en gevolgtrekkings (onbewus?) vermy het.

Min is tot dusver in die kritiek oor die spesifieke ruimte in Marais se wetenskaplike prosa gesê. In sowel *Burgers van die berge* as *The soul of the ape* is die ruimte ’n sentrale gegewe. Marais gee in albei tekste vroeg reeds ’n beskrywing van die spesifieke plasing van die hut wat hy en Alec Austin “tussen die dubbele

gebergtes van die welbekende plaas Donkerhoek in Waterberg” (p. 18) gebou het. Met onder meer die plantegroei wat daar voorgekom het, was dit “’n heerlike oord vir die doel wat ons beoog het” (p. 19). Hier is die waarnemings gemaak:

In die berge van Donkerhoek het ’n trop van ongeveer driehonderd bobbejane gewoon. Hulle het net een vaste slaapplek gehad. Dit was in ’n holte van die krans wat van voor deur die takke van die een groot wildevy beskerm is (p. 20).

Dit is ’n besondere ruimte waarin Marais en Austin hulle bevind en waar Marais sy waarnemings gedoen het. Marais skryf egter ook oor ander plekke wat hy in die Waterberg besoek het en waar hy met bobbejane te doen gekry het. In die lig van die rol wat die Waterberg in Marais se oeuvre in sy geheel speel, is dit ’n ruimte wat met betekenis gelaai is. Die leser met kennis van sowel Marais se belletristiese as sy wetenskaplike prosa aanvaar dat hy die mense en die natuurlewe van die streek goed sou “ken”. Die ruimte of habitat, om dit in wetenskaplike terminologie uit te druk, waarin Marais die bobbejane waargeneem het, word deurgaans geaksentueer. In “Die bobbejane van Doornhoek” word die eerste kennismaking met die bobbejane soos volg beskryf:

Ons eerste kennismaking met die bobbejane van Doornhoek het onder die gunstigste omstandighede plaasgevind. Daar was voor ons aankoms ’n opeenvolging van baie goeie reënjare in Waterberg gewees. ‘De woestijn was als Eden en de Wildernis als de Hof des Heren; vreugde en blijdschap waren daarin gevonden,’ soos die profeet vroeër, waarskynlik onder soortgelyke omstandighede, verklaar het. Die prag en weelde van die natuur wat ons elke dag opnuut bewonder, is eenvoudig nie te beskrywe nie. Veral in die berge van Waterberg het die lewe al sy skatte tentoongestel. So ’n planteryk, soveel voëls het ek nooit tevore, selfs nie in die trope, geëwenaar gesien nie. Wat insekte betref, het dit ons voorgekom asof die Egiptiese wonderwerk voor ons oë verwesenlik is – dat goggas uit die stof van die aarde gebore is (p. 29).

Ook die volgende ruimte wat Marais tydens een van sy reise in die Waterberg

gesien het, word geaksentueer:

Dit was in die middelveld tussen Palala en Magalakwen. Die noorde was destyds heeltemal onbewoon en die plaasname wat ons geken het, was alleen die aanduidings van die ou jagters wat hier olifante geskiet het. Sandmanfontein was een van die ou staanplekke waar kommandant Wessels en ek een winter uitgekamp het. Dit was 'n ronde kom, met steil rande omsingel en slegs deur een poort toeganklik.

Aan die oostelike kant was daar 'n krans goed 'n duisend voet hoog en 'n myl lank. Hierdie krans het so ver oorgehang dat wanneer die son loodreg bo was, daar 'n skaduwee van minstens twintig tree was.

Daar was geen bergdier – die mens ingeslote – wat so 'n rotsstapeling kon uitklim nie en tog het die bobbejane op verbasende wyse van die krans gebruik gemaak.

Ons het 'n paar honderd tree van die voet van die krans gekampeer, sodat ons die hele uitgestrektheid van die krans in die gesig gehad het. Daar was hier in die kom 'n trop van ongeveer tweehonderd bobbejane (p. 51).

Besondere ruimtes (of habitate!) is een van die wesenskenmerke van alle etologiese geskrifte. Die Waterberg as ruimte speel dus in Marais se wetenskaplike prosa dieselfde rol as Gombe in Jane Goodall (kyk o.m. 1988 en 1990) se boeke oor die sjimpansees, die Virungas in Dian Fossey (kyk 1988) se boek oor die berggorillas en Borneo in Biruté M.F. Galdikas (kyk o.m. 1996) se boeke oor die orang-oetangs. As in aanmerking geneem word dat die ruimte waarin wetenskaplikes hulle navorsing doen so 'n belangrike rol speel in etologiese tekste wat op 'n wye leserspubliek gerig is, is dit duidelik dat die Waterberg dieselfde funksie in Marais se werk speel. In hierdie opsig is Marais se wetenskaplike tekste dus in 'n sekere sin 'n voorloper van latere etologiese tekste. Die aandag wat Marais aan hierdie ruimte gee en die waardering wat hy vir die ruimte uitspreek, word sterk beklemtoon. Sekere spesies pas moeilik of glad nie in ander ruimtes aan nie, terwyl die verskillende soorte bobbejane wyd verspreid voorkom (pp. 22–24). In *The soul of the ape* word die aanpasbaarheid van die bobbejaan in verskillende ruimtes soos volg gestel:

An outstanding characteristic of the chacmas is their ability to thrive in the most varied environments. They are equally at home on the fertile hills of our more northerly terrain. In the Cape they are in the midst of a plentiful and varying food supply (p. 45).

Die rol wat die ruimte of die spesifieke habitat in etologiese tekste speel, is een van die fasette wat hierdie soort teks onderskei van die antropogeniese tekste waarvoor Misia Landau skryf. In tekste oor die oorsprong van die mens is ruimtes (soos Afrika, Sjina, die Olduvai-krater, die Sterkfontein-grot) wel ter sake, maar dit speel nie so 'n prominente rol nie. Deur die klem op 'n "interessante ruimte" te plaas, betrek Marais (soos ander etoloë) 'n faset wat ook in literêre tekste van groot belang is. Natuurlik is die spesifieke habitat 'n bepalende faktor vir die aanwesigheid van hierdie ruimtes, maar in die wyse waarop dit herhaaldelik in etologiese tekste voorkom en besondere aandag kry, word die betekenis verryk. Dink maar aan die voortdurende bewustheid van die boomlandskap in die werk van die "trimate" Goodall, Fossey en Galdikas.

Behalwe vir die besondere ruimte, naamlik die Waterberg, waarin die navorsing gedoen is, is daar ook die bestudering van 'n spesifieke trop bobbejane wat Marais en Austin in Doornhoek leer ken het. Hierdie vertrouetheid het selfs sover gegaan dat die bobbejane by die mens kom "skuiling soek" het toe hulle deur 'n luiperd bedreig is. "Hulle het dadelik tot die gevolgtrekking gekom dat die tier vir ons bang is en dat solank hulle naby ons bly hulle veilig is" (p. 33). Die noue band wat tussen die mens en dier ontwikkel, is eweneens opvallend in die "trimate" se werk, hoewel Henzi (1990: 41) kritiek teen "habituation" deur die voer van diere (soos byvoorbeeld op Gombe) uitspreek. Marais meld dat hulle 'n lys gemaak het van die bobbejane en elkeen goed leer ken het.

Marais is egter in dié opsig versigtig om nie as antroposentrië getipeer te word nie. Hy noem byvoorbeeld nie die name wat hy vir die bobbejane gegee het nie. Die "trimate" en ander etoloë het later veel meer selfvertroue aan die dag gelê en identiteit aan die bestudeerde diere gegee deur vir hulle name te gee. Goodall (kyk o.m. 1988 en 1990) skryf al dekades lank, is betrokke by die vervaardiging van video's en lewer wêreldwyd lesings oor die doen en late van individuele sjimpansees

soos Fifi, Flo en Figan. Hulle het nou al byna storieboekkarakters en/of sepiekarakters geword. Die rol van die literatuur en die wetenskaplike teks hoef in dié verband kwalik verder beredeneer te word.

As *Burgers van die berge* en *The soul of the ape* sekere wetenskaplike tendense vertoon, kan nagegaan word in watter mate die werke ook ander eienskappe van wetenskaplike tekste vertoon. Juis hierdie kwessie kan tot bepaalde vrae in verband met *Burgers van die berge* (en heelwat van Marais se ander wetenskaplike tekste) lei. Waarom word daar byvoorbeeld veral in *Burgers van die berge* so min met ander wetenskaplikes in gesprek getree? Waarom word daar in *Burgers van die berge* nooit pertinent na ander wetenskaplike tekste verwys nie? Waarom is daar nie voetnote en 'n bibliografie nie?

Die antwoorde op hierdie vrae kan inderdaad iets in verband met die spesifieke aard van *Burgers van die berge* sê en die aandag van die leser weer eens daarop vestig dat teks nie geïsoleer, los van sy tyd, gelees moet word nie. Die leser moet immers rekening hou met die stand van die wetenskapsbeoefening aan die begin van die twintigste eeu. As gevolg van die min navorsing wat daar bestaan het toe Marais sy werk oor die bobbejane geskryf het, was daar min oor die gedrag van bobbejane in hulle natuurlike omgewing beskikbaar. Marais verwys wel na die werk van Darwin, wat hy as vertrekpunt gebruik om na aanleiding van sy waarnemings oor die bobbejane met sy eie insigte vorendag te kom. Latere etoloë het nie veel van hierdie koers afgewyk nie. Marais tree nogtans in gesprek met plaaslike informante (kyk 6.3) en benut plaaslike kennissisteme, wat eers heelwat later 'n aanvaarbare navorsingsmetode sou word.

Marais het 'n eie karakter en identiteit aan sy geskrifte oor die primate gegee. Hy skep woorde en konsepte wat met hom en sy werk geassosieer sou word en daaraan 'n spesifieke Eugène Marais-identiteit gee. Dink maar aan die wyse waarop hy sy eie inhoud gee aan die woord "siel" en sodoende 'n duidelike afstand skep tussen hom en Sigmund Freud, na wie hy meermale verwys en van wie hy heftig verskil het. Daar is ook Marais se waarneming van droefheid en heimwee by mense en bobbejane, wat hy "hesperiese neerslagtigheid" genoem het. Marais gee ook besondere inhoud aan "pyn", wat hy as een van die noodwendighede in die natuur sien (kyk Du Randt, 1972).

Een van die interessanthede is dat hoewel *The soul of the ape* een van Marais se “mees wetenskaplike tekste” was op grond van die saakliker en minder informele aanbieding, dié teks aanvanklik ten minste een duidelike element van fiksie gehad het. Alec Austin, wat saam met Marais in ’n hut op Doornhoek gaan bly het om die bobbejane dop te hou, word “Dr. De Roubaix” genoem. “Dr. De Roubaix” is natuurlik een van die personasies wat meermale hulle verskyning in Marais se bellettristiese prosa maak (kyk 4.4). Dit lyk asof Marais aanvanklik nog nie “finaal” tussen literatuur en wetenskap kon kies nie! Of anders het hy moontlik in dié “hoogs wetenskaplike” teks sy skrywershand net ’n oomblik lank vrye teuels gegee.

In die geheel gesien, is dit opvallend hoedat Marais hom in sy “bobbejaanprosa” tot ’n breë leserspubliek kon wend en hoe hy ruim van die hulpmiddels wat sowel die literatuur as die wetenskap bied, gebruik gemaak het om ’n eie, unieke stempel daarop af te druk.<sup>33</sup> Dit het tot ’n omvattende diskoers gelei waarvan sekere aspekte in hierdie bespreking ter sprake gebring is.

## 6.7 Betekenis

Marais moes die belangrikheid van sy werk oor die primate vroeg reeds besef het. Waarom anders sou hy so hard gewerk het aan *The soul of the ape*? Die waarnemings wat hy oor ’n tydperk van drie jaar in Doornkloof en sporadies daarna gedoen het, was ’n unieke geleentheid vir hom wat hy goed benut het. Marais was moontlik die eerste persoon wat (onwetend?) gereageer het op A.J. Kinnaman (1902: 103) se artikel oor die sielegedrag van die resusaap, waarin hy opmerkings oor die metodologie maak:

One of the great difficulties is of selecting tests and apparatus properly related to the character of the animal studied [...]. The tests selected must not be too far removed from the field of his natural activity, for in such cases the animal is often completely baffled, and only the most limited results are obtained. The animal may appear to be stupid because the test is unsuitable, and thus be easily misjudged.

Kinnaman (1902: 103) gaan verder:

There is reason for believing that if all *methods* are employed upon the same animal, as far as possible, we shall arrive at a more complete understanding of him. Not opposition to one method or undue emphasis upon another, but a reasonable use of each of them within the just limits of its applicability, should be the practice of the student of comparative psychology.

Meer as sestig jaar later was hierdie siening 'n aanvaarde praktyk, waaroor Breland en Breland (1966: 20) geskryf het:

[...] you cannot understand the behavior of the animal in the laboratory unless you understand his behavior in the wild.

In die eerste twee dekades van die twintigste eeu was daar klaarblyklik niemand onder Amerikaanse en Europese navorsers anders as Eugène Marais wat oor hierdie geleentheid beskik het om 'n trop bobbejane in die natuur waar te neem. Selfs die voorste Amerikaanse dierkundige, Robert M. Yerkes, het nie kon regkry wat Marais gedoen het nie, naamlik om primate in hulle natuurlike habitat waar te neem en daaroor te skryf. In die lig hiervan alleen het Marais en sy navorsingsmetode 'n besondere plek in die geskiedenis van die etologie verwerf. Marais se geskrifte oor die bobbejane neem dus 'n pertinente plek in naas ander literatuur oor die primate. Deur oor sy werk te skryf en ten minste die titels van sy boeke in hulle bibliografieë op te neem, het latere wetenskaplikes "wetenskaplike status" aan sy bydrae gegee (kyk o.a. Morris & Morris, 1966 en Jolly, 1972).

Die laat publikasie van *The soul of the ape* (1969) het in 'n tyd gekom toe ander navorsers oor die primate reeds met nuwe bevindinge vorendag gekom het. Vir die eerste keer is die resultate van hierdie navorsing wyd bekend gestel en het die etologie nuwe helde aan die wetenskaplike wêreld bekend gestel. Sommige van hierdie helde het selfs huishoudelike name geword, soos Konrad Lorenz, Niko Tinbergen en Max von Frisch wat in 1973 die Nobelprys vir Medisyne en Fisiologie vir hulle pionierswerk op die gebied van die etologie ontvang het.

Marais het in sy werk die gedragspatrone van die Kaapse bobbejaan



beskryf, maar was met sy klem op die siel, dit wil sê psigologiese gedrag, nie daartoe in staat om hierdie patrone fundamenteel teoreties te verklaar nie. Een van die redes vir hierdie tekortkoming by Marais was sy onkunde oor 'n dissipline wat gedurende die twintigste eeu ook 'n groot invloed op ons verstaan van die oorsprong van lewe en gedrag sou hê, naamlik die genetika. Aangesien Marais nog niks geweet het van die genetika nie, was hy nie in staat om dié wending vooruit te loop nie. Die indruk wat Marais se geskrifte dus nou maak, is dat hy as 't ware 'n benadering van bo af ("top down") gevolg het en daarna na die wortels van gedrag probeer werk het. Eers met Richard Dawkins (1989 en 1999) sou ons weet dat gedrag geneties voorspelbaar is.

In die lig van die erkenning wat Marais wel met verloop van tyd vir sy wetenskaplike geskrifte gekry het, is dit onnodig om hom in dié verband as 'n tragiese figuur te sien (kyk Rasa, 1989: 15). Iets wat wel jammer is van die laat publikasie in boekvorm van sy geskrifte oor die bobbejane is dat hy die geleentheid ontnem is om gedurende sy leeftyd aan verdere akademiese gesprekvoering oor die onderwerp deel te neem. Vandag is intellektuele gesprekvoering oor gepubliseerde resultate van navorsers die lewensbloed van die wetenskaplike wêreld. Deur aan so 'n gesprek deel te neem, sou Marais seer sekerlik met heelwat nuwe inligting en insigte vorendag gekom het. Dit sou boeiend gewees het om hom te hoor antwoord op die kritiek wat daar met verloop van tyd teen aspekte van sy werk uitgespreek is. 'n Mens kan aanvaar dat hy in meer as een geval met 'n unieke (en moontlik geldige) antwoord vorendag sou gekom het.

Marais is kwaai deur Zuckerman (1975, 1978 en 1983) gekritiseer. In 'n lesing voor die Eugène Marais-tak van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het D.M. Joubert (1976: 6) soos volg op die aanval geantwoord wat Zuckerman in 1975 by die Universiteit van Kaapstad gelewer het (kyk 6.5):

Wat Zuckerman nie kon aanvoel of sou weet nie, is dat die naam Eugène Marais, en sy waarnemings en beskrywings en verklarings, hoe gebrekkig ook al – ons in Suid-Afrika op die pad help plaas na 'n plek in die internasionale wêreld van onder meer die etologie en van die semeiotologie. Moontlik het ons hom in die proses self verafgod, maar nooit het ons hom voorgedou – of het hy homself ooit voorgedou – as 'n uitmuntende wetenskaplike nie. Veel

eerder 'n rigtingwyser. Een wat langs die weg wat hy self bewandel het ook soveel *ander* dinge gedoen het wat, al sou hy nooit 'n mier se siel of 'n bobbejaan se gedrag bestudeer of beskryf het nie, sy naam sou verewig.

Joubert se siening word op verskillende maniere bevestig deur die uitsprake van Suid-Afrikaanse wetenskaplikes wat hulle oor die jare oor Marais se werk uitgelaat het. Daar word dus veral in hierdie perspektiewe wat 'n gevoeligheid vir die geskiedenis van die wetenskap openbaar, erkenning gegee aan die rol wat Marais as baanbreker op die gebied van die etologie gespeel het. Maar dit is deur middel van tekste wat Marais sy verhale oor die bobbejane vertel het. Sowel letterkundiges as wetenskaplikes reageer in die meeste gevalle op dit wat hulle in Marais se eie werk of oor hom gelees het, sodat die aard van en opvattinge oor hierdie tekste behoorlik ondersoek is.

Marais was nie bloot 'n populariseerder van wetenskaplike kennis nie, aangesien hy self oor sy eie eerstehandse waarnemings en kennis geskryf het. Die jong, vaardige en strydvaardige joernalis uit die tyd van die ZAR het sy talente om noukeurig waar te neem en kompromisloos daarvoor te skryf (kyk 4.2) verder in die polemiese wêreld van die Darwinistiese diskoers ontwikkel en verfyn. As vaardige skrywer het Marais van tegnieke gebruik gemaak (soos om literêre tegnieke in wetenskaplike geskrifte aan te wend) waarvoor hy nie gedurende sy lewe en selfs lank daarna erkenning gekry het nie. 'n Belangrike rede hiervoor is die modernistiese sienings van die wetenskap wat lank bestaan het en eers met die publikasie van Kuhn se *The structure of scientific revolutions* (1962) erkenning gekry het. Die erkenning van die rol van literêre strategieë in wetenskaplike tekste deur onder meer Misia Landau het dit moontlik gemaak om groter waardering vir die werk van skrywers soos Marais te hê. *Burgers van die berge*, *The soul of the ape* en andere is dus tekste wat vandag sowel literêre as wetenskaplike betekenis het. Dit is nie meer nodig om 'n teks vir die letterkunde op te eis soos wat Du Randt (1969) gedoen het nie, en om jou oë vir die wetenskaplikheid van so 'n teks toe te maak nie.

Marais het vroeg al (onwetend?) sy lesers daarop voorberei om versoening tussen *literatuur* en *wetenskap* na te strew. Dit is enigsins vreemd dat Edward O. Wilson, wat nie veel waarde aan Marais se teorie oor die eenheid van die miernes

geheg het nie (kyk 5.5), juis vandag die verpersoonliking van die gedagte van die “consilience” (Wilson, 1998) geword het. Miskien het Wilson *Die siel van die mier* nog geïsoleer gelees.

## 6.8 Samevatting

In die geheel gesien, oortref die waarde van Marais se werk oor die primate waarskynlik sy ander wetenskaplike werk. Dit spreek veral uit die erkenning wat op verskillende maniere aan sy werk oor die bobbejane gegee is. Met *Burgers van die berge* en die Engelse vertaling van die boek het Marais reeds internasionaal die aandag op sy werk oor die primate gevestig. Dit is opvallend in hoeveel publikasies oor die primate daar na Marais verwys word, of hoe dikwels die titel van sy publikasies ten minste in die bibliografieë vermeld word. Na die publikasie van *The soul of the ape* is hierdie beeld van Marais versterk, hoewel dit jammer is dat die boek nie vroeër gepubliseer kon word nie. Dit het hom beslis die geleentheid ontnem om erkenning as een van die grondleggers van die etologie te kry. Om egter ’n tragiese voorstelling te maak van Marais se onvermoë om die boek te publiseer (kyk Ardrey, Rousseau en Rasa) lyk enigsins oordrewe. Marais het immers heelwat perspektiewe in *The soul of the ape* in artikels verwerk wat hy gedurende sy lewe gepubliseer het. Hierdie perspektiewe het ongelukkig verder daartoe bygedra om die beeld van Marais as ’n tragiese figuur te versterk.

As skrywer het Marais daarin geslaag om sy werk oor die primate aan ’n wye leserspubliek bekend te stel. Deur sy artikels in die populêre koerante en tydskrifte te publiseer, het hy veral die Afrikaanse leserspubliek vir die belangrikheid van dieregedrag gesensitiseer. Om die leesbaarheid van sy werk te verhoog, het die gebruik van ’n verskeidenheid literêre tegnieke goed te pas gekom. Met die wyse waarop hy oor sy bevindinge geskryf het, het Marais ’n dimensie bygevoeg wat nie tot dusver in literatuur oor die aard van die etologie aandag gekry het nie. Min aandag word in literatuur oor die etologie as dissipline gewy aan die aard van die wetenskaplike teks waarin die wetenskaplike sy waarnemings beskryf om aan die leserspubliek oor te dra.

Met die wyse waarop hy oor sy bevindinge geskryf het, het Marais egter 'n dimensie toegevoeg wat nie tot dusver in literatuur oor die etologie pertinent aandag gekry het nie. Marais en heelwat ander etoloë se tekste verskil immers van die tipe wetenskaplike teks wat vandag nog as ideaal voorgehou word (kyk 2.5). Tipiese fasette van die literatuur speel hierin 'n rol: die verteller, die leser, die woord, die metafoor, die teks.

Die hedendaagse leser kan en mag die “wetenskaplikheid” in Marais se wetenskaplike prosa met veel meer vrymoedigheid as vorige geslagte lesers benader. Daar is immers veel minder taboes oor hoe die werk gelees moet word. Daar is ook hulpmiddels en benaderings wat voorheen nog nie bestaan het nie, wat die lees van die tekste 'n groter leeservaring kan maak. Dit sluit in eerste instansie veranderde sienings oor sowel die literatuur as die wetenskap in.

Dit beteken natuurlik nie dat die leser dit nou “makliker” gaan vind om die betrokke tekste te lees nie. Word daar nie dalk 'n groter belesenheid en verwysingshorison ten opsigte van Marais veronderstel as wat literatore en wetenskaplikes aanvanklik vermoed en gepropageer het nie? Die antwoord hierop is nie maklik nie, aangesien die hedendaagse wêreld onvoorsigtelik geword het. Deur gebruikmaking van insigte uit sowel die literatuur as die natuurwetenskappe kan nietemin gepoog word om Marais se wetenskaplike prosa beter te verstaan.

## AANTEKENINGE

1. Volgens Maple (1979: 31) het daar in die Weste in hierdie tydperk baie verdraaide sienings oor die primate bestaan:

Much of the early information about monkeys and apes was based on the haphazard anecdotes of hunters and explorers. Often these writers would obtain their information from the natives who inhabited the African, Asian, and South American regions. These tales may have been embellished by the natives to impress the Europeans, and further altered to *sell books!*

2. Uitgebreide navorsing is reeds gedoen oor die plek wat spel in primate se bestaan inneem (kyk Smith, 1978). Oor die rol wat voorwerpe in hierdie spel speel, skryf Douglas K. Candland en Carl N. Johnson (1978: 265) soos volg:

One of the notable aspects of primate play behavior is that much of it is directed toward inanimate objects in the environment. Certainly, other species play with objects (e.g., a puppy chasing a stick, a kitten wrestling with yarn), but it is only within the Order Primates that one finds complex forms of object manipulation, the use of an object as an exploratory tool, and nonstereotyped, novel uses of objects as vehicles of play.

Spel word deur Candland en Johnson (1978: 272) as 'n unieke eienskap van die orde van die primate gesien: “[P]lay is directed toward inanimate objects sufficiently often to qualify this behavior as a speciality of the order”. Die volgende opmerking kan ook moontlik as bevestiging van Marais se stelling geles word: “[T]here are clear phyletic differences in the quality and quantity of play among nonhuman primates”.

3. Rousseau baseer sy beskrywing hiervan op die passasies op p. 54 in *Burgers van die berge* en die gegewens in Eyssen (1951: 27) se artikel.
4. Oor Marais se leeswerk tydens hierdie tydperk in Pretoria skryf Rousseau (1984c: 293–294) soos volg:

Sy eie groot werk, *The Soul of the Ape*, hou sy gedagtes besig, maar om dit te kan skryf, moet hy eers léés. Hy lees sporadies – dikwels vyf of ses boeke gelyktydig – maar hy lees baie. Soos hy, ondanks sy kennis van Duits, Häckel op Boshof in die Engelse vertaling geles het, lees hy ook die Franse filosoof Henri Bergson hier in Engels. Ná die publikasie van *L'Evolution Créatrice* tien jaar tevore, is Bergson hoog in die mode, nie net Bergson self nie – hy is 'n bietjie moeilik verteerbaar – maar die kommentare op hom wat kort voor die Groot Oorlog verskyn het: Lindsay se *The Philosophy of Bergson*, Henri Bergson: *The Philosophy of Change* deur Carr, en veral Elliot se

*Modern Science and the Illusions of Professor Bergson.*

[..]

Hy lees asof hy wil vergoed vir sy intellektuele afsondering op Rietfontein. Van Freud en Bergson gaan hy na Maurice Maeterlinck, die Belgiese dramaturg en filosoof aan wie die Nobelprys vir Letterkunde toegeken is op grond van dramas soos *Loiseau bleu* (Die blou voël).

Marais stel veral belang in Maeterlinck se *La Vie des Abeilles* (Die Lewe van die By).

5. Die handgeskrewe manuskrip van *The soul of the ape* word in die argief van die RAU bewaar. Dit vorm deel van die sogenaamde Sotheby-versameling van aantekeningboeke, manuskripte, korrespondensie tussen Marais en sy seun en ander items (kyk Sotheby Parke Bernet South Africa, 1978: 33–43) wat ná die dood van Eugène Marais jr. deur sy erfgename te koop aangebied is. Dit het op 19 Oktober 1979 op 'n openbare veiling onder die hamer gekom. Vooraf is daar heelwat mediadekking aan die veilig gegee en is die vrees uitgespreek “dat buitelanders, by name verteenwoordigers van die Universiteit van Texas, die waardevolle versameling voor die neuse van Suid-Afrikaanse kopers gaan wegraap” (*Beeld*, 19.10.1978). Hoofartikels is deur *Die Burger* (6.10.1979), *Beeld* (7.10.1978) en *Die Transvaler* (9.10.1979) aan die saak gewy. “Dit is 'n ereskuld wat diegene wat die Afrikaanse taal liefhet, verskuldig is om die versameling van dokumente in Suid-Afrika te hou (selfs ondanks die ironiese dat Marais baie van sy private korrespondensie in Engels gevoer het!),” het 'n deel van *Beeld* se kommentaar gelui.

Die manuskrip van *The soul of the ape* was een van 33 dokumente wat deur Perskor aangekoop is om “in die klein kerkie langs die nuwe Perskorgebou in Heiheightstraat” (*Die Vaderland*, 25.10.1978) uit te stal. Die manuskrip is in November 1990 deur die RAU ná 'n vertroulike transaksie bekom en word tans as deel van die Eugène N. Marais-versameling in die Universiteit se argief bewaar. Hoewel toestemming nie verkry kon word om die aard van die transaksie hier bekend te maak nie, maak die omvang daarvan dié manuskrip ongetwyfeld een van die waardevolste literêre manuskripte in Suid-Afrika. As deel van die Sotheby-versameling is dit in die katalogus aangebied as “certainly the most important scientific manuscript by Marais, to have appeared on the market” (Sotheby Parke Bernet South Africa, 1978: 33).

Leon Rousseau (1978a, 1978b, 1978c, 1979, 1989 en 1998: 65–78) het by 'n aantal geleenthede oor nuwe inligting oor Marais in die Sotheby-versameling geskryf.

6. “Vroeg in 1919 oorhandig Marais die voltooide manuskrip aan sy seun, wat dit sorgvuldig oortik. Hierdie manuskrip was *The Soul of the Ape* soos ons dit vandag ken” (Rousseau, 1984c: 313). Volgens Rousseau (1984c: 314) het Eugène Marais jr. die deurslag van die getikte manuskrip gehou. “As dit nie vir hierdie deurslag was nie, sou *The Soul of the Ape* waarskynlik in sy geheel verlore gegaan het.”
7. Die handgeskrewe manuskrip bevat twee verskillende weergawes van die eerste hoofstuk, waaruit duidelik blyk dat die manuskrip 'n tentatiewe begin gehad het. Veral die eerste weergawe bevat talle deurhalings, wysigings en korreksies. Dit lyk asof Marais die eerste weergawe baie noukeurig deurgewerk en probeer het om hom so goed moontlik uit te druk. Die res van die manuskrip toon egter minder herskrywings, so asof Marais ná die eerste hoofstuk beter op dreef gekom het.  
Volgens alle aanduidings was daar ook ten minste twee getikte weergawes van die manuskrip.
8. Volgens Rousseau (1984c: 415) is *The soul of the ape* “in die branding van die laaste paar maande op Heidelberg verswelg”. Later beweer Rousseau (1984a: 1291) dat die manuskrip “in die chaos van sy ontwrigtende ondervindings op Heidelberg” verlore geraak het. Kyk ook Rousseau (1998: 54) vir 'n soortgelyke uitspraak.
9. Die faksimilee van Marais (1980) se handgeskrewe manuskrip van “Mabalêl” beslaan 70 bladsye. “Hy het verstreëls, selfs strofes oor en oor geskryf, op soek na die juiste woord en suiwerste reël” (Nienaber, 1980: 14).
10. Die tiksters na wie Marais hier verwys, was waarskynlik verbonde aan die firma Van Wyk en Louw op Erasmus (tans Bronkhorstspuit in Mpumalanga) waar Marais in daardie stadium as prokureur gepraktiseer het.
11. Al vyf die briewe waarna hier verwys word, word in die argief van die RAU bewaar.
12. 'n Mens sou die “permanente woning” wat Marais en Austin vir hulle in die kloof

ingerig het 'n eenvoudige navorsingstasie kon noem. Dit is vergelykbaar met Jane Goodall (1990: 20–26) se veldstasie in die Gombe Stream Research Centre aan die oostelike oewer van die Tanganjikameer in Tanzanië waar sy in 1960 begin het om navorsing oor sjimpansees te doen. Nog voorbeelde van sulke navorsingstasies is die Karisoke Research Centre van Dian Fossey (1988: 19–41), wat in 1969 op die vulkaniese Verungas in Rwanda begin het om berggorillas te bestudeer, en Biruté M.F. Galdikas se “Camp Leakey” langs die Sekonyerrivier in Borneo waar sy sedert 1971 navorsing oor die orangoetangs doen. Die klein, primitiewe hut waarin Galdikas aanvanklik gewoon het, was oorspronklik “an abandoned loggers’ hut, open on all four sides and built on stilts so that it stood high off the ground” (Gallardo: 1993: 14; kyk ook Galdikas, 1995).

13. Hierdie metode is vergelykbaar met dié van Goodall (1988: 67) wat die sjimpansees van Gombe piesangs gevoer het om hulle aan haar gewoon te maak. Mettertyd het Goodall (1988: 89) 'n permanente voerplek (of “feeding station”) ingerig “that would tempt the nomadic chimpanzees to camp whenever they happened to be in the vicinity, so that we should be able to make reasonably regular observations on a number of different, known individuals”. Leakey was aanvanklik krities oor die voer van die sjimpansees en sou eers enkele maande voor sy dood “grudgingly admit that the feeding may not have tainted her study as much as he feared” (Morell, 1996: 251).
14. Die langste ononderbroke studie van die gedrag van die primate is dié van die meer as veertig jaar lange studie wat Goodall nou reeds sedert 1959 aan navorsing oor die sjimpansees van Gombe in Tanzanië wy (kyk The Jane Goodall Institute, 1999).
15. M. van der Groeben se vertaling van *Burgers van die berge* in Duits is in 1953 onder die titel *Meine Freunde die Paviane* gepubliseer. Die boek het daarna nog twee herdrukke by twee ander uitgewers beleef.
16. Charles Darwin se *The origin of species by means of natural selection, or the preservation of favoured races in the struggle for life* is die eerste keer in 1859 gepubliseer (kyk 3.4).
17. Vreemd genoeg was Léon Rousseau, wat tussen 1962 en 1974 navorsing gedoen het



met die oog op die skryf van *Die groot verlange* en noue samewerking van Eugène Marais jr. gehad het, klaarblyklik tot in 1969 totaal onbewus van die bestaan van die manuskrip van *The soul of the ape* en van Eugène Marais jr. se pogings om 'n uitgewer vir die manuskrip te kry. Gedurende hierdie tyd was Rousseau een van die direkteure van Human & Rousseau en was hy nou by die publikasie van 'n aantal nuwe uitgawes van Marais se werk betrokke. Rousseau kon nie tydens 'n gesprek met my op 25 September 2000 in Pretoria 'n verklaring daarvoor gee nie.

18. Robert Ardrey (1908–1980) ontvang sy opleiding in die natuurwetenskappe aan die Universiteit van Chicago, maar is tot in 1958 veral as dramaturg en draaiboekskrywer bekend. Sy dramas sluit in *Casey Jones* (1938), *Thunder rock* (1940) en *Sing me no lullaby* (1958), terwyl hy ook die draaiboeke van onder meer *The three musketeers* (1948), *Madame Bovary* (1949) en *Khartoum* (1966) geskryf het. John V. Falconieri (1994: 22) tipeer Ardrey se werk as dramaturg soos volg:

Any history of the American theatre would be deficient if it did not consider the plays of Robert Ardrey. His themes include many slices of American history and of the vast amalgam of cultures that America represents. But no playwright finds a place in history just for his themes and Ardrey's claim to acknowledgement must be attributed to his mastery over the components of dramatic literature. Settings are his particular forte, especially his native Midwest, but he sets plays and scenarios all over the world, and, in particular, Africa, which he visited so often as an anthropologist and ethologist. He was a playwright who visualised staging problems long before the stage or movie director saw them, and guided these generally distraught persons to easy functioning. No wonder he was the golden boy of movie producers.

Tussen 1958 en 1980 was Ardrey egter hoofsaaklik bedrywig as dosent en konsultant in die evolusionêre oorsprong van menslike gedrag en publiseer hy 'n aantal boeke oor die onderwerp waaronder *African genesis: A personal investigation into the animal origins and nature of man* (1961), *The territorial imperative: A personal inquiry into the animal origins of property and nations* (1966) en *The social contract: A personal inquiry into the evolutionary sources of order and disorder*. *The*

*hunting hypothesis* (1970).

Oor die rede waarom hy die wêreld van die teater en die film vir die wetenskappe verruil het, het Ardrey (aangehaal in Falconieri, 1994: 21–22) die volgende gesê:

The dramatist, throughout all ages, has been the poet of principal responsibility in [...] human investigations. And perhaps that is why, dissatisfied with all contemporary fashions and sex and economics, I left the theatre to pursue my investigations of the evolutionary sources of human behaviour. That we are four-dimensional beings, in whom the past lives as a portion of the present, is a thesis brought alive by such dramatists of genius as Harold Pinter. But for definitive investigation one must turn to stages larger than those of the theatre, always with the hope that any new understanding of our nature will be as useful to the arts as to the sciences.

Robert Ardrey is in 1958 met die Afrikaanse aktrise Berdine Grünewald getroud. “Daar is min twyfel dat dit sy was wat sy belangstelling in Marais as baanbreker-etoloog geprikkel het” (Rousseau, 1998: 106). Eghard van der Hoven (2000) onthou Grünewald as ’n baie intelligente, wyd belese en besonder charismatiese persoon. Volgens Van der Hoven was sy baie sprankelend en het “dit altyd gelyk asof sy nou net uit die bad gekom het. In die aand kon sy oor die opvoering saampraat, want bedags het sy moeite gedoen om haar feite op te swot. Dit het ons altyd beïndruk.”

19. Rousseau (1998: 106) skryf die volgende oor Ardrey: “Niemand het soveel gedoen as hy om die aandag van die wêreld op Eugène Marais te vestig nie. Skryf kon hy soos ’n engel. Ek wil belate hulde aan hom bring.”
20. Dick Findlay (1928–1996) was ’n kleinseun van Marais se suster Lizzie Niemeyer en het dwarsdeur sy lewe groot waardering vir Marais en sy nagedagtenis gehad. Hy lewer ook ’n bydrae tot die teater met sy drama *Bitter lied van die somer* (1975).
21. Volgens ’n nota op die agterblad is dr. Peter Henzi “a senior lecturer in the Psychology Department at the University of Natal, Durban. He runs two primate

projects, one on baboons at Mkuzi Game Reserve, and the other on blue monkeys at Cape Vidal. He is a former member of the Ethology Group of South Africa.”

22. C.S.G. (Con) de Villiers (1894–1978), ’n skrywer van veral Afrikaanse kontreikuns oor die Overberg van sy kinderjare, was volgens Kannemeyer (1983: 21) ook “dosent en later hoogleraar in die Dierkunde aan die Universiteit van Stellenbosch en verwerf [...] bekendheid vir sy navorsing oor die oorsprong van en ontwikkeling van die werweldierskelet”.
23. Presies wat die beskouings van dié persone is, word nie deur De Villiers in die bespreking vermeld nie.
24. Zuckerman het hom meermale skerp oor (onder meer!) Marais se werk oor die bobbejane uitgelaat. In ’n lesing, “Directions and misdirections of science”, wat Zuckerman op 24 September 1975 by die Universiteit van Kaapstad gelewer het, behandel hy pseudowetenskap teenoor ware wetenskap en kies hy Marais se werk as voorbeeld van eersgenoemde. In sy outobiografie, *From apes to warlords*, laat Zuckerman (1978: 123) hom soos volg in verband met ’n ander skrywer uit:

He may have been a totally mythical character or merely a phony scientist like Eugène Marais, a drugridden South African who wrote fanciful stories about baboons and ants in the early part of the century, and who, because he was one of the fathers of Afrikaans as a written language, has all but been canonized in the land of his birth.

In die 1983-uitgawe van *The social life of monkeys and apes* het Zuckerman nogeens wat oor Marais te sê. Hy verwys na Marais se werk as “zoological fantasies” (p. 368) en in die bespreking van Marais (1926) se artikel, “Baboons, hypnosis and insanity”, in *Psyche* bevind hy dat slegs die stelling oor masturbasie by jong bobbejaanmannetjies sonder wyfies “if authentic, is of some interest” (p. 205)! Zuckerman se bespreking van *My friends the baboons* verskyn as ’n bylae tot die boek.

Zuckerman se venynige aanvalle op Marais tydens sy lesing by die Universiteit van Kaapstad het hom egter in Suid-Afrika skerp kritiek en verontwaardiging in die media en van wetenskaplikes op die hals gehaal (kyk

Anonimus, 1975a en 1975b; Stirling, 1975; Joubert, 1975a en 1975b; en Holm, 1988). Kyk die uitspraak van D.M. Joubert (1976: 6) in 6.7, wat die reaksie van Suid-Afrikaanse wetenskaplikes goed tipeer.

25. Dit is nie duidelik of Zuckerman in staat was om Du Toit en Rousseau se biografieë, waarna hy verwys, in Afrikaans te lees nie. Zuckerman (1983: 461) maak immers melding van “English translations of relevant parts of Mr Rousseau’s biography” wat deur ene mev. Bessie Briers aan hom verskaf is. Volgens Zuckerman was mev. Briers van Pretoria “a librarian whose suspicions had been aroused by certain oddities in the Marais story and in Mr Ardrey’s eulogies”. (Presies wat hierdie “oddities” was, word nie deur Zuckerman vermeld nie.) Te oordeel aan die foute wat Zuckerman maak in verband met onder meer Marais se geboortedatum as “1872” (p. 460), die tipering van Alec Austin as “a field naturalist and comparative anatomist of distinction” (p. 461) en dat Marais na sy terugkeer na Pretoria van tyd tot tyd “revisited the Waterberg district” (p. 462) klop nie met die inligting in Rousseau se werk nie. Aldrie hierdie vergissings by Zuckerman is die onderwerp van pertinente bespreking in Rousseau (1984c) se biografie oor Marais. Die foutiewe geboortedatum het Zuckerman waarskynlik uit Eugène Marais jr. se “Introduction” tot *The soul of the white ant* (1937: i) gekry.
26. Ek het geen rede om Zuckerman se oordeel ten opsigte van veral die agt foutiewe beweringe in twyfel te trek nie.
27. Dit is waarskynlik uitsprake soos hierdie van Ardrey wat Zuckerman so heftig laat reageer het.
28. Dit is te betwyfel of daar genoeg konkrete getuienis bestaan om sodanige aannames te regverdig.
29. In 1971 lewer Anton Rupert (1971) ’n pleidooi dat die eerste leerstoel in natuurbewaring in Suid-Afrika aan die Universiteit van Pretoria na Marais vernoem moet word en nie na homself nie.
30. Die annotering van ’n teks bevestig die status van so ’n teks, maar bevestig ook dat daar sekere “onduidelikhede” is. Vir die leser van Marais se nieliterêre werk kan so ’n

geannoteerde werk van groot waarde wees. Dit kan ook daartoe bydra om baie van die onsekerhede van letterkundiges oor die waarde van Marais se wetenskaplike werk uit die weg te ruim.

31. Byvoorbeeld ten gunste van die Afrikaner en die Afrikaanse taal?
32. Rousseau verwys in *Eugène Marais and the Darwin syndrome/Die dowwe spoor van Eugène Marais* (1998) glad nie na Henzi se geannoteerde uitgawe van *The soul of the ape* van 1990 nie.
33. 'n Voorbeeld hiervan is die klassifikasie van *Burgers van die berge* en die Engelse vertaling, *My friends the baboons*, deur die Akademiese Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria. Sowel die Afrikaanse as die Engelse uitgawe kan tussen sowel die letterkundige as die dierkundige publikasies gevind word. Volgens me. Rita Badenhorst van die Akademiese Inligtingsdiens dui dit onder meer op die rol wat subjektiwiteit in die klassifikasie van boeke van dié aard speel. Sienings oor die klassifikasie van boeke kan ook met verloop van tyd verander.

## HOOFSTUK 7

# MARAIS SE WETENSKAPLIKE PROSA OOR ANDER ONDERWERPE

### 7.1 Inleiding

Benewens Marais se geskrifte oor termiete en bobbejane, wat in die voorafgaande hoofstukke in besonderhede bespreek is, het hy ook bydraes oor 'n aantal ander onderwerpe die lig laat sien. "There was no natural phenomenon, no facet of human behaviour, no form of animal behaviour whose underlying causes Eugène Nielen Marais did not seek to probe, recording his observations and theories with attractive clarity in popular form," skryf Marais se seun in die "Preface" tot *The road to Waterberg and other essays* (1972a: 5). Marais se geskakeerde oeuvre lewer voldoende getuienis hiervan.

Die bundels *Natuurkundige en wetenskaplike studies* (1928a) en *Sketse uit die lewe van mens en dier* (1928b; in 1937 heruitgegee as *Die mielies van Nooitgedacht*) het tydens Marais se lewe verskyn. Postuum verskyn die bundel *'n Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b), die essay *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968b) en 'n Engelse keur uit sy geskrifte in *The road to Waterberg and other essays* (1972a). In hierdie hoofstuk word oorsigtelik aan dié geskrifte aandag gegee. Onderwerpe in dié bundels wat wel in ander hoofstukke aandag gekry het, word nie hier behandel nie, of slegs vermeld. Soos in die voorafgaande twee hoofstukke word die omstandighede waarin die werk tot stand gekom het, die wyse waarop die navorsing onderneem is, die tekste se publikasie-geskiedenis, hulle ontvangs en wyse van aanbieding bespreek. Ten slotte word die betekenis van die tekste aangedui en 'n samevatting gegee.

Hoewel hierdie hoofstuk 'n algemene oorsig van Marais se "ander" wetenskaplike prosa (d.w.s. nie dié oor termiete en bobbejane nie) bevat, word die klem veral geplaas op tekste wat oor voëls handel. Die keuse van hierdie tema is

deur 'n aantal faktore bepaal. Eerstens het Marais meerdere kere oor voëls geskryf en is dié tema nog nie bevredigend as 'n faset van sy wetenskaplike werk ondersoek nie, terwyl sy werk oor onder meer slange en droogte in die verlede wel aandag geniet het. Tweedens het Marais van verskillende genre-vorme gebruik gemaak en bied dié tekste die geleentheid tot 'n bespreking van enkele subgenres (o.m. die skets en die essay) in sy werk. Derdens het Marais juis oor voëls een van sy klein meesterwerke nagelaat, naamlik *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968b), op grond waarvan die verhouding tussen literatuur en wetenskap op boeiende wyse geïllustreer kan word. Ten slotte het 'n eie belangstelling in voëls en 'n skryfprojek wat ek in die negentigerjare aangepak het my nuuskierigheid in literatuur oor voëls geprikkel (kyk Marais, 1994a en 2001). Ek het dié faset van Marais se werk dus as 'n besonder nuuskierige leser benader en probeer om na aanleiding van my eie ervarings in dié verband enkele opmerkings oor sy werk te maak.

## 7.2 Ontstaansomstandighede

Dié waarnemings van Marais wat vervat is in sy wetenskaplike prosa wat in hierdie hoofstuk ter sprake kom, is tydens verskillende tydperke in sy lewe gemaak. Bepaalde omstandighede sou egter 'n rol speel in sowel die waarnemings as die geskifte wat daaruit voortgespruit het. Droogte, 'n vroeë tema waarvoor Marais geskryf en waarmee hy aandag getrek het, is 'n goeie voorbeeld om mee te begin.<sup>1</sup>

Een van Marais (1972a: 16–33) se vroeë wetenskaplike artikels, “Notes on some effects of extreme drought in Waterberg” (in *The road to Waterberg*), dateer naamlik uit die jaar 1914 (kyk 7.4). Met hierdie artikel het Marais oor 'n onderwerp geskryf wat tot laat in sy lewe nog 'n rol in sy werk sou speel. Die onmiddellike aanleiding tot die genoemde artikel was “a culmination of several drought years” (p. 19) in die Waterberg, en die artikel bied 'n voorstelling van die uitwerking wat die droogte op lewe in die natuur het. Hy formuleer ook daarin sy teorie dat die aarde besig is om uit te droog.

Die legendariese droogtejaar 1933 noop Marais om in drie artikels in *Die*

*Vaderland* weer na die onderwerp terug te keer.<sup>2</sup> In “Die verwoestingsgang van droogte” (later opgeneem in *’n Paradys van weleer*) sluit hy by sy artikel van 1914 aan en brei hy aan die hand van nuwe bewyse daarop uit.<sup>3</sup> Uit dieselfde tyd dateer ook die artikels “’n Paradys van weleer”, oor die uitwerking van die droogte op die landstreek Agter-die-Berg, en “Waar die wêreld verkeerd om wentel” (in *’n Paradys van weleer*), wat handel oor die invloed van droogte op die panne rondom Boshof gedurende die droogte van 1933 (kyk 3.3). Die droogte gee selfs aanleiding tot ’n besonder vreemde verhaal, “Ondergang van die Tweede Wêreld” (in *Keurverhale*, 1980).<sup>4</sup>

Nog ’n onderwerp, naamlik slange, speel ’n opmerklike rol in Marais se oeuvre. Volgens Rousseau (1984c: 220) het Marais ’n intense belangstelling in slange gehad:

Naas Marais se beroemde boeke oor termiete en bobbejane is daar ’n derde, nooit geskrewe werk wat hy miskien sou kon genoem het *Die Siel van die Slang* – want na bobbejane en miere het geen ander dier sy belangstelling so geprikkel nie. Reeds sedert sy vroegste kinderdae het hy in die wilde, subtropiese Pretoria met slange kennis gemaak; as seun en later as jong man het hy hulle aangehou; reeds in Londen het hy blykbaar eksperimente in verband met slanggif uitgevoer.

Dit is egter veral Marais se verblyf in die Waterberg en sy besoek aan die vier Van Heerden-broers op die plaas Rietvlei in die Swaershoek wat gelei het tot ’n aantal ervarings met slange wat hy in “Die wêreld se mees gevreesde slang” (in *’n Paradys van weleer*) beskryf. Marais skryf breedvoerig oor die gevaarlike mamba of “makopa” (“sonder twyfel die grootste giftige slang in die wêreld”, p. 73). Die artikel is saamgestel uit ’n aantal “min of meer persoonlike ontmoetings met hierdie mees gevreesde slang in die wêreld” (p. 79) en verhale oor slange wat hy in die Waterberg gehoor het. “Gevleuelde dood” (in *’n Paradys van weleer*) sluit hierby aan en vertel meer oor die spoed van die mamba en hoe kragtig die slang se gif is. In die essay “Slanggif” uit 1911 (in *Natuurkundige en wetenskaplike studies*) beskryf Marais die uitwerking van slanggif op sekere warmbloedige diere, terwyl die effek in die verhaal “Diep rivier” (in *Die leeus van Magoeba en ander verhale*) op kennis van die



gedrag van die mamba berus. In al hierdie geskifte skryf Marais hoofsaaklik oor die gevreesde swartmamba (*Dendroaspis polylepis*)<sup>5</sup> wat hy in die Waterberg en veral op Rietvlei in die Swaershoek leer ken het.

Marais se verblyf in die Waterberg en sy besoeke aan ander gebiede in die noorde van die destydse Transvaal het ook materiaal vir 'n aantal tekste met 'n historiese en/of antropologiese inslag opgelewer. Voorbeelde hiervan is "Die woestynvlug van die Herero's", "Modjaje" en "Die laaste Mapela-moord" (in *Sketse uit die lewe van mens en dier*; heruitgegee as *Die mielies van Nooitgedacht*) en "The Bavenda's sacred beads" (in *The road to Waterberg and other essays*). "Die woestynvlug van die Herero's" handel oor "die vlug van die Herero's uit Suidwes deur die Kalahari na die gebied van die Bamangwato, en eindelik na Palala in Waterberg" (Marais, 1984: 341).<sup>6</sup> In "Modjaje" word die geskiedenis vertel van "die Sonvorstin Modjaje, wat gedurende die laaste jare van die Suid-Afrikaanse Republiek in Soutpansberg gesterf het" (Marais, 1984: 350).<sup>7</sup> "Die laaste Mapela-moord" speel eweneens in die Waterberg af, waar Hans Masibi Mapela in 1901 planne vir dié moord beraam het (kyk Marais, 1984: 365). "The Bavenda's sacred beads" handel oor die lotgev alle van 'n halssnoer waaraan die Bavenda-hoofmanne groot waarde geheg het.<sup>8</sup> Marais (1972a: 1256) skryf onder meer soos volg:

The existence of the 'sacred' beads and the importance the tribe attached to them was known to most White people who had come into contact with them. It is related that these beads were brought with the Bavenda from the Congo and were passed by the paramount chiefs from father to son as the supreme emblem of kingship.

Nog 'n teks uit *Sketse uit die lewe van mens en dier* wat op waarnemings en ondervindings in die Waterberg gebaseer is, naamlik "n Klein Kerkops en sy werk", is van sowel antropologiese as argeologiese belang. In dié artikel oor die sogenaamde "Waterbergse 'Vaalpense'"<sup>9</sup> skryf Marais oor een van hulle, "Ou Klaas",<sup>10</sup> en gee veral aandag aan die ysterwerktuie wat Klaas kon vervaardig. Marais (1984: 378) skryf hieroor soos volg:

Die geheime van metaalwerk het Klaas geleer van 'n Mapela wat hom

gevang het toe hy nog klein was en toe grootgemaak het. Later het hy deur heel die noorde beroemd geword vir sy metaalwerk. Met hoogmoed het hy my vertel dat geen naturel met hom kon saamwerk nie, hoewel hy die smidsambag van hulle geleer het.

Later in die artikel volg 'n beskrywing van Marais en die jagter Jan Nel se besoek aan Klaas se smidswinkel, want “ons was spesiaal uitgenooi om te sien hoe 'n 'Kafferpik' gemaak word” (Marais, 1984: 379). Die beskrywing van die smeltery en die metodes wat Klaas gebruik het, laat geen twyfel dat hy aan sy besoekers gedemonstreer het hoe tradisionele ystersmeltery gedurende die Ystertydperk<sup>11</sup> gedoen en werktuie op dié manier vervaardig is nie.<sup>12</sup>

Twee artikels oor die sogenaamde Boesmanklippe, naamlik “Boesmanklippe” en “Geheim van die Boesmanklippe” (in *Versamelde werke*, 1984),<sup>13</sup> is nog voorbeelde van Marais se belangstelling in argeologiese onderwerpe. Marais (1984: 328) het in die Waterberg 'n versameling van dié “ronde klippe met 'n geboorde gat deur die middel” gehad en het tydens sy verblyf in Pretoria ook Gustav Preller se versameling van sowat dertig van dié raaiselagtige Steentydperk-artefakte bestudeer.<sup>14</sup> Saam met belletteristiese prosatekste soos *Dwaalstories* en “Diep rivier” (in *Die leeus van Magoeba en ander verhale*) en die gedig “Mabalêl” (kyk 4.4) is Marais se tekste oor antropologiese of argeologiese temas 'n boeiende aanvulling tot dié oor die oorsprong van die mens en 'n verdere bewys dat hy “hom aangetrokke gevoel [het] tot mense van kleur” (Rousseau, 1999b: 190). (Aangesien hierdie tema elders meermale in hierdie studie ter sprake kom, word hier nie verder aandag daaraan gegee nie.)

In Marais se tekste wat oor voëls handel, naamlik “Die heuningvoëltjie” (in *Natuurkundige en wetenskaplike studies*),<sup>15</sup> “'n Voëlparadys” (in *Die mielies van Nooitgedacht*) en “Kan die voëls vir ons droogte en reën voorspel?” (in *'n Paradys van weleer*), is dit ook die Waterberg as ruimte en sommige van die Waterberg se inwoners waaroor Marais skryf. In “'n Voëlparadys” word klaarblyklik doelbewus 'n interessante spel tussen fiksie en werklikheid aangebied. Die ruimte is klaarblyklik 'n plaas êrens in die Waterberg, maar daar is twyfel of daar inderdaad so 'n plaas en 'n persoon soos oom Dirk bestaan het. Rousseau (1984c: 233) skryf soos volg:

Op verskeie besoeke aan die Waterberg was dit moontlik om by ou inwoners die meeste van Marais se belangrikste verwysings na sy verblyf in hierdie wêrelddeel terug te vind. Maar by niemand het die beskrywing van die ou kluisenaar en voëlliefhebber – immers 'n sonderlinge figuur – enige herinneringe gewek nie.

Die aanloop tot die ontstaan van *Die skepbekertjie* was Marais se verblyf op Erasmus (later Bronkhorstspuit), waar hy van 1 Oktober 1921 tot 30 Mei 1922 'n prokureursvennoot van mnr. S.J. van Wyk was. Die eienaar van die plaas Witklip, mnr. Mike Henn, was bevriend met mnr. Van Wyk. Oor Marais se kennismaking met Witklip enkele kilometer buite die dorp word in die “Aantekening” voor in die bundel die volgende vermeld:

Hy [Marais – JLM] het gou bekend en bevriend geraak met Witklip se mense, en byna elke naweek daarheen uitgegaan. 'n Stil man; nie spraaksaam nie. Sy plesier was om in die veld te gaan voëls kyk; altyd het hy dan die tien klein Hennetjies saamgeneem en vir hulle baie van die veldgoed geleer en vertel (p. 5).

Die geleentheid wat Marais gehad het om op Witklip in die veld en by twee Hoëveldse panne besoek af te lê en na die voëls te kyk, het gelei tot die waarnemings waaroor hy in *Die skepbekertjie* skryf. 'n Verdere prikkel tot die skryf van die teks was 'n wedstryd vir kinders in *Die Boerevrou*. Marais het een van mnr. Henn se dogters, Anna Henn, aangemoedig om vir die wedstryd in te skryf en hy het vir haar 'n opstel geskryf om as haar eie in te dien.

### 7.3 Navorsing

Marais se wetenskaplike geskrifte wat in hierdie hoofstuk ter sprake kom, gee 'n goeie aanduiding van die wyse waarop hy die inligting bekom het waarop hy die meeste van sy geskrifte gebaseer het.

In “Slangif” (in *Natuurkundige en wetenskaplike studies*) skryf Marais

(1984: 197–198) soos volg oor sy navorsingsmetodes in verband met slanggif:

Om dit [die artikel oor die werking van slanggif – JLM] so min tegnies as moontlik te maak en ook van belang vir die algemene leser, sal ek alleen aantekeninge gebruik wat jare gelede deur myself opgestel is; alles sal gegrond wees op persoonlike proefneming en ondersoek, 'n gedeelte waarvan onder gunstige omstandighede in 'n goed ingerigte laboratorium gedoen is. Daarby is ook enige aantekeninge van ondersoeke hier en daar in die veld gedoen, onder minder gunstige omstandighede en met geen bepaalde doel nie.

In die artikel maak Marais (1984: 204–205) byvoorbeeld gebruik van aantekeninge wat hy gemaak het tydens 'n proef wat hy op twee jong ratels in gevangenskap uitgevoer het. Marais het die ratels, wat in massa van mekaar verskil het, sekere hoeveelhede “gedroogde bakkopgif, in absolute alkohol opgelos”, ingespuut. Aantekeninge oor die reaksie van die ratels, hulle polsslag, asemhaling en ander reaksie op die gif word noukeurig weergegee. In die artikel maak Marais ook melding van eksperimente wat hy waarskynlik in Londen in 'n laboratorium (kyk 3.4) met kaliumpermanganaat as 'n moontlike teëgif “ná die inspuiting van die gif” (p. 203) gedoen het.

Ook in Marais se ander artikels is daar voorbeelde van eksperimente. So groot was Marais se belangstelling in die Boesmanklippe dat hy soveel moontlik van hulle bestudeer het (kyk 7.2). Om uit te vind wat “werklik bewysbaar is in verband met die geheimsinnige klippe” (Marais, 1984: 330; beklemtoning deur die skrywer – JLM) is hulle deeglik skoongeskrop, behoorlik bekyk en selfs onder 'n mikroskoop bestudeer. In Londen het Marais 'n stel mediese instrumente (kyk Rousseau, 1984c: 133) en in 1911 'n verkyker aangeskaf (kyk Rousseau, 1984c: 243).<sup>16</sup> Hierdie instrumente was vir hom van groot nut tydens sy verblyf in die Waterberg.

Ten opsigte van Marais se artikels oor droogte sou 'n mens kon verwag dat hy in dié geskifte baie gebruik sou maak van waarnemings wat hy van Oktober 1912 tot Mei 1915 op Rietfontein gemaak het toe hy op 'n vrywillige grondslag maandeliks opgawes van neerslae aan die Weerburo in Pretoria gestuur het (kyk 3.5). Hoewel Marais inderdaad melding maak van die hoeveelheid reën wat daar in die gebied geval het, noem hy nooit enige spesifieke syfers nie. Vir Marais was

reënvalsyfers alleen klaarblyklik nie genoeg nie. Die uitwerking van die droogte moes en kon op verskillende maniere waargeneem en vasgestel word. Marais (1972a: 20) het die waarde van die navorsing besef:

The effects of such a drought open a vast field for research, of which almost every ascertained fact would be of the most vital importance to the inhabitants of South Africa. Not to the naturalist only are these facts of interest and value. To the farmer their study would afford an essential arm in his struggle for existence.

Sy artikels oor droogte gee blyke van 'n oop ingesteldheid teenoor verskillende waarnemings waardeur Marais die tekens van die uitwerking van die droogte kon vasstel. Hiervan het “die historiese getuienis van voortdurende opdroging” (Marais, 1965b: 108) 'n groot rol gespeel en daaruit blyk ook Marais se wye belesenheid oor die onderwerp. Van ewe veel belang was die tekens van die droogte en die uitwerking daarvan op die natuurlewe wat hy self in die Waterberg en tot so ver noord as die Limpoporivier gesien het.

'n Verdere kenmerk van Marais se artikels is die rol wat informante en ander mense speel met wie hy gesprekke of “onderhoude” gevoer het. Inligting in “Die woestynvlug van die Herero's” het Marais byvoorbeeld gekry by “die oorlewendes van die woestynvlug op 'n plaas in die Waterberg” (Rousseau, 1984a: 1274). In “Modjaje” word die “regstreekse getuienis” van “oorlede kommandant Henning Pretorius, destyds offisier van die Z.A.R. se Staatsartillerie, en 'n ou banneling-onderdaan van Modjaje, ene Piekenien Rakwena” (Marais, 1984: 352) betrek om die ras en kleur van Modjaje, wat volgens gerugte wit was, te probeer staaf.<sup>17</sup> 'n Mens sou kon sê dat Marais op dié manier as “navorser” veral kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik het om baie van dié inligting vir sy geskrifte te bekom. Dat Marais (1972a: 19) egter versigtig met mondelinge getuienis omgegaan het, blyk uit die volgende aanhaling uit “Notes on some effects of extreme drought in Waterberg” oor die indruk wat die droogte op mense gemaak het:

Last season was a culmination of several drought years. It was the worst drought experienced in this district since the advent of the Voortrekkers, and

this statement is made on surer evidence than the unassisted recollection of the 'oldest' inhabitant. One cannot be too doubtful of such 'facts'. An eclectic acceptance of this sort of statement can provide foundation for almost any theory. Even one's own recollection must be consulted with considerable reserve.

#### 7.4 Publikasiegeskiedenis

Marais se werk wat in hierdie hoofstuk bespreek word, het in 'n verskeidenheid publikasies verskyn. Dit wissel van die populêre media (soos koerante en tydskrifte) tot twee buitelandse wetenskaplike tydskrifte.

In 3.6 en 4.2 is melding gemaak van die geleenthede wat Marais gehad het om vir 'n verskeidenheid koerante en tydskrifte te skryf. Veral gedurende die twintiger- en dertigerjare van die twintigste eeu het hy gereeld in dié publikasies gepubliseer, wat op die populêre mark gerig was, maar tog ook 'n duidelike opvoedkundige doel voor oë gehad het. Die meeste van dié artikels is mettertyd gebundel.

Gedurende Marais se lewe het daar (soos reeds in 7.1 genoem is) twee bundels met van sy artikels verskyn, naamlik *Natuurkundige en wetenskaplike studies* (1928a) en *Sketse uit die lewe van mens en dier* (1928b; in 1937 heruitgegee as *Die mielies van Nooitgedacht*). In *Natuurkundige en wetenskaplike studies*, wat deur Nasionale Pers gepubliseer is, is artikels opgeneem wat tussen 15 Maart 1911 en November 1921 in *Die Banier* (bylae tot *Die Brandwag*), *Die Volkstem* en *Die Boerevrou* verskyn het. Ook die tekste in *Sketse uit die lewe van mens en dier*, wat deur dieselfde uitgewer gepubliseer is, het tussen Desember 1919 en Maart 1927 in hierdie publikasies verskyn. Die enigste uitsondering is "Skaduwee van 'n misdaad", wat oorspronklik op 19 Februarie 1927 in *The Star* verskyn het en deur L.W. v. R. Breytenbach in Afrikaans vertaal is (kyk Du Toit, 1940: 278 en Rousseau, 1984a: 1275). Drie van die tekste, naamlik "Twee dapper Afrikanermeisies", "n Klein Kerkops en sy werk" en "n Voëlparadys" is oorgeneem uit *Dwaalstories en ander vertellings* (1927).

Postuum het nog bundels van Marais die lig gesien wat saamgestel is uit

artikels wat ook oorspronklik in koerante of tydskrifte verskyn het. In 'n *Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b), wat deur Leon Rousseau saamgestel en deur Human & Rousseau gepubliseer is, verskyn benewens die reeks artikels “Die siel van die aap” uit *Die Huisgenoot* (kyk 6.4) twaalf artikels wat tussen 25 Februarie 1933 en 9 Februarie 1934 in *Die Vaderland* verskyn het.<sup>18</sup> Danksy die oplewing in die belangstelling in Marais se werk wat deur die publikasie van *The soul of the ape* en die heruitgawe van *The soul of the white ant* en *My friends the baboons* aangewakker is,<sup>19</sup> stel Marais se seun, Eugène Marais jr., in 1972 'n bundel saam uit Marais se Engelse artikels wat in onder meer *The Star* van tussen 19 Februarie 1927 en 28 September 1929 gepubliseer is en verskyn sewe van Marais se Afrikaanse artikels wat in *Die Vaderland* gepubliseer is die eerste keer in Engelse vertaling in *The road to Waterberg and other essays* by Human & Rousseau.<sup>20</sup>

Die artikel “Notes on some effects of extreme drought in Waterberg” in *The road to Waterberg* is die eerste keer in *The Agricultural Journal of the Union of South Africa* (Vol. VII, February 1914, pp. 161–170) gepubliseer. Daarna het die Smithsonian Institution in die Verenigde State van Amerika deur bemiddeling van generaal J.C. Smuts toestemming gekry om die artikel in hulle jaarverslag te herdruk. “Ook is dit apart in boekvorm uitgegee en aan lede van die Amerikaanse Volksraad en Senaat uitgedeel asook aan wetenskaplike verenigings deur die gehele wêreld” (Marais, 1965a: 107). Saam met “The termite queen as the brain of an organism” en “Baboons, hypnosis and insanity” in *The road to Waterberg* is dit die enigste drie artikels wat Marais ooit in 'n wetenskaplike tydskrif gepubliseer het. Laasgenoemde twee artikels het onderskeidelik in 1926 en 1933 in die Britse sielkundetydskrif *Psyche* verskyn.<sup>21</sup>

*Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968b) is die voorlaaste postume enkelwerk van Marais wat die lig gesien het. (*The soul of the ape* is in 1969 gepubliseer.) Volgens die “Aantekening” voor in die bundel is die teks as 'n opstel vir een van mnr. Mike Henn van die plaas Witklip naby Bronkhorstspuit se dogters, Anna Henn, geskryf. Sy moes die opstel onder haar naam vir een van *Die Boerevrou* se wedstryde vir kinders voorlê. “Maar moontlik het sy fout gemaak met die adres, want sy het nooit weer iets daaromtrent verneem nie” (p. 6). Die bladsye van die manuskrip was sorgvuldig aanmekaar gewerk met 'n garedraadje en sy het dit

later aan haar dogter Sarie van Jaarsveld gegee. *Die skepbekertjie* het in 1968 “sonder verlof van Marais se erfgename!” (Rousseau, 1984c: 334) by Tafelberg verskyn. Op die agterblad van die bandontwerp deur Gerhard Last verskyn ’n faksimile van bladsy 141 en 142 van Marais se handgeskrewe manuskrip. (’n Vergelyking tussen die handgeskrewe en die gedrukte teks in die publikasie toon dat die uitgewer onder meer wysigings aan die puntuasie aangebring het.)

In Marais se *Versamelde werke* (1984) het nog sewe artikels uit *Die Huisgenoot* en *Die Vaderland* verskyn wat nog nooit voorheen gebundel was nie. Al die ander publikasies wat in dié hoofstuk bespreek word, is ook in dié tweedelige uitgawe opgeneem. Aan die einde van “Aantekeninge deur die redakteur” haal Rousseau (1984a: 1293–1296) die hele teks van die artikel “The yellow streak in South Africa” aan om dit “minder prominent” te maak. Volgens Rousseau (1984a: 1293) is hierdie artikel by die samestelling van *The road to Waterberg* “weggelaat omdat dit stellings bevat wat vir my verregaande en vergesog gelyk het en nog lyk. (Marais haal naamlik natuurkundiges aan wat twyfel of die Boesman as mens geklassifiseer kan word – en stem dan blykbaar met hulle saam!)”

In *Die beste van Eugène Marais*, wat in 1986 onder Leon Rousseau se redaksie verskyn het, is altesaam sewentien “Verspreide artikels” uit Marais se bundels wetenskaplike prosa opgeneem. ’n Aantal foto’s en afbeeldings van kunswerke is ook as illustrasiemateriaal in hierdie uitgawe opgeneem.

## 7.5 Ontvangs

Die ontvangs wat Marais se twee bundels prosa uit 1928 te beurt geval het, werp interessante lig op die wyse waarop sy wetenskaplike prosa ontvang is. Oor die bundel *Natuurkundige en wetenskaplike studies* is daar byvoorbeeld tot dusver uitsluitlik deur die drie groot Afrikaanse literatuurhistorici geskryf. Rob Antonissen (1973: 93) merk op dat Marais “sy populêr-wetenskaplike opstelle oor biologiese en psigologiese vraagstukke [...] uit ’n evolusionistiese standpunt benader”. G. Dekker (1974: 122) vermeld dat Marais se belangstelling in die hipnose uit die bundel blyk en dat die bundel ook “interessante causerieë oor onderwerpe soos slanggif bevat”.



J.C. Kannemeyer (1984: 232) gee slegs 'n aanduiding van watter tekste in die bundel opgeneem is, sonder om verder op die inhoud in te gaan. Die titel van die bundel en die wetenskaplike inhoud daarvan het die drie literatuurhistorici waarskynlik laat oordeel dat dit voldoende is om vlugtig na die bundel te verwys en dat hulle nie méér oor dié “nieliterêre” publikasie hoef te skryf nie.

Van Marais se volgende bundel, *Sketse uit die lewe van mens en dier* (1928b; in 1937 heruitgegee as *Die mielies van Nooitgedacht*), het daar oor die jare eweneens net besprekings van letterkundiges verskyn. Aansienlik meer aandag word egter aan die inhoud van hierdie bundel gegee. Die eerste bespreking was dié van M.S.B. Kritzinger (1951) uit 1929, wat die bundel onder meer verwelkom op grond daarvan dat Marais “histories in ons letterkunde 'n vername posisie inneem”. Volgens hom het 'n groot deel van die bundel sy waarde te danke aan die geskiedkundige temas wat die skrywer daarin behandel. Van hierdie sketse is “uiters interessant. Die skrywer is 'n goeie verteller.” Met die volgende opmerking het Kritzinger (1951: 67) daartoe bygedra om by die leserspubliek die beeld te vestig van Marais as iemand wat 'n besondere kennis van die natuur het:

Ek glo nie dat daar by ons nog iemand is wat die natuur soos Marais ken nie. Gedurende sy verblyf in Waterberg het hy allerhande waarnemings gedoen en die wetenskaplike sin en vernuf waarmee hy sake verklaar, sal altyd die liefhebber van ons natuur en dierewêreld boei.

Die drie Afrikaanse literatuurgeskiedskrywers het ook enkele opmerkings oor die bundel gemaak. Vir Antonissen (1973: 93) is die tekste “verhale, waarin Marais reeds oorvloedig sy voorliefde vir die geheimsinnige gebeurtenisse openbaar”. Dit kondig die lang reeks kortverhale, vertellings en nouvelles aan wat Marais vanaf 1927 in die media gepubliseer het. Dekker (1974: 122) wys in sy bespreking op die “interessante vertellings uit die geskiedenis van die inboorlinge en ligte sketse, met geestige tipering, uit die boerelewe”. Volgens hom beskik Marais ook oor “'n aangename, helder styl”. Kannemeyer (1984: 232) sonder twee verhale in die bundel uit: “Twee dapper Afrikanermeisies”, die verhaal oor Rachel de Beer, en die geskiedenis van “Modjaje”, waarop A.G. Visser die gedig “Sneeuwitjie” (in *Die purper iris en ander nagelate gedigte*, 1933) en G.H. Franz die drama *Modjadje*

(1957) gebaseer het.

Net soos al die ander resensente van die bundel gee W.E.G.L[ouw] (*Die Burger*, 21.5.1965) in sy bespreking van 'n *Paradys van weleer en ander geskryfte* veral aandag aan die vyf hoofstukke onder die titel "Die siel van die aap" (kyk 6.5). Louw het baie waardering vir Marais se skryfvermoë. By 'n vriend wat Marais in Pretoria geken het, het hy gehoor van die uitsonderlike omstandighede waaronder die werk ontstaan het. Hy gaan voort:

As 'n mens verneem presies in watter omstandighede dié stukke geskryf is – gewoonlik êrens in 'n koffiekamer, in kort, helder ure tussen dae en nagte deur waarin hy heeltemal onder die invloed van verdowingsmiddele was, en, as dit nie anders kon nie, selfs 'op die steen' in die drukkery, terwyl die setters op hom wag – kan jy jou alleen daarvoor verbaas dat hy nog só helder, indringend en boeiend kón skryf.

Slegs iemand vir wie meesterskap van die taal 'n dermate vanselfsprekende vaardigheid was, dat hy dit kon hanteer soos 'n ander mens sou asemhaal, eet of stap, d.w.s. moeiteloos en sonder om bewus na te dink, is m.i. tot so iets in staat!

Ander resensente lê ook klem op die vaardigheid waarmee Marais geskryf het. Volgens S. Strydom (1966) is Marais se artikels oor slange meer populêr-wetenskaplik van aard as sommige van die ander artikels in die bundel. Hoewel Marais gebruik gemaak het van navorsing en proefnemings, verhelder hy "sy bevindings met persoonlike ervarings en vertellings van ou inwoners en goeie vriende. Hierin lê die bekoring van die werk – die wetenskaplike aanbod is daar, maar is so leesbaar en interessant gemaak vir die gewone leser." P.G. du Plessis (*Sondagstem*, 16.5.1965) is van mening dat sommige van die teorieë wat in die bundel verkondig word vandag seker verouderd sal kan heet, maar die stukke is "nogtans 'n goeie voorbeeld van die beste joernalistiek wat ons nog in Afrikaans kon lees". F.I.J.v.R[ensburg] (*Die Volksblad*, 5.8.1965) het onder meer waardering vir die "mooi outydsheid" in die stukke. "n Mens kan 'n hele gees soms in 'n enkele fasetjie [sic – JLM] betrap. Dit is vir my bv. die geval met so 'n onbeduidendheid soos Marais se aanspreekvorme."

Die publikasie van *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* deur Tafelberg in 1968, 32 jaar na Marais se dood, is as groot nuus beskou. Die werk self en die keurige uitgawe is oorwegend positief ontvang en as 'n belangrike toevoeging tot Marais se oeuvre beskou. Hoewel dit volgens Chris Barnard (*Die Beeld*, 8.12.1968) duidelik is dat Marais *Die skepbekertjie* nie as 'n ambisieuse poging bedoel het nie, "openbaar Marais hom weer eens as buitengewone en begaafde mens". Barnard slaan veral Marais se navorsing hoog aan:

Hier het hy dit vlugtig oor 'n agttal voëlsoorte. Maar die swerm feite wat hy hier in so 'n kort bestek en somer in die verbygaan noem, laat 'n mens verstom wonder hoeveel geduldige dophou-ure dit hom moet gekos het om dié kennis te bekom.

Die mededeling wat hy te maak het oor die koester se wegekruiptaktieke, oor die geelvink se nesbou-metodes, oor die redes waarom 'n vinkpaar ses of sewe neste sal bou om dan net een te gebruik, oor die bleshoender se fopspeletjies om haar kuikens te beskerm – dit is kennis wat net die ervare, toegewyde en uiters geduldige waarnemer sou kon versamel.

P.D. van der Walt (1969: 44) beskou *Die skepbekertjie* as 'n "juweeltjie" en het veral waardering vir die wyse waarop Marais die interessante feite aanbied, hoewel hy die illusie wek dat dit 'n opmerksame plaaskind se mededelings is. Die leser is "waarderend bewus van die pragtige eenvoud van taal en vormgewing eie aan die kunstenaar Marais. Daarby dat hier 'n natuurkenner en natuurliefhebber by uitnemendheid aan die woord is." Te oordeel aan Van der Walt se bespreking het Marais daarin geslaag om 'n "dubbele rol" te speel: "Dit is 'n boekie vol leesvreugde vir die fynproewer, of jy grootmens is of kind [...]".

Volgens Elize Botha (1980: 109) sit Marais in *Die skepbekertjie* "die masker op van die skrywende kind". Die sukses van die besluit om soos 'n kind te skryf, blyk veral uit die "informatiewe verloop van die opstel" waarin die vlaktevoëls en die voëls by die panne naby die huis noukeurig beskryf word. Botha wys ook op die verrassende openingsin ("As 'n vreemdeling by ons aankom, sal sy eerste woord wees: Hier is seker glad g'n voëltjies nie", p. 7) waarin skyn teenoor werklikheid gestel en as 'n motief in die opstel ingelei word. Die teenstelling tussen skyn en

werklikheid het die gevolg dat 'n "ander werklikheid" – dié anderkant die skyn – ontdek word. Botha wys ook op die dramatiese vormgewing en hoedat die verdwyntema in die opstel telkens weer terugkeer. Die "vervlugtigende van die kosbare oomblikke van waarneming" kry deurgaans 'n sterk aksent. Die "tekens van literatuur" in *Die skepbekertjie* kan gemerk word aan "n sekere patroon wat ons in die voorstellingswyse kon onderskei, 'n deurlopende en wesentlike dramatiese teenstelling tussen skyn en werklikheid, tussen wat sigbaar is en onsigbaar. [...] Dit gee 'n sekere veelduidigheid aan die opstel; literêre vormgewing is altyd, in die letterlike sin van die woord, veel-seggend."

Die enigste negatiewe bespreking van *Die skepbekertjie* is dié van F.I.J. v. R[ensburg] (*Die Volksblad*, 17.4.1969). Volgens die resensent het die teks selfs as opstel "nie veel om die lyf nie, by alle fyn waarneming en beskrywing wat 'n mens byna nie anders kan as om van so 'n eersterangse waarnemer soos Marais te verwag nie. Die stuk is 'n bietjie ongebalanseerd van opbou, en eindig asof dit nog nie heeltemal klaar is nie." Die resensent vervolg deur te sê dat die opstel "hoogstens in 'n tydskrif tuishoort, of moontlik in 'n bundel natuurverse, waar dit 'n sekere beskermde bestaan sal hê". Dit is volgens hom ook jammer dat die spelling in die opstel gemoderniseer is en dat dit nie in die oorspronklike skryfvorm verskyn het nie.

In die resepsie van die publikasies wat in hierdie afdeling bespreek is, is die klem veral op die literariteit van die verskillende tekste geplaas. Die wetenskaplikheid van die tekste word nie noodwendig ontken of geïgnoreer nie, maar letterkundige resensente beskou hulle óf nie as opgewasse om oor die wetenskaplike waarde van die publikasies te oordeel nie óf hulle lê juis die klem op die literêre waarde van die tekste. Botha (1980: 109) gee 'n goeie verklaring vir hierdie toedrag van sake:

Die hardnekkige letterkundige wat behoort tot 'n tradisie van veertig jaar gelede, toe 'n Afrikaanse boek en seker dié wat in soortgelyke verhalende trant aangebied is soos *Burgers van die berge* en *Die siel van die mier*, en dan nog geskryf deur 'n man wat so uitdruklik 'n literêre reputasie gehad het, toe só 'n Afrikaanse boek volgens konvensie as 'letterkunde' beskou is – hy gee nie maklik hierdie besit aan die etologie, aan die dierkunde, of welke

dissipline uit die 'ander fakulteit' ook al vandag dié werke met 'n oorweldigende waardering vir hulle toe-eien, prys nie.

Hierdie uitspraak geld natuurlik ook ten opsigte van Marais se wetenskaplike prosa wat in hoofstukke 5 en 6 bespreek is. Dit verklaar ten minste gedeeltelik die baie aandag wat letterkundiges aan Marais se besondere skryf- en vertelvermoë gegee het en die opvallende skeiding tussen literatuur en wetenskap in al die resepsieverslae waarna in hierdie afdeling verwys is.

## 7.6 Wyse van aanbieding

Die meeste van die tekste wat in hierdie hoofstuk vermeld word, het oorspronklik as artikels in 'n verskeidenheid koerante en tydskrifte verskyn (kyk 7.3). Dit blyk ook dat die vorme waarop Marais besluit het om sy werk in te giet sekere ooreenkomste toon. Daar is byvoorbeeld op die oog af nie 'n groot vormlike verskil tussen die tekste oor droogte, slange, antropologiese onderwerpe en voëls nie, aangesien die meeste van hulle as sketse of as essays getipeer kan word. Die aard van sy geskrifte oor voëls word vervolgens van naderby bekyk.

Daar is geen aanduiding dat Marais ooit voëls so intensief soos termiete of bobbejane bestudeer het nie. Ten spyte hiervan is daar 'n hele aantal tekste wat op 'n intense belangstelling in hierdie onderwerp dui of, moontlik nader aan die waarheid, aantoon hoe omvattend Marais se belangstelling in die natuur was. By geleentheid het Marais (1965b: 129–130) pertinent sy waardering vir voëls uitgespreek:

Ek glo nie dat daar een ding in ons organiese omgewing is wat ons die meer tere, die meer sagte aspek van die natuur laat besef as voëls nie; blomme en voëls, maar meer bepaald voëls, omdat die verband tussen ons en hulle nouer is as tussen ons en die plantewêreld. Daar is dieselfde soort lewe en dieselfde psige. Die verskil is in graad, nie in wese nie.

Marais se tekste wat spesifiek oor voëls handel, is “Die heuningvoëltjie” (in

*Natuurkundige en wetenskaplike studies*),<sup>22</sup> “n Voëlparadys” (in *Die mielies van Nooitgedacht*) en “Kan die voëls vir ons droogte en reën voorspel?” (in *'n Paradys van weleer*).<sup>23</sup> Die belangrikste teks oor voëls in Marais se oeuvre is egter waarskynlik *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968b). Voordat laasgenoemde van naderby beskou word, word kortliks aandag aan eersgenoemde drie tekste gegee.

In “Die heuningvoëltjie” skryf Marais (1984: 208) oor die bewering dat die grootheuningwyser (*Indicator indicator*) “sy menslike agtervolger na slange en ander roofdiere lei”. As ’n bewys hiervan beskryf Marais die keer toe drie swartmense van die plaas Rietfontein een môre gaan bye uithaal het. Om die bynes te kon opspoor, het hulle op die hulp van die grootheuningwyser staatgemaak. Die seun het, nadat hy uit die greep van ’n luislang gered is, vertel “dat die heuningvoël by ’n kol gras begin duik het – die gewone manier om ’n bynes aan te wys. Toe hy vinnig daarheen loop, val hy oor die slang, en meteens is hy gegryp” (p. 210).<sup>24</sup>

Uit ’n wetenskaplike oogpunt gesien, het Marais in die grootheuningwyser belanggestel omdat die voël vir hom van besondere belang in die vergelykende sielkunde was:

In der waarheid bestaan daar buite die primateklas geen interessanter diertjie nie – en dit om die volgende rede: in die hele organiese wêreld is daar geen bekende geval waar so ’n hoogs ontwikkelde instink onlangs ontstaan en oorerflik in die geslag geword het nie – ongetwyfeld geen instink wat met die mens, die aartsvyand van alle lewende dinge, in maatskappy beoefen word nie (p. 208).

In “n Voëlparadys” skryf Marais (1984: 404) veral oor oom Dirk, “n Afrikaner-diereliefhebber met wie ek self ’n paar jaar gelede kennis gemaak het en wat by my meer verwondering gewek het as enige merkwaardige ding wat ek ooit in my lewe gesien het”. Die teks, wat op grond van die staties beskrywende aard daarvan as ’n skets<sup>25</sup> beskou kan word, gee ’n noukeurige tipering van hierdie enigmatiese karakter wat Marais op “n plaas in die groot Middelgebergte van Waterberg” leer ken het waar hy “by die ingang van ’n klein klofie bekend as Geelhoutgrag” (p. 405) vir hom ’n huis gebou het. Soos ’n Franciscus van Assissi

(kyk Rousseau, 1984c: 234) het oom Dirk voëls en selfs klipbökkies na hom toe aangeloek. Oom Dirk se eie uitleg vir sy wonderlike mag oor die voëls was soos volg:

‘Ek hou baie van diere. Dit laat my noukeurig oplet. Ek weet wat hulle liefhet en wat hulle haat. Ek weet hoe hulle in gegewe omstandighede sal handel, en dan handel ek ooreenkomstig my kennis’ (p. 408).

Die artikel “Kan die voëls vir ons droogte en reën voorspel?” (in *’n Paradys van weleer*) het in die sfeer van Marais se geskrifte oor die droogte van 1933 ontstaan. Hierin skryf hy oor twee bokmakeries (*Telophorus zeylonus*) wie se gedrag by drie geleenthede vir hom daarop gedui het dat hulle van ’n komende storm bewus was. Elke keer het hulle voor die storm in ’n aalwyn (of “aleweeboom”) gaan skuil terwyl die mense van die plaaswoning nog nie van die storm geweet het nie.<sup>26</sup>

Soos reeds aangedui, het Marais volgens die “Aantekening”<sup>27</sup> voor in *Die skepbekertjie* hom tydens die skryf van die opstel as ’n leerling voorgedoen wat oor die voëls van die plaas Witklip in die distrik Bronkhorstspuit ’n opstel vir een van die wedstryde van *Die Boerevrou* skryf. Daar is geen aanduiding dat Marais ná die skryf van die opstel geprobeer het om die teks weer as sy eie toe te eien en om dit self in een of ander gedaante te publiseer nie.<sup>28</sup> Hy het hom as ’t ware as ’n kind voorgedoen en dit ook so vir die leser laat klink. Deur hierdie rol te speel, het Marais ’n teks nagelaat wat in die gesprek oor literatuur en wetenskap besonder boeiend is.

Dat die teks wat hy namens “iemand anders” geskryf het as sodanig aan Marais se outeurskap toegeskryf kan word, hoef nie hier verder beredeneer te word nie. Enkele opmerkings oor hoe Marais as outeur op grond van die titelkeuse “herkenbaar” word, kan wel van pas wees. Die titel is naamlik ontleen aan ’n anekdote oor hoe moeilik dit is om die koestertjies se “nessies te kry as jy hulle nie baie goed ken nie” (p. 9). Die anekdote roep Marais se ander geskrifte oor Boesmans en antropologiese temas op, sodat ons as ’t ware sy vingerafdruk herken. Die betrokke gedeelte lui soos volg:

Dit laat my altyd dink aan die verdwyn-fonteintjie waar ons ou Boesman van vertel: ’n kristalhelder koue fonteintjie onder die krans – net ’n klein holte in

die rots vol water. Maar as jy warm en dors is, dan moet jy die fonteintjie bekruip, plat op jou maag seil met die skepbeker in die hand. Soos jy naby genoeg is, moet jy met een swaai die beker vol skep; want as jy die minste geraas maak, verdwyn die water soos 'n dassie onder die krans! Dit lyk of die koesternessie hom ook onsigbaar kan maak (pp. 9–10).

Die vraag na watter “plek” *Die skepbekertjie* in Marais se oeuvre inneem, kan op verskillende maniere beantwoord word. Ten eerste kan ons probeer om vas te stel waar hierdie teks tussen die moontlike uiterstes van die sogenaamde “suiwer literatuur” en die “suiwer wetenskap” geplaas kan word. As ons argumentshalwe aanvaar dat die gedig “Winternag” in Marais se oeuvre 'n voorbeeld is van 'n teks waarvan die literariteit hoegenaamd nie bevraagteken hoef te word nie, kan ons sê dat 'n teks soos “Slanggif” in *Natuurkundige en wetenskaplike geskrifte* moontlik 'n artikel of essay verteenwoordig wat die naaste aan 'n suiwer wetenskaplike teks is. Uit die titel wat Marais aan laasgenoemde bundel gegee het, is dit duidelik dat hy inderdaad so 'n bedoeling met die geskrifte in dié versameling gehad het.

Om te kan oordeel watter plek *Die skepbekertjie* op hierdie kontinuum inneem, moet 'n aantal kwessies aan die orde gestel word. Die aanbieding van die teks as sou dit oënskynlik deur 'n kind vir kinders geskryf wees, hoef nie die wetenskaplikheid of wetenskaplike waarde daarvan te relativeer of selfs in die gedrang te bring nie. Daar is immers heelparty voorbeelde van tekste in die wêreldliteratuur wat deur die voorste wetenskaplikes op 'n toeganklike manier vir jong lesers en/of 'n wye leserspubliek geskryf is.<sup>29</sup> *Die skepbekertjie* is nes *Dwaalstories*, waarna Kritzinger (1951: 66) by geleentheid as “veral vir kinders bedoel” verwys het,<sup>30</sup> egter nie noodwendig uitsluitlik vir die jong leser geskryf nie.<sup>31</sup> Dit blyk uit die resepsie van *Die skepbekertjie* (kyk 7.5) en die teks self dat hier 'n veelkantige prosawerk tot stand gekom het, wat op verskillende vlakke gelees kan word.

Wat die literariteit van die teks betref, kan op verskillende sake gewys word. Een hiervan is die rol wat Marais as skrywer speel of die masker wat hy opsit deur hom as 'n “skrywende kind” (Botha, 1980: 109) voor te doen. Die sukses van die onderneming blyk onder meer uit die sorg waarmee die voëls op die plaas beskryf word. Altesaam 14 uit die 28 bladsye waaruit die teks bestaan, word gewy aan “die



vlakgebewoners wat oor die Hoëveld versprei is” (p. 8) en wat op die plaas voorkom. Die res van die teks word aan die watervoëls by die Groot Pan en die Klein Pan op die plaas gewy. Veral deur die wyse waarop taal en die essayistiese vormgewing gehanteer word, kom ’n veelduidige taalkunswerk tot stand. Later meer hieroor. Met die beskrywing van die waterhoenders en die wildemakou eindig die gedeelte oor die watervoëls en die teks in sy geheel egter enigszins onverwags asof Marais nie lus was om verder te skryf nie.<sup>32</sup>

Wat die wetenskaplikheid van die teks betref, kan gewys word op die noukeurigheid waarmee die skrywer oor sy waarnemings verslag doen. Daar word oor altesaam agtien voëlsoorte geskryf, wat almal as afsonderlike spesies met unieke kenmerke en gedrag voorgestel word. Neem as voorbeeld die vier soorte koesters<sup>33</sup> wat Marais gesien en beskryf het. Nog ’n voorbeeld is die noukeurige beskrywing van die wyse waarop die vink sy nes bou, wat ’n goeie voorbeeld van sowel Marais se waarnemings- as beskrywingsvermoë is. “Dit is die moeite werd om dit van naby te bekyk, want die voëltjie moet baie verstand gebruik om dit reg te kry” (p. 15).

Marais beskryf nie net hoe die vinkmanneltjie- en wyfie die nes sorgvuldig bou nie. Hy gaan selfs verder: hy bied sy eie gevolgtrekking of teorie aan waarom hy dink dat die vinke tot ses neste bou voordat hulle tevrede is daarmee en hulle eiers lê, want as daar “so ’n vas gewortelde gewoonte by ’n voëltjie is, dan moet daar ’n goeie rede voor wees” (p. 17). Marais skryf soos volg oor die vinke se baie neste:

Wie weet hoeveel hongerige oë nie op die loer is nie van dat die vink die eerste grassie bind: sluipmoordenaars wat geduldig die plek oppas totdat die nes klaar sal wees en die eiers gelê. Daar moet ontelbare roofdiertjies gefop word deur die gewoonte van die voëltjies om ses nessies te bou en net in een eiers te lê! Ek dink ook aan die beskerming wat dit aan die ras verskaf dat net een uit ses nessies eiers in het – dit is omtrent waar die gemiddeld op uitkom. Dink aan die rolvarkie wat met uiterste moeite en miskien ’n uur harde werk uiteindelik ’n dik riet plat kry om ’n dowe nessie te kry as bekroning van sy arbeid. Meer as vier riete in een nag kan hy skaars klaar kry, en sy kans is altyd ses teen een dat hy teleurgestel word (pp. 17–18).

In die deel van die teks wat oor die watervoëls van die Klein Pan en die Groot Pan handel, word beskryf hoe die bleshoender sy nes bou. Die beskrywing, wat as 'n analoë of parallelle voorbeeld beskou kan word naas die beskrywing vroeër in die teks van die vinkmannetjie se nesbouery, lui soos volg:

Die bleshoender bou sy nes van riete wat hy met sy skerp bek onder die oppervlakte van die water afsny. Hy pak hulle oorkruis totdat hy 'n lomp opgestapelde hoop het wat half op die water dryf en half op die watergras en biesies rus. Die hele ding lyk vreeslik onveilig. Met die minste druk is alles onder water. Seker moet die eiers dikwels nat word, want die bleshoender doen die minste moeite van al ons watervoëls om sy nes van vere te voorsien ... (p. 27).

As die hedendaagse leser in *Die skepbekertjie* klein foutjies opmerk, hoef dit nie die geloofwaardigheid van die teks enigins aan te tas nie. Dit bied ons immers 'n blik op die vlak van wetenskaplike kennis waartoe Marais en ander voëlkykers van die 1920's in staat was, en bowenal 'n blik op 'n era voordat Afrikaanse voëlname gestandaardiseer is. Dit blyk onder meer uit die volgende volksname wat in die teks voorkom: "groen spreeu" (p. 8) in plaas van (moontlik) "kleinglansspreeu" (*Lamprotornis nitens*), "rooiborskalkoentjie" (p. 11) in plaas van "oranjekeelkalkoentjie" (*Macronyx capensis*) en "Europese cormorant" (p. 24) in plaas van "witborsduiker" (*Phalacrocorax carbo*). Die meeste van die voëlname in *Die skepbekertjie* is in elk geval nie die volksname wat mettertyd aanvaar en deur voëlgidse soos Kenneth Newman se *Newman se voëls van Suider-Afrika* (1997) en Gordon Lindsay Maclean se *Roberts' birds of Southern Africa* (1985) gepopulariseer is, wat tot die algemene gebruik daarvan bygedra het nie.<sup>34</sup> Die noukeurigheid van Marais se waarnemings word egter nie hierdeur in die gedrang gebring nie.

Marais gebruik in *Die skepbekertjie* verskillende metodes om die teks so oortuigend moontlik te maak. Ten eerste word 'n tema gekies wat waarskynlik geskik sou wees vir die lesers van 'n tydskrif soos *Die Boerevrou*, naamlik voëls, waarvan die meeste mense wat op plase woon in meerdere of mindere mate kennis sou dra. Hy kies verder ook 'n omstrede onderwerp vir die geïntendeerde "plaasleser", naamlik die onoordeelkundige uitroei van voëls deur hulle te vergiftig;

'n praktyk waaraan sommige boere (en dus moontlik ook lesers van *Die Boerevrou*) skuldig sou wees. Een van die afleidings wat hieruit gemaak kan word, is dat Marais die essay inderdaad vir 'n bepaalde groep lesers geskryf het. Deur homself as 'n kind voor te doen, het Marais moontlik selfs gehoop om sy boodskap aan die boeregemeenskap meer trefkrag te gee. Sal die grootmense nie miskien liever na die stem van 'n kind luister nie?

Marais stel die voëls in hulle uniekheid as karakters aan die leser voor. Dit dra daartoe by om die skeptiese vreemdeling se opmerking aan die begin van die essay, naamlik "Hier is seker glad g'n voëltjies nie" (p. 7), oortuigend te beantwoord. Daar is inderdaad voëls en elkeen van hulle beskik oor unieke gedrag (soos die geelbekeende) om hulle kleintjies teen gevare te beskerm en te oorlewe. "[A]s 'n mens voëltjies liefhet, dan leer jy om hulle raak te sien waar hulle byna onsigbaar is, en gou leer jy ook al hulle gewoontes en manier van lewe" (p. 7).

Voorts maak die verteller die leser betrokke deur hom of haar te oorreed om 'n standpunt teen die vergiftiging van vinke deur boere in te neem. Die betrokke gedeelte staan sentraal, min of meer in die middel van die teks. Die skrywer maak van besonder sterk woorde gebruik om die afkeurenswaardigheid van die optrede deur die boere te beskryf. Volgens hom "word die vink meer gehaat as elke ander wilde voël in ons land" en bars die boer in "woede" teen die vernielers uit (p. 19). Die gewetenlose boere besef egter nie dat "elke paar vinke meer as tien duisend goggas dood, waarvan die meeste toekomstige vernielers en kwaaddoeners is" (p. 19) nie en roei hulle op 'n wrede manier uit. Die skrywer se afkeer van hierdie praktyk blyk duidelik uit die volgende uittreksel:

Jy hoor dikwels van die vreeslike verwoesting wat die goggas aan die boerdery veroorsaak. Hier by ons gebeur dit meestal in die streke waar mense die gruwelike en onmenslike misdaad begaan om die vinke met strignien te vergewe! Nooit kan die mens so 'n misdaad teen die natuur pleeg sonder dat die natuur hom wreek nie. Dink net, om die vrolike, weerlose goedjies op so 'n wrede manier uit te delg. Waarlik, vergewe van voëltjies is iets waar die volk teen behoort te protesteer (pp. 19–20).

Die skrywer veronderstel dat die leser hierdie standpunt gunstig sal oorweeg

omdat daar soveel interessante en nuttige dinge in verband met voëls in die teks meegedeel word. Die deel oor die vergiftiging van die vinke volg ook direk na die beskrywing van die manier waarop hulle hulle neste bou en wat erkenning gee aan hoe “slim” hulle is.

In die gedeelte van *Die skepbekertjie* waar 'n ondubbelsinnige standpunt teen die vergiftiging van die voëls ingeneem word, is daar ook 'n belangrike wending: die masker wat die outeur vir homself opgesit het, begin afskuif. Marais staan nou as 't ware “sonder vermomming [...] in die volle gloed van sy opinies voor ons” (Botha, 1965: 7). Anders as in die eerste deel van die teks en die deel hierna oor die watervoëls “klink” dit selfs nie meer asof dit 'n kind is wat hier aan die woord is nie. Die stem wat hier aankla en protesteer, maak immers van sterk woorde gebruik wat baie verskil van die koesterende en liefderyke taalgebruik waarmee die voëls elders in die teks beskryf word.

Onder meer uit hierdie standpunt teen die vergiftiging van die voëls word die essayistiese karakter van hierdie teks opvallend. Daar is ook 'n verdere kenmerk van die essay, naamlik die “oorheersende *lewenshouding*” (Botha, 1965: 8; beklemtoning van die skrywer), in die teks te vinde. Die skrywer van *Die skepbekertjie* beklemtoon dat “as 'n mens voëltjies liefhet, dan leer jy om hulle raak te sien” (p. 7). As 'n mens hulle raaksien, is jy ook in staat om hulle in hulle verskeidenheid te leer ken en te waardeer. Dan sal die vergiftiging van voëls vir jou nie aanvaarbaar wees nie, want jy sal weet dat hulle nie net skade doen nie. Sodoende kom daar in die teks 'n betekenisvolle “*beskoulige element*” (Botha, 1965: 8) in verband met die saambestaan van mens en dier en die uniekheid en sin van elke deel van die skepping tot stand.

Getrou aan die wese van die essay probeer Marais byna sonder uitsondering om nie die onderwerp uit te put en “die laaste woord” te spreek nie. *Die skepbekertjie* eindig selfs letterlik enigsins “onaf”. Oor die essay, wat 'n diskoers is oor 'n onderwerp wat daardie onderwerp nog lank nie uitput nie, skryf Botha (1965: 7) soos volg:

En dit is ook so dat ons merendeels by die lees van 'n essay die indruk kry dat dit geen wetenskaplike betoog kan of wil wees nie, maar slegs 'n baie persoonlike visie op die betrokke onderwerp.

Behalwe vir *Die skepbekertjie* geld hierdie tipering ewe seer ten opsigte van talle van Marais se ander tekste. Sy essays is inderdaad nie bloot wetenskaplike betoë nie, al is daar ook noukeurige waarnemings en 'n duidelike voorneme om 'n bydrae tot wetenskaplike gesprekvoering oor bepaalde onderwerpe te lewer. Dikwels kom hy “in die volle gloed van sy opinies voor ons te staan” (Botha, 1965: 7). In sketse soos “n Voëlparadys” is hierdie beskouwlike elemente nie so prominent nie. Tematiese ooreenkomste is daar wel, soos die voëls waaroor Marais ook in 'n aantal ander tekste skryf wat in hierdie afdeling ter sprake gebring is. 'n Waterdigte genreonderskeid tussen die tekste is vanselfsprekend nie wenslik nie. Talle van Marais se tekste oor wetenskaplike onderwerpe neem dus min of meer êrens op die kontinuum tussen die uiterstes van die sogenaamde “suiwer literatuur” en “suiwer wetenskap” hulle plek in. Om hulle “ten volle” te waardeer, behoort die leser ideaal gesproke van sowel hulle literariteit as wetenskaplikheid bewus te word.

Deur literatuur en wetenskap te kombineer, lewer Marais in sy sogenaamde ander wetenskaplike prosa in die algemeen en in sy wetenskaplike prosa oor voëls in die besonder 'n opmerklike bydrae. Die volgende woorde in Leonard Lutwack se *Birds in literature* (1994: 254) is van toepassing op Marais se tekste oor voëls wat hier bespreek is:

No doubt literature cannot do as much as Audubon<sup>35</sup> wanted from his idol, but creative writers drawing on a rich store of literary antecedents, as well as adding new insights to meet present needs, may help to keep alive the sensitivity that is absolutely essential in the conservation of wildlife and natural beauty.

## 7.7 Betekenis

Een van die belangrikste betekenis van Marais se ander wetenskaplike prosa is die suksesvolle wyse waarop hy gedurende die eerste drie dekades van die twintigste eeu oor 'n verskeidenheid wetenskaplike onderwerpe vir 'n wye leserspubliek geskryf het. Die literêre waarde daarvan het by meer as een geslag

letterkundiges erkenning gekry (kyk 7.5), al kan nie een van die tekste met Marais se beste bellettristiese prosa vergelyk word nie (kyk hoofstuk 4). Hierdie tekste wou immers nie net, of in eerste instansie, literatuur wees nie.

Oor Marais se bydrae as wetenskaplike in die algemeen skryf Erik Holm (1988: 269) binne die konteks van sy spesialis-generalis-model<sup>36</sup> soos volg:

Die waarde van sy bydrae is generalisties: 'n wye oorsig oor 'n verstommende verskeidenheid van feite en waarnemings, met die vermoë om hulle aan sinvolle idees te koppel.

Sy tekortkominge is van tweërlei aard: eerstens die onverskilligheid teenoor rigourieuse toetsing en gedetailleerde stukwerk (wat inherente swakhede van die generalis is) en tweedens sy onvrugbare pogings om homself as empiriese spesialis te kamoefleer. Aan hierdie kamoefleringspogings, wat sekerlik vererger is deur sy intellektuele vereensaming en sosiale onaanvaarbaarheid, kan ons sy somtyds bombastiese styl en terminologie, sy insinuasies oor gesofistikeerde kennis en eksperimente waaroor hy nie beskik het nie, en selfs sy enkele oordrywings, toeskryf.

Marais het inderdaad nie oor een van die onderwerpe wat in hierdie hoofstuk bespreek is lank en uitgebreid formele navorsing gedoen nie. Op geeneen van die terreine was hy 'n spesialis of dié kenner nie. Hy moes immers sy “navorsing” self inisieer en “uitvoer”. Toegang tot befondsing, hulp met vervoer, infrastruktuur soos 'n laboratorium en administratiewe ondersteuning vir sy navorsing en sy navorsingsuitsette het hy nie gehad nie – alles min of meer vanselfsprekendhede vir die hedendaagse Suid-Afrikaanse M.Sc.-student wat veldwerk oor een of ander onderwerp vir sy of haar verhandeling wil gaan doen!

Maar die hulp wat Marais moes ontbeer, het daartoe bygedra dat hy in nuwe rigtings gestuur is. In plaas daarvan om dooie diere te dissekteer en hom toe te lê op iets soos die taksonomie het Marais sy aandag na die gedrag van lewende diere gewend en daarmee erns gemaak. Daarom kon hy soveel interessante waarnemings oor slange en voëls maak en ingelig oor hulle skryf. Aangesien Marais klaarblyklik maklik met ander mense oor die weg gekom het (anders as wat Holm beweer), het hy goed bevriend geraak met talle wat naby aan die natuur gelewe en vir hulle

oorlewing op kennis van die natuur staatgemaak het. Baie van hulle was pioniers in 'n era toe wetenskaplike kennis oor onder meer voëls nog nie algemene kennis was nie. Dat Marais uiteindelik oor omvangryke plaaslike kennis (kyk Geertz, 1993) beskik het, blyk onder meer uit sy geskifte oor antropologiese en argeologiese onderwerpe. Eers aan die einde van die twintigste eeu sou plaaslike kennis erkenning kry as 'n volwaardige vorm van wete en ernstig aandag begin geniet.

Die onderwerpe waaroor Marais geskryf het, was nie vreemd aan die ervaringswêreld van 'n groot deel van sy leserspubliek, wat nog sterk bande met landelike gebiede gehad het nie. Baie van sy lesers kon hulle wêreld daarom waarskynlik in sy tekste gespieël sien en/of verklarings kry vir verskynsels en antwoorde op vrae wat hulle nie self kon beantwoord nie. Sodoende het Marais onteenseglik 'n didaktiese rol gespeel. *Die Huisgenoot*, waarin baie van sy artikels die eerste keer verskyn het, was nie verniet bekend as “die arm man se universiteit” nie. As generalis was Marais ideaal toegerus om in hierdie konteks as populariseerder van sy wetenskaplike kennis en waarnemings op te tree. Tydens die groot droogte van 1933 kon hy byvoorbeeld op die aktualiteit van die dag inspeel en boeiend daaroor skryf, al was sy siening oor onder meer die uitdroging van die aarde nie heeltemal in die kol nie. Ten spyte van tekortkominge waarop Holm hierbo tereg wys, het Marais se publikasies oor baie dekades die leser uitgenooi om saam te praat oor die wetenskap en om met sy eie storie vorendag te kom.

Soos in 3.4 aangedui, is afsonderlike spesies die eerste keer gedurende die agtiende eeu deur die Sweedse plantkundige Carolus Linnaeus benoem. Die “lys” van voëls waaroor Marais in “Die skepbekertjie” skryf en die betekenis wat hy aan elke individuele spesie se gedrag heg, wys dat die twintigste-eeuse (bellettristiese) skrywer nie meer na willekeur oor verskynsels in die natuur en die gedrag van diere kon skryf nie. Onder meer om hierdie rede verskil Marais se werk van dié van vroeëre skrywers wat nie so “ingelig” en met soveel “gesag” oor voëls kon skryf nie. Marais hou in sy essays oor wetenskaplike onderwerpe en in sy bellettristiese prosa deeglik en krities met wetenskaplike waarnemings en ander wetenskaplikes se idees rekening. Om dit te ignoreer, sou vir hom as 't ware “an act of literary cowardice” (Huxley, 1963: 98) wees.

## 7.8 Samevatting

Uit die voorafgaande bespreking het die veelsydigheid van Marais se natuurwetenskaplike oeuvre opnuut geblyk. Dit wil inderdaad voorkom asof hy in die Waterberg min natuurkundige en antropologiese ervarings gehad het waarvan hy nie sy leserspubliek sou wou vertel as die geleentheid hom voorgedoen het nie. Sodoende het Marais sy leserspubliek geïnteresseerd gemaak in 'n tot in daardie stadium enigszins verwaarloosde deel van die land en veral hulle belangstelling in interessante en/of uitsonderlike natuurverskynsels geprikkel. As in aanmerking geneem word dat Marais se geskrifte nie vergete in die oorspronklike koerante en tydskrifte bly lê het nie, maar gebundel is en deur middel van verskeie herdrukke 'n belangrike deel van die Afrikaanssprekende se leeswêreld en -ervaring geword het, is dit duidelik dat sy wetenskaplike prosa 'n bydrae tot algemene geleterdheid en die beskawingspeil van die Afrikaanssprekende gelewer het.

Uit 'n bespreking van enkele van Marais se tekste waarin hy oor voëls geskryf het, blyk dat hy – soos baie ander populariseerders van die natuurwetenskappe – van die essay as medium gebruik gemaak het. Hy gebruik dit selfs in *Die skepbekertjie*, wat hy vir 'n skooldogter geskryf het om vir 'n wedstryd van *Die Boerevrou* voor te lê. Deur ook hoë estetiese maatstawwe in tekste soos hierdie aan homself te stel, het Marais 'n verfynende en beskawende rol in die samelewing gespeel. Sodoende het hy een van die vroegste populariseerders van wetenskaplike waarnemings en kennis in Suid-Afrika geword en sy lesers gehelp om meer ingeligte en intelligente gespreksgenote te word.

## AANTEKENINGE

1. Marais (soos aangehaal in Du Toit, 1940: 170) het sy lewe lank “vreeslik gehou van die idee van opdroog, so lewendig het ek dit voor my gesien dat ek daar opgewonde van geword het”.
2. Marais (1965b: 106) gee aan die begin van die artikel wat op 25 Februarie 1933 in



*Die Vaderland* verskyn het 'n aanduiding van die mate waarin die droogte in die media aandag gekry het:

Dit is in die laaste jare 'n vaste gewoonte geword dat die nuusblaaie omtrent hierdie tyd gevul is met briewe en artikels, almal die weeklaag van 'droogte' voerende. Van alle kante word oorsake en middele, met al die sekerheid van werklike kennis, aan die hand gegee. Vanjaar dreig ook die rekord te slaan wat hierdie briewe betref!

3. In die artikel beweer Marais (1965b: 107) dat die beroemde Franse sterrekundige Nicolas Flammarion (1842–1925) na aanleiding van sý teorie die voorspelling gemaak het dat die aarde besig is om uit te droog “omdat 'n ontsettende hoeveelheid water elke jaar vir ewig verlore gaan, deur opsplitsing van die onderaardse waters in die sentrale vure, en die verdwyning van verdampde water in die oneindige ruimte. Hieruit het hy afgelei dat net soos die planeet Mars en ons maan, die aarde binne berekenbare tyd 'n waterlose en lewelose woestyn sou wees!” Volgens Rousseau (1984c: 459) is Flammarion se teorie egter “heelwat ouer as 1914 en het Marais reeds in die artikel van 1914 daarna verwys”.
4. “Ondergang van die Tweede Wêreld” het op 20, 24 en 27 Mei 1933 in *Die Vaderland* verskyn. In dié futuristiese verhaal oor die uitdroging van die aarde oorleef net enkele mense, waaronder die verteller Willem, die buitengewone vulkaniese uitbarstings wat die aarde beleef. Daar word ook in die verhaal vertel van die teregstelling van swartmense deur 'n leër van twintigduisend gewapende blankes, sodat daar water vir Pretoria kan wees, en hoe 'n jong meisie 'n smekende swartman doodskiet.

L.I. Bertyn (1984) noem dit “een van die min voorbeelde van nagmerrie-literatuur in Afrikaans [...]”. Oor die bloedvergieting van die swartmense kom Bertyn tot die volgende slotsom: “Marais het geen illusie gehad dat die mens genadiger as die natuur sal wees nie.”

Later jukstaponeer Jeanette Ferreira (1989: 16) die skiet van die swartmense in die verhaal met die slagting op Strijdomplein waarby Barend Strydom in 1989 betrokke was. “Is Strydom geleer om swartmense as 'n vanselfsprekende bedreiging van sy voortbestaan te beskou, of was dit instink?”

5. “Van alle Afrika-slange boesem geneen meer gesag in as die berugte Swartmambanie. Op tussen 2,5 – 3,5 m is dit die grootste giftige slang in Afrika en is daar net een groter in die wêreld: die Koningkobra van tropiese Asië” (Patterson, 1987: 91).

6. Doc Immelman (1984) skryf oor die opstand van die Herero’s onder hulle leier Samuel Maharero teen die Duitse oorheersing in die huidige Namibië aan die begin van die twintigste eeu en die tragiese gebeure toe hulle deur die Kahalari gevlug en die meeste van hongers en dors omgekom het. Volgens Immelman (1984: 58) het tienduiseende Herero’s gesterf:

Voor die slag van Waterberg [dié keer in die huidige Namibië! – JLM] was daar 80 000 Herero in Suidwes-Afrika. Aan die einde van 1904 was daar minder as 20 000 oor – hoofsaaklik vroue en kinders, van wie 12 000 in konsentrasiekampe geplaas is.

7. Oor Modjadje II (c. 1800–1895) skryf J.B. de Vaal (1977: 637–638) die volgende:

Daar is baie legendes om haar persoon geweef, onder meer dat sy Blank was. Kommandant Henning Pretorius is in 1892 aan ’n ou vrou, halfblind en stokdoof voorgestel. Sy het ’n lang gesig, ’n spits en effens geboë neus, dun lippe, kortgeskeerde hare, blou oë en ligte gelaatskleur gehad, maar sy was nie Blank nie. Pretorius het geglo dat hy M. werklik gesien het, terwyl andere beweer het dat sy haar suster, wat besonder baie na haar gelyk het, as plaasvervanger gestuur het.

8. In “Oor ’n merkwaardige moordsaak” (in *Spore in die sand*, 1979: 126) skryf Marais oor Egiptiese invloede op die Bavenda:

Wat ek dadelik gevoel het, was dat ek hier te doen had met waarskynlik die enigste Swartvolk in Suid-Afrika wat ’n duidelike verband toon met die ou Egiptiese beskawing van seshonderd jaar voor Christus tot die Romeinse en Griekse verowerings.

Volgens Rousseau (1984a: 1282) is hyself “nie bevoeg om te oordeel oor die

noukeurigheid van Marais se opmerkinge in verband met Egiptiese invloede by die Bavenda nie. Inligting oor die Bavenda lyk skaars.” Dit is nietemin moontlik om vandag meer helderheid oor hierdie uitsprake van Marais te kry. Die volgende inligting in S.P. Jordaan en A. Jordaan (1987: 12) oor die Lemba-stam wat tussen die Vendas woon, laat ’n mens naamlik vermoed dat Marais eintlik oor die Lemba in die besonder geskryf het en nie oor die Venda in die algemeen nie:

Oor die herkoms van die Lemba is daar al baie gegis. Hulle het fyn besnede gelaatstrekke en het sekere Semitiese gebruike, so eet hulle byvoorbeeld nie varkvleis nie en slagdiere moet volgens die kosjermetode geslag word, met ander woorde, die dier moet ontbloed word nadat dit geslag is. Die Lemba het hul eie tradisies en kulturele opvattinge behou. Aangesien hulle hul eie identiteit wil bewaar, trou hulle nie sommer met lede van die ander Vendastamme nie. In die verlede was hulle bekend as die ystersmelters en pottebakkers van Venda. Ten spyte van hulle verskille in tradisies, woon die Venda en Lemba broederlik saam.

9. Marais (1984: 376) skryf soos volg oor die “Waterbergse ‘Vaalpense’”:

Die Vaalpens word beskrywe as ’n suiwer, swart dwerg met peperkorrels en naturellegelaatstrekke, maar met die maniere en geaardheid van ’n Boesman. Hy het die bosveld van Noord-Transvaal bewoon en het spoedig vir die grootwildjagter kostelike dienste bewys; hy het gewerk vir ’n deel van die afval en oorskietvleis. Geplant of gesaai het hy nie, ’n vaste verblyf het hy nie geken nie, vee het hy nie gehad nie en sy enigste huisdier was die hond. Selde of ooit het hy gifpyle of vergiftigde asgaaie gebruik, maar hy was ’n deurtrapte veedief. Eers het die swartes op hom jag gemaak soos op ongedierte. Maar toe hy byna uitgeroei was – en die skaarsheid van wild het baie daartoe bygedra – het ’n paar klompies by verskeie swart kapteins skuiling gesoek en gekry. Die opperhoofde het hulle gebruik as opspoorders en jagters [...].

In J.A. van Schalkwyk (1985) se artikel oor die Vaalpense word ’n hele paar

keer na Marais se artikel verwys.

10. 'n Groot deel van die artikel word gewy aan 'n beskrywing van Klaas se voorkoms, kleredrag, gereedskap en hoe sy blyplek gelyk het. Oor laasgenoemde skryf Marais (1984: 378–379) soos volg:

Sy pondok en sy tuintjie was tussen reusagtige rotse versteek, wat hier hul grys koppe bo die sand uitsteek. Dit was 'n bos, reg in die middel van 'n lap van die gevreesde blouhaak, waar mens nóg dier kon deurkom. Sy werf was 'n oop lap grond van omtrent drie morge om die rotse. Waarom dié plek gekies was, was duidelik te sien: onder een van die olifantklippe was 'n diep, skuins put, van die bokant waarvan 'n fonteintjie yskoue water in enkele druppels afsyfer. In droogte was dit al water in daardie hele streek van die Middelveld. Deur 'n hoë heining van boomstamme was sy hutte en bokkraal beskut teen leeus en ander ongedierte.

11. Die tegnologie om yster te smelt, is ingewikkeld en is die eerste keer gedurende die tweede millennium v.C. in Wes-Asië ontwikkel. In Noord-Afrika, waarheen Fenisiërs die kennis gebring het, en in Egipte was ystersmeltery reeds gedurende die agtste eeu v.C. gevestig. Daarna het dit vinnig na die res van die kontinent versprei, waar dit deur verskillende kulture tot in die historiese tydperk beoefen is (kyk Phillipson, 1993: 158–160, 187–207 en 229–238).
12. Volgens Van Schalkwyk (1985: 152) het Udo S. Küsel (kyk 1979) in 'n persoonlike mededeling die beskrywing in Marais se artikel van hoe yster gesmelt en voorwerpe daaruit gemaak word nie baie betroubaar gevind nie en is dit "twyfelagtig of Marais self die smeltproses volledig waargeneem het, soos hy dit wel beskryf".
13. "Boesmanklippe" en "Geheim van die Boesmanklippe" het op 10 en 15 Maart 1931 in *Ons Vaderland* verskyn. Die artikels is die eerste keer in Marais se *Versamelde werke* (1984) gebundel. In 1932 het Marais ook die Pretoriase tak van die S.A. Nasionale Vereniging oor die gebruik van dié klippe toegesprek (kyk Rousseau, 1984c: 439).
14. Afbeeldings van die sogenaamde Boesmanklippe is te sien in Kenneth P. Oakley

(1965: 86) en H.J. Deacon en Janette Deacon (1999: 146). In Rousseau (1986: 95) verskyn 'n foto van 'n "[t]jipiese Boesmanklip".

Marais (1984: 330) maak op 15 Maart 1931 melding van "n massa briewe oor die geheim van die Boesmanklippe" wat *Ons Vaderland* ontvang het. Dat hierdie belangstelling nie net 'n gier was nie en tot vandag toe voorduur, blyk uit Deacon en Deacon (1999: 146) se opmerking: "Bored stones intrigue the public more than any other Stone Age artefacts, with the exception of rock art."

15. 'n Engelse weergawe van "Die heuningvoëltjie" met die titel "How the honey-guide delivered a man into the coils of a python" (in *The road to Waterberg*) het op 5 Maart 1927 in *The Star* verskyn.
16. In "Salas y Gomez" (in Marais, 1946) word op p. 82, en in "Die swart aasvoël – Koning van die Afrikaanse lug" (in Marais, 1984: 918) word op p. 918 "n Zeiss-verkyker" genoem wat deur die verteller gebruik is.
17. Kyk aantekening 7.
18. Altesaam elf van die artikels in *'n Paradys van weleer* het gedurende 1933 verskyn, wat 'n besonder produktiewe jaar vir Marais was.
19. In 'n brief uit 1972 het Eugène Charles Gerard Marais (1980: 35) hom soos volg oor hierdie hernieude belangstelling in sy vader uitgelaat:

The interest now in ENM is becoming a nuisance. Not a week passes but I get requests for his desk and his walking stick and his pipe and his manuscripts and for information about him ... So much these people record is wrong – with Ardrey as the greatest sondebok.

20. Leon Rousseau, die uitgewer van *The road to Waterberg*, kon nie op my navraag bevestig dat Eugène Marais jr. die Afrikaanse tekste vir die boek in Engels vertaal het nie. Dit is wel moontlik aangesien hy die "Preface" tot die bundel geskryf het en sy vertaling van *Burgers van die berge* in 1938 in Engels verskyn het.
21. Die artikel oor bobbejane in *Psyche*, October 1926, is eintlik afkomstig uit 'n brief wat

Marais aan Spilhaus geskryf het oor die hipnotiese genesing van Hessie van Deventer. Die tweede artikel, "The termite queen as the brain of an organism", het Marais op Spilhaus se versoek vir *Psyche* 8, 1933 (pp. 138–153) geskryf (kyk Du Toit, 1940: 185).

22. Kyk aantekening 15.

23. In Marais se ander tekste kom nog voëls voor (soos die vaalkoestertjie in "Die vaal koestertjie" in *Dwaalstories*), maar hulle speel nie so 'n groot rol as in hierdie tekste nie. In "Regte spoke in die natuur" (in *Versamelde werke*) maak Marais byvoorbeeld van sy kennis van voëls gebruik om skerp kritiek op genl. J.C. Smuts se *Holism and evolution* (1926) te lewer. Marais (1984: 307) bevraagteken onder meer Smuts se "kinderlik-naïewe verklaring dat skoonheid in die natuur vóór die mens bestaan het en ná hom nog sal voortbestaan". Later in die artikel maak Marais (1984: 316) onder meer die volgende sarkastiese opmerking:

As die *menslike* skoonheidsgevoel die heelal dirigeer, vanwaar dan die verskil tussen die kropkraan en die suikerbekkie? Die lied van genl. Smuts se *nightingale* laat al die ander diere en voëls yskoud, behalwe die uil en die Engelse *polecat* miskien, vir wie die lied ten minste die moontlikheid van 'n maaltyd in die vooruitsig stel. (Beklemtoneing deur die skrywer – J.L.M.)

24. Kenneth Newman (1997: 272) bevestig die gewoonte van die grootheuningwyser om mense na byneste toe te lok "terwyl hy 'n hoë, ratelende klank maak en opgewonde fladder". Volgens Gordon Lindsay Maclean (1985: 412) is daar "no satisfactory evidence for guiding of any other mammals". Oor die vraag of die heuningwyser 'n mens na 'n slang toe sal lei, skryf O.P.M. Prozesky (1964: 128) soos volg:

Die Bantoe veral glo dat as hulle nie vir hom 'n koek jong bye as beloning laat nie, die voël hulle die volgende keer na 'n ongedierte of slang toe sal lei. Dit is egter nie die geval nie. Die ondervinding het geleer dat die voël 'n mens nie altyd langs die kortste pad na die nes toe lei nie. Dit gebeur wel dat die voël somtyds 'n hele paar myl gevolg moet word, en dat die mens dan toevallig op 'n dier of slang kan

afkom.

25. Volgens Grové en Botha (1966: 110) val die klem “in die skets op die mees tiperende eienskappe van die landskap of watter onderwerp die kunstenaar dan ook wil voorstel – die mees tipiese dan, volgens sy interpretasie daarvan”.
26. Bevestiging vir dié gedrag van die bokmakierie kon nie in Tony Harris en Graeme Arnott (1988: 172–177) se werk oor die laksmanne van Suider-Afrika gekry word nie.
27. Hierdie “Aantekening” deur die uitgewer (moontlik Berta Smit?) speel ’n soortgelyke rol as die “Inleiding” wat Marais vir *Dwaalstories* geskryf het. Dit bevat veral inligting oor die oorsprong van die teks en beïnvloed die wyse waarop die leser *Die skepbekertjie* gaan lees.
28. In die besonder deeglik gedokumenteerde werk van Du Toit (1940) word daar nêrens melding van die teks gemaak nie. Dit is opvallend dat Marais ook nie weer in een van sy ander geskrifte na die tema teruggekeer het soos hy wel in ander gevalle gedoen het nie.
29. Die wêreldberoemde etoloog Jane Goodall was self by die skryf en publikasie van ’n aantal boeke vir kinders betrokke. Dit sluit in *My life with the chimpanzees* (1996) uit 1988, *The chimpanzee family book* (1989a) en *Jane Goodall's animal world: Chimps* (1989b). Sy skryf ook vir kinders altesaam agt boeke oor verskillende diere in die *Jane Goodall animal series*, wat almal gedurende 1991 die lig gesien het.

Niko Tinbergen en Hugh Falkus se ryklik geïllustreerde *Signals for survival* (1970: 8) beskryf en interpreteer in eenvoudige dog wetenskaplik akkurate terme die tekentaal van die klein swartrugmeeu (*Larus fuscus*) langs “the southern tip of Walney Island off the Lancashire coast; a nature reserve within sight of Barrow’s shipyards” in die Verenigde Koninkryk. Volgens die flapteks behoort die boek “of special interest to those in schools and universities as well as the general reader” te wees.

’n Boek wat met dié van Tinbergen en Falkus vergelyk kan word, is Konrad Lorenz se *The year of the greylag goose* (1979) oor die grysgans (*Anser anser*) waarmee hy in 1973 na sy aftrede as direkteur van die Max Planck Instituut vir Gedragsielkunde in Beiere na die Almmeer in Oostenryk getrek het. In die

“Foreword” skryf Lorenz (1979: 5) soos volg:

This is not a scientific book. It would be true to say that it grew out of the pleasure I take in my observations of living animals, but that is nothing unusual, since all my academic works have also originated in the same pleasure. The only way a scientist can make novel, unexpected discoveries is through observation free of any preconceived notions.

30. Ná dit wat Van Wyk Louw in 1961 in *Vernuwing in die prosa: Grepe uit ons Afrikaanse ervaring* (1973) oor *Dwaalstories* te sê gehad het, het niemand meer gedink dat dit 'n kinderboek is nie!

31. Die leser hoef uiteraard nie Marais se voorneme om “vir kinders” te skryf in alle opsigte letterlik op te neem nie. Dit blyk uit die volgende opmerking wat hy op 25 November 1926 in 'n brief aan Wilhelm Spilhaus (aangehaal in Du Toit, 1940: 170) gemaak het in verband met die skryf van die artikels wat in *Die siel van die mier* opgeneem is:

They were written primarily for people who knew nothing about these things. I was continuously influenced (while writing them) by the ‘unconscious idea’ that I was writing for children.

32. Volgens Botha (1980: 110) eindig die opstel “abrup, kortaf, soos ook ander verhale van Marais – let maar op die teenstelling tussen die abrupte, anekdotiese einde van ‘Salas y Gomez’, in teenstelling met die sterk dramatiese verloop van die verhaal”.

33. Volgens die verspreidingskaarte van die verskillende voëlspesies in Newman (1997: 286–292) kom daar tans ten minste ses koesterspesies in die streek voor, naamlik die kortstertkoester (*Anthus brachyurus*), die gewone koester (*Anthus cinnamomeus*), die Nicholsonse koester (*Anthus similis*), die donkerkoester (*Anthus leucophrys*), die vaalkoester (*Anthus vaalensis*) en die geelborskoester (*Hemimacronyx chloris*). Kyk ook die verspreidingskaarte in W.R. Tarboton, M.I. Kemp en A.C. Kemp (1987: 224–228). Aangesien die verspreiding van voëls nie staties is nie en sekere spesies deesdae 'n wyer verspreiding as enkele dekades gelede het, is dit moontlik dat



Marais in die betrokke gebied net vier koesterspesies gesien het. Dit is weliswaar ook so dat dit besonder moeilik is om sommige van die koesterspesies van mekaar te onderskei!

34. Die talle insetsels oor voëls op die weeklikse populêr-wetenskaplike televisieprogram *50/50* (met o.m. 'n gereelde voëlvasvra onder leiding van die ornitoloog Geoff Lockwood) en die voëlkursusse wat jaarliks deur onder andere Ulrich Oberprieler van die Nasionale Dieretuin in Pretoria aangebied word, speel ook 'n rol om Afrikaanse (en Engelse!) voëlname onder die breë publiek te “standaardiseer”. (In die digbundel *Aves: Gedigte* (2001) het ek in die individuele gedigte oor voëls geprobeer om ten minste in die titels die “regte” name te gebruik.)
35. Die Amerikaanse natuurkundige en kunstenaar John James Audubon (1785–1851) “broke new ground by painting birds life-size in dramatic attitudes, and by his meticulous care in drawing from fresh specimens, never from stuffed ones” (Williams, 1969: 22). Audubon is onder meer bekend vir sy *Birds of America* (1827–1838) en “was one of the first American conservationists, and modern conservationists are organized into Audubon societies named in his honor” (Asimov, 1975: 268).
36. Holm (1988: 268) is van mening dat “mense, en vir ons doel meer spesifiek natuurwetenskaplikes, geklassifiseer kan word op 'n gradiënt met twee pole: die spesialis aan een, en die generalis of algemenis aan die ander kant”.  
Kyk ook Holm (1985) se artikel oor die evolusie van generalis- en spesialis-spesies in die natuur, waarin sy generalis-spesialis-model ook behandel word.

## HOOFSTUK 8

# MARAIS EN DIE WATERBERGSE BROODBOOM (*ENCEPHALARTOS EUGENE-MARAISII* VERDOORN)

### 8.1 Inleiding

In die vorige hoofstukke is verskeie uitsprake aangehaal waarin te kenne gegee word dat Eugène N. Marais nie voldoende erkenning vir sy etologiese navorsing oor termiete en bobbejane gekry het nie. Daar is egter een wetenskaplike ontdekking waarvoor Marais volledig erkenning gekry het, naamlik die ontdekking van die Waterbergse broodboom (*Encephalartos eugene-maraisii* Verdoorn).<sup>1</sup> Dit val op dat diegene wat oor die miskenning van Marais as natuurwetenskaplike geskryf het weinig, indien enige, aandag aan hierdie plantkundige bydrae gegee het.<sup>2</sup> Hierdie versuim staan in skerp kontras met die plantkundige Cynthia Giddy se beskrywing in haar standaardwerk, *Cycads of South Africa* (1989), van die ontdekking van dié spesie as opwindend (“thrilling”).

In Leon Rousseau se *Die groot verlange* (1984c) word die ontdekking van hierdie broodboom glad nie vermeld nie, ten spyte van die feit dat die Waterbergse broodboom reeds in 1945 deur Marais se susterskind en die doyenne van Suid-Afrikaanse plantkundiges, Inez Verdoorn, beskryf en na Marais vernoem is (kyk Verdoorn, 1945). Marais het dié sonderlinge plant in die Waterberg leer ken toe hy tussen 1907 en 1916 daar gewoon het, en hy het Verdoorn enkele jare voor sy dood daarvan vertel.

Hierdie leemte in sy verhaal oor Marais het Rousseau later self opgeval en daarom het hy in *Eugène Marais and the Darwin syndrome/Die dowwe spoor van Eugène Marais* (1998: 87–91) vir die eerste keer enigsins breedvoerig oor die gebeure rondom die ontdekking van die plant geskryf. Volgens Rousseau (1998: 87–88) het hy wel in 1963 'n onderhoud met Verdoorn oor die broodboom gevoer, maar niks daaroor in *Die groot verlange* vermeld nie. Hy voer die volgende rede vir hierdie

weglating aan:

Dié deel van die onderhoud is taamlik kripties oorgetik en het vir my min beteken toe ek dit jare later weer beskou. Ongelukkig het ek dié aspek nie opgevolg nie. Die afwesigheid van die broodboom-storie is seker die belangrikste omissie in *Die groot verlange*.

In hierdie hoofstuk word vervolgens indringend oor die ontdekking van die Waterbergse broodboom verslag gedoen. Van die nuwe inligting wat aangebied word, is afkomstig uit 'n onderhoud wat deur Dick Findlay met Verdoorn gevoer is en wat in 8.2 volledig weergegee word. Die bespreking in hierdie hoofstuk het ten doel om die inligting wat Rousseau (1998) en Mieny (1984 en 1988) verstrek, aan te vul en, wat enkele aspekte betref, te korrigeer. Hierbenewens sal inligting wat in plantkundige studies verstrek word, maar nog nie in letterkundige studies ter sprake gebring is nie, ook behandel word om 'n duideliker beeld van Marais se wetenskaplike bydrae te skep. Ten slotte sal daar ingegaan word op Rousseau (1998: 90) se stelling dat die Waterbergse broodboom "deel van die Marais-mite" geword het en sal enkele samevattende opmerkings daarvoor gemaak word.

## 8.2 Inez Verdoorn se weergawe van die ontdekking van die Waterbergse broodboom

Inez Verdoorn het die Waterbergse broodboom beskryf en aan die wetenskaplike wêreld bekend gestel. In die hieropvolgende transkripsie van 'n onderhoud<sup>3</sup> wat Dick Findlay (DF) met Inez Verdoorn (IV) gevoer het, vertel die plantkundige watter rol Marais in die ontdekking van die plant gespeel het, hoe sy ná Marais se dood geprobeer het om die plant op te spoor, hoe dit op die plaas Vlakplaas gevind is en sy die plant, nadat sy dit daar gaan bekyk het, na die ontdekker daarvan vernoem het. Ter wille van kontekstualisering word die hieropvolgende transkripsie van die onderhoud met verklarende aantekeninge geannoteer:

*DF:* Tell me about your botanical ...

IV: About my botanical ... Well, that was, I think, it must have been in a couple of years before ... What year did he<sup>4</sup> die? '34?

DF: '34 or '35.

IV: Somewhere there. Well, I suppose '33 or '34.<sup>5</sup> He must have been living in a house in Vermeulen Street.<sup>6</sup> How on earth he got there I didn't know or why he should be there or how long he was there I didn't know, but he had evidently hired a room there. O yes, one of these men that wrote about him mentioned that room. How he went to see him there and that's when he got that shock, you know, when one day when he went in he had this queer smell which he afterwards realised was opium or morphine? I can't remember. Morphia.<sup>7</sup>

When he was living there he used to come to the herbarium,<sup>8</sup> very like you do. Just walk into my cubby. You know, he was such an easy person to get on with. He was never ever any fuss, he never asked for the chief or wanted to see anyone. He just used to come and like you say: 'Hallo, Inez,' you know, and then he would sit in my cubby-hole. It was a little bigger than this, sit in the chair and he had said he wanted me to name these succulents of his. He described them and I said: 'No, I can't name them from description.' He said: 'Well, you come down sometime,' you know, and then he talked to me about that ... Whether it was the first, or second or third visit, he said: 'What is the name of that cycad that grows in the Waterberg?' I said: 'There is no cycad in the Waterberg. They are all in the Eastern country. We only know them from the Eastern Cape, Natal and the Eastern Transvaal.' I had just started working on cycads. Nobody else was interested in that at that time. So he said: 'There is a cycad in the Waterberg on the Palala Heights!' So I said: 'Well, that's a shock to us, because we think there are no cycads in the West.' So I said: 'I must see this cycad.' So he said: 'I had sent a specimen to Dr Marloth<sup>9</sup> in the Cape.' He was the chemist-botanist, and Uncle Eugène always knew everybody, you know, he knew about everything, and he had sent this specimen to him. So I said: 'Ah well, we have just inherited Dr Marloth's whole herbarium. He had died a little while ago and he had left his herbarium to Dr Pole Evans.'<sup>10</sup> So I said: 'Let's go and look for it.'

Now I am so sorry that I didn't today show you when you were there that very specimen.<sup>11</sup> I looked through the Marloth herbarium, got this *Encephalartos*, pulled them out, you know, and I was paging through, and he said: 'There, there is my cycad!' and there he would see on this label (I must show it to you): 'Nelspruit, Mr E. Marais collector' and then the note on, there is an envelope with some of the seeds in it: 'These seeds were roasted and eaten by children and caused giddiness.' So he

looked at that. He said: 'Nelspruit? I never said Nelspruit!' He said: 'In the Waterberg, on the Palala Heights!' So in front of him I scratched out 'Nelspruit' and I've written 'Waterberg' and then: 'By E. Marais.' He said: 'It's Waterberg.' So I said: 'Now, please, Uncle, let me ... let's find that thing,' and he said: 'I'll take you there, take you to the Palala Heights and I'll show it to you.' And then sort of months would pass, you know, and I would not hear from him and soon after that I heard that he had shot himself.

So then I was *determined* that I would find this cycad. At that time I had worked out two or three other points. You know, there were only about nine cycads known in the *Flora Capensis*<sup>12</sup> and after I'd sort of struggled with them, there were four new species of mine<sup>13</sup> and other people have come since and now we've got about twenty, twenty one, twenty? In the twenties somewhere ... Number of the cycads ...<sup>14</sup> Also resuscitated some and when I was investigating one in the Middelburg (what's that place?), Botshabelo, you know, Toevlucht ... Most glorious place and the difficulty I had to get to this, because I had to do it all on my own. Nobody helped me those days. I took my mother for a holiday to Middelburg. She once said: 'Why Middelburg?' (*Albei lag.*) Of course I kept quiet. Then I got hold of the extension officer; he was a man called Toerien,<sup>15</sup> and I told him about this Botshabelo and that he must take me there and there is a cycad. He broke down of course the day before. I had to come home. The car broke down on our way there, but I did eventually get there and this Toerien was very interested when I told him about the cycad there and my other experiences in Middelburg on cycads and I sort of got him interested in cycads and he said: 'You know, I've been transferred to Potgietersrust.' So I said: 'Oh, wonderful! Now you've got to do something for me. You've got to go and find my uncle's cycad on the Palala Heights.' And he said: 'Good.' He would, and I thought that was last sien van die blikkantien again, you know. (*Verdoorn lag.*)

A few months afterwards I got a telegram: 'Found Eugène's cycad.' Ah! I thought, how wonderful! What shall I do? By this time Dr Dyer<sup>16</sup> had come (he was Mr Dyer then still) to the herbarium, you know, and he had become interested in cycads and in lots of other things that I was working on, and I said to him: 'I must go, must go and see the cycads. I want to see it for myself.' He said: 'All right,' he would work to see it with Dr Phillips.<sup>17</sup> So he told Dr Phillips that we wanted to go and see this cycad and we got money for the train, you know, and we telegraphed Toerien to meet us at Potgietersrust. It is a night journey and we got there in the morning and there he was and we raced off, and, you know, we went through this place called

Bokpoort.

DF: Yes, I know Bokpoort.

IV: You know it too? And I was quite certain that it was in his *My friends the baboons*. You know the story of when he went with a doctor, with a surgeon. I am sure it was through Bokpoort.<sup>18</sup> It had not been ... A road had not been made then. They went on horseback. So I was very thrilled with the whole trip. Eventually we got to this place and there was this Mrs Van Rooyen,<sup>19</sup> I think her name was ... Well, she took us up this little rantjie and there were two plants. After I had made all the ... I got a picture of the two of us next to this cycad looking over the valley and she said: "There was the old homestead. Dáár het ek gewoon. Toe ek 'n kind was, het ek vir meneer Marais dáár gesien, amper daaglik, en dis daar waar daardie bergpalm gegroei het. Daar was die kinders so siek. Hy het hulle gehelp om hulle reg te kry."<sup>20</sup>

And that's when I started, you know, describing the thing and I thought then that it was very rare, but since then we found it on Kwaggaspoort and we found it here in the hill near Middelburg, found it in the Wolkberg and it's turning up all over.<sup>21</sup> And it was distinctly new.

DF: And you called it after him.

IV: And I called it after him. I had always said that I didn't like Germanic names with the Latin ones, you know, and I didn't want to call it after ... call any of my new species after people, but letters, but I was determined I would this one. And also the recommendation was that you were not to have hyphenated words, but I was just determined that it was going to be *eugene-maraisii*.<sup>22</sup> It can't be just *marais*, because there are too many Marais in the world, you know.<sup>23</sup> So I had the hyphenated word. Somebody had years ago called a cycad *friderici-guilielmi* after Frederic William.<sup>24</sup> So I thought that if they can say, call a thing *friderici-guilielmi*, I can call it *eugene-maraisii*! (*Albei lag.*)

Inez Clare Verdoorn (1896–1989) was die dogter van Marais se suster, Georgie Verdoorn. Sy was van 1919 tot 1951 voltydys aan die Nasionale Herbarium van die Nasionale Botaniese Instituut in Pretoria verbonde en het haar werk ná haar aftrede nog in 'n deelydse hoedanigheid voortgesit tot in 1968. Sy het dus tot laat in haar lewe nog produktief tot haar vakgebied bygedra; 'n bydrae wat oor 49 jaar gestrek het en waartydens sy meer as 200 publikasies die lig laat sien het. Vir haar bydrae tot die studie van Suid-Afrikaanse plante is sy dan ook met 'n

eredoktorsgraad deur die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg vereer (kyk Gunn & Codd (1981: 361) en Fourie (1989)). Verdoorn het talle nuwe spesies beskryf, maar volgens Fourie (1989: 315) was die beskrywing van die *Encephalartos eugene-maraisii* een van die hoogtepunte van haar loopbaan.<sup>25</sup>

Toe Marais Verdoorn enkele jare voor sy dood besoek (“the first, or second or third visit”, volgens Verdoorn) en haar gevra het wat die naam van die broodboom is wat in die Waterberg voorkom, was hy gelukkig om met iemand te kon praat wat ’n vakkundige belang by die onderwerp gehad het. Verdoorn het toevallig gedurende hierdie tyd begin om oor broodbome navorsing te doen, wat mettertyd tot die beskrywing van vier nuwe spesies sou lei.<sup>26</sup> Marais kon dus met ’n gesoute en goed ingeligte wetenskaplike oor sy ontdekking praat.

Marais se instuur van plantmateriaal van die Waterbergse broodboom aan die Kaapse plantkundige dr. Rudolf Marloth het nie onmiddellik tot die “ontdekking” en beskrywing van die plant gelei nie. Hierdie “lewende fossiel” uit die laaste helfte van die Mesosoïese tydperk, wat 250 miljoen jaar gelede begin en ongeveer 65 miljoen jaar gelede tot ’n einde gekom het (kyk Goode, 1989: 13), sou nog geruime tyd vir sy naam moes wag. Soos uit die transkripsie van die gesprek tussen Findlay en Verdoorn blyk, het Verdoorn en die plantkundige wêreld ten tyde van Marais se gesprek met haar nog nie geweet dat broodbome ook in die westelike dele van Suid-Afrika voorkom nie. Soos Giddy (1989: 11) sou aandui, kom broodbome slegs in spesifieke omstandighede voor: “On every continent they are found today only in those regions where climatic conditions are most favourable: the tropical and temperate zones.” Toe Marais sy eksemplaar van die Waterbergse broodboom aan Marloth gestuur het, het laasgenoemde moontlik daaraan getwyfel of die Waterberg, met sy baie koue winters, dus ’n geskikte habitat vir ’n broodboom sou kon wees.

Hierdie moontlike skeptisisme van Marloth oor die voorkoms van broodbome in die Waterberg blyk, soos uit die getranskribeerde onderhoud na vore kom, uit Marloth se inskrywing op die etiket wat geheg was aan die eksemplaar van ’n blaar en enkele pitte van die plant wat Marais aan hom gestuur het. Dit kan verklaar waarom hy die plek waar die plantmateriaal vandaan kom as “Nelspruit” aangedui het.<sup>27</sup> Hy het ook ’n bestaande naam, *Encephalartos paucidentatus*, op die etiket

geskryf. Toe Verdoorn (wat aanvanklik ook verbaas was oor Marais se bewering van 'n broodboom in die Waterberg) die etiket aan Marais wys, was hy verontwaardig oor Marloth se fout (of wantroue in sy oordeel?). Verdoorn het nietemin sonder huiwering in Marais se teenwoordigheid die korrekte inligting op die etiket aangebring, naamlik dat die plant uit die "Waterberg" afkomstig is, "collected by Mr Eugene Marais Date Dec 1927".

Hoewel Verdoorn beweer dat sy vasbeslote ("determined") was om die plant op te spoor, het dit nog ongeveer tien jaar geneem voordat sy 'n lewende Waterbergse broodboom in sy natuurlike habitat kon besigtig en beskryf. Eksemplare van dié plant is intussen ook deur dr. Pole Evans, dr. E.E. Galpin<sup>28</sup> en 'n mnr. Steyn op verskillende plekke in die Waterberg versamel en aan die herbarium in Pretoria gestuur (kyk *Die Volkstem*, 27.4.1945 en Verdoorn, 1945: 1). Soos sy in die onderhoud vertel, kon Verdoorn eers self na die plant gaan kyk nadat 'n voorligtingsbeampte van die Departement van Landbou, mnr. P.S. Toerien, met wie sy kennis gemaak het terwyl sy navorsing oor 'n broodboom in die Middelburgse distrik gedoen het, na Potgietersrus verplaas is. Nadat hy 'n plant op die Palalaplato in die Waterberg aangetref het, het hy haar per telegram daarvan in kennis gestel.

Verdoorn en 'n kollega, dr. R.A. Dyer, het per trein na Potgietersrus gereis om saam met mnr. Toerien na die plant te gaan kyk. Die klein geselskap het twee plante daar aangetref. Hoewel Verdoorn nie in die onderhoud met Findlay die spesifieke plek noem waar hulle die Waterbergse broodboom gesien het nie, was dit op die plaas Vlakfontein,<sup>29</sup> volgens 'n berig in *Die Volkstem* (27.4.1945) waarin daar gesê word: "Vlakfontein lê op die Polala-hoogland [sic – JLM] en kan deur die Hangklipberge oor Bokpoort bereik word." Tydens die ekspedisie het die geselskap deur Bokpoort in die Hangklipgebergte gery om by die plante uit te kom, wat Verdoorn laat dink het aan 'n insident wat in Marais se "Friendship between men and baboons" in *My friends the baboons* (1939a) beskryf word. Marais vertel in die deel waarna Verdoorn verwys dat mnr. Piet van Rooyen van die plaas Purekrans ernstig siek geword het en dat hy (Marais) nie self op hom kon opereer nie.<sup>30</sup> Dr. Corkery van Warmbad se hulp is ingeroep en Marais en Van Rooyen se seun, Piet, het hom op Naboomspruit gaan haal. Een van die reeks "sonderlinge voorvalle wat



daarmee gepaard gegaan het” (p. 65), is die groot rotsstorting wat die geselskap, wat met perde en ’n donkie (“met die swaar medisyne- en instrumentekas van die dokter voorop”, p. 68) gereis het, in die smal poort meegemaak het.

Volgens Verdoorn het mev. Byb van Rooyen, die eggenote van Hans van Rooyen<sup>31</sup> van die plaas Vlakfontein, haar en dr. Dyer die broodboom “up this little hill” gaan wys. Volgens Verdoorn kon mev. Van Rooyen nog onthou hoe sy Marais as kind “byna daagliks” gesien het.<sup>32</sup> Van Rooyen het vertel van die kinders wat siek geword het toe hulle van die broodboom se pitte geëet het. Volgens haar het Marais “gehelp om hulle [die kinders – JLM] reg te kry”.

Oor die vergiftiging van die kinders bestaan daar enkele onduidelikhede, maar mev. Van Rooyen het sonder twyfel so ’n voorval onthou waarby Marais een of ander tyd in die verlede betrokke was. Die artikel in *Die Volkstem* maak daarvan melding dat kinders in 1926 “ernstig siek geword het van ‘wilde dadels’ wat hulle geëet het”. Marais, wat toe “op die plaas gekuier het, het hulle behandel”. Hierdie inligting laat die vermoede ontstaan dat Marais tóg weer die Waterberg besoek het nadat hy in 1916 daar weg is (kyk 8.3). Indien dit waar is, weerlê dit Rousseau (1984c: 289) se stelling in *Die groot verlange* (1974) dat Marais “nooit weer in die Waterberg [sou] gaan woon nie; *hy sou nooit eens weer daar kom nie*” (my beklemtoning).

Volgens genoemde berig in *Die Volksblad* het Marais in 1926 van die pitte aan dr. Marloth gestuur, waarskynlik omdat hy, met sy kennis van farmasie én botanie, die plant sou kon identifiseer. Hy sou moontlik ook kon weet of en, indien wel, waarom die plant se pitte giftig is. In die artikel in die *Journal of South African Botany* waarin die nuwe spesie formeel aangekondig is, dui Verdoorn (1945: 2) egter die jaar waarin Marais die eksemplaar aan dr. Marloth gestuur het as 1925 aan.

Verdoorn se belangstelling in die (moontlike) toksisiteit van die *Encephalartos* se pitte het voortgeduur, soos blyk uit Steyn, Van der Walt en Verdoorn (1948) se artikel getiteld “The seeds of some species of *Encephalartos* (cycads): A report on their toxicity”, waarin wenke in verband met die behandeling van vergiftigde mense gegee word. In die artikel word daar soos volg na Marais se waarneming verwys:

According to information supplied by Eugène Marais to one of us (I.C.V.), human beings who had eaten the roasted 'nuts', became very dizzy.

Verdoorn meld in die gesprek met Findlay hoe belangrik dit vir haar was om haar oom se naam aan die broodboom te gee. Dit was vir haar nie genoeg om die spesie net *maraisii* te noem nie, omdat daar so baie ander Marais's (in Suid-Afrika) is. Na analogie van die *Encephalartos friderici-guilielmi* het sy in ooreenstemming met die neergelegde reëls vir die benoeming van plante<sup>33</sup> op die naam *Encephalartos eugene-maraisii* besluit. Volgens Aïda Thorne (1990: 135) is die reël soos volg:

As die outeur nie die werklike versamelaar of 'ontdekker' van die plant of dier is nie, mag hy besluit om die naam van die persoon wat die eerste eksemplaar versamel of beskryf het, of dié van 'n bekende persoonlikheid wat iets met die natuursoort of die vakgebied in die algemeen te doen gehad het, in die wetenskaplike naam te verewig.

Met hierdie vernoeming sou Verdoorn sorg dat sowel Marais se naam (as die ontdekker) as haar eie (as die outeur wat die plant beskryf en sy naam die eerste keer geldig gepubliseer het) voortaan aan hierdie plantspesie gekoppel word. Marais se fyn waarnemingsvermoë en kennis was immers die beginpunt.<sup>34</sup> Soos J.L.B. Smith (1969: 55) die selekant byna op eerste sig (op grond van 'n tekening) kon herken, moes Marais heelwat van plante geweet het om die Waterbergse broodboom te kon eien in 'n streek waar broodbome nog nie voorheen deur iemand anders gevind is nie en in 'n tyd voordat daar 'n algemene belangstelling in broodbome ontwikkel en hulle as 't ware "mode"-plante geword het.

### 8.3 Leon Rousseau se weergawe van die ontdekking van die Waterbergse broodboom

Soos reeds in 8.1 genoem, het Rousseau in *Die groot verlange* nie oor die Waterbergse broodboom geskryf nie. In *Eugène Marais and the Darwin syndrome/*

*Die dowwe spoor van Eugène Marais* (1998) stel hy hierdie selferkende fout reg en kom hy met inligting vorendag wat tot dusver in min van die studies oor Marais verstrek is. In die betrokke gedeelte van sy latere boek verstrek Rousseau (1998: 89–91) nie net inligting oor die ontdekking van die broodboom nie. Hy probeer ook om 'n antwoord te kry op die vraag of Marais ná sy vertrek uit die Waterberg in Januarie 1916 (volgens Du Toit, 1940: 21 “in baie swakke gesondheidstoestand”) ooit weer 'n besoek aan die gebied gebring het. Hierdie vraag word eintlik die belangrikste deel van sy betoog.

Rousseau grond sy weergawe van die gebeure of “storie” rondom die ontdekking van die broodboom grootliks op die reeds genoemde berig, “Palmboom in die Waterbergse [sic – JLM] ontdek”, wat in *Die Volkstem* (27.4.1945) verskyn het.<sup>35</sup> Volgens hom is die inligting in die berig “kennelik deur Inez Verdoorn verstrek”. Die inhoud van die getranskribeerde gesprek tussen Findlay en Verdoorn, wat in 8.2 weergegee is, staaf hierdie afleiding. Die meeste van die inligting in die koerantberig blyk inderdaad met Verdoorn se weergawe in die onderhoud met Findlay ooreen te stem. Hoewel Rousseau ook van ander bronne gebruik maak, soos verder aan in die bespreking sal blyk, verwys hy geensins na plantkundige publikasies nie.

Aangesien Rousseau se aannames so sterk op die berig in *Die Volkstem* steun, maak hy as gevolg van 'n gebrek aan inligting enkele verkeerde gevolgtrekkings. Rousseau (1998: 90) se weergawe van Verdoorn se reaksie op Marais se vertelling van die broodboom wat hy in die Waterberg gesien het, is byvoorbeeld nie heeltemal juis nie. Volgens hom sou Verdoorn skepties na Marais se verhaal oor die broodboom geluister het. Rousseau (1998: 90) vervolg: “Sy weet dat geen palmbome of dwergpalms nog ooit in Noord-Transvaal gevind is nie. En daar bly dit, ook ná Marais se dood in 1936.” Hierdie inligting strook nie met Verdoorn se eie weergawe en met die inisiatiewe wat sy ná Marais se dood geneem het om die plant op te spoor nie. Al was sy aanvanklik verbaas oor die nuus dat broodbome in die Waterberg voorkom, was dit nogtans na aanleiding van haar inisiatief (al was dit eers jare later) dat die voorligtingsbeampte haar in kennis gestel het van die plant wat hy opgespoor het. Hy het dit boonop per telegram gedoen: asof daar groot haas was om die nuus aan haar oor te dra.

Die feit dat Verdoorn (en Dyer) self na Vlakfontein gereis het om na die broodboom te gaan kyk, word ook nie deur Rousseau genoem nie. Vir Rousseau (1998: 88) is dit “onduidelik” of Verdoorn in 1944 saam met botaniste “deur Bokpoort in die Hangklipgebergte na die Palala-plato” gereis het. Rousseau (1998: 90) laat dit dus verkeerdelik klink asof Verdoorn die plant beskryf het slegs op grond van materiaal wat deur “verskillende mense” (ook die botaniste wat in 1944 na die Waterberg gereis het?) na die herbarium in Pretoria gebring of gestuur is (kyk 8.2). Rousseau skep die indruk dat Verdoorn in die voorafgaande jare self min gedoen het om die plant op te spoor en asof daar selfs iets opportunisties in haar beskrywing en vernoeming van die plant was:

Inez Verdoorn “beskryf” die plant en doop dit *Encephelartos eugene maraisii* [sic – JLM]<sup>36</sup> met haar eie naam, Verdoorn, agterna. Eugène het dit ontdek, sy het dit beskryf. Sy onthou nou Marais se storie van sy besoek aan die plaas en die kinders wat hy behandel het, en sy vertel dit alles aan *Die Volkstem*.

Rousseau is skepties of Marais as die ontdekker van die plant beskou kan word. Die vraag of Marais inderdaad die ontdekker was, het Rousseau in 1998 aan dr. Hugh Glen van die Nasionale Botaniese Instituut gevra, wat soos volg daarop geantwoord het (Rousseau, 1998: 91):

Hoewel die wildedadel aan talle Waterbergers bekend was, kry Eugène Marais die eer omdat dit hy was wat dit onder die aandag van die wetenskaplike wêreld gebring het, selfs al het hy die plantvoorbeelde nie persoonlik versamel nie.<sup>37</sup>

In Rousseau se publikasie van 1998 word terselfdertyd breedvoerig verslag gedoen oor die kwessie of Marais weer die Waterberg besoek het ná hy in 1916 daar weg is.<sup>38</sup> In die berig in *Die Volkstem*, wat (soos reeds aangedui) gegrond is op ’n onderhoud wat met Verdoorn gevoer is, staan immers geskryf:

Op die plaas Vlakfontein in die Waterbergse [sic – JLM] het kinders in 1926 op ’n eienaardige soort palmboom afgekom en geëet van die vrugte wat na

dadels gelyk het. Dadelik het die kleinspan ernstig siek geword en Eugène Marais wat toe op die plaas gekuier het, het hulle behandel.

Op grond van hierdie berig het die opvatting ontstaan dat Marais wel in die middel-twintigerjare van die vorige eeu 'n besoek aan die Waterberg gebring het. Dié inligting is sedertdien deur Van der Westhuizen (1976: 2), Giddy (1989: 12) en Mieny (1984: 144 en 1988: 16) herhaal. Die feit dat Rousseau (1984c: 289) reeds in 1974 die teenoorgestelde beweer het, het by genoemde skrywers op dowe ore geval.

Rousseau (1998: 88 e.v.) staaf sy bevraagtekening of Marais weer die Waterberg besoek het veral met die stelling dat Marais in dié tyd op die plaas Steenkampskraal in die distrik Heidelberg gebly het, waar hy behandeling vir sy morfiënverslawing gekry het en dit "lank en moeisaam" sou vind om na die Waterberg te gaan.<sup>39</sup> Terselfdertyd het Marais bowendien gewerk aan sy Afrikaanse artikelreeks vir *Die Huisgenoot* oor sy waarnemings van bobbejane in die Waterberg, getiteld "Die siel van die aap" (kyk 6.4). Marais gee in dié artikels onder meer aandag aan "euforiese vergiftiging" by mense en diere (veral primate). Volgens Rousseau (1998: 89) het Marais self omstreeks 1910 op die Palala-plato gesien hoe bobbejane die pitte van "vreemde palmagtige bome" eet en daarvan dronk word.<sup>40</sup> Aangesien Marais in 1926 nie self na die Waterberg kon gaan om verder ondersoek na die verskynsel in te stel nie, skryf hy aan "sy ou en getroue vriend Hans van Rooyen, wat nog altyd saam met sy vrou, Byb, op Purekrans woon" en vra hom om vir hom pitte en blare van die plant Heidelberg toe te stuur. Marais het ook in die brief aan Van Rooyen gevra of die pitte giftig is, of die bobbejane dit eet en of hulle daarvan dronk word.

Rousseau (1998: 89) haal Van Rooyen se brief aan Marais volledig aan. Hierdie brief, waarin Van Rooyen al Marais se vrae beantwoord, het Marais saam met die plantmateriaal aan die redakteur van *Die Huisgenoot* gestuur en gevra dat die tydskrif dr. Marloth vra of hy die plant kan identifiseer. Die brief van "Mnr. J.J. van Rooyen, van Purekrans, p.k. Palala, oor Naboomspruit" het op 22 April 1927 in *Die Huisgenoot* verskyn:

Volgens my mening is die soort giftige vrug naby familie van ons dadelpalm.  
Die boom groei gewoonlik twee bymekaar en staan 'n paar tree uitmekaar,

met 'n kaal stam, wat soms sewe voet lank is, met 'n tros lang blare aan die top. Die vorm van die boom is byna net soos die groot varings met die lang blare. Elke jaar dra hy 'n tros van sy vrugte in die gedaante van pitte.

Wat sy giftigheid betref, het ek eenmaal mense gesien (n vrou en drie kinders) wat van die pitte geëet het. Hulle het dit onder die warm as gebraai en dit toe geëet. Hulle het baie naer geword en baie opgebring.

Maar wat die bobbejane betref, is ek nie heeltemal seker of hulle hom eet nie. Ek het baiekeer by so 'n boom gekom en gesien dat die bobbejane daar was en van die pitte stukkend gebyt het, maar dié wat stukkend gebyt was, het weer daar weggegooi gelê. Dis tog moontlik dat hulle party daarvan kon geëet het. Dit kom my meer voor dat die vrug baie bitter kan wees, en daarom byt die bobbejaan dit net stukkend en gooi dit weer weg, maar nie dat hy vir die giftigheid bang is nie. As die vrug vir die bobbejaan gevaarlik is, sal hy nooit daaraan byt nie, want van kleins af leer hy dat die vrug vir sy lewe gevaarlik is, en hy sal dit onaangeroerd laat, net soos hy van kleins af leer dat die skerpioen se stert gevaarlik is, en die eerste ding wat hy doen as hy 'n skerpioen kry, is om die stert af te ruk. Nee, ek dink die vrug is wel vir 'n mens gevaarlik, maar nie vir 'n bobbejaan nie. Die boom is by ons bekend as die wilde dadel.

Saam met die brief het 'n nota van die redakteur verskyn waarin vermeld word dat *Die Huisgenoot* pitte en blare van die plant aan "dr. Marloth, die bekende plantkundige" voorgelê het vir publikasie. Volgens Marloth sou dit 'n "kafferbroodboom" van die spesie *Enkephalartos paucidentatus* wees. Lesers is ook gevra om met "adv. Marais, Heidelberg, Transvaal", of met die tydskrif in verbinding te tree as hulle "meer van die plant en van die mening af weet dat bobbejane die pitte byt en daarvan opgewonde raak".

Rousseau maak in sy bespreking veral na aanleiding van die voorafgaande die afleiding dat Marais teen die einde van 1926 materiaal van die Waterbergse broodboom van Hans van Rooyen van die plaas Purekrans ontvang en dit toe via *Die Huisgenoot* aan Marloth gestuur het. (Dit is moontlik ook die materiaal wat later die tipe-eksemplaar, Marloth 13368, in die Nasionale Herbarium sou word.) Marais hoef dus nie self besoek aan die Waterberg te gebring het om materiaal van die broodboom in die hande te kry nie. Rousseau se slotsom is soos volg:

As Marais voor sy dood weer in die Waterberg was, sou dit my verbaas. Ek dink my stelling moet bly staan tot iemand dit verkeerd bewys, bv nasate van Hans Purekrans wat 'n besoek van Eugène Marais onthou of daarvan gehoor het.

Dit is hoofsaaklik binne hierdie konteks dat Rousseau sy vrae van vroeër geopper het of Marais wel die ontdekker van die Waterbergse broodboom was, aangesien hy waarskynlik nie self gedurende 1926 na die Waterberg kon reis om daar materiaal van die plant te bekom nie.

#### 8.4 Die Marais-mite

Vir Rousseau (1998: 90) is die Waterbergse broodboom “deel van die Marais-mite”. Na aanleiding van die voorafgaande bespreking oor aspekte van die ontdekking van die broodboom en die vernoeming van hierdie spesie na Eugène N. Marais, asook die bespreking van ander fasette van sy lewe en werk wat vir hierdie saak relevant is, is dit gepas om te vra wat die sogenaamde “Marais-mite” behels. In 'n studie oor 'n veelsydige figuur soos Marais se wetenskaplike geskrifte (en aktiwiteite) lyk dit meer as gepas om enkele opmerkings hieroor te maak. Die geloofwaardigheid van Marais se wetenskaplike werk en geskrifte is immers op die spel.

Maar wat word met “mite” bedoel?

Oor die konsep “mite” is daar reeds baie geskryf, waarvan heelwat op die oog af nie vir hierdie bespreking ter sake is nie. D.H. Steenberg (1992: 212) bevestig dat uiteenlopende omskrywings reeds vir die konsep “mite” gegee is. Volgens hom sal “die opvatting van die aard van die *mite* [...] wissel na gelang die ondersoeker se benadering histories, filosofies-teologies, sosiologies, dieptesielkundig, esteties of meer oorkoepelend is”. Dalk sal dit nuttig wees om vas te stel hoe die betekenis van die konsep met verloop van tyd verander het. Cuddon (1998: 525) se oorsig van die historiese ontwikkeling van die konsep “mite” lyk na 'n goeie vertrekpunt:

(Gk *muthos*, 'anything uttered by word of mouth'). It is a term of complex

history and meaning. Homer used the word *muthos* to mean narrative and conversation, but not a fiction. Odysseus tells false stories about himself and uses the term *muthologenevein* to signify 'telling a story'. Later, Greek *muthos* is used to mean fiction. Plato refers to *muthoi* to denote something not wholly lacking truth but for the most part fictitious. It has been surmised that the transition of *muthos* to mean fiction may have been helped by a kind of association with *muein*, 'to initiate into secrets' (hence, mystic, mystery). The word *muthikos* ('mythical') went into Latin as *mythicus*. *Muthos* has also been equated with the Latin *fabula* (q.v.). Nowadays a myth tends to signify a fiction, but a fiction which conveys a psychological truth.

In die lig van die bostaande aanhaling sou die sogenaamde "Marais-mite" op sigself moeilik definieerbaar wees. Wat wel duidelik is, is dat die konsep "mite" met verloop van tyd die betekenis van 'n "verhaal" of 'n "storie" gekry het: 'n vertelling of oorlewering, dus, van een of ander aard waarin elemente van die fiktiewe en selfs die leuen aanwesig is. Volgens Van Gorp (1991: 262) is die mite oorspronklik in Griekeland "vaak in pejoratiewe zin gebruik [...] voor alles wat met de werkelijkheid in strijd is". 'n Verdere afleiding wat gemaak kan word, is dat taal 'n wesentlike deel van die proses uitmaak. Vir Roland Barthes (1972: 111) is die mite in der waarheid "a type of speech".

As daar sprake van 'n Marais-mite of -mites is, sou dit deur verskillende mense geskep moes gewees het. Die mite(s) moet ook aanwesig wees in geskifte oor Marais en/of in die oorlewering of vertellings oor hom. Dit het op een of ander manier met taal te doen. Eerstens kan die Marais-mite(s) bewustelik of onbewustelik deur Marais self geskep gewees het. Tweedens kon die mite(s) bewustelik of onbewustelik deur ander geskep gewees het: mense wat oor Marais geskryf het, mense wat eerstehandse of oorgelewerde herinneringe aan hom gehad het, en die enkeles wat Marais persoonlik geken het en moontlik self nog lewe.<sup>41</sup> Volgens Mieny (1984: 138) ontstaan daar "rondom groot en geniale figure [...] dikwels fabels,<sup>42</sup> waarvan sommige deur hulle self geskep is, en ander deur hulle bewonderaars versin is".

Voorbeelde van moontlike mites wat Marais oor homself geskep het, sluit die volgende in:



1. Marais het beweer dat hy 'n geneesheer was of, ten minste, dat hy in Europa in die geneeskunde gestudeer het. "In 1896 is ek na Europa waar ek 'n tyd lank in medisyne studeer het. Ek het 'n privaat kliniek in Londen bygewoon" (Marais, soos aangehaal in Mieny, 1984: 138). Rousseau (1984c: 133) kon hierdie beweringe nie bevestig nie. In die Waterberg was Marais nogtans as die "Wonderdokter" bekend en het hy inderdaad mediese hulp aan mense verleen.
2. Marais het aan sy seun vertel dat hy morfien "begin gebruik het as jong joernalis weens uitputting en slaaploosheid; aan die Waterbergers dat hy gedurig pyn het as gevolg van 'n onopgeklarede blindedermonsteking en aan die jong dr. Kestell op Heidelberg dat die Portugese dit as 'n geneesmiddel toegedien het vir malaria" (Mieny, 1984: 145).
3. Die voorstelling wat Marais van sy waarnemings in die Waterberg gemaak het, word soms as oordrewe beskou. In "Die wêreld se grootste bome staan in S.A." in *'n Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b) skryf Marais byvoorbeeld oor die buitensporige afmetings van 'n reuse-apiesdoring langs die Magalakwen waarmee 'n landmeter wat hom en Jan Wessel Wessels "vergesel het" vorendag gekom het. Plantkundiges soos dr. F. von Breitenbach beskou sedertdien die bewerings in die artikel as oordrewe (kyk Rousseau, 1998: 104–105).

Voorbeelde van moontlike mites wat ander persone oor Marais geskep het, sluit die volgende in:

1. Ondanks die veelsydigheid van sy oeuvre word Marais in Afrikaans hoofsaaklik as digter beskou, terwyl hy benewens slegs sowat 33 gedigte 'n aantal betekenisvolle prosawerke geskryf het. Uitsprake deur Preller (1925: 180), Malherbe (in Nienaber, 1947: 13–14), Nienaber-Luitingh (1962: 7), Dekker (1974: 55) en Roos (1998: 32) het tot hierdie mitologisering bygedra.<sup>43</sup>
2. Keyan Tomaselli (1989: 150) toon aan dat die amptelike voorstelling van Marais (bv. in skoolhandboeke) eensydig en oppervlakkig is en dat minder aangename fasette van sy lewe, soos sy morfienverslawing en teenstand teen pres. Paul Kruger, verswyg word. M. Nienaber-Luitingh (1962: 31) wys egter

op die rol wat Marais ná die Jameson-inval as bemiddelaar tussen die Uitvoerende Raad en die Reform Committee gespeel het: “Marais, wat jare lank en dikwels met heftige woorde die politiek van die Transvaalse regering bestry het, het geen oomblik geaarsel om hom in diens van daardie selfde Regering te stel toe die voortbestaan van die Republiek deur buitelandse magte in gevaar gestel is nie.”

3. Die persoon wat tot dusver die grootste rol gespeel het in die vorming van die beeld wat daar van Marais bestaan, asook in sy popularisering en mitologisering, is Leon Rousseau. In *Die groot verlange* bied hy 'n omvattende blik op Marais se lewensgeskiedenis, terwyl hy ook verskeie uitgawes van Marais se werk (o.m. sy tweedelige *Versamelde werke*) versorg en in 1998 met 'n nuwe publikasie, *Eugène Marais and the Darwin syndrome/Die dowwe spoor van Eugène Marais*, vorendag gekom het. Elize Botha (1987: 103) wys in haar bespreking van *Die groot verlange* daarop dat Rousseau se preokkupasie met die rol wat morfien in Marais se lewe gespeel het “tot eensydigheid lei in die vertolking van gegewens”. Die leser ervaar “die reduksie van gegewens tot morfienisme as 'n vereenvoudiging”. Volgens A.P. Grové (*Hoofstad*, 29.11.1974) het Rousseau in *Die groot verlange* “oor 'n hele aantal aspekte van Marais se lewe ongetwyfeld groter helderheid gebring. Of ons oral op die basiese werklikheid te staan gekom het, wil ek egter betwyfel. Om die waarheid te sê, ek glo dat hierdie boek self sal kan baat by 'n deurgevoerde proses van ontmitologisering.”

Uit die enkele voorbeelde van mitologisering deur Marais self en ander persone wat oor sy lewe en werk geskryf het, is dit duidelik dat die leser van tekste deur en oor Marais nie kan aanvaar dat hy/sy altyd met die “basiese werklikheid” te doen het nie. Talle aspekte van Marais se lewe en werk het met verloop van tyd in halwe of verdraaide waarhede eie aan die mite versluis geraak. Dit maak dit nie maklik om eenvoudige aannames en afleidings te maak nie. Selfs oor Marais se ontdekking van die Waterbergse broodboom bestaan daar 'n hele aantal “foutiewe” sienings, soos in hierdie hoofstuk uitgewys is.

Rousseau se mitologisering van Marais wentel grootliks om die voorstelling

van laasgenoemde as iemand wie se optrede byna heeltemal deur sy verslawing aan morfiën bepaal is. In sy mees resente publikasie oor Marais, *Eugène Marais and the Darwin syndrome/Die dowwe spoor van Eugène Marais* (1998), bring Rousseau ook geen veranderings aan hierdie voorstelling van Marais aan nie. Die nugtere Mieny (1984 en 1988) laat eweneens nie reg geskied aan Marais nie: Mieny se modernistiese siening van professionaliteit in die wetenskapsbeoefening laat hom vraagtekens agter Marais se bevindinge plaas.

Die verhaal van die ontdekking van die Waterbergse broodboom bevestig nogtans die waarde van die ingeligte “amateur” vir die wetenskapsbeoefening. Terselfdertyd bevestig dit die spanning tussen funksionele skryfwerk en wetenskaplike skryfwerk by Marais, sodanig dat die een gedurig ’n skadu oor die ander werp (of dat die leser hom/haar gedurig bewus is van die een terwyl hy/sy besig is met die ander). Dit is ’n modernistiese projek om die twee van mekaar te skei. Misia Landau (1984 en 1991) voer aan dat elemente van die fiksionele ook altyd in sogenaamde objektiewe skryfwerk aanwesig is. Op die keper beskou, lê die wins daarin dat die hedendaagse leser met bifokale lense na Marais kan kyk.

In hierdie studie is daar deurgaans probeer om die “basiese werklikheid” tot spreke te bring. Hierdie werklikheid is vir die hedendaagse navorser oor Marais veral in die bestaande tekste opgesluit. Die voorafgaande bespreking (van o.m. die Waterbergse broodboom) bevestig dat dit vir ’n navorser wat aspekte van Marais se lewe en werk ondersoek, noodsaaklik is om met alle toepaslike tekste (ook dié deur natuurwetenskaplikes) rekening te hou.

Volgens Mieny (1984: 138) is dit “juis ’n ontleding van die persoonlike tragiek in sy lewe, en begrip vir sy ‘felste kwaal’, wat ’n mens met groter bewondering vervul vir sy bydrae ten spyte van die tragiese verkwisting van sy groot gawes”. Hierdie uitspraak oor Marais is waarskynlik in ’n groot mate van toepassing op Rousseau se voorstelling van Marais in *Die groot verlanje*. Ondersoeke wat nie probeer reduseer en maklike opsommings bied nie, kan moontlik meer daartoe bydra om ’n ryker geskakeerde beeld van Marais aan die eietydse leser voor te hou. Dit beteken egter nie dat dit nodig is om Marais ten alle koste tot ’n bloedlose figuur te ontmitologiseer nie.

## 8.5 Samevatting

Die voorafgaande bespreking het gehandel oor die wetenskaplike optekening en beskrywing van 'n plant waarvan Eugène Marais as die ontdekker beskou word. Plantkundiges het Marais volkome erkenning gegee vir die rol wat hy gespeel het om die Waterbergse broodboom onder die wetenskaplike wêreld se aandag te bring. Die plantkundige Inez Verdoorn het die plant na hom vernoem as *Encephalartos eugene-maraisii*. Sedertdien verwys wetenskaplikes wêreldwyd in die boeke waarin hulle oor dié spesie skryf na “Eugène Marais, the poet and naturalist” (Giddy, 1989: 75), “the Afrikaans poet, writer and naturalist, Eugène Marais” (Goode, 1989: 59) en “Eugène Marais, South African writer and naturalist” (Jones, 1993: 191).

Die verhaal van die ontdekking van dié plant is op sigself die moeite werd om (so waar moontlik!) oor te vertel. In haar publikasie *Cycads of South Africa* noem Cynthia Giddy (1989: 12) die ontdekking van die Waterbergse broodboom “a discovery no less thrilling” as die ontdekking van 'n ander baie seldsame broodboom, die *Encephalartos woodii*, waarvan nog net een manlike plant en sy uitlopers bestaan en wat in 1895 deur Medley Wood ontdek is.

Op 'n enkele paragraaf na (kyk Marais, 1965b: 29) het Marais nogtans nie self oor die plant geskryf nie. Daar kan stellig gevra word waarom hy nie meer besonderhede oor die broodboom opgeteken het nie. 'n Antwoord op hierdie vraag is nie noodwendig moontlik of selfs nodig nie. Daar kan bespiegel word dat indien hy wel oor die plant sou geskryf het, Marais waarskynlik sou uitgebrei het oor die uitwerking wat die plant se pitte het op mense en diere wat daarvan eet.<sup>44</sup>

Uit wat Verdoorn sê oor die gesprek wat sy met Marais gehad het, is dit moontlik dat hy onder die indruk was dat dié broodboom reeds wetenskaplik beskryf is. Hy het immers by Marloth (aan wie hy materiaal van die plant gestuur het) asook Verdoorn (vir wie hy van die broodbome in die Waterberg vertel het) verneem wat die plant se naam is.<sup>45</sup> Dit lewer getuienis van 'n meer as gewone belangstelling in plante, soos ook blyk uit Marais se artikel “Die wêreld se grootste bome staan in S.A.” in *'n Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b).

Saam met sy kennis van en belangstelling in die fauna en flora van die Waterberg het Marais oor 'n buitengewone waarnemingsvermoë beskik, wat hom in

staat gestel het om die betekenis van sy waarnemings te bepaal of minstens aan te voel. Sy waarnemingsvermoë het eintlik in 'n bepaalde kenniskonteks tot sy reg gekom, wat 'n deel van die hele proses van wetenskapsbeoefening is. So het hy die Waterbergse broodboom op die Palala-plato gesien en gewonder watter spesie dit is. Bykans 'n dekade daarna het hy gesorg dat materiaal van die plant vir identifikasiedoeleindes aan die bekende botanikus, Rudolf Marloth, gestuur word. Nog enkele jare later vra hy sy susterskind, Inez Verdoorn, of sy weet wat die plant se naam is. Dit is 'n goeie bewys dat Marais voortdurend oor sy waarnemings in die Waterberg besin het en dat hy geprobeer het om dit wetenskaplik te verklaar.

Elize Botha (1980: 352) se beswaar teen Leon Rousseau se *Die groot verlange* is veral teen die wyse waarop Marais as “veelkantige en enigmatiese persoonlikheid” nie in hierdie lewensroman volkome tot sy reg kom nie. “Dié veelkantigheid word egter vereenvoudig en die enigma nie opgelos nie, omdat Rousseau 'n sterk aksent lê op Marais as dwelmverslaafde, en te weinig laat sien van die ‘groot verlange’ van Marais na die wonder, na die ekstase”.

'n Uitgebreide behandeling van die Waterbergse broodboom (met inagneming van bestaande plantkundige publikasies) sou in *Die groot verlange* daartoe bygedra het om meer van Marais se veelsydigheid en sy “verlange na die wonder” te laat sien. Juis ook in die laaste jare van sy lewe het Marais gesprekke met onder andere sy susterskind gevoer (en prosa geskryf!) waarin hy na die Waterberg met sy plante en diere en voëls uitgereik het. In die verhaal wat Verdoorn oor die ontdekking van die Waterbergse broodboom vertel, is die opwinding en die verwondering duidelik waarneembaar. Hierdie verhaal bring ook 'n noodsaaklike regstelling van die mite van Marais-die-kwaksalwer/charlatan/boereverneuker teweeg deurdat dit sy wetenskaplike kundigheid en ingesteldheid bevestig.

## AANTEKENINGE

1. Die naam “Waterbergse broodboom” vir hierdie sikadee word gebruik na aanleiding van Goode (1989: 58) se gebruik daarvan. Ander Afrikaanse volksname vir die plant sluit in: “bergpalm” (volgens mev. Van Rooyen in die gesprek tussen Verdoorn en Findlay (kyk 8.2), asook in Steyn, Van der Walt & Verdoorn, 1948: 758); “Eugène

Marais-bergpalm” (kyk *Die Volkstem*, 27.4.1945); en “wilde dadel” (kyk Steyn, Van der Walt & Verdoorn, 1948: 758.).

2. Van al die (nieplantkundige) skrywers wat na die Waterbergse broodboom verwys, is Miény (1984: 144–145 en 1988: 16–17) se bespreking van hierdie ontdekking die uitvoerigste.
3. Findlay het in 1990 ’n kopie van hierdie gesprek op band aan die skrywer hiervan oorhandig. Die onderhoud oor die ontdekking van die Waterbergse broodboom vorm deel van ’n langer gesprek oor Marais wat hy met Verdoorn gevoer het. Dit is ongelukkig nie bekend wanneer die opname gemaak is nie (Verdoorn is in 1989 oorlede).
4. Dit wil sê Eugène N. Marais.
5. Sowel Verdoorn as Findlay onthou die jaar verkeerd. Marais het op 29 Maart 1936 gesterf (kyk 2.2).
6. Marais het van die begin van 1931 tot September 1933 by mev. Jessie Cross en haar gesin in Vermeulenstraat 420, Pretoria, geloseer (kyk Rousseau, 1984c: 424 en 467). Marais se besoeke aan Verdoorn by die Nasionale Herbarium moes dus in hierdie tyd plaasgevind het. Miény (1988: 16) beweer dat Marais die besoeke aan Verdoorn in “1935, ’n paar maande voor sy dood” gebring het. Rousseau (1998: 88) stel dit soos volg: “Kort voor sy dood (1936) vra Marais sy niggie om die palm te ondersoek.” Sowel Miény as Rousseau se inligting is waarskynlik foutief.
7. Rousseau (1984c: 428–429) noem die geval van die Weiner-seun wat by geleentheid ’n boek vir Marais in sy kamer in Vermeulenstraat moes gaan teruggee en daar iets vreemds geruik het. Jare ná Marais se dood kon die seun dié reuk tydens sy mediese studie in Londen as morfien identifiseer.
8. Die herbarium was tot in 1973 naby die Uniegebou gehuisves in Vredehuis, Vermeulenstraat 590. Daarna het die herbarium na die nuwe gebou van die Nasionale Botaniese Instituut in die Botaniese Tuin, in die oostelike voorstede van Pretoria, verskuif.

9. Hermann Wilhelm Rudolf Marloth (1855–1931) is in Duitsland gebore, waar hy hom aan die Universiteit van Berlyn as apteker bekwaam en later 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Rostock verwerf het. In 1883 kom hy na die Kaap en begin dadelik om plante vir sy herbarium van Suid-Afrikaanse plante te versamel. Marloth is veral bekend vir sy geïllustreerde *Flora of South Africa*, waarvan daar tussen 1913 en 1932 ses dele verskyn het. Ná sy dood is sy omvangryke private herbarium, bestaande uit 20 000 blaaie met droë plantmateriaal, na die Nasionale Botaniese Instituut in Pretoria oorgeplaas (kyk Gunn & Codd, 1981: 244–245).
10. Danksy die inisiatief van Iltyd Buller Pole Evans (1879–1968), direkteur van die Eenheid vir Plantindustrie (Division of Plant Industry), het die Nasionale Herbarium gedurende die dertigerjare van die vorige eeu groot groei beleef en 'n hele aantal private herbaria (waaronder dié van Marloth) bekom (kyk Gunn & Codd, 1981: 283–285).
11. Marloth 13368 is die tipe-eksemplaar (Engels: “type specimen”) van die Waterbergse broodboom (*Encephalartos eugene-maraisii*) waarop die beskrywing van die plant gegrond is (kyk Verdoorn, 1945). Die Internasionale Botaniese Kongres het in 1959 in Montreal, Kanada, spesifieke bepalings vir die nomenklatuur van plante neergelê. Oor die tipe-eksemplaar noem Gledhill (1985: 25) die volgende:

The type in botany is a nomenclatural type; it is the type for the name and the name is permanently attached to it or associated with it. [...] For the name of a species or taxon of lower rank, the type is *a specimen lodged in an herbarium* or, in certain cases, published illustrations. (My beklemtoning.)

12. *Flora Capensis* is 'n reeks publikasies waarin verskillende skrywers 'n sistematiese beskrywing van plante van die Kaap gee.
13. Die vier broodbome wat deur Verdoorn beskryf is, is *Encephalartos ngoyanus* Verdoorn, *Encephalartos eugene-maraisii* Verdoorn, *Encephalartos humilis* Verdoorn en *Encephalartos lebomboensis* Verdoorn. Saam met dr. R.A. Dyer beskryf sy ook *Encephalartos natalensis* Dyer & Verdoorn (kyk Giddy, 1989; Goode, 1989 en Jones,

1993).

14. In 1989 was altesaam 28 spesies van die genus *Encephalartos* Lehm. in Suid-Afrika bekend (kyk Giddy, 1989: 11). In Afrika in sy geheel was daar in dieselfde jaar altesaam 50 spesies bekend (kyk Goode, 1989: 14). Ander spesies wat in Afrika voorkom, is volgens Suzelle van der Westhuizen (1976: 1) tot “die sentrale en suidelike dele van Afrika beperk”.
15. Mnr. P.S. Toerien, ’n landbouvoorligter wat destyds aan die Departement van Landbou verbonde was.
16. Robert Allen Dyer (1900–1986) was van 1944 tot 1963 direkteur van die Nasionale Botaniese Instituut in Pretoria.
17. Edwin Percy Phillips (1884–1967) was aanvanklik kurator van die Nasionale Herbarium. Van 1939 tot en met sy aftrede in 1944 was hy hoof van die Divisie vir Plantkunde en Patologie.
18. Die insident word in “Friendship between men and baboons” uit *My friends the baboons* (1939a: 78–85) beskryf. Dit is die Engelse vertaling deur Marais se seun, Eugène Charles Gerard Marais, van *Burgers van die berge*.
19. Volgens Rousseau (1998: 88) moes dit “Byb gewees het, wat in 1910 deur haar man, Hans Purekrans, na Rietfontein gebring is vir haar bevalling”. Hierdie episode word in Rousseau (1984c: 237–238) beskryf. Let egter daarop dat Verdoorn mev. Van Rooyen later in die onderhoud aanhaal as sou sy Marais amper daaglik gesien het toe sy “n kind” was.
20. Dit is nie duidelik nie presies wanneer Marais in die Waterberg was toe hy die kinders gehelp het wat siek geword het van die pitte wat hulle geëet het. Kyk die bespreking verder aan.
21. Volgens Van der Westhuizen (1976: 5) kom die Waterbergse broodbom “endemies in die bergagtige dele van Transvaal [tans die Noordelike Provinsie – JLM] tussen 27° 50’ en 30° 50’ Oosterlengte en 23° 35’ en 25° 40’ Suiderbreedte [...] voor”. Giddy (1989:



75) noem ook die wye verspreiding en verskeie vorme van die plant:

Various forms of this species occur in widely separated parts of the Transvaal. These areas are Middelburg, the Waterberg, the Wolkberg and much further east in the Mica district. They all experience very cold winters and the rainfall varies from 625 to 750 mm in the first two localities to over 1 250 mm in the Wolkberg.

Verskillende populasies van die Waterbergse broodboom (kyk Van der Westhuizen, 1976: 5) het tot sowel die beskrywing van subspesies as die onderskeiding van spesies gelei. David L. Jones (1993: 191) som dit soos volg op:

Specimens from the Waterberg Region are representative of typical *E. eugene-maraisii*, whereas those from the Middelburg Region are treated by some authorities as a distinct species (see *E. middelburgensis*), and by others as a subspecies (*E. eugene-maraisii* ssp. *middelburgensis* Lavranos & Goode).

Die sogenaamde Middelburgse broodboom (*Encephalartos middelburgensis*) is deur Robbertse, Vorster en Van der Westhuizen (1989) beskryf.

22. Volgens Gledhill (1985: 29) is die voorskrif van die Internasionale Botaniese Kongres van 1959 oor spesiename soos volg:

The name of a species is a binary combination of the generic name followed by a specific epithet. If the epithet is of two words they must be joined by a hyphen or united into one word. The epithet can be taken from any source whatever and may also be composed in an arbitrary manner. It would be reasonable to expect that the epithet should have a descriptive purpose, and there are many which do, but large numbers either refer to the native area in which the plant grows or commemorate a person (often the discoverer, the introducer into cultivation or a noble personage).

23. 'n Algemene, "niespesifieke" naam om Marais se Pretoriase familie te vereer, is die naam "Les Marais", wat aan een van Pretoria se westelike voorstede gegee is.
24. Die *Encephalartos friderici-guilielmi* Lehm. is vernoem na koning Frederik Willem II van Pruise. Volgens Giddy (1989: 62) en Jones (1993: 192) was hy 'n vroeë "patron of botany".
25. Interessant genoeg het Verdoorn geen formele opleiding as plantkundige gehad nie (net soos Marais geen formele opleiding as dierkundige of medikus/sielkundige gehad het nie).
26. Kyk aantekening 13.
27. 'n Baie eenvoudige en ook moontlike verklaring sou kon wees dat "Nelspruit" bloot 'n verskrywing van "Nylstroom" of (meer waarskynlik) "Naboomspruit" was.
28. Die ywerige amateurplantkundige Ernest Edward Galpin (1858–1941) het tydens die laaste jare van sy lewe op die plaas Mosdene naby Nylstroom op die Springbokvlakte gewoon. Gedurende sy leeftyd beskryf hy talle nuwe plantsoorte, waarvan ongeveer 200 sy naam dra (kyk De Kock & Krüger, 1972: 255–256). Dit sluit die bekende apiesdoring (*Acacia galpinii*), die vlam-van-die-vlakte (*Bauhinia galpinii*) en die vuurpyl (*Kniphofia galpinii*) in. Die Waterbergse broodboom se wetenskaplike naam was byna *Encephalartos galpinii*!
29. Plantkundiges is dikwels versigtig om inligting bekend te maak oor die spesifieke plek waar broodbome voorkom. Dr. Hugh Glen van die Nasionale Botaniese Instituut, wat my die tipe-eksemplaar van die Waterbergse broodboom gewys en ook heelwat ander materiaal oor hierdie bedreigde spesie tot my beskikking gestel het, wou nie toelaat dat ek inligting oor plekke waar dié broodboom voorkom, fotokopieer nie.
30. Volgens Marais (1971: 65) was hy "destyds die enigste persoon in ons hele geweste wat mediese hulp van enige aard kon verleen".
31. Kyk aantekening 19.

32. Kyk aantekening 19.
33. Kyk aantekening 22.
34. Mieny (1988: 16–17; kyk ook 1984: 145) maak melding van 'n tweede ontdekking wat met die ontdekking van die Waterbergse broodboom gepaard gegaan het:

In die conus [van die *Encephalartos eugene-maraisii* – JLM] het dr. Verdoorn 'n klein boorkewer met 'n slurpie of proboscis gevind wat hom net soos 'n klein olifant laat lyk het. Die voorkoms het verskil van al die kewers wat sy in die verlede in sikadeë gevind het. Hierdie kewer is later by die Imperial Institute of Entomology in Londen as heeltemal nuut en van groot taksonomiese belang uitgeken.

Hulle het dit *Apinotropus verdoornii* genoem.

Kyk ook Jordan (1945: 111–112). Die naam wat Jordan aan die kewer gegee het, is *Apinotropis verdoornae* en nie *Apinotropus verdoornii*, soos foutiewelik deur Mieny in die aanhaling aangedui word nie.

35. Volgens Rousseau (1998: 88) het hy die berig uit *Die Volkstem* en kopieë van die etiket van “Marais se broodboom” van dr. Hugh Glen van die Nasionale Botaniese Instituut ontvang. Rousseau (1998: 88) vermeld ook 'n gesprek in 1988, 'n jaar voor haar dood, met Verdoorn. Volgens Rousseau was dié gesprek “vrugteloos”.
36. Die wetenskaplike naam wat Verdoorn (1945) aan die plant gegee het, is *Encephalartos eugene-maraisii*.
37. Glen se antwoord stem ooreen met Gledhill (1985: 29) en Thorne (1990: 135) se uiteensetting aangaande die vernoeming van mense.
38. Hoe desperaat Marais was om die Waterberg te verlaat, blyk uit die volgende sin uit 'n brief wat hy op 15 Januarie 1916 op die plaas Rietfontein aan sy seun geskryf het: “I *must* escape from here at once.”

39. Rousseau (1998: 88) maak melding van die vervreemding wat tussen Marais en sy seun ingetree het nadat laasgenoemde in 1924 op Brits gaan bly het: "In 1925 en 1926 was Marais nog op Heidelberg, en dit is hipoteties moontlik dat hy wel in dié tyd sonder sy seun se wete na Purekrans gereis het. Ek betwyfel egter of hy het [...]"
40. Dié betrokke bespreking deur Marais (1965b: 29) handel oor euforiese vergiftiging en lui soos volg:

In Waterberg, in tye van droogte en hongersnood, eet die bobbejaan, of probeer hy om te eet, alles wat die gedaante van 'n lewendige plant of insek voer. En so leer hy die gebruik van nuwe voedsel.

In een geval, naby die oog van Palala, het ons op die spoor gekom van feite wat baie na euforiese vergiftiging lyk. Daar groei 'n besondere soort bessie wat uiters giftig is. Twee kinders wat 'n klein hoeveelheid geëet het, het altwee simptome van gevaarlike narkotiese vergiftiging getoon. Altwee was vir ure bewusteloos; ademing en pols uiters stadig; kykers wyd gerek. Die bobbejane eet die bessies gereeld. Die naturelle beweer dat hulle lam word en slinger van die gif. Hulle doen dit selfs in jare van oorvloed.

Indien dit later blyk dat die vergiftiging in hierdie geval nie eufories kan genoem word nie, toon dit nietemin ten duidelikste hoe die mens sy euforiese gifsoorte ontdek en aanvaar het.

Dié bespreking het oorspronklik as 'n artikel in *Die Huisgenoot* van 10.12.1926 verskyn.

41. Rousseau (1998: 114–120) verskaf 'n naamlys van 91 persone met wie hy tussen Junie 1963 en Mei 1974 onderhoude vir die skryf van *Die groot verlanse* gevoer het. Daar was dus tot byna vier dekades ná Marais se dood nog talle mense wat iets oor hom te vertelle gehad het.
42. Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)* definieer "fabel" onder meer as "Versinsel, leuen, verdigsel" (Odendal *et al.*, 1994: 207).
43. Renée Marais (1993: 11) toon aan dat verskeie faktore bygedra het tot die manier

waarop Marais in die Afrikaanse literatuur “gekanoniseer en selfs gemitologiseer is. Die wyse waarop sy poësie oor die jare heen gepubliseer is en die ontvangs wat dit te beurt geval het, het myns insiens grootliks hiertoe bygedra.”

44. Dit is 'n raaiskoot wat my te veel aan dele van Rousseau se *Die groot verlange* laat dink!
45. Of Marais aan Verdoorn sou gesê het sy “kan gerus die plant beskryf” (Rousseau, 1998: 90), kan nie uit die bandopname van die gesprek tussen Verdoorn en Findlay afgelei word nie.

# DEEL III

## HOOFSTUK 9

### SAMEVATTING EN BEVINDINGS

Hierdie studie is onderneem om die aard van en opvattinge oor Eugène N. Marais se wetenskaplike prosa te ondersoek en te beskryf, met inagneming van vrae oor wat *literatuur* en *wetenskap* is.

In hoofstuk 1 is die problematiek aangedui wat hier ter sprake is, naamlik dat Marais in sy werk op verskillende maniere van wetenskaplike kennis en waarnemings gebruik gemaak het. In sowel sy belletristiese as sy wetenskaplike prosa word hieroor verslag gedoen. Die presiese aard van sy belangstelling in verskeie vertakkinge van die wetenskap en die wyse waarop dit in sy werk vorm aanneem, was tot dusver nog nie behoorlik nagegaan nie. In 'n poging om hierdie leemte te vul, maak hierdie studie van multidissiplinêre insigte en werkwyses gebruik en beperk hom nie tot die tekste self nie.

In hoofstuk 2 word die kennisvelde van die geestes- en die natuurwetenskappe ondersoek. Daar word aangetoon dat die literatuur en die wetenskap dikwels as twee duidelik onderskeibare “kulture” beskou word, maar dat hierdie kulture ook in staat is om gelyktydig te bestaan en in een geskrif aangebied kan word. 'n Goeie voorbeeld is die wyse waarop tekste oor die oorsprong van die mens as narratiewe of verhale gelees kan word. Die feit dat sommige van Marais se tekste deur sowel letterkundiges as wetenskaplikes gelees en deur elkeen vir sy onderskeie dissipline “toegeëien” is, kan byvoorbeeld in die lig hiervan verklaar word. Verskuiwings in sienings oor wat *literatuur* en *wetenskap* is, maak dit moontlik om 'n meer genuanseerde siening van Marais se wetenskaplike oeuvre te hê.

In hoofstuk 3 word 'n oorsig van Marais se lewe en werk gegee. Marais het in sy later lewe enkele kere verslag gedoen oor besondere natuurkundige ervarings en waarnemings waaraan hy gedurende sy kinder- en jeugjare in pioniersomstandighede in Pretoria en Boshof blootgestel was. Tydens sy Londense verblyf (1897–1902) het hy hom in die regsgeleerdheid bekwaam, maar belangstelling in onderwerpe soos die geneeskunde, hipnose, spiritisme en goëlery getoon en sterk onder die

invloed van die Victoriaanse tydperk en die Darwinisme gekom. Dit sou verdere ervarings in volgende fases van sy lewe prikkel en hom in staat stel om oor die waarde en betekenis van dié ervarings te besin. Te geleger tyd sou hy veral in die Waterberg sy genees- en sielkundige vaardighede inspan om hierdie geïsoleerde gemeenskap van hulp te wees. In die Waterberg, met sy besondere habitat en inwoners, maak hy dié waarnemings oor bobbejane, termiete en ander natuurkundige verskynsels waaroor hy werke soos *Die siel van die mier*, *Burgers van die berge* en *The soul of the ape* die lig sou laat sien.

Marais se skoolopleiding was oorwegend in Engels. Reeds op hoërskool het sy joernalistieke talent na vore begin tree, en sedert die einde van die 1880's het hy hierdie talent as joernalis en koerantredakteur in Pretoria begin toepas. Marais die skrywer het begin ontluik, maar aanvanklik het hy oor (dikwels omstrede) gebeure in en om die Volksraad van die ZAR verslag gedoen. Hoewel dit 'n belangrike fase was, soos in hoofstuk 4 aangetoon word, was dit slegs sy leerskool as skrywer. Dit was Marais se landelike agtergrond, sy intense ervarings as kind in die natuur en sy kennismaking met kleurrike karakters wat die grootste invloed op hom gehad het. In Marais se belletristiese prosa val dit op dat hy 'n sfeer van betroubaarheid en feitelikheid probeer skep om lesers te oortuig van die geloofwaardigheid van die gebeure wat aan hulle voorgehou word. Hierdie strewende na die geloofwaardige is 'n ideaal wat hy ten diepste in sy wetenskaplike prosa uitgewerk het.

Hoofstuk 5 handel oor Marais se waarnemings van en insigte in die ordening van die termietes. Sy artikels oor hierdie onderwerp het oorspronklik in *Die Huisgenoot* verskyn en is later as *Die siel van die mier* gepubliseer. Hierdie werk is grootliks gemitologiseer as gevolg van die Belgiese skrywer Maurice Maeterlinck se oornam (of plagiaat) van Marais se teorie oor die eenheid van die termietes. Marais het heelwat (gunstige) publisiteit na aanleiding van hierdie episode gekry, wat ook daartoe gelei het dat daar nie genoeg aandag aan die waarde van die teks self gegee is nie.

In die bespreking van Marais se wetenskaplike prosa oor bobbejane in hoofstuk 6 kom die spanning tussen die resepsie van sy werk deur onderskeidelik letterkundiges en natuurwetenskaplikes duidelik na vore. Uit sowel die resepsie van die geskrifte as uit die tekste self blyk daar eweneens spanning tussen



amateur- en professionele wetenskaplikes oor hierdie werk. *Burgers van die berge* bestaan uit 'n reeks artikels, wat aanvanklik in *Ons Vaderland* verskyn het. In vergelyking met die monografie *The soul of the ape* word die leser in 'n groter mate in ag geneem as in die koerantartikels. Daar word egter in hierdie hoofstuk geargumenteer dat die skeiding van *literatuur* en *wetenskap* 'n modernistiese verskynsel is.

In hoofstuk 7 is daar spesifiek aandag gegee aan wetenskaplike tekste waarin Marais oor voëls skryf. Oor hierdie onderwerp het Marais benewens enkele artikels asook 'n opstel, *Die skepbekertjie*, nagelaat. In ander tekste oor die onderwerp maak Marais gebruik van vorme soos die essay.

In hoofstuk 8 is die gebeure rondom die ontdekking van die Waterbergse broodboom (*Encephalartos eugene-maraisii* Verdoorn) bespreek. Die rol wat Marais gespeel het om hierdie plant aan die wetenskap bekend te stel, bevestig die waarde van die ingeligte "amateur" in die gemeenskap. Dit bevestig ook dat Marais oor besondere waarnemingsvermoë beskik het en in staat was om die waarde van sy waarnemings te begryp. Terselfdertyd illustreer dit die voortdurende spanning tussen funksionele en wetenskaplike skryfwerk by Marais, sodat die een gedurig 'n skadu werp oor die ander (of dat die leser gedurig bewus is van die een, terwyl hy besig is met die ander). Die sogenaamde Marais-mite is deur sowel homself as deur ander persone geskep, maar die verhaal (of mondelinge geskiedenis) van die ontdekking van die Waterbergse broodboom dra by tot 'n regstelling van die mite van Marais-die-kwaksalwer/charlatan/boereverneuker en getuig van sy kundigheid.

Op grond van hierdie studie word die volgende bevindings gemaak:

- Ervarings tydens Marais se jeugjare (o.m. verhale oor die misterie van die Waterberg, 'n belangstelling in die verskillende omgewings waarin hy hom as kind bevind het en 'n vroeë bemeestering van die joernalistiek) het hom met indrukke en vaardighede toegerus wat van groot waarde in daaropvolgende fases van sy lewe sou wees.
- Marais se Londense verblyf het hom, as lid van die Victoriaanse samelewing, met die sterk invloed van die Darwinisme en die geloof in die wetenskap

kennis laat maak, wat 'n deurslaggewende rol in sy ontwikkeling as (amateur-) wetenskaplike en as skrywer gespeel het.

- Marais het in sowel sy bellettristiese as wetenskaplike prosa daarna gestrewe om so geloofwaardig moontlik te wees. Hierdeur het hy 'n duidelike rol aan die leser toegeken en homself op verskillende maniere (deur sy leeswerk, navorsing en nougesette skryfwerk) voorberei om nie sy leser se "geloof" in hom en in sy teks te ondermyn nie.
- In Marais se wetenskaplike prosa is daar duidelike tekens van 'n ordenende skrywer, wat onder meer op so 'n manier van narratologiese tegnieke gebruik maak dat hy 'n breër leserspubliek kan bereik as waartoe natuurwetenskaplikes normaalweg in staat is. In die onlangse verlede het skrywers soos Misia Landau pertinent aandag gegee aan die rol wat die narratologie in wetenskaplike geskrifte speel.
- Deur sowel hoë literêre as wetenskaplike standaarde na te streef en te bereik, het Marais vir sy skryfwerk 'n breër as normale leserspubliek verwerf. In talle van Marais se tekste is die skrywer en die wetenskaplike as 't ware gelyktydig aan die woord. Marais het nie altyd die nodige erkenning vir hierdie "dubbele ingesteldheid" gekry nie.
- Gunstige produksiefaktore tydens die eerste dekades van die twintigste eeu het omstandighede geskep wat bygedra het tot die skryf en publikasie van talle van Marais se wetenskaplike geskrifte. Sy skryfwerk was gesog en hy kon die populêre media gebruik om sy waarnemings, bevindinge en teorieë wyd bekend te stel.
- Biograwe (veral Rousseau) het Marais tot 'n morfiënverslaafde gereduseer, sodat byna elke faset van sy lewe deur daardie bril bekyk is. Dit het daartoe gelei dat belangrike aspekte van Marais werk (soos die wetenskaplike tradisie waarbinne hy gewerk het) tot dusver nie die nodige aandag gekry het nie.
- Marais se tekste oor bobbejane het die Afrikaanse leser voorberei op die twintigste-eeuse gesprek oor die oorsprong van die mens en die wyse waarop etologiese navorsing onderneem word. Met hierdie werk het hy vir homself as skrywer en as wetenskaplike 'n plek in die geskiedenis verwerf, ten spyte

daarvan dat sy rol dikwels misken is.

- Marais het met sy wetenskaplike prosa 'n sterk didaktiese rol gespeel. Deur sy artikels hoofsaaklik in populêre koerante en tydskrifte soos *Ons/Die Vaderland*, *The Star*, *Die Boerevrou*, *Die Brandwag* en *Die Huisgenoot* te publiseer, het hy tot 'n breë leserspubliek gespreek.
- Die “verhaal” van die ontdekking en beskrywing van die Waterbergse broodboom (*Encephalartos eugene-maraisii* Verdoorn) bevestig die geloofwaardigheid van Marais se betrokkenheid by die natuurwetenskappe. Dit bevestig ook sy kennis en vermoë om die waarde van sy waarnemings te beseef. Vandag is die oortuiging van die geskiedenis van hierdie ontdekking 'n kosbare stuk natuurlike geskiedenis (“natural history”).
- Uitsprake deur sommige natuurwetenskaplikes wat as hekwagters optree, dui op 'n duidelike mistifisering van die natuurwetenskappe. Dit verminder grootliks die kanse van nie-formeel geskoolde skrywers van wetenskaplike tekste om die nodige erkenning vir hulle bydraes te ontvang.
- Marais se wetenskaplike prosa is 'n waardevolle nalatenskap uit die eerste helfte van die twintigste eeu, waarin “baie literêre en filosofiese denkers gemeen [het] dat die wetenskap 'n bydrae kan lewer tot die oorkoming van die begripsvernouing wat oorgeërf is uit die begin van die vroeë 19de eeu en daarvóór” (Findlay, 1972: 243). Ten spyte van die lyding waardeur Marais waarskynlik van tyd tot tyd gegaan het as gevolg van sy morfiënverslawing, kon en wou hy nie oor sy ervarings swyg nie. Hy vertel van termiete, bobbejane, voëls. Hy vertel met verwondering. Die hedendaagse leser kan hom daarvoor dankbaar wees.

Hierdie ondersoek is onderneem in die vertroue dat dit sal bydra tot 'n beter verstaan van Eugène N. Marais se wetenskaplike prosa, die verhouding tussen literatuur en wetenskap, en die eiesoortige bydrae van Marais se wetenskaplike prosa.

## BIBLIOGRAFIE

Abrams, M.H. 1999 (1957). *A glossary of literary terms*. Seventh edition. Fort Worth: Harcourt Brace College.

Alley, Michael. 1987. *The craft of science writing*. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

Altmann, Stuart A. & Altmann, Jeanne. 1970. *Baboon ecology: African field research*. Chicago and London: The University of Chicago Press.

Anoniem. 1945. Palmboom in die Waterbergse ontdek. *Die Volksblad*, 27 April.

Antonissen, Rob. 1964. De hedendaagse Zuidafrikaanse letterkunde van 1930 af. *Uitgave Nieuwe Stemmen* 20, September.

Antonissen, Rob. 1973 (1955). *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Derde hersiene uitgawe, tweede druk. Kaapstad: Nasou.

Ardrey, Robert. 1966. *The territorial imperative: A personal inquiry into the animal origins of property and nations*. Glasgow: Fontana/Collins.

Ardrey, Robert. 1972 (1970). *The social contract: A personal inquiry into the evolutionary sources of order and disorder*. s.l.: Collins/The Fontana Library.

Ardrey, Robert. 1977 (1961). *African genesis: A personal investigation into the animal origins and nature of man*. Eleventh impression. Glasgow: Fontana/Collins. (Illustrated by Berdine Ardrey.)

Asimov, Isaac. 1975 (1964). *Asimov's biographical encyclopedia of science and technology*. New revised edition. London and Sydney: Pan.

Bal, Mieke. 1980 (1979). *De theorie van vertellen en verhalen*. Muiderberg: Coutinho.

Barnard, Chris. 1968. Eugène Marais leef weer ná 32 jaar. (Bespreking van *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip*.) *Die Beeld*, 8 Desember.

Barnard, P. 1960. *Monkey in the house*. Londen: Cassell.

Barthes, Roland. 1972. *Mythologies*. London: Granada. (Selected and translated from the French by Annette Lavers.)

Barzun, Jacques & Graff, Henry. 1977. *The modern researcher*. Third edition. New York: Harcourt Brace Jovanovich.

Beebee, Thomas O. 1994. *The ideology of genre: A comparative study of genetic instability*. University Park, Pennsylvania: The Pennsylvania State University Press.

Berney, K.A. (ed.). 1994. *Contemporary American dramatists*. London, Detroit and Washington DC: St James.

Bertyn, L.I. 1984. Lekkerkunde. *Die Burger*, 31 Januarie.

Beukes, Gerhard J. 1973. Eugène N. Marais. In: Beukes, Gerhard J. & Lategan, Felix V. (reds.). *Skrywers en rigtings*. Sewende druk. Pretoria: J.L. van Schaik.

Beukes, Gerhard J. & Lategan, Felix V. (reds.). 1973. *Skrywers en rigtings*. Sewende druk. Pretoria: J.L. van Schaik.

Beukes, W.D. (red.). 1992. *Boekewêreld: Die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Binge, Ludwig. 1965. Eugène Marais – Die tragiese “Klaas Vakie”. (Bespreking van *’n Paradys van weleer en ander geskrifte*.) *Dagbreek en Sondagnuus*, 4 Julie.

Black, Barbara J. 2000. *On exhibit: Victorians and their museums*. Charlottesville and London: University of Virginia.

Blignault, Audrey. 1960. Bespreking van *Dwaalstories*. *Die Huisgenoot*, 29 Julie.

Böeseken, A.J. 1981. *Onder suidersterre: Tussen die Ooste en die Weste 1652–1795*. Kaapstad: Tafelberg.

Bonger, H. 1941. Die Zuid Afrikaanse dichter Eugène Nielen Marais. *De Stem*, eerste halfjaar: 217–232.

Boshoff, S.P.E. 1922. Bespreking van *Margriet van Laastelust*. *Die Burger*, 14 September. [Ook in Nienaber, P.J. (samest.), 1951: 63–65.]

Boshoff, S.P.E. 1940. Bespreking van *Die leeus van Magoeba en ander verhale*. *Ons Eie Boek* 6(2), Junie: 58–60.

Bosman, F.C.L. 1938. Bespreking van *Nag*. *Die Huisgenoot*, 18 Maart.

Bosman, Martjie. 1988. *Awards for South African literature*. Pretoria: Human Sciences Research Council. (Sacia 1.)

Botha, Elize (samest.). 1965. *Afrikaanse essayiste*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

Botha, Elize. 1966. Prosa. In: Grové, A.P. & Botha, Elize. *Handleiding by die studie van die letterkunde*. Kaapstad: Nasou.

Botha, Elize. 1980. *Oor die Afrikaanse prosa en ander opstelle*. Kaapstad: Tafelberg.

Botha, Elize. 1987. *Prosakroniek*. Kaapstad: Tafelberg.

Botha, Elize & Snyman, N.J. 1983 (1979). *Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns*. Vierde druk. Pretoria, Kaapstad en Johannesburg: Academica.

Botha, Johann. 1994. Pure Marais bly steeds modern. (Bespreking van *Meester-verhale van Eugène Marais*.) *Die Burger*, 28 September.

Botha, M. Elaine. 1990. Realisme en representasie in wetenskap en literatuur. *Literator* 11(3), November: 42–59.

Botha, T.J.R. & Van der Walt, P.D. 1964. *Uit die verhaalskat van Eugène Marais*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Breytenbach, Breyten. 1972. *Skryt: Om 'n sinkende skip blou te verf: Verse en tekeninge*. Amsterdam: Meulenhof. (Poetry International Series.)

Breytenbach, Kerneels (samest.). 1999. *Hulle het ons eeu gevorm: Die invloedrykste Suid-Afrikaners van die twintigste eeu*. Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau.

Brink, André P. 1975. *Aspekte van die Nuwe Prosa*. Vermeerderde uitgawe, eerste druk. Pretoria en Kaapstad: Academica.

Brink, André P. 1976. *Voorlopige rapport: Beskouings oor die Afrikaanse literatuur van Sewentig*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

Brink, André P. 1980. Bundel plesier. (Bespreking van *Spore in die sand en ander vertellings*.) *Rapport*, 13 Januarie.

Brink, André P. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*.

Pretoria en Kaapstad: Academica.

Brown, Robin & Pettifer, Julian. 1985. *The nature watchers: Exploring wildlife with the experts*. London: Collins.

Bryer, Lynne & Theron, Francois. 1988. *Die Hugenote en hul erfenis*. Dieprivier: Cameleon.

Bulhof, Ilse N. 1988. *Darwins Origin of Species: Betoverende wetenskap: Een onderzoek naar de relatie tussen literatuur en wetenskap*. Baarn: Ambo.

Cameron, Trehwella (red.). 1986. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

Canary, Robert H. & Kozicki, Henry (eds). 1978. *The writing of history: Literary form and historical understanding*. Wisconsin: The University of Wisconsin Press.

Candland, Douglas K. & Johnson, Carl N. 1978. In: Smith, Euclid O. *Social play in primates*. New York, San Francisco and London: Academic.

Cap, Biruta. 1990. Maurice Maeterlinck. In: Pribic, Rado. *Nobel laureates in literature: A biographical dictionary*. New York & London: Garland.

Castelyn, H.C. 1989. Wat soek die literêre verwysing in die wetenskap? – Oor die beroep op funksionele tekste in die pedagogiek (didaktiek). In: Gilfillan, Rouston & De Vries, Abraham. *Op die weg van die taal: Huldigingsbundel ter geleentheid van prof. Merwe Scholtz se 65ste verjaarsdag, 8 Julie 1989*. Kaapstad: Vlaeberg.

Cavalieri, Paolo & Singer, Peter. 1993. *The great ape project: Equality beyond humanity*. London: Fourth Estate.

Chalmers, A.F. 1999 (1978). *What is this thing called science?* Third edition.



Buckingham: Open University Press.

Cloete, T.T. 1968. *Eugène N. Marais*. Kaapstad: Nasou. (Monografieë uit die Afrikaanse letterkunde nr. 1.)

Cloete, T.T. (red.). 1980. *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. Goodwood: Nasou.

Cloete, T.T. 1984. *Wat is literatuur?* Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies, Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

Cloete, T.T. 1992a. Geloofwaardigheid, waarheid, werklikheid na aanleiding van gegewe verhale. In: Steenberg, Dawie & Du Plessis, Hans (reds.). *Skryfateljee: Gesprekke oor skryfwerk*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Cloete, T.T. (red.). 1992b. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Cloete, T.T.; Botha, Elize en Malan, Charles (reds.). 1985. *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr. (HAUM-Literêr-Gidsreeks nr. 1.)

Cope, Jack. 1982. *The adversary within: Dissident writers in Afrikaans*. Cape Town: David Philip.

Cuddon, J.A. 1998 (1977). *Literary terms and literary theory*. Fourth edition. Massachusetts: Blackwell. (Revised by C.E. Preston.)

Culler, Jonathan. 1997. *Literary theory: A very short introduction*. Oxford: Oxford University Press.

Darwin, Charles. 1962 (1860). *The voyage of the Beagle*. New York: Doubleday. (Annotated and with an introduction by Leonard Engel.)

Darwin, Charles. 1983 (1859). *The origin of species by means of natural selection or*

*the preservation of favoured races in the struggle for life.* Middlesex: Penguin.  
(Edited with an introduction by J.W. Burrow.)

Dawkins, Richard. 1989 (1976). *The selfish gene.* Oxford and New York: Oxford University Press.

Dawkins, Richard. 1999 (1998). *Unweaving the rainbow: Science, delusion and the appetite for wonder.* London: Penguin.

Day, Robert A. 1998 (1979). *How to write and publish a scientific paper.* Third edition. Phoenix and New York: Oryx.

D.B. 1980. Bespreking van *Laramie, die wonderwerker en ander verhale.* *Tempo*, 12 September.

Deacon, H.J. & Deacon, Janette. 1999. *Human beginnings in South Africa: Uncovering the secrets of the Stone Age.* Cape Town and Johannesburg: David Philip.

Dekker, G. 1933. Bespreking van *Versamelde gedigte.* *Die Nuwe Brandwag*, Mei.

Dekker, G. 1974 (1935). *Afrikaanse literatuurgeskiedenis.* Dertiende druk, bygewerk tot 1966. Kaapstad: Nasou.

De Kock, W.J. & Krüger, D.W. (reds.) 1972. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek.* Deel II. Kaapstad en Johannesburg: Tafelberg.

Desmond, Adrian. 1998. *Huxley: From devil's disciple to evolution's high priest.* London: Penguin.

De Vaal, J.B. 1977. Modjadje II. In: Krüger, D.W. (hoofred.). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek.* Kaapstad: Tafelberg.

De Villiers, C.G.S. 1938. Bespreking van *Burgers van die berge*. *Die Huisgenoot*, 3 Junie: 63.

DeVore, Irvén (ed.). 1965. *Primate behavior: Field studies of monkeys and apes*. New York: Holt, Rinehart and Winston.

De Vos, H. 1972. *Inleiding tot de wijsbegeerte*. Zevende druk. Nijkerk: G.F. Callenbach.

De Vries, Abraham H. 1983. *Kortom: Gids by die Afrikaanse kortverhaalboek*. Tweede uitgawe. Kaapstad en Johannesburg: Academica.

De Waal, Frans & Lanting, Frans. 1997. *Bonobo: The forgotten ape*. Berkeley, Los Angeles and London: University of California Press.

Dreyer, P.S. (red.). 1983. *Objek en metode in die geesteswetenskappe*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Dundes, Alan (ed.). 1984. *Sacred narrative: Readings in the theory of myth*. Berkeley, Los Angeles and London: University of California Press.

Du Plessis, Hubert. 1970. *Dagboek van "Die dans van die reën"*. Kaapstad: Tafelberg.

Du Plessis, J.C.M.D. 1989. Dit of Dood: Eugène Marais se ex libris. In: Gilfillan, Rouston & De Vries, Abraham (reds.). *Op die wyse van die taal: Huldigingsbundel ter geleentheid van prof. Merwe Scholtz se 65ste verjaarsdag, 8 Julie 1989*. Kaapstad: Vlaeberg.

Du Plessis, P.G. 1965. Marais-bundel bied ons 'n openbaring. (Bespreking van 'n *Paradys van weleer en ander geskrifte*.) *Sondagstem*, 16 Mei.

Du Plessis, P.J. 1988. *Die lewe en werk van Gustav Preller (1875–1943)*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif.)

Du Plooy, Heilna. 1986. *Verhaalteorie in die twintigste eeu*. Durban: Butterworth.

Du Plooy, Heilna. 1992. Narratologie. In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Du Randt, W.S.H. s.j. *Die doodsbegrip soos dit tot uitdrukking kom in "Diep rivier"*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.)

Du Randt, W.S.H. 1965. *Eugène N. Marais as "duister" kunstenaar*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif.)

Du Randt, W.S.H. 1968a. Op 'n dwaalspoor deur dwaalstories (2). *Standpunte* 22(4), April: 38–49.

Du Randt, W.S.H. 1968b. Die rol van die verteller in "Burgers van die berge". *Standpunte* 21(5), Junie: 38–44.

Du Randt, W.S.H. 1969. *Eugène Marais as prosaïes*. Pretoria: Nasou. (Monografieë uit die Afrikaanse letterkunde nr. 11.)

Du Randt, W.S.H. 1972. Die vrug van eindelose pyn. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 12(4), Desember: 232–241.

Du Randt, W.S.H. (samest.). 1977 (1970). *Die stem van die storieverteller: Verhale van Eugène N. Marais*. Derde druk. Pretoria: J.L. van Schaik.

Durrell, Gerald & Durrell, Lee. 1985 (1982). *The amateur naturalist: A practical guide to the natural world*. Middlesex: Penguin.

Du Toit, François Guillaume Marais. 1940. *Eugène N. Marais: Sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde*. Amsterdam: N.V. Swets & Zeitlinger.

Du Toit, S.J. 1938. Bespreking van *Die siel van die mier*. *Ons Eie Boek* 4(2), April–Junie: 133–135.

Ebel, Hans F.; Bliefert, Claus & Russey, William E. 1987. *The art of scientific writing: From student reports to professional publications in chemistry and related fields*. Weinheim and New York: VCH.

Eco, Umberto. 1985 (1979). *The role of the reader: Explorations in the semiotics of texts*. London: Hutchinson.

Ember, Carol R. & Ember, Melvin. 1996 (1973). *Anthropology*. Eight edition. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice Hall.

Erwin, J.; Maple, Terry L. & Mitchell, G. 1979. *Captivity and behavior: Primates in breeding colonies, laboratories, and zoos*. New York: Van Nostrand Reinhold. (Van Nostrand Reinhold Primate Behavior and Development Series.)

Eyssen, Adinda. 1951. My sonderlinge buurman. In: Nienaber, P.J. (samest.). *Eugène Marais: Die groot eensame*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel. (Letterkundige Biblioteek Nr. 9.)

Fabre, Augustin. 1921. *The life of Jean Henri Fabre*. New York: Dodd, Mead.

Falconieri, John V. 1994. Robert Ardrey. In: Berney, K.A. (ed.). *Contemporary American dramatists*. London, Detroit and Washington DC: St James.

Ferreira, Jeanette. 1989. Swartes uitgemeor in Marais se verbeelding. *Vrye Weekblad*, 2 Junie: 16.

Feyerabend, Paul. 1975. *Against method: Outline of an anarchistic theory of knowledge*. London: Verso.

Findlay, G.H. 1972. Eugène Marais en Maurice Maeterlinck. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 12(4), Desember: 242–249.

Findlay, G.H. 1980. The poet's son: Eugène Marais jr. *Tydskrif vir Letterkunde* 18(3): 3–15.

Forster, E.M. 1979. *Aspects of the novel*. Harmondsworth: Penguin. (Edited by Oliver Stallybrass.)

Fossey, Dian. 1988 (1983). *Gorillas in the mist*. London: Penguin.

Fourie, D.M.C. 1989. Obituary: Inez Clare Verdoorn (1896–1989). *Bothalia* 19(2): 313–318.

Franz, G.H. 1957. *Modjadje*. s.l.: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

Freud, Sigmund. 1977 (1953). *On sexuality: Three essays on the theory of sexuality and other works*. Middlesex: Penguin. (Translated from the German under the general editorship of James Strachey.)

Fugard, Athol & Devenish, Ross. 1977a. *Die besoeker: 'n Episode in die lewe van Eugène Marais*. Johannesburg: Ad. Donker. (Vertaal deur Wilma Stockenström.)

Fugard, Athol & Devenish, Ross. 1977b. *The guest: An episode in the life of Eugène Marais*. Johannesburg: Ad. Donker.

Galdikas, Biruté M.F. 1996 (1995). *Reflections of Eden: My life with the orangutans of Borneo*. London: Indigo.

Galdikas-Brindamour, Biruté. 1975. Orangutans, Indonesia's "People of the forest". *National Geographic* 148(4), October: 444–473.

Gallardo, Evelyn. 1993. *Among the orangutans: The Biruté Galdikas story*. San Francisco: Chronicle.

Galloway, Francis (samest.). 1987. *SA Literature/Literatuur 1983*. Pretoria: HAUM-Literêr. (SENSAL-publikasie nr. 20.)

Galloway, Francis & Von Wielligh, Lydia. 1987. Afrikaanse literatuur. In: Galloway, Francis (samest.). *SA Literature/Literatuur 1983*. Pretoria: HAUM-Literêr. (SENSAL-publikasie nr. 20.)

Geertz, Clifford. 1993 (1983). *Local knowledge: Further essays in interpretive anthropology*. London: Fontana.

George, Wilma. 1964. *Biologist philosopher: A study of the life and writings of Alfred Russel Wallace*. London, Toronto and New York: Abelard-Schuman.

George, Wilma. 1982. *Darwin*. Glasgow: Fontana Paperbacks.

Giddy, Cynthia. 1989 (1974). *Cycads of South Africa*. Cape Town: Struik.

Gilfillan, Rouston & De Vries, Abraham (reds.). 1989. *Op die weg van die taal: Huldigingsbundel ter geleentheid van prof. Merwe Scholtz se 65ste verjaarsdag, 8 Julie 1989*. Kaapstad: Vlaeberg.

Gledhill, D. 1985. *The names of plants*. Cambridge: Cambridge University Press.

Goodall, Jane. 1988 (1971). *In the shadow of man*. Revised edition. London: Weidenfeld and Nicolson.

Goodall, Jane. 1989a. *The chimpanzee family book*. Ridegefield, C.T.: The Jane Goodall Institute.

Goodall, Jane. 1989b. *Jane Goodall's animal world: Chimps*. New York: Macmillan.

Goodall, Jane. 1990. *Through a window: Thirty years with the chimpanzees of Gombe*. London: Penguin.

Goodall, Jane. 1998 (1988). *My life with the chimpanzees*. New York: Simon and Schuster.

Goode, Douglas. 1989. *Cycads of Africa*. Cape Town: Struik Winchester.

Goosen, Jeanne. 1979a. Marais se vervalle graf skreeu ten hemele! *Hoofstad*, 16 Oktober.

Goosen, Jeanne (?). 1979b. Marais se vertellings 'n betowerende boek. (Bespreking van *Spore in die sand en ander vertellings*.) *Hoofstad*, 20 Desember.

Gould, Stephen Jay. 1990 (1988). *An urchin in the storm: Essays about books and ideas*. London: Penguin.

Greenberg, Susan H. 1994. Human rights for apes. *Newsweek*, 17 January: 52.

Grobbelaar, G.S. 1935. Die wêreld van die miere. (Bespreking van *Die siel van die mier*.) *Die Huisgenoot*, 8 Februarie: 35 en 63.

Grobbelaar, Mardelene & Roos, Henriette. 1992. Eugène N. Marais – estetis en dekadent? *Tydskrif vir Letterkunde* 30(4), November: 64–74.

Grobler, Hilda. 1980. Bobaasverteller Marais laat die hare rys ... (Bespreking van



*Laramie, die wonderwerker en ander verhale.*) Hoofstad, 31 Julie.

Grobler, P. du P. 1962. *Verkenning*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Grové, A.P. (samest.). 1988. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Goodwood: Nasou.

Grové, A.P. & Botha, Elize. 1966. *Handleiding by die studie van die letterkunde*. Kaapstad: Nasou.

Gunn, Mary & Codd, L.E. 1981. *Botanical exploration of Southern Africa*. Cape Town: A.A. Balkema.

Hall, Calvin S. & Nordby, Vernon J. 1973. *A primer in Jungian psychology*. New York: Monto.

Hall, J. 1979. *The sociology of literature*. London: Longman.

Harris, José. 1994 (1993). *Private lives, public spirit: Britain 1870–1914*. London: Penguin.

Harris, Richard H. 1982. *Modern drama in America and England, 1950–1970*. Detroit: Gale Research Company.

Harris, Tony & Arnott, Greame. 1988. *Shrikes of southern Africa*. Cape Town: Struik Winchester.

Hayes, Cathy. 1952. *The ape in our house*. London: Gollanz.

Henzi, Peter. 1990. Introduction. In: Eugène N. Marais. *The soul of the ape*. London: Penguin.

Heydenrych, D.H. 1986. Die Boererepublieke, 1852–1881. In: Cameron, Trehwella (red.). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

Hibbert, Christopher. 1977 (1969). *London: The biography of a city*. Revised edition. London: Allen Lane.

Hinde, Robert A. 1982. *Ethology: Its nature and relations with other sciences*. Glasgow: Fontana Paperbacks.

Hochman, Stanley (ed.). 1984. *McGraw-Hill Encyclopedia of World Drama 3: J–N*. Second edition. s.l.: McGraw-Hill.

Hofmeyr, C.F.B. 1970. Bespreking van *The soul of the ape*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 10(2), Junie: 150–151.

Hölldobler, Bert & Wilson, Edward O. 1994. *Journey to the ants: A story of scientific exploration*. Cambridge, Massachusetts & London: The Belknap Press of Harvard University Press.

Holm, Erik. 1985. The evolution of generalist and specialist species. In: Vrba, E.S. (ed.). *Species and speciation*. Pretoria: Transvaal Museum. (Transvaal Museum Monograph No. 4.)

Holm, Erik. 1988. Eugène N. Marais as natuurwetenskaplike. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 28(3), September: 268–273.

Holm, Erik. 1989. Die natuurwetenskap van Eugène Nielen Marais. (Ongepubliseerde referaat gelewer by die Marais & Preller-simposium, 25–26 Mei 1989.)

Holm, E. & De Villiers, W.M. 1983. *Ons eie insekte*. Kaapstad: Tafelberg.

Hugo, D.J. 1980a. Marais se belangstelling in die bonatuurlike. (Bespreking van *Laramie, die wonderwerker en ander verhale*.) *Die Vaderland*, 25 September.

Hugo, D.J. 1980b. Spore in sand se taalgebruik té opgesmuk. (Bespreking van *Spore in die sand en ander vertellings*.) *Die Vaderland*, 25 September.

Huxley, Aldous. 1963. *Literature and science*. London: Chatto & Windus.

Immelman, Doc. 1984. Losbol word dapper kryger. In: Scholtz, Leopold (red.). *Beroemde Suid-Afrikaanse krygsmanne*. Kaapstad: Rubicon.

Ingarden, Roman. 1980 (1965). *The literary work of art: An investigation on the borderlines of ontology, logic, and theory of literature*. Second paperback printing. Evanston: Northwestern University Press. (Translated, with an introduction, by George G. Grabowicz.)

The Jane Goodall Institute. 1999. *Jane Goodall 40 years at Gombe*. New York: Stewart, Tabori & Chang.

Johl, Johann. 1984. Versamelde werke is nog nie volledig nie. *Beeld*, 2 Julie.

Jolly, Alison. 1972. *The evolution of primate behavior*. New York/London: Macmillan/Collier/Macmillan.

Jones, David L. 1993. *Cycads of the world*. Chatswood: Reed.

Jones, Steve; Martin, Rober & Pilbeam, David (eds). 1994 (1992). *The Cambridge encyclopedia of human evolution*. Cambridge: Cambridge University Press.

Jooste, G.A. 1983. E.N. Marais: *Dwaalstories*, verhale met 'n eie logika en 'n stewige struktuur. *Tydskrif vir Letterkunde* 21(2), Mei: 78–88.

Jooste, G.A. 1990. Fantasia en ideologie in Eugène Marais se *Dwaalstories*. *Literator* 11(2), Augustus: 36–51.

Jooste, G.A. 1991a. Die tekstuele gesag in Marais se *Dwaalstories*. *Literator* 12(1), April: 1–10.

Jooste, G.A. 1991b. Taaltoer in die woestyn: Marais se *Dwaalstories*. *Literator* 12(2), Augustus: 59–68.

Jordaan, S.P. & Jordaan, A. 1987. *Die Republiek van Venda*. Pretoria: De Jager-HAUM.

Jordan, H.E. Karl. 1945. Description of a new anthribid beetle from Transvaal (Coleoptera). *Proceedings of the Royal Entomological Society* 14(8): 111–112.

Joubert, D.M. 1979a. Lesing voor die Eugène Marais-tak van die Afdeling Geneeskunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Joubert, D.M. 1979b. Thoughts on animal communication in a South African context. (Unpublished lecture.)

Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Band II. Pretoria en Kaapstad: Academica.

Kannemeyer, J.C. 1984 (1978). *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Band I. Tweede, hersiene en bygewerkte uitgawe. Pretoria en Kaapstad: Academica.

Kannemeyer, J.C. 1988. *Die Afrikaanse literatuur 1652–1987*. Kaapstad: Nasou.

Kannemeyer, J.C. (red.). 1989. *Kritiese aanloop: Letterkundige opstelle deur J.F.W. Grosskopf, C. Louis Leipoldt en Eugène N. Marais*. Kenwyn: Jutalit.

Kano, Thakayoshi. 1992. *The last ape: Pygmy chimpanzee behaviour and ecology*. California: Stanford University Press. (Translated from the Japanese by Evelyn Ono Vineberg.)

Karolinska Institutet. 1973. Press release: The 1973 Nobel Prize in Physiology or Medicine. Downloaded from <http://www.nobel.se/medicine/laureates/1973/press.html>

Kavanagh, Michael. 1983. *The complete guide to monkeys, apes and other primates*. London: Jonathan Cape. (Introduced by Desmond Morris.)

Knapp, Bettina L. 1984. Maurice Maeterlinck (1862–1949). In: Hochman, Stanley (ed.). *McGraw-Hill Encyclopedia of World Drama 3: J–N*. Second edition. xx: McGraw-Hill.

Kritzinger, M.S.B. 1929. Bespreking van *Sketse uit die lewe van mens en dier*. *Die Volkstem*, 27 April.

Kritzinger, M.S.B. 1934. Bespreking van *Die huis van die vier winde*. In: Kritzinger, M.S.B. *Studies en kritieke*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Kritzinger, M.S.B. 1951. *Sketse uit die lewe van mens en dier*. In: Nienaber, P.J. *Eugène Marais: Die groot eensame*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

Kromhout, Jan. 1984. Marais in two volumes. *The Star*, 3 September.

Krüger, D.W. 1951. Dr. Schutte en Eugène Marais probeer om deur Oos-Afrika die Boerelinies te bereik. In: Nienaber, P.J. (samest.). *Eugène Marais: Die groot eensame*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

Kuhn, Thomas S. 1996 (1962). *The structure of scientific revolutions*. Third edition. Chicago and London: The University of Chicago Press.

Küsel, Udo S. 1979. *'n Argeologiese studie van vroeë ystersmelting in Transvaal*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.)

Kuypers, K. 1973. *Elseviers Filosofiese en Psychologiese Encyclopedie*. Amsterdam en Brussel: Elsevier.

Lake, Alexander. 1951. Baboon bounty. *Field and Stream*, May: 38, 40, 117–120.

Landau, Misia. 1984. Human evolution as narrative. *American Scientist* 72, May–June: 262–268.

Landau, Misia. 1991. *Narratives of human evolution*. New Haven and London: Yale University Press.

Landau, Misia Lipschutz. 1981. *The anthropogenic: Paleoanthropological writing as a genre of literature*. Yale: Yale University. (Unpublished Ph.D. thesis.)

Landau, Misia; Pilbeam, David & Richard, Alison. 1982. Human origins a century after Darwin. *BioScience* 32(6), June: 507–512.

Langenhoven, P.H. 1950. *Sanger van die Suikerbosrand: Die lewensverhaal van A.G. Visser*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Lategan, Felix Vincent. 1956. *Die kortverhaal en sy ontwikkeling in Afrikaans*. Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg: Nasionale Boekhandel.

Leakey, Richard E. 1981. *The making of mankind*. London: Abacus.

Leapman, Michael (ed.). s.a. *The book of London*. London: Weidenfeld & Nicolson.

Lee, S. 1971. *Principles of biography: The Leslie Stephen lecture*. Folcroft: Folcroft

Library Editions.

Le Roux, André. 1980. Heruitgawe van kortverhale. (Bespreking van *Keurverhale*.) *Beeld*, 22 September.

Lewin, Roger. 1991. *Bones of contention: Controversies in the search for human origins*. London: Penguin.

Liebenberg, Wilhelm. 1986. "Winternag": Van ideologie tot intertekstualiteit. In: Senekal, Jan (red.). *Teks-leser-konteks: Gedigte ontleed volgens eietydse metodes*. Johannesburg en Kaapstad: Perskor.

Lindenberg, E. 1965. *Onsydige toets: Letterkundige opstelle*. Kaapstad en Pretoria: Academica.

Lindenberg, E. 1972 (1966). *Versamelde gedigte van Eugène Marais*. Derde druk. Pretoria: Academica. Blokboek nr. 2.

Lindenberg, E. (red.). 1973. *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*. Vierde hersiene uitgawe, eerste druk. Pretoria en Kaapstad: Academica.

Lindenberg, Ernst. 1982. Eugène N. Marais. In: Nienaber, G.S.; Antonissen, Rob & Brink, André P. *Perspektief en profiel: 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. Johannesburg: Perskor.

Lindenberg, Ernst. 1984. Marais vir die glaskas? *Standpunte* 37(6): 18–19.

Locke, David. 1992. *Science as writing*. New Haven and London: Yale University Press.

Lorenz, Konrad. 1979. *The year of the greylag goose*. New York and London: Harcourt Brace Jovanovich. (Translated from the German by Robert Martin.)

Lousbury, C.P. 1940. The pioneer period of economic entomology in South Africa. *The Journal of the Entomological Society of Southern Africa* 2, September: 9–29.

Louw, N.P. van Wyk. 1958. *Swaarte- en ligpunte*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Louw, N.P. van Wyk. 1962. *Tristia*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Louw, N.P. van Wyk. 1973 (1961). *Vernuwing in die prosa: Grepe uit ons Afrikaanse ervaring*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Louw, N.P. van Wyk. 1986a. *Versamelde prosa 1*. Kaapstad: Tafelberg.

Louw, N.P. van Wyk. 1986b. *Versamelde prosa 2*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

W.E.G.L. 1965. 'n Meesterhand: Eugène Marais oor dierelewe. (Bespreking van 'n *Paradys van weleer en ander geskrifte*.) *Die Burger*, 21 Mei.

Luijpen, W. 1973 (1969). *Nieuwe inleiding tot de existensiële fenomenologie*. Utrecht en Antwerpen: Het Spectrum.

Lutwack, Leonard. 1994. *Birds in literature*. Gainesville: University Press of Florida.

Lyotard, Jean-François. 1984. *The postmodern condition: A report on knowledge*. Manchester: Manchester University Press. (Translated by Geoff Bennington and Brian Massumi. Foreword by Fredric Jameson.)

Maclean, Gordon Lindsay. 1985 (1940). *Roberts' Birds of Southern Africa*. Fifth edition, fourth impression. Cape Town: The Trustees of the John Voelcker Bird Book Fund.



Magistrale, Tony & Poger, Sidney. 1999. *Poe's children: Connections between tales of terror and detection*. New York: Peter Lang.

Maeterlinck, Maurice. 1926. *La vie des termites*. Paris: Charpentier.

Maeterlinck, Maurice. 1927. *The life of the white ant*. London: George Allen & Unwin. (Translated by Alfred Sutro.)

Malan, Charles (red.). 1983. *Letterkunde en leser: 'n Inleiding tot lesergerigte literêre ondersoek*. Durban en Pretoria: Butterworth. (SENSAL-publikasie nr. 4.)

Malan, Charles. 1985. Die literatuurwetenskap: Aard, terreine en metodes. In: Cloete, T.T.; Botha, Elize & Malan, Charles (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr. (HAUM-Literêr-Gidsreeks nr. 1.)

Malan, Jacques P. 1982a. Stephen Harry Eyssen. In: Malan, Jacques P. (red.). *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie*. Deel II. Kaapstad: Oxford University Press.

Malan, Jacques P. 1982b. Stephen Harry Eyssen. In: Malan, Jacques P. (red.). *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie*. Deel II. Kaapstad: Oxford University Press.

Malan, Jacques P. (red.). 1982a. *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie*. Deel II. Kaapstad: Oxford University Press.

Malan, Jacques P. 1982b. Stephen Harry Eyssen. In: Malan, Jacques P. (red.). *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie*. Deel II. Kaapstad: Oxford University Press.

Malan, Lucas. 1980. Marais-verhale is mooi versorg. (Bespreking van *Keurverhale*.) *Hoofstad*, 30 Oktober.

Malherbe, F.E.J. 1938. Bespreking van *Burgers van die berge*. *Ons Eie Boek* 4(2),

April–Junie: 105–107.

Maple, Terry L. 1979. Primate psychology in historical perspective. In: Erwin, J.; Maple, Terry L. & Mitchell, G. *Captivity and behavior: Primates in breeding colonies, laboratories, and zoos*. New York: Van Nostrand Reinhold. (Van Nostrand Reinhold Primate Behavior and Development Series.)

Marais, Eugène jr. 1980. Extracts from his letters from 1912–1977. (Selected and introduced by G.H. Findlay.) *Tydskrif vir Letterkunde* 18(4), November: 28–38.

Marais, Eugène N. 1914. Notes on some effects of extreme drought in Waterberg. *The Agricultural Journal of the Union of South Africa* VII, February: 16–33. [Ook: Notes on some effects of extreme drought in Waterberg, South Africa. *Annual Report of the Board of Regents of the Smithsonian Institution*, 63D Congress, Third Session, December 7, 1914–March 4, 1915. (Document No. 1462.)

Marais, Eugène N. 1927. *Dwaalstories en ander vertellings*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Marais, Eugène N. 1928a. *Natuurkundige en wetenskaplike studies*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Marais, Eugène N. 1928b. *Sketse uit die lewe van mens en dier*. Kaapstad: Nasionale Pers. [In 1938 heruitgegee as *Die mielies van Nooitgedacht*.]

Marais, Eugène N. 1932 (1922). *Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie*. Kaapstad, Stellenbosch en Bloemfontein: Nasionale Pers.

Marais, Eugène N. 1934. *Die siel van die mier*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Marais, Eugène N. 1937a (1934). *Die leeus van Magoeba en ander verhale*. Tweede druk. Pretoria: J.L. van Schaik.

Marais, Eugène N. 1937b. *Nag: Drama in vier bedrywe*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Marais, Eugène N. 1937c. *The soul of the white ant* (Die siel van die mier). London: Methuen. (In Engels vertaal deur Winifred de Kok.) [Ook: New York: Kraus Reprint Co. (1969); Cape Town: Human & Rousseau (1970); London: Cape & Blond (1971); en Harmondsworth: Penguin/Baltimore, Md: Penguin (1973).]

Marais, Eugène N. 1938. *Moeurs et coutumes des termites* (Die siel van die mier). Paris: Payot. (In Frans vertaal deur S. Bourgeois.)

Marais, Eugène N. 1939a. *My friends the baboons* (Burgers van die berge). London: Methuen. (In Engels vertaal deur Eugène Marais.) [Ook: London: Blond (1970, 1975) en Cape Town: Human & Rousseau (1971).]

Marais, Eugène N. 1939b. *Die Seele der weissen Ameise* (Die siel van die mier). Berlin: F.A. Herbig. (In Duits vertaal deur M. van der Groeben.) [Ook: Klagenfurt: Buchgemeinde Alpenland (1973) en Munich: Heyne (1976).]

Marais, Eugène N. 1946a (1933). *Die huis van die vier winde*. Sewende druk, hersien en verbeter. Pretoria: J.L. van Schaik.

Marais, Eugène N. 1946b. *Die swart verraad: 'n Drama in vyf bedrywe*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Marais, Eugène N. 1953. *Meine Freunde die Paviane* (Burgers van die berge). Berlin-Grünwald: F.A. Herbig. (In Duits vertaal deur K. Günther.)

Marais, Eugène N. 1959 (1927). *Dwaalstories*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Marais, Eugène Nielen. 1965a. *Gedigte/poems*. Pretoria: J.L. van Schaik. (English verse translations by A. Thorpe.)

Marais, Eugène N. 1965b. *'n Paradys van weleer en ander geskrifte*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

Marais, Eugène N. 1965c. The yellow streak in South Africa. *Standpunte* 18(6), Augustus: 40–43.

Marais, Eugène N. 1968a. *L'anima della formica bianca* (Die siel van die mier). Milan: Adelphi. (In Italiaans vertaal deur L.B. Wilcock.)

Marais, Eugène N. 1968b. *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip*. Kaapstad: Tafelberg.

Marais, Eugène N. 1971 (1938). *Burgers van die berge*. Tweede uitgawe, eerste druk. Pretoria: J.L. van Schaik.

Marais, Eugène N. 1972a. *The road to Waterberg and other essays*. Cape Town and Pretoria: Human & Rousseau.

Marais, Eugène N. 1972b. *Die Seele des Affen* (The soul of the ape). Esslingen: Symposium-Verlag. (In Duits vertaal deur Ludwig Knoll.)

Marais, Eugène N. 1974 (1969). *The soul of the ape*. Second edition. Cape Town and Pretoria: Human & Rousseau. (Introduction by Robert Ardrey.)

Marais, Eugène N. 1977. *Piet van Snaar: 'n Volksballade*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau. (Met illustrasies deur Alida Bothma.)

Marais, Eugène N. 1979 (1949). *Spore in die sand en ander vertellings*. Johannesburg: Perskor.

Marais, Eugène N. 1980a (1948). *Keurverhale*. Johannesburg: Perskor.

Marais, Eugène N. 1980b (1950). *Laramie, die wonderwerker en ander verhale*. Johannesburg: Perskor.

Marais, Eugène Nielen. 1980c. *Mabalêl*. Johannesburg: Perskor. (Faksimilee van die digter se oorspronklike manuskrip met 'n inleiding deur prof. P.J. Nienaber.)

Marais, Eugène N. 1982 (1933). *Versamelde gedigte*. Tweede uitgawe, sewende druk. Pretoria: J.L. van Schaik.

Marais, Eugène N. 1984. *Versamelde werke 1 en 2*. Pretoria: J.L. van Schaik. (Onder redaksie van Leon Rousseau.)

Marais, Eugène N. 1990. *The soul of the white ant and The soul of the ape*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Marais, Johann Lodewyk. 1994a. An author amongst other green people. *Enviro-Teach* 3(1), April.

Marais, Johann Lodewyk. 1994b. Die literêre onomastiek as leesstrategie, met verwysing na die naamgebruik in Eugène N. Marais se "Klein Riet-alleen-in-die-Roerkuil". *Ensovoort* 6(1): 17–21.

Marais, Johann Lodewyk. 2001. *Aves: Gedigte*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Marais, Johann Lodewyk & Marais, Renée. 1998. Eugène N. Marais (1871–1936). In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 1. Pretoria: J.L. van Schaik.

Marais, Renée. 1993. Die kanonisering van Eugène N. Marais as digter. *Stilet* 5(1), Maart: 11–22.

Matthews, René; Hands, Denis & MacCallum, Rob. 1984. Bespreking van *The soul of the ape* en *The soul of the white ant*. *Financial Mail*, 21 September.

Matthew, H.C.G. 1989 (1984). The Liberal age (1851–1914). In: Morgan, Kenneth O. *The Oxford history of Britain*. Oxford and New York: Oxford University Press.

Mieny, C.J. 1984. Eugène Nielen Marais – Feit en fabel. *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* 3(3), September: 138–146.

Mieny, C.J. 1988. *Leipoldt en Marais: Onwaarskynlike vriende*. Pretoria: Joan Lötter.

Mihálik, Alet. 1988. Die lied van die reën – 'n Afrika-pryslied. *Tydskrif vir Letterkunde* 26(1): 84–91.

Miller, Penny. 1979. *Myths and legends of Southern Africa*. Cape Town: T.V. Bulpin. (Introduction by T.V. Bulpin.)

Minnaar, L.C. 1972. 'n Beeld van Eugène N. Marais as digter en prosais. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 12(4), Desember: 199–218.

Minnaar, Loekie. 1983. Sy nagedagtenis vlam nog hoog. *Die Transvaler*, 10 Januarie.

Mitchell, W.J.T. (ed.). 1981. *On narrative*. Chicago and London: The University of Chicago Press.

Montgomery, Sy. 1991. *Walking with the great apes: Jane Goodall, Dian Fossey, Biruté Galdikas*. Boston, New York and London: Houghton Mifflin.

Moorehead, Alan. 1969. *Darwin and the Beagle*. London: Penguin.

Morell, Virginia. 1996. *Ancestral passions: The Leakey family and the quest for humankind's beginnings*. New York: Simon & Schuster.

Morgan, Kenneth O. 1989 (1984). *The Oxford history of Britain*. Oxford and New York: Oxford University Press.

Morkel, Anita. 1993. Aspekte van 'n Jungiaanse neerslag in die poësie van Eugène Nielen Marais (1871–1936). In: Steenberg, D.H. (red.). *Symbolisme in die Afrikaanse digterlike tradisie*. Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies, Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

Morris, Ramona & Morris, Desmond. 1966. *Men and apes*. London: Hutchinson.

Mulder-Stagger, Roelien. 1980. Eugène Marais en die Simboliste. *Tydskrif vir Letterkunde* 18(4), November: 39–42.

Muller, C.F.J. 1990. *Sonop in die Suide: Geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915–1948*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Napier, J.R. & Napier, P.H. 1985. *The natural history of the primates*. London/ Cambridge: British Museum (Natural History)/ Cambridge University Press.

Newman, Kenneth. 1997 (1991). *Newman se voëls van Suider-Afrika*. Derde uitgawe, derde druk. Halfweghuis: Southern. (Uit Engels vertaal deur B.L. Penzhorn.)

Nienaber, P.J. (red.). 1947. *Afrikaanse skrywers aan die woord*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel. (Letterkundige Biblioteek Nr. 9.)

Nienaber, P.J. (red.). 1950. *A.G. Visser: Digter en sanger*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel. (Letterkundige Biblioteek Nr. 6.)

Nienaber, P.J. (samest.). 1951. *Eugène Marais: Die groot eensame*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel. (Letterkundige Biblioteek Nr. 9.)

Nienaber, P.J. 1980. Eugène Nielen Marais 1871–1936. In: Marais, Eugène Nielen. *Mabalél*. Johannesburg: Perskor. (Faksimilee van die digter se oorspronklike manuskrip met 'n inleiding deur prof. P.J. Nienaber.)

Nienaber-Luitingh, M. 1958. Kanttekeninge by Marais se Boesmangedigte. *Standpunte* 12(3), Mei/Junie: 46–50.

Nienaber-Luitingh, M. 1959. Die Lied van die Dans van die Reën. *Standpunte* 13(5), Oktober.

Nienaber-Luitingh, M. 1961. Die sanger van die Boesmanliedjie “Die spore van die Hart-van-die-dagbreek”. *Standpunte* 15(3), Junie.

Nienaber-Luitingh, M. 1962. *Eugène Marais*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Nienaber-Luitingh, M. 1972. Kanttekeninge en vraagtekens by “Waar Tebes in die stil woestyn”. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 12(4), Desember: 285–291.

Nienaber-Luitingh, Willemina. 1976. Eugène Nielen Marais. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*. Deel I. Tweede druk. Kaapstad: Tafelberg.

Nisbett, Alec. 1976. *Konrad Lorenz*. London: J.M. Dent & Sons.

Nolte, Elsa. 1994. *Veelluik: Opstelle oor die letterkunde*. Pretoria: J.L. van Schaik Akademies.

Oakley, Kenneth P. 1965 (1949). *Man the tool-maker*. Fifth edition. London: Trustees of the British Museum (Natural History).



- Oberjohann, Heinrich. 1957. *My friend the chimpanzee*. London: Robert Hale.
- Odendal, F.F. *et al.* 1994. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Derde hersiene uitgawe, eerste druk. Midrand: Perskor.
- Olivier, Fanie. 1984. Eugène-werke versamel. *Rapport*, 3 November.
- Opperman, D.J. 1987. *Versamelde poësie*. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.
- Pama, C. 1983. *Die groot Afrikaanse familienaamboek*. Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau.
- Parisi, Patricia. 1994. Gorillas in the fog of war. *The World & I* 9(9), September: 216–221.
- Patterson, Rod. 1987. *Reptiele van Suider-Afrika*. Kaapstad: C. Struik. (Fotografie: Anthony Bannister.)
- Phillipson, David W. 1993 (1985). *African archaeology*. Second edition. Cambridge: Cambridge University Press.
- Preller, Gustav S. 1925. *Historiese opstelle*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Prins, M.J. 1973. *Geloofwaardigheid as epiese beginsel in die prosa van Eugène N. Marais*. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.)
- Propp, V. 1975 (1968). *Morphology of the folktale*. Fourth printing. Austin and London: University of Texas Press. (Translated by Laurence Scott.)
- Prozesky, O.P.M. 1964. *Uit die Natuur: Ons voëls*. Pretoria, Johannesburg en Klerksdorp: Voortrekkerpers.

P.W.M.T. 1984. Eugène Marais: Work still significant. (Bespreking van *The soul of the white ant* en *The soul of the ape*.) *The Citizen*, 5 November.

Raper, P.E. 1972. *Streekname in Suid-Afrika en Suidwes*. Kaapstad en Johannesburg: Tafelberg. (Naamkundereeks nr. 1.)

Rasa, O.A.E. 1989. Eugène N. Marais and behavioural science. (Unpublished paper read at the Marais & Preller Symposium, 25–26 May.)

Reineke, C.J. 1983. Vir Eugène Marais se graf ... 'n Rots uit Waterberg. *Die Patriot*, 11 Maart: 23.

Retief, Alexis. 1986. *Die mense wat nooit vergeet het nie*. Kaapstad: Tafelberg.

Retief, Alexis. 1989. Eugène N. Marais se haplografie van die dood? (Ongepubliseerde referaat gelewer by die Marais & Preller-simposium, 25–26 Mei.)

Richard, Dirk. 1985. *Moedswillig die uwe: Perspektiewe in die Noorde*. Johannesburg en Kaapstad: Perskor.

Ridley, Mark (ed.). 1994 (1987). *A Darwin selection*. Revised edition. London: Fontana.

Rimmon-Kenan, Shlomith. 1988 (1983). *Narrative-fiction: Contemporary poetica*. London and New York: Routledge.

Robbertse, P.J.; Vorster, P. & Van der Westhuizen, Suzelle. 1989. *Encephalartos middelburgensis* (Zamiaceae): A new species from the Transvaal. *South African Journal for Botany* 55(1): 122–126.

Robinson, Ethel. 1992. Reflected fancies across the great divide? (Bespreking van

*The soul of the ape.*) *The Argus*, 11 May.

Roos, Henriette. 1980. Keurverhale 'n bevestiging van Marais se statuur. (Bespreking van *Keurverhale*.) *Die Vaderland*, 30 Oktober.

Roos, Henriette. 1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 1. Pretoria: J.L. van Schaik.

Rossouw, Fransie. 1967. *Eugène Nielen Marais 1872–1936*. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.

Rossouw, H.W. 1993. *Universiteit, wetenskap en kultuur: Opstelle oor die krisis, uitdagings en geleenthede van die moderne universiteit*. Kaapstad: Tafelberg. (Saamgestel en ingelei deur Anton van Niekerk.)

Rousseau, L. 1964. Iets meer oor Marais se *Killer in action*. *Standpunte* 17(3), Februarie: 69.

Rousseau, Leon. 1972. Die minder bekende Eugène Marais. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 12(4), Desember: 265–284.

Rousseau, Leon. 1977. Die agtergrond van *Die groot verlange*. *Standpunte* 30(6), Desember: 5–19.

Rousseau, Leon. 1978a. “Nuwe” geskrifte oor en deur Eugène Marais. *Beeld*, 6 Oktober: 10.

Rousseau, Leon. 1978b. Marais-raaisels opgeklaar: “Nuwe” geskrifte opgeveil. *Beeld*, 7 Oktober: 7.

Rousseau, Leon. 1978c. Eugène Marais se liefdeslewe: Geskrifte op veiling werp

nuwe lig. *Beeld*, 10 Oktober: 9.

Rousseau, Leon. 1979. Die vele liefdes van Eugène Marais. *Huisgenoot*, 25 Oktober: 18–22 en 139.

Rousseau, Leon. 1980. Heruitgawe van Marais se stories. (Bespreking van *Spore in die sand en ander vertellings*.) *Beeld*, 7 April.

Rousseau, Leon. 1984a. Aantekeninge deur die redakteur. In: Marais, Eugène N. *Versamelde werke 1 en 2*. Pretoria: J.L. van Schaik. (Onder redaksie van Leon Rousseau.)

Rousseau, Leon. 1984b. Voorwoord. In: Marais, Eugène N. 1984. *Versamelde werke 1 en 2*. Pretoria: J.L. van Schaik. (Onder redaksie van Leon Rousseau.)

Rousseau, Leon. 1984c (1974). *Die groot verlange: Die verhaal van Eugène N. Marais*. Derde uitgawe. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

Rousseau, Leon (red.). 1986. *Die beste van Eugène Marais*. Kaapstad: Rubicon.

Rousseau, Leon. 1989. Nuwe inligting oor Eugène N. Marais in die Sotheby-versameling. (Ongepubliseerde referaat gelewer by die Marais & Preller-simposium, 25–26 Mei.)

Rousseau, Leon. 1990. *Eugène Marais and the Darwin syndrome*. In: Marais, Eugène N. *The soul of the white ant and The soul of the ape*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Rousseau, Leon. 1998. *Eugène Marais and the Darwin syndrome/Die dowwe spoor van Eugène Marais*. Kaapstad: Ibis.

Rousseau, Leon. 1999a (1982). *The dark stream: The story of Eugène N. Marais*. This

edition published in soft cover. Johannesburg: Jonathan Ball.

Rousseau, Leon. 1999b. Eugène Marais. In: Breytenbach, Kerneels (samest.). *Hulle het ons eeu gevorm: Die invloedrykste Suid-Afrikaners van die twintigste eeu*. Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau.

Rudner, Jalmar & Rudner, Ione. 1970. *The hunter and his art: A survey of rock art in Southern Africa*. Cape Town: C. Struik.

Rupert, Anton. 1971. Eugène Marais kom dié eer toe. *Lantern* 21(2): 41-46.

Ryke, P.A.J. 1972. Eugène N. Marais: Natuurkenner en -navorsers. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 12(4), Desember: 219–230.

Ryke, P.A.J. 1978. *Ekologie: Beginsels en toepassings*. Durban: Butterworths.

Sardar, Ziauddin. 2000. *Thomas Kuhn and the science wars*. Cambridge/New York: Icon/Totem.

Schoeman, Karel. 1980. *Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad 1846–1946*. Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau.

Scholtz, Clarke H. 1999. Review of insect systematics research in South Africa. *Trans. Roy. Soc.S.Afr.* 1: 53–63.

Scholtz, Clarke H. & Holm Erik. 1985. *Insects of Southern Africa*. Durban: Butterworths.

Scholtz, Hendrik van der Merwe. 1950. *Sistematiese verslag van 'n stilistiese analise: Eugène Marais: Die towenares*. Amsterdam/Kaapstad: J.H. de Bussy/HAUM.

Scholtz, Merwe (samest.). 1994a. *Meesterverhale van Eugène Marais*. Kaapstad:

Human & Rousseau.

Scholtz, Merwe (samest.). 1994b. Nawoord. In: Scholtz, Merwe (samest.). *Meesterverhale van Eugène Marais*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoonees, P.C. 1937. Bespreking van *Die huis van die vier winde* en *Die leeus van Magoeba en ander verhale*. *Ons Eie Boek*, April–Junie: 230–233.

Schwartz, Jeffrey H. 1987. *The red ape: Orangutans and human origins*. London: Elm Tree.

Senekal, Jan (red.). 1986. *Teks-leser-konteks: Gedigte ontleed volgens eietydse metodes*. Johannesburg en Kaapstad: Perskor.

Seymour-Smith, Martin. 1985 (1973). *Macmillan guide to modern world literature*. Third edition (completely revised). London and Basingstoke: Macmillan Reference .

Sexton, Ed. 2001. *Dawkins and the selfish gene*. Cambridge: Icon UK/Totem USA.

S.H. 1984. Bespreking van *The soul of the ape* en *The soul of the white ant*. *Sunday Times*, 18 November.

Skaife, S.K. 1973. Insekte en slange. In: *François le Vaillant: Reisiger in Suid-Afrika*. Deel II. Kaapstad: Parlementsbiblioteek.

Skaife, S.H. 1992 (1953). *African insect life*. Third impression. Cape Town: Struik. (New edition revised by John Ledger.)

Skinner, John D. & Smithers, Reay H.N. 1990. *The mammals of the Southern African subregion*. Second edition. Pretoria: University of Pretoria. (With colour plates by Dick Findlay.)

Slater, P.J.B. 1992 (1985). *An introduction to ethology*. Reprint. Cambridge: Cambridge University Press.

Smith, Euclid O. 1978. *Social play in primates*. New York, San Francisco and London: Academic.

Smith, J.L.B. 1956. *Ou vierpoot: Die verhaal van die selekant* (Old fourlegs: The story of the coelacanth). Kaapstad: Tafelberg.

Smith, J.L.B. 1969. *Ons visse*. Johannesburg: Voortrekkerpers. (Vertaal deur Thys van Lille.)

Smithers, Reay H.N. 1983. *Die soogdiere van die Suider-Afrikaanse substreek*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Smuts, J.C. 1987 (1926). *Holism and evolution*. Cape Town: N & S.

Smuts, J.P. 1972. Eugène N. Marais as prosais. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 12(4), Desember: 293–299.

Snow, C.P. 1969. *The two cultures: And a second look*. Cambridge: Cambridge University Press.

Snyman, Nicolaas Johannes. 1982. *Die Afrikaanse prosakritiek*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif.)

Southeby Parke Bernet South Africa. 1978. Catalogue of valuable printed books, autograph letters, manuscripts and historical documents, paintings, drawings and prints. (Auction presented on 19 October 1978.)

Spies, Lina. 1972. Die natuur as minnaar: 'n Herwaardering van die poësie van Eugène Marais. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 12(4), Desember: 250–264.

Steenberg, D.H. 1992. Mite. In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Steenberg, D.H. (red.). 1993a. *Simbolisme in die Afrikaanse digterlike tradisie*. Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies, Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

Steenberg, D.H. 1993b. Dekadensie as Simbolisties-verwante verskynsel in die gedigte van Eugène Marais (1871–1936). In: Steenberg, D.H. (red.). *Simbolisme in die Afrikaanse digterlike tradisie*. Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies, Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

Steyn, Douw G.; Van der Walt, S.J. & Verdoorn, I.C. 1948. The seeds of some species of *Encephalartos* (cycads): A report on their toxicity. *South African Medical Journal* 22: 758–760.

Steyn, J.C. 1992a. Human & Rousseau en die Sestigters. In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: Die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Steyn, J.C. 1992b. Kritici en slagoffer in die “Rooidag van Afrikanerdom”. In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: Die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Steyn, J.L. 1961. Kanttekening by kanttekening. *Standpunte* 14(1), Februarie.

Stoker, H.G. 1969. *Beginnels en metodes in die wetenskap*. Tweede onveranderde druk. Johannesburg: De Jong.

Stoltz, Danie. 1990. Liefde vir voëls blyk duidelik. (Bespreking van *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip*.) *Beeld*, 12 Desember.



Strauss, D.F.M. 1971. *Wetenskap en werklikheid: Oriëntering in die algemene wetenskapsleer*. Bloemfontein: Sacum.

Strydom, S. 1963. Aantekeninge by "A killer in action". *Standpunte* 16(3), Februarie: 69–70.

Strydom, S. 1964. Marais-betowering glans uit keur van sy verhale. (Bespreking van *Uit die verhaalskat van Eugène Marais*.) *Die Vaderland*, 9 Junie.

Strydom, S. 1966. "Vergete" werke van Marais herleef. (Besonderhede nie afgedruk nie.)

Summers, R.F.H. 1975. *A history of the South African Museum 1825–1975*. Cape Town: A.A. Balkema.

Swart, Sandra. 1999. The Ant of the White Soul: Popular natural history and Afrikaner identity politics, with particular reference to the entomological writings of Eugène Marais. (Unpublished paper presented at the conference on "African Environments Past and Present", St Antony's College, Oxford, 5–8 July.)

Tarboton, W.R.; Kemp, M.I. & Kemp, A.C. 1987. *Birds of the Transvaal*. Pretoria: Transvaal Museum.

Thorne, Aïda. 1990. *Patrone van naamgewing by plant- en diername in Afrikaans*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif.)

Tinbergen, Niko & Falkus, Hugh. 1970. *Signals for survival*. Oxford: Oxford University Press. (Drawings by Eric Ennion.)

Toerien, Barend J. 1998. *Afrikaans literature in translation*. Cape Town: Carafour.

Tomaselli, Keyan. 1989. *The cinema of apartheid: Race and class in South African cinema*. Sandton: Radix.

Van Coller, H.P. (red.). 1998. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 1. Pretoria: J.L. van Schaik.

Van den Heever, C.M. 1933. Bespreking van *Die swart verraad*. *Die Vaderland*, 10 Junie.

Van der Hoven, Eghard. 2000. Persoonlike mededeling.

Van der Merwe, Derek. 1983. Eugène N. Marais – Gereghofmonomaan. *Codicillus* 24(2): 14–24.

Van der Walt, P.D. 1964. Inleiding. In: Botha, T.J.R. & Van der Walt, P.D. *Uit die verhaalskat van Eugène Marais*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Van der Walt, P.D. 1969. Bespreking van *Die skepbekertjie*. *Standpunte* 22(4), April: 44.

Van der Westhuizen, Suzelle. 1976. 'n Morfologiese studie van *Encephalartos eugene-maraisii*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde M.Sc.-verhandeling.)

Van Dyk, Johanna Helena Josina. 1967. *Eugène N. Marais as verteller*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.)

Van Gorp, H. 1986. *Lexicon van literaire termen*. Derde, herziene en aanzienlijk vermeerderde druk. Vierde volledig herziene druk. Leuven/Groningen: Wolters-Noordhoff.

Van Heerden, Etienne. 1989. 'n Halwe geheue? 'n Standpunt oor die suiwering van

tekste. *Stilet* 1(2), Julie: 79–87.

Van Heerden, Etienne Roché. 1987. *'n Resepsiegeskiedenis van raspejoratiewe in geselekteerde Afrikaanse prosatekste*. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.)

Van Melle, J. 1953. Drie Boesmanverhale van Eugène Marais. *Tydskrif vir Letterkunde* 3(3), September: 41–50.

F.I.J.v.R. 1965. Eugène Marais in die ryk natuur. (Bespreking van *'n Paradys van weleer en ander geskrifte*.) *Die Volksblad*, 5 Augustus.

F.I.J. van R. 1969. Marais hier nie van waarde. (Bespreking van *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip*.) *Die Volksblad*, 17 April.

Van Reybrouck, David. 2000. De termieten van M. Maeterlinck. *De Morgen*, 9 September: 69–71.

Van Schalkwyk, J.A. 1985. Vaalpense: Verwarring en waarheid. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 8(4): 146–153.

A.v.Z. Moderne leser kan Marais nog waardeer. (Bespreking van *Keurverhale*.) *Die Volksblad*, 17 September.

AvZ. 1984. Marais se werk gebundel. *Die Volksblad*, 7 April.

Venter, Hannes. 1989. Eugène N. Marais en die reg. (Ongepubliseerde referaat gelewer by die Marais & Preller-simposium, 25–26 Mei.)

Verdoorn, I.C. 1945. A new species of *Encephalartos* from the Waterberg. *Journal of South African Botany* 11: 1–3.

Vermaas, H.J. 1974 (1960). *Die perdedief*. Vyfde druk. Kaapstad en Johannesburg: Tafelberg.

Viljoen, J.M.H. 1953. *'n Joernalis vertel*. Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg: Nasionale Boekhandel.

Visser, A.G. 1933 (1930). *Die purper iris en ander nagelate gedigte*. Vyfde druk. Kaapstad, Stellenbosch en Bloemfontein: Nasionale Pers.

Von Breitenbach, F. 1981. Die grootbome van Magalakwin. *Dendrologiese Tydskrif* 1(1&2): 1–11.

Von Frisch, Karl. 1954 (1953). *The dancing bees: An account of the life and senses of the honey bee*. London: Methuen. (Translated by Dora Ilse.)

Von Hallberg, Robert (ed.). 1984. *Canons*. Chicago and London: The University of Chicago Press.

Vrba, E.S. (ed.). 1985. *Species and speciation*. Pretoria: Transvaal Museum. (Transvaal Museum Monograph No. 4.)

Walker, Clive & Bothma, J. du P. 2000. *The Waterberg*. (Unpublished manuscript.)

Weinberg, Samantha. 2000. *A fish caught in time: The search for the coelacanth*. London: Fourth Estate.

Weiner, Jonathan. 1995. *The beak of the finch: A story of evolution in our time*. London: Vintage.

Wiehahn, Rialette. 1965. *Die Afrikaanse poësiekritiek: 'n Histories-teoretiese beskouing*. Kaapstad en Pretoria: Academica.

Williams, Trevor I. (ed.). 1969. *A biographical dictionary of Scientists*. London: Adam & Charles Black.

Williams-Ellis, Amabel. 1966. *Darwin's moon: A biography of Alfred Russel Wallace*. London: Blackie.

Wilson, Edward O. 1971. *The insect societies*. Cambridge, MA: The Belknap Press of Harvard University Press.

Wilson, Edward O. 1996 (1994). *Naturalist*. London: Penguin.

Wilson, Edward O. 1998a (1996). *In search of nature*. London: Penguin.

Wilson, Edward O. 1998b. *Consilience: The unity of knowledge*. London: Little, Brown.

Young, Robert M. 1985. *Darwin's metaphor: Nature's place in Victorian culture*. Cambridge: Cambridge University Press.

Zuckerman, Solly. 1975. Directions and misdirections of science. (Unpublished lecture at the University of Cape Town, 24 September.)

Zuckerman, S. 1983 (1932). *The social life of monkeys and apes*. Re-issue. London, Boston and Henley: Routledge & Kegan Paul.

## OPSOMMING

Die aard van en opvattinge oor Eugène N. Marais (1871–1936) se wetenskaplike prosa word in hierdie studie ondersoek. Die studie het bestaan uit 'n oorsig van al Marais se wetenskaplike prosa. Deur die studie is gepoog om insig in sowel Marais se wetenskaplike prosa as die verhouding tussen literatuur en wetenskap te verdiep.

Deel I beskryf die aard van literatuur en wetenskap om elk se eiesoortige karakter vas te stel. Dit gaan ook in op die kenmerke van belletristiese prosa en die rol van die narratologie in wetenskaplike tekste. Daar word bevind dat wetenskaplikes van literêre tegnieke soos die vertelling gebruik maak om suksesvol te kommunikeer. Hierdie realiteit het sterk na vore getree na die publikasie van Thomas S. Kuhn se *The structure of scientific revolutions* (1962).

Die volgende hoofstukke dui aan watter invloede tydens Marais se jeug en sy studiejare in Londen op hom ingewerk en hom in staat gestel het om betekenisvolle wetenskaplike waarnemings in die Waterberg te doen en daaroor te skryf. Veral sy blootstelling aan die laat negentiende-eeuse wetenskapsopvattinge (soos die Darwinisme) en sy museumbesoeke sou 'n groot rol in sy lewe speel.

In deel II word Marais se prosa bespreek. Daar word aangetoon dat Marais se joernalistieke en belletristiese prosa en sy literêre kritiek reeds eienskappe van sy wetenskaplike prosa in die “vooruitsig” gestel het. Veral sy beklemtoning van geloofwaardigheid was betekenisvol. Daarna word aandag gegee aan Marais se wetenskaplike prosa oor termiete, bobbejane en ander onderwerpe, waaronder slange, droogte en voëls. Marais is danksy *Die siel van die mier* vroeg reeds gekanoniseer, grootliks na aanleiding van die Belgiese skrywer Maurice Maeterlinck se plagiaat. Marais doen moeite om die leser die wonders van die termietnes te wys en te laat waardeer. Sy teorie oor die eenheid van die termietnes was egter nie oorspronklik nie. Met sy werk oor die bobbejane (waaronder *Burgers van die berge* en *The soul of the ape*) sluit Marais by die Darwinistiese tradisie aan en dra hy by tot die vestiging van die etologie. In veral *Burgers van die berge* speel

die verteller 'n struktureerende rol en word literêre hulpmiddels goed benut. Marais se generalistiese ingesteldheid blyk uit sy geskrifte oor slange, droogte en voëls en spesifiek *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968).

Die voorlaaste hoofstuk oor die Waterbergse broodboom bevestig dat Marais oor fyn waarnemingsvermoë beskik het en in die Waterberg 'n plant kon eien wat nog onbekend aan die wetenskap was. Hierdie “verhaal” weerlê deels die mite oor Marais as pseudowetenskaplike.

Die studie bevind dat paradigroverskuivings van die afgelope jare die kloof tussen literatuur en wetenskap verklein het, hoewel modernistiese opvattinge voortleef. Marais se wetenskaplike prosa bevat elemente van sowel die literêre as die wetenskaplike benadering, en albei vra om volle erkenning in sy werk.

### **Sleuteltermes:**

Afrikaanse literatuur

antropogenie

Darwinisme

etologie

Eugène N. Marais

literatuur en wetenskap

modernisme

postnormale wetenskap

Suid-Afrikaanse literatuur

wetenskaplike skryfwerk

## SUMMARY

The nature of and views on the scientific prose of Eugène N. Marais (1871–1936) have been investigated in this study. The study consists of an overview of all Marais's scientific prose. The study has been an attempt to deepen insight into both Marais's scientific prose and the relation between literature and science.

Part I describes the nature of literature and science to determine the unique characteristics of each. It also explores the characteristics of belletrist prose and the role of narrative in scientific texts. It is established that scientists use literary techniques such as the narrative to communicate successfully. This reality came to be recognised after the publication of Thomas S. Kuhn's *The structure of scientific revolutions* (1962).

The subsequent chapter indicates which influences Marais was subject to during his youth and years as a student in London, enabling him to make significant scientific observations in the Waterberg and write about them. His exposure to scientific notions of the late nineteenth century (such as Darwinism) and his museum visits would play a particularly meaningful role in his life.

In part II Marais's prose is discussed. The study shown that Marais's journalistic and belletrist prose and his literary criticism "foreshadowed" the features of his scientific prose. Especially his emphasis on credibility was especially significant. Subsequently attention is given to Marais's scientific prose on termites, baboons and other topics, such as snakes, drought and birds. Due to *Die siel van die mier* Marais was soon canonised, greatly as a result of the plagiarism of the Belgian author Maurice Maeterlinck. Marais took trouble to show the reader the wonders of the termite nest and led him/her to appreciate these. His theory on the unity of the termite nest, however, was not original. With his work on the baboons (amongst others *Burgers van die berge* and *The soul of the ape*) Marais joined the Darwinist tradition and contributed to the establishment of ethology. Especially in *Burgers van die berge* the narrator plays a structuring role and uses literary techniques to good effect. Marais's generalist approach is clear from his writings on snakes, drought



and birds and specifically *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968).

The second last chapter, namely the one on the Waterberg cycad, confirms that Marais had a well-developed ability to observe and could recognise a plant in the Waterberg that was still unknown to science. This “story” belies the myth about Marais as pseudo-scientist.

The study finds that paradigm shifts of the past few years have narrowed the gap between literature and science, although modernistic views persist. Marais’s scientific prose contains elements of both the literary and the scientific approach, and both must be fully recognised in his work.

**Key terms:**

Afrikaans literature

anthropogenic

Darwinism

ethology

Eugène N. Marais

literature and science

modernism

postnormal science

scientific writing

South African literature